1993012 869-01

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BIBLIOTEEK - LIBRARY

UOVS - SASOL-BIBLIOTEEK
199301286901220000019

# DIE ONTSTAAN VAN EN VERANDERINGE IN DIE RASSELOONGAPING IN DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE: 1860-1970

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad
Ph.D. in die FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE,
Departement EKONOMIE aan die UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

LOUIS JOHANNES BOTHMA

PROMOTOR: PROF. J.J. LOURENS

BLOEMFONTEIN

November 1992

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
- 8 JUN 1993
UOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 331.220968 BOT

Opgedra aan 'n oud-onderwyser, Frank Eagar.

## DANKBETUIGINGS

Hiermee 'n woord van dank aan die volgende persone wat 'n bydrae tot hierdie proefskrif gemaak het:

- Die promotor, prof. J.J. Lourens, wat my deurgaans goeie raad en leiding gegee het.
- My goeie vriend, prof. Jaap Steyn, wat die proefskrif taalkundig versorg het.
- Katienka, wat verantwoordelik was vir die drukwerk.
- Talle vriende en familie wat my aangemoedig het.
- My verloofde, Cariena, vir haar eindelose geduld en ondersteuning.

L.J. BOTHMA
November 1992

# INHOUDSOPGAWE

*Bladsy*

HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING, DOEL VAN DIE STUDIE EN METODE VAN ONDERSOEK 1

1.1 Probleemstelling 1

1.2 Doel van die studie 4

1.3 Metode van ondersoek 5

HOOFSTUK 2: DIE RASSELOONGAPING IN DIE DIAMANTMYNBEDRYF 9

2.1 Inleiding 9

2.2 Die fase van volmaakte mededinging in die diamantmynbedryf:1867-73 9

2.3 Die rasseloongaping in die diamantmynbedryf kry beslag: 1874-85 12

2.4 Die monopolisering van die diamantmynbedryf - die rasseloongaping vergroot: 1886-1900 16

2.5 Perspektief op die vergroting van die rasseloongaping in die diamantmynbedryf 20

HOOFSTUK 3: DIE RASSELOONGAPING IN DIE GOUDMYNBEDRYF 23

3.1 Inleiding 23

3.2 Die fase van volmaakte mededinging in die goudmynbedryf: 1868-85 24

3.3 Die rasseloongaping in die goudmynbedryf kry beslag en vergroot: 1886-99 25

3.3.1 Die ontstaan van 'n monopsonistiese markstruktuur 25

3.3.2 Die minimalisering van nie-arbeidskoste 28

3.3.3 Die minimalisering van arbeidskoste 29

| | | |
|---|---|---|
| 3.3.3.1 | Geskoolde (blanke) arbeidskoste | 29 |
| 3.3.3.2 | Ongeskoolde (swart) arbeidskoste | 32 |
| 3.3.3.3 | Pogings om swartes se bedingingsmag te breek misluk | 36 |
| 3.4 | Arbeidsprobleme in die goudmynbedryf: 1900-10 | 41 |
| 3.4.1 | Pogings om die tekort aan swart arbeid uit te wis | 42 |
| 3.4.2 | Pogings om die bedingingsmag van geskoolde blankes aan bande te lê | 47 |
| 3.5 | Kostedruk en arbeidsonrus: 1911-22 | 51 |
| 3.5.1 | Die onderwerping van die swart arbeidsmag | 52 |
| 3.5.2 | Die onderwerping van die blanke arbeidsmag | 58 |
| 3.6 | Pogings om te verhoed dat die arbeidsmag sy verlore posisie herwin: 1923-48 | 64 |
| 3.6.1 | Die posisie van die blanke arbeidsmag gedurende hierdie periode | 64 |
| 3.6.2 | Die posisie van die swart arbeidsmag gedurende hierdie periode | 71 |
| 3.6.3 | Die argument dat hoër geldlone tot 'n tekort aan swart arbeid sou lei | 80 |
| 3.7 | Die rasseloongaping vergroot dramaties: 1949-70 | 82 |
| 3.7.1 | Die swart arbeidstekort word uitgewis | 83 |
| 3.7.2 | 'n Akute tekort aan blanke arbeid | 87 |
| 3.8 | Perspektief op die buitengewoon groot rasseloongaping in die goudmynbedryf | 92 |

**HOOFSTUK 4: DIE RASSELOONGAPING IN DIE PRIVATE VERVAARDIGINGSEKTOR** 95

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 95 |
| 4.2 | Die vroeë ontwikkeling van die private vervaardigingsektor: 1860-1910 | 98 |
| 4.3 | Die rasseloongaping in die private vervaardigingsektor kom na vore: 1911-21 | 100 |

4.4 Ekonomiese nasionalisme, die armblankevraagstuk en wetgewing om die rasseloongaping te vernou: 1922-33 109
4.4.1 Ekonomiese nasionalisme 109
4.4.2 Die armblankevraagstuk 112
4.4.3 Wetgewing om die rasseloongaping te vernou 114
4.4.3.1 Die direkte invloed van die wetgewing op die rasseloongaping 115
4.4.3.2 Die indirekte invloed van die wetgewing op die rasseloongaping 119
4.4.3.3 Die rasseloongaping vernou 124
4.5 Swart verstedeliking en die verdere vernouing van die rasseloongaping: 1934-48 126
4.5.1 Die klem van statutêre loonregulering verskuif na die swart arbeidsmag 126
4.5.2 Faktore wat tydens die Tweede Wêreldoorlog die rasseloongaping aansienlik laat krimp het 131
4.5.2.1 Die klem op die vergroting van die plaaslike mark 132
4.5.2.2 Voortgesette statutêre loonregulering 133
4.5.2.3 Maatreëls om die arbeidsmag teen die stygende prysvlak te beskerm 135
4.5.2.4 Maatreëls om die tekort aan geskoolde arbeiders teen te werk 136
4.5.2.5 Die vernouing van die blank:swart-loongaping in perspektief 140
4.6 Afsonderlike ontwikkeling - die rasseloongaping vergroot: 1949-70 142
4.6.1 Afsonderlike ontwikkeling kry beslag 143
4.6.2 Druk op die regering om die rasseloongaping te vernou 147
4.7 Waarom die rasseloongaping in die private vervaardigingsektor na 1948 vergroot het 154

**HOOFSTUK 5: DIE RASSELOONGAPING IN DIE SPOORWEë EN HAWENS** 162

5.1 Inleiding 162

5.2 Die vroeë ontwikkeling van spoorweë en hawens in Suid-Afrika: 1860-1909 164

5.3 Alle spoorweë en hawens in Suid-Afrika word onder een gesag verenig - die rasseloongaping kom na vore: 1910-23 171

5.4 Die beskaafde arbeidsbeleid - die rasseloongaping vergroot: 1924-38 180

5.5 Die Tweede Wêreldoorlog - die rasseloongaping vernou aansienlik: 1939-48 189

5.6 Die rasseloongaping in die SAS & H vergroot saam met dié in die private vervaardigingsektor: 1949-70 196

5.7 Die bydrae van rassediskriminasie tot die rasseloongaping in die SAS & H 204

**HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING** 207

**TABELLE EN FIGURE** 214

**BRONNELYS** 254

**KORT OPSOMMING** 282

# LYS VAN TABELLE EN FIGURE


| | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| Figuur 1 | Rasseloongaping - goudmynbedryf: 1910-70 | 214 |
| Figuur 2 | Rasseloongaping - private vervaardigingsektor: 1925-70 | 215 |
| Figuur 3 | Rasseloongaping - SAS & H: 1927-70 | 216 |
| Figuur 4 | Rasseloongaping - SAS & H/Private vervaardigingsektor: 1927-70 | 217 |
| Tabel 1 | Gemiddelde jaarlikse nominale geldlone in die goudmynbedryf: 1907-70 | 218 |
| Tabel 2 | Die rasseloongaping in die goudmynbedryf: 1910-70 | 220 |
| Tabel 3 | Die verbruikersprysindeks: 1910-70 | 222 |
| Tabel 4 | Indeks van gemiddelde jaarlikse reële geldlone in die goudmynbedryf: 1910-70 | 224 |
| Tabel 5 | Indiensnamevlakke en -verhoudings in die goudmynbedryf: 1910-70 | 226 |
| Tabel 6 | Vreemde swartes as persentasie van totale swartes in die goudmynbedryf: 1905-70 | 228 |
| Tabel 7 | Suid-Afrikaansgebore blanke mynwerkers: 1910-55 | 229 |
| Tabel 8 | Die loongaping tussen die goudmynbedryf en die private vervaardigingsektor: 1916-70 | 230 |
| Tabel 9 | Gemiddelde jaarlikse nominale geldlone in die private vervaardigingsektor: 1916-70 | 232 |
| Tabel 10 | Die rasseloongaping in die private vervaardigingsektor: 1916-70 | 234 |
| Tabel 11 | Indeks van gemiddelde reële geldlone in die private vervaardigingsektor: 1916-70 | 235 |
| Tabel 12 | Gemiddelde jaarlikse nominale geldlone per bedryfsklas in die private vervaardigingsektor: 1915-6 | 237 |

| | | |
|---|---|---|
| Tabel 13 | Die rasseloongaping per bedryfsklas in die private vervaardigingsektor: 1915-6 | 233 |
| Tabel 14a | Indiensnamevlakke volgens ras en geslag in die private vervaardigingsektor: 1925-70 | 238 |
| Tabel 14b | Indiensnamevlakke (persentasiegewys) volgens ras en geslag in die private vervaardigingsektor: 1925-70 | 240 |
| Tabel 15 | Gemiddelde jaarlikse nominale geldlone per bedryfsklas in die private vervaardigingsektor: 1928-9 | 242 |
| Tabel 16 | Die rasseloongaping per bedryfsklas in die private vervaardigingsektor: 1928-9 | 242 |
| Tabel 17 | Gemiddelde jaarlikse nominale geldlone per bedryfsklas in die private vervaardigingsektor: 1946-7 | 243 |
| Tabel 18 | Die rasseloongaping per bedryfsklas in die private vervaardigingsektor: 1946-7 | 244 |
| Tabel 19 | Die rasseloongaping per bedryfsklas in die private vervaardigingsektor: 1958 en 1970 | 245 |
| Tabel 20 | Gemiddelde jaarlikse nominale geldlone in die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens: 1927-70 | 246 |
| Tabel 21 | Die Rasseloongaping in die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens: 1927-70 | 247 |
| Tabel 22 | Indeks van gemiddelde reële geldlone in die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens:1927-70 | 248 |
| Tabel 23a | Indiensnamevlakke in die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens: 1910-70 | 249 |
| Tabel 23b | Indiensnamevlakke (persentasiegewys) in die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens: 1910-70 | 251 |
| Tabel 24 | Die rasseloongaping tussen die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en die private vervaardigingsektor: 1927-70 | 253 |

# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMSTELLING, DOEL VAN DIE STUDIE EN METODE VAN ONDERSOEK

## 1.1 Probleemstelling

Met die rasseloongaping word bedoel die verhouding van gemiddelde blanke tot gemiddelde nie-blanke geldlone. Blankes word in die reël beskou as diegene wat van Europese afkoms is, terwyl nie-blankes kleurlinge, Asiërs (meestal Indiërs) en swartes insluit.

Die behoefte aan hierdie studie spruit uit die feit dat daar nog nie 'n omvattende ondersoek gedoen is oor die ontstaan van en veranderinge in die rasseloongaping in die Suid-Afrikaanse ekonomie tot en met 1970 nie. Daar is trouens relatief min navorsing oor die onderwerp gedoen en dit wat wel gedoen is, was nie spesifiek op die rasseloongaping afgestem nie. Vanweë sy unieke en interessante aard het die meeste navorsing boonop op die goudmynbedryf gefokus. Die volledigste studie in hierdie verband is Francis Wilson se Labour in the South African Goldmines, 1911-69, wat in 1972 die lig gesien het. Dit het opspraak verwek omdat dit die buitengewoon groot rasseloongaping en relatief konstante vlak van reële swart geldlone in die goudmynbedryf tussen 1911 en 1969 onder die openbare aandag gebring het.

Wilson het die rasseloongaping in die goudmynbedryf egter net elke vyf jaar vanaf 1911 tot 1969 gemeet. Die studie fokus ook nie op die krities belangrike tydperk tussen 1860 en 1911 nie.[1] Gedurende dié tyd het die rasseloongaping in die goudmynbedryf beslag gekry, maar dit is voorafgegaan en beïnvloed deur die rasseloongaping in die diamantmynbedryf. Daarom behoort 'n ondersoek na die rasseloongaping in die goudmynbedryf (en in die res van die ekonomie) by die diamantmynbedryf te begin. Die punt is dat die rasseloongaping in een sektor of bedryf in 'n sekere mate deur die rasseloongaping in ander sektore of bedrywe bepaal en beïnvloed word, omdat hulle meestal in dieselfde arbeidsmark meeding. 'n Studie van die rasseloongaping in enige sektor of bedryf is noodwendig ook 'n studie van die arbeidsmark.

Dit lei geen twyfel nie dat die goudmynbedryf 'n deurslaggewende invloed op die Suid-Afrikaanse arbeidsmark gehad het. Skrywers is egter geneig om die rol van die goudmynbedryf in die arbeidsmark (en gevolglik ook die rasseloongaping in die bedryf) te oorbeklemtoon en te misplaas.

In die eerste plek was die goudmynbedryf dekades lank beperk tot die Transvaal, en vernaamlik die Witwatersrand. Die rasseloongaping in die goudmynbedryf het dus net in 'n bepaalde gebied in Suid-Afrika gegeld. Hoewel die goudmynbedryf die grootste enkele indiensnemer van swart arbeid in Suid-Afrika en selfs in die hele Afrika was, was dit in die tweede plek nie die bedryf met die grootste blanke arbeidsmag nie. Teen 1910 was daar reeds meer blanke spoorweg- en hawewerkers in die hele Suid-Afrika as blanke mynwerkers aan die Rand. Daarom behoort die rasseloongaping in Suid-Afrika se spoorweë en hawens (of die SAS & H - soos dit na 1910 bekend geword het) ook ondersoek te word.

1) Wilson het nietemin kripties daarna verwys.

In die derde plek was 'n hele aantal krities belangrike faktore wat geldloonvlakke in die res van die ekonomie bepaal het, op geen stadium in die goudmynbedryf aanwesig nie. Vir alle praktiese doeleindes het die nie-blanke arbeidsmag in die goudmynbedryf nie kleurlinge en Asiërs ingesluit nie, maar slegs swartes. Hierdie swartes was almal trekarbeiders, wat anders as die blanke arbeidsmag, nie verstedelik en uitsluitlik van geldlone afhanklik was nie. Omdat mynbou baie fisieke krag vereis en die grootste persentasie van die arbeidsmag ondergronds moet werk, was daar ook nie sprake van 'n vroue-arbeidsmag in die goudmynbedryf nie. Net uit hierdie faktore alleen kan afgelei word dat die rasseloongaping in die goudmynbedryf in der waarheid 'n swak barometer van die arbeidsmark en rasseloonverskille in Suid-Afrika was. Om enigsins 'n aanduiding te kry watter invloed hierdie en ander faktore op rasseloonverskille in die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad het, moet die rasseloongaping in die private vervaardigingsektor ook ondersoek word.

Nog 'n leemte is dat skrywers die ontstaan van en veranderinge in die rasseloonverskille in die Suid-Afrikaanse ekonomie analiseer, sonder om dit op te weeg teen die veranderinge in die indiensnamevlakke van die onderskeie rassegroepe. Dit lei tot 'n wanbegrip van die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark, -beleid en -wetgewing, en uiteindelik ook van die rasseloongaping in die onderskeie sektore. Feit van die saak is dat 'n prys in enige mark net in perspektief is as dit opgeweeg word teen die hoeveelheid wat by daardie spesifieke prysvlak op 'n bepaalde tydstip verkoop word. In die arbeidsmark geld dieselfde stelreël. Geldloonvlakke moet opgeweeg word teen indiensnamevlakke. Daarom behoort 'n studie van die ontstaan van en veranderinge in die rasseloongaping in die Suid-Afrikaanse ekonomie ook die armblankevraagstuk in te sluit.

## 1.2 Doel van die studie

Teen die bogenoemde agtergrond gesien, is die doel van die studie om die ontstaan van en die veranderinge in die rasseloongaping in onderskeidelik die Suid-Afrikaanse diamantmynbedryf, goudmynbedryf, private vervaardigingsektor en spoorweë en hawens tussen 1860 en 1970 te ondersoek.[2)]

Vrae wat beantwoord moet word is die volgende:

- Waarom het rasseloongapings in die onderskeie sektore en bedrywe beslag gekry?
- Waarom was die onderskeie rasseloongapings nie ewe groot nie?
- Watter faktore het daartoe bygedra dat die onderskeie rasseloongapings met verloop van tyd verander het?
- Hoeveel het elkeen van die faktore bygedra tot die onderskeie rasseloongapings?
- Wat was die verband tussen rasseloonverskille en die indiensnamevlakke van die onderskeie rassegroepe?
- In watter perspektief moet die buitengewoon groot rasseloongaping in die goudmynbedryf gesien word?
- Watter invloed het die rasseloongaping in die goudmynbedryf op rasseloonverskille in ander sektore en bedrywe gehad?

2) Die landbousektor is nie by die ondersoek betrek nie, omdat daar vir alle praktiese doeleindes nie 'n blanke geldloonarbeidsmag in dié sektor aanwesig was nie. Nie-blanke plaaswerkers is ook meestal in natura in plaas van met geldlone vergoed. Ander sektore en bedrywe kon as gevolg van 'n gebrek aan data ook nie by die ondersoek betrek word nie.

Antwoorde op hierdie vrae sal meer lig werp op die Suid-Afrikaanse rasseloon-vraagstuk en selfs ook 'n bydrae maak tot die historiese debat oor die opkoms van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

## 1.3 Metode van ondersoek

Daar is besluit om 1860 as vertrekpunt van die ondersoek te kies, omdat daar voor hierdie datum min arbeiders in Suid-Afrika was wat geldlone ontvang het. Die behoefte aan 'n geldloonarbeidsmag van statuur het trouens eers na 1860 na vore gekom, toe diamante en goud ontdek is en die bou van spoorlyne en hawens 'n aanvang geneem het.

Daarteenoor is 1970 as afsnypunt gekies, want in die sewentigerjare het die Nasionale Party-regering hom (ooreenkomstig sy beleid van "wegbeweeg van diskriminasie") tot die *vernouing* (en later ook die *uitskakeling*) van die rasseloongaping verbind. Dit is gerugsteun deur die aanstelling van die Wiehahn- en Riekert-kommissies wat uitgeloop het op nuwe arbeidswetgewing. Dit alles het dramatiese veranderinge in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark teweeggebring, en 'n totaal nuwe era ingelui wat eerder 'n opvolgstudie regverdig.

Om die doel van die studie te bereik, is as eerste stap gepoog om te bereken hoe groot die rasseloongaping elke jaar in elk van die geïdentifiseerde sektore en bedrywe was. Dit het beteken dat die gemiddelde jaarlikse geldlone van elke rassegroep eers bereken moes word. Dit is bereken deur die jaarlikse loonrekening deur die gemiddelde jaarlikse indiensnamevlak te deel. By gebrek aan 'n volledige

stel data van geldloon- en indiensnamevlakke, was dit nie altyd moontlik om gemiddelde jaarlikse geldlone te bereken nie. Die periode tussen 1860 en 1910 toe daar nie volledige rekordhouding was nie, en ook nie op 'n gereelde basis industriële sensusse gehou is nie, het veral probleme opgelewer. Die rasseloongaping in die goud- en diamantmynbedrywe kon nietemin redelik akkuraat in sommige jare gedurende hierdie periode bereken word. Die periode na 1910 het egter weer dié probleem opgelewer dat die loonrekening en die indiensnamevlakke in party gevalle net volgens die belastingjaar (bv. 1939/40) aangegee is. In sulke gevalle is die opeenvolgende waardes bymekaar getel en deur 2 gedeel, ten einde eenvormigheid tussen die onderskeie tydreekse te bewerkstellig.

Alle kontantverdienstes is as geldlone beskou. Byvoordele en vergoeding in natura is wel verreken, maar dit is nie by geldlone gevoeg nie, omdat gepoog is om die loongaping in plaas van die inkome- of verdienstegaping tussen die rassegroepe te meet. Alle geldwaardes wat in terme van die Britse geldstelsel van ponde, sjielings en pennies aangegee is, is herbereken in terme van die huidige desimale geldstelsel. Die volgende omskakelingskoerse is gebruik: 1 pond = 2 rand; 1 sjieling = 10 sent; en 1 pennie = 0,83 sent.

Om die invloed van veranderinge in die algemene prysvlak op geldlone uit te skakel (met ander woorde om gemiddelde reële geldlone te bereken), is gemiddelde (nominale) geldlone met die verbruikersprysindeks gedefleer. Ten einde hierdie waardes makliker met mekaar te kan vergelyk, is 'n indeks van gemiddelde reële geldlone met 1970 as basisjaar vir elke sektor of bedryf saamgestel.

Die rasseloongapings in die onderskeie sektore en bedrywe moes ook so bereken word dat dit met mekaar vergelyk kan word. Dit het probleme opgelewer omdat die arbeidsmag in die onderskeie sektore en bedrywe nie dieselfde saamgestel was nie. In die mynbousektor waar die nie-blanke arbeidsmag net uit swartes bestaan het, was die rasseloongaping bloot die verhouding van gemiddelde blanke tot gemiddelde swart geldlone. In die private vervaardigingsektor het die nie-blanke arbeidsmag egter, behalwe uit swartes, ook uit 'n aansienlike aantal kleurlinge en Asiërs bestaan. Om dit te ondervang is drie loongapings bereken naamlik, 'n blank: kleurling-, 'n blank:Asiër- en 'n blank:swart-loongaping. Die rasseloongaping in die goudmynbedryf kan gevolglik met die blank:swart-loongaping in die private vervaardigingsektor vergelyk word.

In die geval van die SAS & H het die nie-blanke arbeidsmag óók uit swartes, kleurlinge en Asiërs bestaan, maar die data laat nie toe dat drie afsonderlike loongapings (soos in die geval van die private vervaardigingsektor) bereken kon word nie. Daarom is die rasseloongaping in die SAS & H (soos per definisie) die verhouding van gemiddelde blanke tot gemiddelde nie-blanke geldlone. Dié gaping kan egter met die blank:swart-loongaping in die private vervaardigingsektor en die goudmynbedryf vergelyk word, omdat daar relatief min kleurlinge en Asiërs op die spoorweë en hawens gewerk het.

Nadat die rasseloongapings in die verskillende sektore en bedrywe op so 'n wyse bereken is dat dit met mekaar vergelyk kan word, is die historiese ontwikkeling van die onderskeie sektore en bedrywe geanaliseer om antwoorde te kry op die vrae wat in afdeling 1.2 gestel is. Omdat die historiese ontwikkeling van die goud- en diamantmynbedrywe reeds deur verskeie skrywers nagevors is, is daar soms redelik swaar gesteun op sekondêre bronne om die rasseloongapings in dié twee bedrywe te

analiseer. In die geval van die private vervaardigingsektor en die spoorweë en hawens moes egter meestal van primêre bronne (soos die verslae van onderskeidelik die Departement van Arbeid, die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens, die Spoorweg- en Haweraad en regeringskommissies) gebruik gemaak word om antwoorde op die vrae te kry.

'n Voorafstudie van arbeidsmarkteorie was ook nodig, ten einde die faktore wat geldloonvlakke en uiteindelik rasseloonverskille in die Suid-Afrikaanse ekonomie tussen 1860 en 1970 bepaal en beïnvloed het, te kon identifiseer. Dit was egter baie moeilik om te bepaal hoeveel elk van hierdie faktore (soos markstruktuur, geskooldheidsvlak, skaarsheid, rasse- en geslagsdiskriminasie, vakbonde, risiko, tegnologie en talle ander) bygedra het tot die rasseloongapings in die verskillende sektore en bedrywe. Enersyds kon die faktore nie maklik van mekaar geïsoleer word nie, en andersyds was data meestal nie beskikbaar om die invloed van die onderskeie faktore op rasseloonverskille te toets nie. Tog kon in 'n mate bepaal word watter faktore meer gewig as ander gedra het.

# HOOFSTUK 2

# DIE RASSELOONGAPING IN DIE DIAMANTMYNBEDRYF

## 2.1 Inleiding

Slegs vier jaar na die ontdekking van 'n diamant in 1867, naby Hopetown, was die grootste diamantmyne in die wêreld in die Kimberley-omgewing gevestig en was Suid-Afrika reeds die wêreld se grootste diamantprodusent (Innes 1984:21).

Binne die eerste 35 jaar het die markstruktuur van die diamantmynbedryf totaal verander. Volmaakte mededinging het plek gemaak vir 'n monopolie (Innes 1984:39). Tegelykertyd het die produksietegniek ook verander. Die aanvanklike kleinskaalse oopmyn-delwerye moes mettertyd noodgedwonge plek maak vir grootskeepse gemeganiseerde ondergrondse mynbou. Dit was hierdie dramatiese veranderinge aan die markstruktuur en die produksietegniek wat aanpassings aan die arbeidsmark tot gevolg gehad het en beslag gegee het aan die rasseloongaping in die mynbousektor.

## 2.2 Die fase van volmaakte mededinging in die diamantmynbedryf: 1867-73

Aanvanklik was die markstruktuur van die diamantmynbedryf hoogs mededingend omdat kleimgroottes beperk is tot 9,25x 9,25 meter en niemand toegelaat was om

meer as twee kleims te besit nie (Innes 1984:23). Eienaarskap was oop vir alle rasse (volgens Proklamasie no. 71 van 1871). 'n Aantal nie-blankes het inderdaad ook kleims besit en vir hulle eie rekening gedelf (Turrell 1981:200-1). Gevolglik was daar 'n paar duisend individuele delwers van verskillende rassegroepe wat in hewige kompetisie met mekaar verkeer het. In 1871 was daar byvoorbeeld 3 588 kleims in die Kimberley-omgewing alleen (Innes 1984:23).

Die delwers het meestal geen ondervinding van mynbou gehad nie. Produksietegnieke was eenvoudig en het min opleiding vereis. Die kleims is met pikke en grawe tot in die diamantdraende grond uitgegrawe. Hierdie grond, ook bekend as "blougrond", is dan met emmers na die oppervlakte gebring en daarvandaan met kruiwaens na sorteerplekke of "vloere" gestoot.

Die individuele delwer het hoogstens drie ongeskoolde swart arbeiders[1)] in diens gehad, hoewel daar ook delwers was wat geen arbeiders gehad het nie (Van der Horst 1942:67). Die swart arbeidsmag het geldlone ontvang wat teen 1870 gemiddeld 25 sent per week per arbeider bedra het (Innes 1984:27). Hoewel blanke delwers dikwels skouer aan skouer met swartes gewerk het, was daar nog nie in hierdie stadium sprake van 'n blanke geldloonarbeidsmag nie, omdat dié delwers vir hulle eie rekening gewerk het (Innes 1984:24).

Die swart geldloonarbeidsmag het ook eers werklik statuur gekry na die ontdekking van die vernaamste diamantpype in 1871. Daarna het die vraag na swart arbeid die hoogte in geskiet en die aanbod vêr oorskry. Aanvanklik was dit moeilik om genoeg

---

1) Hoewel daar 'n aantal kleurlinge, Griekwas en Korannas op die delwerye gewerk het, was hulle so min in verhouding tot die aantal swartes dat hulle geïgnoreer kan word. Vir 'n uiteensetting van die samestelling van die swart arbeidsmag sien Van der Horst (1942:84).

swartes oor te haal om na die delwerye te kom, omdat hulle 'n bevredigende ekonomiese basis gehad het. Daar is op verskeie maniere geprobeer om swartes te skei van die grond en hulle te beweeg tot geldloonarbeid op die delwerye. Die aanvanklike metode was om hulle met vuurwapens te lok (Goodfellow 1931:139). Dit was baie geslaagd en veral uit Basoetoeland het baie swartes na die delwerye gekom om vuurwapens in die hande te kry.[2] Die meeste swartes was trekarbeiders wat 6 maande ononderbroke op die delwerye gewerk het, en dan na hulle grond teruggekeer het (Turrell 1981:200).

Die stygende arbeidsvraag het sterk opwaartse druk op swart geldlone geplaas. Weens die hoë winsverwagtinge was kleimeienaars ook van meet af aan bereid om hoë geldlone te betaal. Die deurslaggewende faktor sover dit loonvorming en loonpeile betref was egter die hoogs mededingende markstruktuur van die diamantmynbedryf. In teorie het dit beteken dat die individuele delwer geen invloed op geldloonvlakke kon uitoefen nie, al kon hy sy indiensnamevlak ook hoe varieer. Delwers was derhalwe loonnemers wat geen ander keuse gehad het as om die markloon te betaal wat vir die hele diamantmynbedryf gegeld het.[3]

Dit was die situasie waarin die duisende delwers in hierdie stadium verkeer het. Toe arbeidsvraag arbeidsaanbod oorskry en geldlone styg, moes hulle hulle noodgedwonge daarby aanpas. In 1871, die jaar toe die vernaamste diamantpype ontdek is, het geldlone opgeskiet tot 75 sent per arbeider per week plus rantsoene ter waarde van 55 sent per week. In gevalle waarin die aanbod gedurende die sewen-

2) Innes (1984:25) beweer dat dalende opbrengs en belastings deur die Britse koloniale administrasie die deurslaggewende rol gespeel het om Basoetoes na die delwerye te dwing. Werk op die delwerye was nietemin gewild onder die swartes (Officieel Jaarboek van de Unie en van Basutoland, Bechuanaland-Protektoraat en Swaziland, 1910-20 1920:608).
3) Vir 'n uiteensetting van die teorie sien Ehrenberg en Smith (1982:26-8).

tigerjare gedaal het, het geldlone tot R2 en selfs R3 per week gestyg (Van der Horst 1942:71, 80).

Daar is min twyfel dat die swart arbeidsmag gedurende hierdie periode in 'n sterk bedingingsposisie teenoor die kleimeienaars was. Hulle het individueel of in groepe beding vir hoër geldlone en gedros van die een na die ander werkgewer (Turrell 1981:206). Omdat 'n duidelik onderskeibare blanke geldloonarbeidsmag in hierdie stadium nog nie sy beslag gekry het nie, was daar egter nie sprake van 'n rasseloongaping aan die hand waarvan swart geldloonpeile in perspektief beskou kan word nie.

## 2.3 Die rasseloongaping in die diamantmynbedryf kry beslag: 1874-85

Na 1874 het die produksiemetode verander en die markstruktuur het geleidelik al hoe minder mededingend geword. Die vraag na arbeid is by hierdie veranderinge aangepas en dit het beslag gegee aan 'n rasseloongaping.

Teen 1874 het die delwers veral twee probleme ondervind. Eerstens het die mededingende markstruktuur beteken dat hulle nie net loonnemers was nie, maar ook prysnemers. Om wins onder sulke omstandighede te maksimaliseer moes uitset en ook indiensname gemaksimaliseer word. Die hoër uitsetvlak het gedreig om die mark te versadig en die prysvlak af te dwing en die hoër vraag na arbeid het opwaartse druk op geldlone geplaas. Tweedens was daar ernstige produksieprobleme. Namate die kleims dieper uitgegrawe is, het rotsstortings produksie in sommige gevalle tot stilstand gebring (Turrell 1981:205).

Om hierdie probleme te oorkom was samewerking en uiteindelik ook samesmeltings van die uiterste belang. Dit is aanvanklik verhinder deur die wetgewing wat kleimeienaarskap tot hoogstens twee kleims per delwer beperk het. Druk het egter teen hierdie wetgewing opgelaai.[4)] Uiteindelik het dit uitgeloop op Ordonnansie no. 10 van 1874 waardeur die wet sodanig gewysig is dat een persoon selfs tot 10 kleims kon besit. Later het Ordonnansie no. 12 van 1876 gevolg waardeur alle beperkings op die aantal kleims wat 'n delwer mag besit het, opgehef is. Dit het die weg gebaan vir samesmeltings en oornames. Swart kleimeienaars is deur blanke kleimeienaars uitgekoop en 'n eksklusief blanke besittersklas het beslag gekry. 'n Nuwe ondernemingsvorm, die maatskappy, het sy verskyning op die delwerye gemaak.

Behalwe die wetswysigings op kleimbesit was daar ook 'n wetswysiging in 1874 waardeur die diamanthandel beperk is tot handelaars wat 'n jaarlikse fooi van R100 betaal het (Innes 1984:29-30). Dit het die druk op die kleiner handelaars verhoog en hulle het uiteindelik verdwyn.

Bogenoemde wetswysigings het die weg gebaan vir 'n minder mededingende markstruktuur. Derhalwe het die aantal kleims in die Kimberley-omgewing verminder van 3 588 in 1871 tot 71 in 1881 (Innes 1984:31).

4) Dit was veral die meer suksesvolle kleimeienaars wat ontevrede was. Hulle het hulleself teen die staat georganiseer en dit het in 1875 gelei tot die sogenaamde "Black Flag Revolt". Vir 'n gedetailleerde uiteensetting hiervan sien Turrell (1981).

Die weg was ook nou oop om die produksieprobleme effektief die hoof te bied. Dit was duidelik dat 'n punt bereik was waar die oopmyn-tegniek nie meer gebruik kon word nie. Daarom is in die tagtigerjare begin om skagte te sink, en ondergrondse mynbou het 'n aanvang geneem. Teen 1887 was dit die universele produksiemetode (South African Yearbook, 1902-3 1903:509).

Ondergrondse mynbou is in 'n hoë mate meganies gedoen en het baie kundigheid vereis. Dit het die behoefte geskep aan 'n geskoolde arbeidsmag wat in kombinasie met 'n groter massa ongeskoolde (swart) arbeid aangewend kon word.[5)] In teenstelling met ongeskoolde arbeid was geskoolde arbeid baie skaars en dit moes (net soos kapitaal) van oorsee af ingevoer word. Die ingevoerde geskoolde arbeidsmag was blank en hulle getalle is aangevul deur plaaslike blankes wat hulle kleims verloor het. Teen 1880 was dit praktyk op die delwerye dat die ongeskoolde arbeid deur swartes verrig is terwyl die operateurs en opsieners blankes was (Kallaway 1974:13).

Blanke geldlone was uit die staanspoor baie hoër as swart geldlone. Daar was verskeie redes daarvoor. Die vernaamste redes was dat blankes die hoogsbesoldigde geskoolde werk gedoen het en skaars was in verhouding tot die vraag. Omdat die meeste blankes van oorsee af ingevoer is, moes geldlone in Suid-Afrika ook hoog genoeg wees om verhuising die moeite werd te maak (Van der Horst 1942:81). Ook moet verreken word dat die blanke arbeidsmag volkome van die grond geskei was en daarom uitsluitlik op geldlone aangewese was. Dit het geldlone nog verder opgestoot. Blanke immigrante het boonop reeds 'n klassebewustheid in hulle onderskeie lande van herkoms ontwikkel en hulle was goed bekend met ge-

5) Volgens Van der Horst (1942:79) het die verhouding van blanke tot swart werkers gevarieer tussen 1 tot 3 en 1 tot 11. Toe ondergrondse mynbou 'n aanvang geneem het, het die verhouding groter geword.

organiseerde arbeidsoptrede (Houghton 1976:149). Reeds in 1884 het hulle 'n vakbond by Kimberley gevorm en tot 'n staking oorgegaan.[6)]

Die vernaamste redes waarom swart geldlone baie laer as blanke geldlone was, was omdat swartes relatief volop was en hulle die laagsbesoldigde ongeskoolde werk gedoen het. Die swart arbeidsmag was ook glad nie bekend met die vakbondwese soos die ingevoerde blanke werkers nie. Dit het egter nie beteken dat hulle nooit tot georganiseerde verset sou oorgaan nie.[7)] Omdat swartes 'n trekarbeidsmag was, was hulle ook net gedeeltelik van hulle grond geskei en nie uitsluitlik van geldloonarbeid afhanklik nie. Dit het hulle aanbodprys laer in verhouding tot dié van blanke arbeid afgedruk.[8)]

Teen hierdie agtergrond gesien, was dit te wagte dat 'n groot gaping tussen gemiddelde blanke en swart geldlone sou moes ontstaan het. Genoeg data is nie beskikbaar om die gaping presies te bepaal nie, maar 'n redelik betroubare berekening kan tog gemaak word. Volgens Van der Horst (1942:80-1) het swart geldlone in 1882-3 gewissel tussen R1.50 en R3 per week plus maaltye. Na 1883 het geldloonvlakke meer gestabiliseer en die gemiddelde geldloon was ongeveer R2.50 per week. Daarteenoor het blanke geldlone gedurende hierdie periode gewissel van R8 tot R16 per week. Opsieners het van R10 tot R12 per week ontvang plus 'n persentasie van die waarde van die diamante wat gevind is. Operateurs het van R12 tot R16 per week verdien. Met blanke geldlone gemiddeld R12 en swart geldlone gemiddeld R2.50 per week, beteken dit dat die loongaping tussen die twee rasse-

---

6) Hierdie staking het egter nie oor lone gegaan nie, maar oor 'n regulasie dat blanke arbeiders (net soos swart arbeiders) na elke skof deursoek moes word vir gesteelde diamante. Dit het uitgeloop op 'n skietery waarin 7 stakers gedood en 40 gewond is (Coetzee 1976:6-7).

7) Innes (1984:33) meld dat die eerste staking op die diamantvelde waarby swartes betrokke was, in 1889 plaasgevind het.

8) Hierdie aangeleentheid is kontroversieel en word in besonderhede in afdeling 3.3.3.2 bespreek.

groepe in hierdie stadium ongeveer 4,8:1 was. Simons en Simons (1969:44) verstrek nie data nie, maar stel die gaping op 4:1 óf 5:1.

Hoewel swartes in verhouding tot blankes swakker daaraan toe was, was hulle nogtans steeds in 'n sterk bedingingsposisie teenoor die kleimeienaars omdat arbeidsvraag arbeidsaanbod oorskry het. So het produksie feitlik tot stilstand gekom en geldlone die hoogte in geskiet toe 4 000 Basoetoes die delwerye in Junie en Julie 1880 verlaat het. Daarna het die swart indiensnamevlak gestyg van 8 360 in 1883 tot 11 300 in 1885 (Van der Horst 1942:80, 85).

Die blanke indiensnamevlak het ook tussen 1883 en 1885 skerp gestyg. Stygende inset het gelei tot stygende uitset (Houghton en Dagut 1972a:276). Gevolglik het die hoeveelheid karaat geproduseer gedurende dieselfde periode met 56 persent gestyg en die waarde daarvan met 80 persent (Innes 1984:224). Dit het die vrees laat ontstaan dat die mark nie veel langer die stygende aanbod sou kon absorbeer nie en in duie sou stort. Dit sou verdere aanpassings aan die markstruktuur en 'n inkorting van produksie noodsaak, wat die grootte van die rasseloongaping verder sou bepaal.

## 2.4 Die monopolisering van die diamantmynbedryf - die rasseloongaping vergroot: 1886-1900

In 1886 het oorproduksie uiteindelik tot 'n daling in die diamantprys en die ineenstorting van die aandelemark gelei. Dit het die kleiner maatskappye op hulle

knieë gedwing en tot 'n volgende rondte samesmeltings en oornames gelei (Innes 1984:34-5).

Strawwe mededinging tussen veral die oorblywende De Beers- en Kimberley-maatskappye het die winsgewendheid van die bedryf egter nog steeds bedreig. Oorsese handelaars soos die Rothschild-groep wat belange in hierdie maatskappye gehad het, is nadelig hierdeur geraak. Hierdie belangegroepe het derhalwe saamgespan en aan die De Beers-maatskappy die nodige finansiering verskaf om die Kimberley-maatskappy oor te neem. Uit hierdie oorname het De Beers Consolidated Mines Limited in Maart 1888 tot stand gekom. Mettertyd het De Beers die maatskappye op die Bultfontein- en die Dutoitspanmyne ook opgekoop. De Beers het ook aansienlike belange in die Jagersfontein- en Koffiefonteinmyne verkry (Innes 1984:39 en Van der Horst 1942:78). Voortaan sou een enkele maatskappy - De Beers Consolidated Mines Limited - die Suid-Afrikaanse diamantmynbedryf beheer.[9] Hiermee het die mededingende markstruktuur finaal plek gemaak vir 'n monopolistiese markstruktuur. Dit het direk aanleiding gegee tot verdere aanpassings aan die arbeidsmark.

Die uitdaging waarvoor De Beers Consolidated te staan gekom het, was om die winsgewendheid van die bedryf te herstel en te verseker. Produksie is dadelik ingekort[10] en die gemiddelde prys het van R2 tot R3 per karaat gestyg (Simons en Simons 1969:43). Laer produksie het die arbeidsbehoeftes van die bedryf verminder. Gevolglik is 28 persent van die totale arbeidsmag - 408 blankes en 2 270

9) De Beers het uiteindelik ook beheer oor 90 persent van die wêreld se totale diamantproduksie verkry (Farnie 1956:127).

10) Die produksievlak het gedaal van 3 598 930 karaat in 1887 tot 2 443 777 karaat in 1890. Eers in 1904 was produksie weer die eerste maal bokant die 1887-vlak toe 3 683 157 karaat geproduseer en verkoop is vir R14 417 209, vergeleke met die R7 216 436 wat dieselfde produksievlak in 1887 opgelewer het (Innes 1984:244). Produksiekoste het gedaal van 99 sent per karaat in 1887 tot 84 sent per karaat in 1901 (South African Yearbook, 1902-3 1903:510).

swartes - tussen 1888 en 1889 afgedank (Van der Horst 1942:85). Daarna is die blanke en swart indiensnamevlakke onderskeidelik rondom 1 650 en 10 000 vasgepen (Hobson 1900:258 en The South African Native Races Committee 1901:112). Die herstel van die winsgewendheid van die bedryf het egter veel meer vereis as 'n blote inkorting van produksie en afskaling van arbeidsbehoeftes. Dit het ook vereis dat die arbeidsmag beheer en gedissiplineer moes word.

Benewens oorproduksie het probleme soos drostery, dronkenskap, diefstal en onwettige diamanthandel ook die winsgewendheid van die bedryf in gevaar gestel. Die oplossing van hierdie probleme het 'n deurslaggewende rol gespeel om die arbeidsmark te verander en geldloonvlakke te beïnvloed (Doxey 1961:25).

Een van die aanvanklike maniere waarop bogenoemde probleme aangepak is, was die praktyk om bandiete 'n deel van die ongeskoolde werk te laat doen. Dit het ongetwyfeld die sterk bedingingsposisie van die gevestigde swart arbeidsmag ondermyn, want die bandiete was goedkoper. Dit was slegs nodig om klere en komberse aan hulle te voorsien, terwyl maaltye die minimum bedrag van 7 sent per man per dag beloop het. Die betekenis van hierdie praktyk het ook daarin gelê dat die beginsel van dissipline en beheer oor die swart arbeidsmag gevestig is. Dissipline was 'n belangrike voorvereiste om verset te breek en geldlone af te dwing (Innes 1984:32).

Die praktyk wat geskep is om ook die vrywillige swart arbeidsmag te dissiplineer en te beheer was die kampongstelsel. Aan die einde van die tagtigerjare was dit 'n gevestigde praktyk op al die myne van De Beers (Doxey 1961:33). Hiervolgens is swartes in geslote kampongs gehuisves en nie toegelaat om dit voor die verstryking

van hulle dienskontrakte te verlaat nie.[11)] Alkoholgebruik is beheer en dit was slegs nodig om swartes vir gesteelde diamante by verstryking van hulle dienskontrakte te deursoek. Die kampongstelsel het ook die onderdrukking van arbeidsonrus aansienlik vergemaklik[12)] en swartes verhinder om met verskillende werkgewers te onderhandel oor geldlone (Innes 1984:37).

Die blanke arbeidsmag is nie in geslote kampongs geplaas nie, maar in beginsel net so onderwerp soos die swart arbeidsmag. Hobson (1900:239) het hulle posisie só beskryf:

> "The white miners at Kenilworth, the suburb of Kimberley, are absolutely under the control of De Beers Company: drawing their wages from De Beers, living in houses owned by De Beers, trading with shops controlled by De Beers, they are the political and social serfs of the company; if they object to any terms imposed upon them by the company, they must quit not only their employment but their homes, and must leave Kimberley to find a means of living outside the clutches of the diamond monopoly".

Die stappe wat De Beers gedoen het om die vraag na arbeid te stabiliseer en die arbeidsmag te onderwerp, het 'n neerdrukkende uitwerking op die geldloonpeile van beide rassegroepe gehad. Dit strook met die teorie dat in gevalle waar die produktemark gemonopoliseer is, minder arbeiders teen laer geldlone gehuur word,

11) Swartes het nietemin blykbaar die kamponglewe geniet, want die meeste het na verlofperiodes teruggekeer en tot aan die einde van die eeu was daar genoeg swart arbeid beskikbaar. Dit word bevestig deur die South African Native Races Committee (1901:88, 112) wat oor die arbeidsituasie op die myne van De Beers opgemerk het: ".....natives in the employ of the De Beers Company at Kimberley often stay in the compound for a year at a time, occasionally going out for a short holiday of a week or so..... This company does not seem to experience much difficulty in obtaining the native labour required in its mines".

12) Toe swartes in 1894 tot 'n staking oorgegaan het, het polisie die kampongs binnegegaan en 6 gedood. 'n Verdere 300 is afgedank (Simons en Simons 1969:13)

as in gevalle waar die markstruktuur mededingend is. Dié loonverskil staan bekend as monopolistiese ekspliotasie.[13)]

Na 1886 is swart geldlone inderdaad verlaag van R2.50 per week tot 'n vlak van tussen 75 sent en R1.50 per week (Doxey 1961:19). Gedurende die negentigerjare (toe die winsgewendheid van die bedryf herstel het) het dit egter gestyg en gestabiliseer rondom R2.00 per week (The South African Native Races Committee 1901:112). Gemiddelde blanke geldlone het aanvanklik gedaal van R12 tot R10 per week, maar daarna gestyg tot R13.50 per week (Simons en Simons 1969:45).

Uit hierdie data blyk dit dat die rasseloongaping na die monopolisering van die diamantmynbedryf van ongeveer 4,8:1 tot ongeveer 6,8:1 vergroot het.

## 2.5 Perspektief op die vergroting van die rasseloongaping in die diamantmynbedryf

Die vergroting van die rasseloongaping in die diamantmynbedryf na 1886 moet egter in perspektief geplaas word.

Eerstens moet beklemtoon word dat dit vir De Beers nie om 'n bepaalde rasseloongaping gegaan het nie, maar primêr om die herstel van die winsgewendheid van die bedryf. Wat arbeid betref, het dit twee aanpassings vereis. Eerstens moes die arbeidsmag afgeskaal en tweedens ook onderwerp word. Beide rassegroepe is hierdeur geraak. Die feit dat blanke geldlone nie in dieselfde verhouding as swart geld-

13) Vir 'n uiteensetting van die teorie sien Fleisher en Kniesner (1984:202-3).

lone op hierdie aanpassings gereageer het nie, was die resultaat van arbeidsvraag en -aanbod en die faktore wat dit onderskeidelik onderlê het. Wat arbeidsvraag betref, was die deurslaggewende faktore die veranderde markstruktuur en produksiemetode, en wat arbeidsaanbod betref, was dit geskooldheidsvlak en skaarsheid en in 'n mindere mate kollektiewe bedingingsmag en graad van afhanklikheid van geldlone.

Tweedens is die vergrote rasseloongaping ook net in perspektief wanneer dit gelyktydig met die werkloosheid wat daarmee saam gegaan het, beskou word. Hoewel daar in verhouding byna ewe veel blankes en swartes afgedank is na die monopolisering van die bedryf, is die blankes die swaarste getref deur die afdankings. Die verskil tussen die twee rassegroepe het daarin gelê dat die afgedankte blankes nie na die grond kon terugkeer soos die swartes wat trekarbeiders was nie. Hierdie blankes was uitsluitlik van geldlone afhanklik en moes ander werk soek. Sommige van hulle het in ou mynhope gedelf in die hoop om nog diamante daarin te vind. Dit het gebots met die mynbase se doelwit om die winsgewendheid van die bedryf te herstel en te verseker deur alleenbeheer oor die produksievlak. Daarom het hulle dit verbied. Dit het die lot van die werklose blankes vererger en volgens Doxey (1961:38) was dit die voorspel tot wat later bekend geword het as die armblankevraagstuk. Die punt wat Doxey egter nie gemaak het nie, is dat hierdie vraagstuk en latere pogings om dit op te los, nie geskei kan word van die Suid-Afrikaanse rasseloonvraagstuk nie. Dit sal in die volgende hoofstukke duideliker na vore kom.

Die onmiddellike betekenis wat die vergrote rasseloongaping in die diamantmynbedryf by Kimberley gehad het, was egter dat 'n loonstruktuur daargestel was vir die opkomende goudmynbedryf wat in dieselfde mark moes meeding vir arbeid.

Die invloed van die diamantmynbedryf op die geldloonpeile van blankes en swartes in die goudmynbedryf het egter geleidelik getaan. Selfs die vestiging van die ryk Premiermyn in 1902 naby Pretoria het op die lange duur nie 'n deurslaggewende invloed op die rasseloongaping in die Transvaalse goudmynbedryf gehad nie.

Dit volg omdat die goudmynbedryf die diamantmynbedryf gou in statuur oortref het en die leidende bedryf in die mynbousektor geword het. In 1885 was die waarde van goudproduksie in die Transvaal R12 000 en die waarde van diamantproduksie in die Kaapkolonie R4,45 miljoen. Teen 1898 was die onderskeie waardes egter R32,48 miljoen en R8,26 miljoen (Innes 1977:240). Teen 1899 het die goudmynbedryf minstens 7 keer meer blankes en 10 keer meer swartes as die diamantmynbedryf in diens gehad. Die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf het mettertyd ook die grootste enkele indiensnemer van swart arbeid in Afrika geword (Farnie 1956:129.) Dit het gou 'n loonstruktuur daargestel waaruit 'n rasseloongaping ontwikkel het wat geldloonvlakke in die res van die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed het.

Derhalwe word die ontstaan van en veranderinge in die rasseloongaping in die goudmynbedryf in die volgende hoofstuk breedvoerig bespreek, en word die rasseloongaping in die diamantmynbedryf na 1900 nie ondersoek nie.

# HOOFSTUK 3

# DIE RASSELOONGAPING IN DIE GOUDMYNBEDRYF

## 3.1 Inleiding

Daar is duidelike ooreenkomste maar ook deurslaggewende verskille tussen die goudmynbedryf en die diamantmynbedryf. Die verskille het die grondslag gelê vir verskillende rasseloongapings in die onderskeie bedrywe.

Albei bedrywe produseer duursame produkte waarvan die pryse op internasionale markte bepaal word. Hoewel die diamantmagnate mettertyd daarin geslaag het om beheer oor die diamantprys te kry, het die goudprodusente tot 1971 prysnemers gebly omdat die goudprys vasgepen was. Daarom was die behoefte in die goudmynbedryf om beheer oor insetkoste en vernaamlik geldlone te kry, baie groter as in die diamantmynbedryf. Gevolglik het 'n monopsonistiese eerder as 'n monopolistiese markstruktuur in die goudmynbedryf ontwikkel.

Hoewel die twee bedrywe van meet af aan dieselfde arbeidsmagsamestelling gehad het - 'n klein persentasie (geskoolde) blankes en 'n groot persentasie (ongeskoolde) swartes - het die arbeidsbehoefte en loonrekening van die goudmynbedryf dié van die diamantmynbedryf deurgaans vêr oortref.

In totaal het hierdie verskille daartoe gelei dat 'n groter rasseloongaping in die goudmynbedryf as in die diamantmynbedryf beslag gekry het. Mettertyd het veranderde ekonomiese omstandighede (plaaslik en internasionaal) en produksietegnieke aanpassings aan die arbeidsmagsamestelling van die goudmynbedryf genoodsaak. Uiteindelik sou hierdie aanpassings die rasseloongaping in die goudmynbedryf tot die grootste in die Suid-Afrikaanse ekonomie laat rek.

## 3.2 Die fase van volmaakte mededinging in die goudmynbedryf: 1868-85

In 1868 is goud in die Transvaal ontdek naby die Olifantsrivier en in 1870 in die Murchison-bergreeks. Die eerste werklike stimulus vir goudmynbou was egter die ontdekking van alluviale goud by Lydenburg in 1873 (Doxey 1961:40).

'n Groot aantal prospekteerders en fortuinsoekers van regoor die wêreld het daarheen gestroom. Delwerskomitees is gekies wat kleimgroottes voorgeskryf en in sommige gevalle ook die aantal kleims per delwer bepaal het. Dit het beslag gegee aan 'n markstruktuur soortgelyk aan dié wat op die diamantdelwerye tussen 1867 en 1873 bestaan het (Van der Horst 1942:125).

Werksomstandighede en produksiemetodes was ook dieselfde as in Kimberley. In die meeste gevalle het 'n enkele delwer twee of drie swartes[1] in diens gehad wat met pikke en grawe gewerk het (Innes 1984:46). Die swart arbeidsmag het deels

1) Hoewel daar met verloop van tyd ook kleurlinge en Indiërs in die goudmynbedryf gewerk het, was hulle so min dat hulle met veiligheid geïgnoreer kan word. Die ongeskoolde arbeidsmag was vir alle praktiese doeleindes deurgaans swart. Die uitsondering was 'n baie groot groep Chinese wat na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) ingevoer is om die swart arbeidsmag tydelik aan te vul. Dit word in afdeling 3.4.1 bespreek.

bestaan uit plaasarbeiders wat die delwers vergesel het. Die geleentheid om geld te verdien en sekere artikels te bekom het ook ander swartes na die delwerye gelok.

Die vraag na arbeid in die goudmynbedryf was gedurende hierdie tydperk klein in vergelyking met dié in die diamantmynbedryf (Van der Horst 1942:125). As gevolg van die primitiewe produksiemetodes was daar ook net 'n behoefte aan ongeskoolde swartes. Daarom was daar nie gedurende hierdie periode sprake van 'n blanke geldloonarbeidsmag en 'n rasseloongaping nie.

### 3.3 Die rasseloongaping in die goudmynbedryf kry beslag en vergroot: 1886-99

Goudproduksie by Lydenburg is totaal oorskadu deur die ontdekking van die ryk Skeba-rif in 1885 by Barberton en die hoofgoudrif van die Witwatersrand in 1886. Verskeie faktore het veroorsaak dat daar in laasgenoemde gebiede 'n baie kort mededingende produksiefase was. Gevolglik was aanpassings aan die arbeidsmark gou nodig. Dit het die grondslag gelê vir die rasseloongaping in die goudmynbedryf.

#### 3.3.1 Die ontstaan van 'n monopsonistiese markstruktuur

By Barberton en aan die Witwatersrand was daar van meet af aan geen wetlike bepalings wat oornames en samesmeltings verhoed het nie. Kleimbesit en goudproduksie was gereël deur die Goudwet van 1886. Hierdie wet het geen beperkings geplaas op die aantal kleims wat 'n delwer kon besit nie. Dit het egter bepaal dat slegs blankes kleims kon besit (Houghton en Dagut 1972b:15). Anders

as in die diamantmynbedryf, was die weg dus van die begin af oop in die goudmynbedryf vir die ontstaan van 'n eksklusief blanke besittersklas.

Groot (buitelandse) kapitalistiese belangegroepe was feitlik onmiddellik betrokke by goudproduksie aan die Witwatersrand. Die Kimberleyse diamantmagnate het binne enkele weke na die goudontdekkings plase regoor die Rand opgekoop (Innes 1984:46). Sodoende hèt die individuele delwer as produksie-eenheid vinnig plek gemaak vir die mynfinansieringshuis.[2)]

Geologiese omstandighede het ook die markstruktuur bepaal. Aan die Witwatersrand en by Barberton sak die goudrif skuins in die aardkors weg en skagte moes van meet af aan gesink word. Die noodsaak van ondergrondse mynbou het 'n gemeganiseerde produksieproses beteken wat omvangryke arbeids- en kapitaalbehoeftes geskep het. Die gouddraende rots aan die Witwatersrand is boonop van 'n lae kwaliteit en dit het die vraag na arbeid en kapitaal verder vergroot. Gelukkig het die mynbase gou vasgestel dat die Witwatersrandse goudvelde langtermynpotensiaal het.[3)] Terselfdertyd het die ontwikkeling van die sianiedproses goudproduksie op groter dieptes winsgewend gemaak.[4)] Dit het die vraag na arbeid en kapitaal des te meer verhoog. Daar was geen sprake dat 'n individuele delwer hierdie kapitaal en arbeid kon monster nie.

---

2) Reeds in 1887 is Goldfields of South Africa Ltd. uit die saamgevoegde kleims van Rhodes, Rudd en Beit gevorm met kapitaal van R36 240 000 (Hobson 1900:191).
3) In 1893 is gouddraende rots op 'n diepte van 710 meter raakgeboor en in 1895 ook op 948 meter (Offisiële Jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland, 1928-9 1929:485).
4) Met behulp van hierdie proses kon tot soveel as 95 persent goud geëkstraheer word in vergelyking met die vroeëre 50 tot 60 persent (Farnie 1956:126 en Van der Horst 1942:127).

Die goudprys was egter die deurslaggewende faktor wat die markstruktuur en die kapitaal- en arbeidsbehoeftes van die bedryf bepaal het. Die totstandkoming van die internasionale goudstandaard in 1816 het beteken dat goud 'n unieke posisie as die wêreld se kommoditeitsgeld ingeneem het. Brittanje het as leidende ekonomiese mag in die wêreld al die goud op die internasionale mark teen 'n vaste prys opgekoop. Sodoende is 'n onbeperkte mark vir goud geskep (Innes 1984:48). Vir die goudmynbedryf in Suid-Afrika het dit twee belangrike implikasies gehad.

Eerstens het dit die gevaar van oorproduksie en 'n gevolglike prysdaling totaal uitgesluit. Dit het beteken dat mededinging om markaandeel te vergroot nie 'n faktor was wat die markstruktuur kon bepaal nie. Tweedens het die vaste goudprys ook beteken dat stygende insetkostes nie aan die koper deurgegee kon word nie. Dit het die bedryf uiters kwesbaar gemaak vir kostedruk-inflasie.

In totaal het die vaste prysvlak daarop neergekom dat die goudprodusente uitset moes maksimaliseer en koste moes minimaliseer ten einde die winsgewendheid van die bedryf te verseker. Die uitdaging aan die mynbase was dus om genoeg insette te bekom (om uitset te maksimaliseer) teen die laags moontlike pryse (om koste te minimaliseer). Omdat mededinging vir produksiefaktore aanleiding sou gee tot hoër insetpryse moes dit tot elke prys vermy word. Dit het samewerking tussen die onderskeie produsente aan die insetkant van die mark absoluut noodsaaklik gemaak. Uiteindelik sou dit beslag moes gee aan 'n monopsonistiese markstruktuur.

### 3.3.2 Die minimalisering van nie-arbeidskoste

Die produksiekoste van die goudmynbedryf kan breedweg opgedeel word in arbeidskoste en nie-arbeidskoste. Arbeidskoste sluit in geldlone, werwingskoste en maaltye. Nie-arbeidskoste sluit alle ander kostes in soos vervoerkoste, kapitaalkoste en besteding aan plofstof, sement en ander sekondêre insette.

Die vestiging van die goudmynbedryf in Suid-Afrika het 'n enorme hoeveelheid ingevoerde kapitaal vereis. Buitelandse beleggers sou slegs in die bedryf belê indien 'n hoë opbrengs teen 'n lae risiko gewaarborg kon word. Dit het enersyds vereis dat alle insetkoste geminimaliseer word en andersyds dat die risiko oor meer produksie-eenhede versprei word. Om hierdie doel te bereik het die mynhuise saamgesmelt en groepe[5] gevorm. Die groepe het egter nie beheer gehad oor die prys van kapitaal wat op buitelandse markte bepaal is nie.

Vervoerkoste was aanvanklik baie hoog omdat alle ingevoerde goedere van die kus na die Rand met ossewaens vervoer is. Nadat die Rand per spoor met die kus verbind is, het vervoerkoste egter drasties gedaal.[6]

Sement en dinamiet was geweldig duur omdat die Transvaalse regering 'n monopolie daaroor gehad het. Volgens Levy (1982:108) het besteding aan hierdie twee insette 10 tot 20 persent van die totale koste van die bedryf uitgemaak.

---

5) Gedurende die negentigerjare het net ses groepe aan die Rand alle produksie beheer (Innes 1984:55). Vir 'n uiteensetting oor die voordele van die groepstelsel sien Johnstone (1976:14-7).

6) In 1889 het dit R60 gekos om 'n ton goedere na die Rand met ossewaens te vervoer. Nadat die spoorverbindings in die negentigerjare voltooi is, het die koste gedaal na tussen R12 en R18 per ton (Doxey 1961:43).

Hierdie kostes het eers gedaal nadat die Britse administrasie in 1900 oorgeneem het.

Die probleme om nie-arbeidskoste te minimaliseer het die fokus na die minimalisering van arbeidskoste verskuif.

### 3.3.3 Die minimalisering van arbeidskoste

Volgens Hobson (1900:230) het arbeidskoste in die negentigerjare 55 persent van die totale insetkoste van die goudmynbedryf beloop. Dit was nie maklik om arbeidskoste te minimaliseer nie, want die behoefte aan ongeskoolde (swart) arbeid was baie groot omdat die myne tegelykertyd ook uitset wou maksimaliseer. Ondergrondse ontginning op groot dieptes met gemeganiseerde produksietegnieke het ook 'n vraag na duur geskoolde (blanke) arbeid geskep. Dit het in totaal beteken dat daar baie sterk opwaartse druk op geldlone was.

#### 3.3.3.1 Geskoolde (blanke) arbeidskoste

Net soos in die diamantmynbedryf het swartes uit die staanspoor die laagsbesoldigde ongeskoolde arbeid verrig en blankes die hoogsbesoldigde geskoolde arbeid (Simons en Simons 1983:52). Teen 1894 was daar reeds 'n blanke arbeidsmag van 5 500 en in 1895 het hulle 7 000 getel (Van der Horst 1942:126-8). Teen 1899 was hulle ongeveer 12 000 (De Kock 1924:439).

Blanke arbeidskoste het hoofsaaklik uit geldloonkoste bestaan, maar daar was ook ander nie-geldloonkostes.[7] Blanke geldlone alleen het 'n aansienlike persentasie van totale bedryfskoste beloop (omdat blanke geldlone hoog was), maar dit is nie duidelik presies hoeveel nie. Doxey (1961:44) verwys na die 1894-jaarverslag van die Kamer van Mynwese wat dit tussen 20 en 25 persent stel. Van der Horst (1942:128) stel dit egter op 33 persent (ook vir 1894) en Hobson (1900:269) op 34,3 persent (vir 1899).

Daar was verskeie redes waarom blanke geldlone hoog was. Die vernaamste hiervan was dat ondergrondse mynbou en die mikpunt om uitset te maksimaliseer 'n groot aantal geskoolde arbeiders vereis het wat skaars was in verhouding tot die vraag. Hierdie arbeiders moes (net soos in die geval van die diamantmynbedryf) van oorsee af ingevoer word. Daarom moes geldlone hoog genoeg wees om verhuising na die goudvelde van Suid-Afrika die moeite werd te maak, want in daardie stadium was daar voorspoed in Europa (Doxey 1961:42). Boonop was die lewenskoste hoër aan die Rand as in die immigrante se lande van herkoms en geldlone moes hoog genoeg wees om daarvoor te kompenseer.[8] Die vlak van blanke geldlone op die Randse goudvelde is in hierdie stadium ook bepaal deur dié in Kimberley, omdat die diamantmynbedryf 'n standaard gestel het vir die goudmynbedryf.

Die blanke arbeidsmag was in die negentigerjare ook in 'n sterk bedingingsposisie teenoor die mynbase vanweë die strategiese aard van hulle werk. Hulle kundigheid

7) Innes (1984:50) noem in 'n voetnoot dat daar ook "social service costs" was, maar dit is nie duidelik wat dit alles ingesluit het nie.
8) Davies (1979:58) meld dat 'n lys goedere wat in Brittanje R1.35 gekos het, in Johannesburg R2.82 gekos het.

was nodig om die noodsaaklike infrastruktuur te vestig wat die produksiefase voorafgegaan het. Hulle was ook goed met die vakbondwese bekend. Reeds op 20 Augustus 1892 het hulle die Witwatersrand Mine Employees' and Mechanics' Union gestig in reaksie op dreigemente van die mynbase om hulle deur ander minder geskoolde (goedkoper) blankes te vervang (Lewis 1984:19).

In April 1897 het die Robinson-groep kennis gegee dat hy blanke geldlone gaan verlaag. Dit het uitgeloop op die eerste staking van (blanke) mynwerkers aan die Rand. Die stakers het die beste daarvan afgekom en almal is weer in diens geneem teen die ou geldloon. Dit het ander goudmyne wat ook loonverlagings oorweeg het, van hulle planne laat afsien (Walker en Weinbren 1961:8-9). In daardie stadium was die mynbase boonop haaks met die Transvaalse regering en kon dit nie bekostig om die steun van die uitlanders[9)] (waarvan die meeste mynwerkers was) te verloor nie (Innes 1984:60).

Tussen 1886 en 1899 was die blanke arbeidsmag dus in so 'n sterk posisie dat die mynbase nie 'n suksesvolle poging kon loods om hulle geldloon- en indiensnamevlakke af te forseer nie. Volgens Van der Horst (1942:128) was daar in 1895 gemiddeld 1 blanke arbeider vir elke 7 swartes. Hobson (1900:269) stel die verhouding vir 1895 egter op 1:9 en vir 1898 op 1:8,6. Skrywers verskil ook oor die presiese vlak van blanke geldlone. Van der Horst (1942:127) betoog dat dit in 1894 gemiddeld R46 per maand was, terwyl Doxey (1961:44) beweer dat dit R42 per maand was. Volgens Hobson (1900:269) het dit teen 1899 gestyg tot R56 per maand.

---

9) Dit is die naam wat die Boere aan die duisende blanke immigrante gegee het wat na die ontdekking van goud en diamante na Suid-Afrika gekom het.

### 3.3.3.2 Ongeskoolde (swart) arbeidskoste

Die vraag na goedkoop ongeskoolde arbeid was van meet af aan groot. Dit het ook al hoe groter geword namate die myne dieper geraak het. Hoewel die myne aanbiedinge van ongeskoolde blankes regoor die wêreld ontvang het, het hulle dit om verskeie redes afgewys,[10] en uitsluitlik swartes in diens geneem (Doxey 1961:56-7).

Swartes het van regoor Suider-Afrika na die Randse goudvelde gekom waar hulle (soos in Kimberley) in kampongs gehuisves is. Hulle was trekarbeiders wat 3 tot 4 maande gewerk het en dan weer na hulle onderskeie gebiede van herkoms teruggekeer het (Simons en Simons 1983:52). Die vernaamste arbeidsbron was Mosambiek. Teen 1899 het dié land 60 persent van die goudmynbedryf se totale swart arbeidsmag voorsien (First 1983:1).

Afgesien van fluktuasies in sekere jare, het die indiensname van swartes skerp gestyg tot aan die einde van die eeu. In 1886 was daar 1 500 swartes in diens by Barberton en in 1889 6 000 aan die Rand. Teen 1894 was daar in totaal 42 000 in die hele goudmynbedryf en in 1895 51 000 (Van der Horst 1942:126, 128). Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 was die getal swartes 107 000 (De Kock 1924:439).

10) Die kwessie van ongeskoolde blanke arbeid in die goudmynbedryf het sterk op die voorgrond getree na die Anglo-Boereoorlog en word in afdeling 3.4.1 volledig bespreek.

Die vernaamste komponent van swart arbeidskoste was geldlone, maar werwingskoste en die koste van maaltye het ook 'n noemenswaardige deel uitgemaak. Volgens Doxey (1961:44) het swart geldlone alleen 40 tot 45 persent van totale bedryfskoste in 1894 beloop. Van der Horst (1942:128) stel dit egter vir 1894 op 33 persent (maaltye en huisvesting ingesluit) en Hobson (1900:269) stel dit vir 1895 op 28,6 persent (geldlone alleen). Die koste van maaltye was ongeveer R1 per arbeider per maand en werwingskoste was soms dubbeld die geldloon (Goodfellow 1931:140).

Aangesien die moontlikheid (voor die Anglo-Boereoorlog) uitgesluit was om op blanke arbeidskoste te bespaar, het die myne gefokus op die minimalisering van swart arbeidskoste. Om dit te vermag, was egter nie maklik nie.

Hoewel swartes die laagste geldlone verdien het (omdat hulle die laagsbesoldigste werk verrig het), was hulle net soos die blankes in 'n sterk bedingingsposisie teenoor die mynbase. Die vernaamste rede was dat die vraag na swart arbeid die aanbod oorskry het. Daarom was mededinging tussen die myne vir die beskikbare arbeid baie straf (Innes 1984:50). Boonop moes die goudmyne ook met die diamantmyne en ook die spoorweë meeding.[11)] Swart geldlone was hoër in Kimberley, en die Rand het gou 'n swak reputasie onder swartes as werkplek gekry (Doxey 1961:45). Dit alles het opwaartse druk op gemiddelde swart geldlone geplaas en die winsgewendheid van die goudmynbedryf bedreig.

Anders as die blanke arbeidsmag wat ten volle van die grond geskei was, het die swart trekarbeidsmag egter (soos die swartes in die diamantmynbedryf) grond besit

11) Vir 'n bespreking van mededinging tussen die goudmyne en die spoorweë, sien afdeling 5.2

waaruit hulle boerderyinkomste verdien het. Daar is verskille en verwarring oor die invloed wat dit op hulle bedingingsmag en geldloonpeile gehad het.

Die Ekonomiese en Loonkommissie van 1925 het na 'n swart trekarbeider verwys en die volgende aangevoer:

> ".....it is the case that the rights he possesses in the land of his tribe enable him to resist an unjust contract and to exact something like the full economic value of his services. The reserve thus meets the same need in the life of the native in European employment as the strong trade union meets in the life of the European wage-earner....." (Report of the Economic and Wage Commission 1926:par. 281).

Hierteenoor het Houghton (1938:56-7) beweer:

> "These recruited labourers are not wholly dependent upon their possessions in the reserves. They go to the mines to obtain cash to augment their farming income. They can therefore accept wages that are less than sufficient to support a man and his family dependent entirely upon their urban earnings.....these exert a depressing effect upon urban wages....."

Skrywers stem oor die algemeen saam met Houghton dat geldlone swart trekarbeiders se boerderyinkomste net aangevul het.[12)] Plant (1939) en Van der Horst (1942) het hom egter skerp gekritiseer oor sy afleiding dat boerderyinkomste afwaartse druk op geldlone geplaas het. Plant (Van der Horst 1942:300) het geargumenteer:

12) Sien De Kock (1924:441), Report of the Economic and Wage Commission (1926:par. 53), Van der Horst (1942:215), Doxey (1961:46), Katzen (1964:23) en Nattrass (1981:66).

"....the possession of land in a reserve increases rather than reduces the bargaining power of the natives setting a lower limit to the terms which an employer can offer.....a good harvest does not enable the mining companies to cut wages".

Houghton (1961:172) het later van standpunt verander en dié kritici gelyk gegee:

".....I agree that land and cattle in the reserves should strengthen a man's bargaining power....."

Hy het egter bygevoeg:

"....Nevertheless, I am perplexed by the fact that there seems to be strong empirical evidence to suggest that the earnings of many migrant workers in town are by themselves insufficient for a support of a family in the reserves".

Wat skrywers verwar het was die feit dat hulle nie tussen *lae* en *laer* geldlone onderskei het nie.[13] Boerderyinkomste het beslis die aanbodprys van trekarbeid laag gemaak, soos Houghton betoog het.[14] Swart trekarbeiders was derhalwe nie onwillig om vir *lae* geldlone (wat die resultaat van vraag en aanbod was) te werk nie. Boerderyinkomste het egter verhoed dat die mynbase hulle geldlone *laer* as 'n sekere minimum kon betaal. Swartes se bedingingsmag het dus daarin gelê dat boerderyinkomste 'n onderste limiet op hulle geldloonvlakke geplaas het (die punt wat Plant aangevoer het). Dit was juis die les wat die mynbase in die negentigerjare sou leer.

13) Wilson (1972a:147) het byvoorbeeld gevra: "Does the answer to the puzzle not lie in Plant's failure to distinguish between those migrants who go to do work in order to raise their income to the subsistence level, and those who go to raise it higher?"

14) Ook Nattrass (1981:66) het in hierdie verband opgemerk: ".....it was the rural ties of both the migrant and the farm labourer that enabled the level of cash wage payments to be so low".

### 3.3.3.3 Pogings om swartes se bedingingsmag te breek misluk

Om beheer oor die swart (en later ook die blanke) arbeidsmag te probeer kry, het die myngroepe in 1889 saamgespan en 'n enkele liggaam, die Kamer van Mynwese, gestig.[15] Die onmiddellike uitdaging aan die Kamer was om die behoefte aan meer swartes te versoen met die noodsaak van laer geldlone. Die haalbaarheid hiervan het afgehang van swartes se reaksie op laer geldlone. Die Kamer het sy siening hieroor só uitgespel in sy eerste jaarverslag:

> "In support of a general reduction of wages, if possible by a fixed tariff, it is forcibly argued that the high wages now paid are themselves a principle reason of short supply.....it is found that the average period of service among our kaffirs is much shorter than in districts in which a lower rate of wages is paid" (Van der Horst 1942:129).

Met dít as rasionaal het die mynbase in 1890 swart geldlone van R6.30 tot R4.40 per maand verlaag.[16] Die uitwerking daarvan was presies die teenoorgestelde as wat die Kamer verwag het. Die arbeidsaanbod het van 15 000 in 1890 tot 12 500 in 1891 gedaal. Die Kamer kon gevolglik nie anders as om geldlone weer te verhoog nie. Die aanbod het dadelik gestyg en volgens Innes (1984:52) was die indiensnamevlak in 1893 ongeveer 29 000.

15) Die amptelike naam het verskeie kere verander: 1889-96, Witwatersrand Chamber of Mines; 1897-9, Chamber of Mines of the South African Republic; 1900-53, Transvaal Chamber of Mines; 1954-66, Transvaal and Orange Free State Chamber of Mines; 1967 tot op hede, Chamber of Mines of South Africa (First 1983:200).

16) Vir 'n gedetailleerde uiteensetting van hierdie loonverlaging sien Levy (1982:49-53).

Dit het die Kamer laat besef dat beheer oor geldloonvlakke net moontlik was indien swartes se bedingingsmag gebreek kon word. Enersyds het dít vereis dat die arbeidsaanbod in verhouding tot die arbeidsvraag gebring moes word. Andersyds moes mededinging tussen die myne vir die beskikbare arbeid uitgeskakel word.

Die Kamer het hom vervolgens tot die staat gewend om 'n groot genoeg aanbod van swart arbeiders te help verseker.[17)] Die staat het geweier en die Kamer het in 1893 sy eie Native Labour Department gestig om beheer oor die aanbod te probeer verkry en onderlinge mededinging uit te skakel (Jeeves 1975:11). Dit het ook misluk en teen 1894 was gemiddelde swart geldlone R6.10 per maand. Maaltye het 'n ekstra rand per maand gekos (Doxey 1961:44). Mededinging tussen die myne het voortgegaan en teen 1895 het geen twee myne dieselfde geldlone betaal nie (Van der Horst 1942:130). Die gevolg was dat gemiddelde swart geldlone nog hoër tot R6.35 per maand gestyg het (Simons en Simons 1969:58).

Om die situasie te vererger, het die koers waarteen die uitsetvlak van die bedryf gestyg het, tussen 1894 en 1895 gedaal tot 10,5 persent en tussen 1895 en 1896 tot 'n skamele 0,4 persent (Innes 1984:73). In reaksie op dié krisis het die Kamer van Mynwese en die staat 'n gesamentlike poging geloods om beheer oor swart arbeidskoste te probeer verkry.

Reeds in 1895 het die Transvaalse regering 'n paswet (wet no. 23 van 1895) deurgevoer wat bedoel was om die Kamer beheer oor die swart arbeidsmag te

17) Die Kamer van Mynwese wou hê die staat moes help met die werwing van swartes en die beveiliging van arbeidsroetes na die myne om sodoende die Rand 'n veiliger en aantrekliker werkplek vir swartes te maak, en dat swartes wat kontrakte verbreek het, vervolg moes word (Innes 1984:58-9 en Levy 1982:71-2).

gee.[18] Jeeves (1975:11) wys daarop dat die wet ook bedoel was om die praktyk van sommige mynbase, om ander myne se swartes te "werf", stop te sit en sodoende opwaartse loondruk teen te werk. Die staat het egter nie die wet effektief afgedwing nie en dit het grootliks in sy doel misluk. Van der Horst (1942:147-53) wys daarop dat die staat egter ook die aanbod van swartes probeer verhoog het deur verskeie belastings in die reservate te vorder. Daardeur is gepoog om swartes se kontantbehoeftes te verhoog, sodat hulle noodgedwonge vir 'n aantal maande per jaar geldloonarbeid op die goudmyne moes gaan verrig het.

Die onderskeie myne het self ook op ander maniere geprobeer om die arbeidsaanbod te verhoog en geldlone af te dwing. Hulle het byvoorbeeld werwingsagente gehad wat swartes teen 'n fooi van ongeveer R2.50 per kop gewerf het. Hierdie insentief het die agente aangespoor en hulle het weer hulle eie metodes in werking gestel om swartes tot geldloonarbeid oor te haal.[19] Sommige van die metodes was egter kontra-produktief omdat dit bygedra het tot die ongewildheid van die Rand as werkplek. Soms het die myne agente betaal vir swartes wat in elk geval op eie stoom na die myne op pad was. Dit het arbeidskoste eerder verhoog as verlaag.

Ondertussen het die Kamer van Mynwese hom in 1896 voorberei vir 'n volgende loonverlaging. Tegelykertyd is minimum en maksimum werkure en -maaltye ook vir

18) Hierdie wet is in der waarheid deur die Kamer van Mynwese se Native Labour Committee opgestel. Vir 'n uiteensetting van die bepalings van die wet sien Van der Horst (1942:133-4).
19) Een manier was kredietverlening. Goodfellow (1931:144) skryf: "The trader-recruiters soon discovered one way in which nearly all natives could be brought under the necessity of earning money and of spending it. This was to make advances in the form of goods or cattle and to tell the native that he could repay by going out to work". Johnstone (1976:29) spel die belangrikheid hiervan só uit: "This indebtness served further to reduce the economic independence of Africans, and to increase the compulsion upon them to go to work for wages. And this compulsion was of particular importance for the mining companies, since the industry's cost structure meant that to have attracted labour by higher wages would have been self-defeating".

die hele goudmynbedryf vasgestel om mededinging sover as moontlik uit te skakel. In 1897 is 'n algemene loonverlaging van 30 persent vir alle swart werkers afgekondig en inspekteurs is aangestel om dit af te dwing (Van der Horst 1942: 130-1).

Die resultaat was dieselfde as met die 1890-loonverlaging. Die sekretaris van die Kamer van Mynwese het gerapporteer:

> ".....consequent on this action, a rather greater number of Natives than usual are leaving the Rand" (Innes 1984:62).

Geldlone moes gevolglik weer verhoog word (Van der Horst 1942:131).

Die Kamer van Mynwese het terselfdertyd besef dat, solank geldlone nie effektief afgedwing kon word nie, arbeidskoste verlaag moes word deur op werwingskoste te bespaar (Goodfellow 1931:147). Sulke besparings was egter moeilik as gevolg van die probleme met die bestaande werwingstelsel, mededinging tussen die myne en die feit dat die staat nie daarin kon slaag om te verhoed dat swartes die myne verlaat voor die verstryking van hulle dienskontrakte nie. Hierdie probleme het die Kamer genoop om weer 'n eie sentrale werwingsorganisasie op die been te probeer bring.

Aan die einde van 1896 het die Kamer die Rand Native Labour Assosiation (NLA) gestig om namens die hele goudmynbedryf werwing te doen. Om swartes se bedingingsmag te ondermyn, het die NLA sy werwingsgebied vergroot en tot sover as Sierra Leone, die Goudkus en Liberië begin werf (Hobson 1900:231). Die NLA het ook probeer om 'n monopsonie oor die werwing van swartes te kry, maar kon

nie daarin slaag nie. Selfs myne wat lede was van die NLA het met agente van dié organisasie meegeding (Van der Horst 1942:135).

Om sake vir die Kamer te vererger, het produksie in 1897 die diepmynfase binnegegaan. Dit het die vraag na arbeid verder verhoog en die Kamer se pogings om arbeidsaanbod met arbeidsvraag gelyk te stel, verder bemoeilik (Levy 1982:102). Volgens Hobson (1900:231) was die totale arbeidstekort in 1899 ongeveer 12 000, terwyl Bleloch (1901:228) dit selfs op 15 000 stel. Tog het die Kamer gemiddelde swart geldlone laer as die 1890-vlak van R6.30 per maand gehou. In 1898 was gemiddelde swart geldlone R4.71 per maand (Simons en Simons 1969:81) en in 1899 ongeveer R5 per maand (Innes 1984:65).

Die Kamer het die skuld vir sy onvermoë om genoeg goedkoop swart arbeid (en ander insette) te bekom op die Transvaalse regering gepak.[20)] Swartes het telkens in reaksie op die Kamer se loonverlagings hulle arbeid weerhou. Soos reeds in afdeling 3.3.3.1 aangetoon is, kon die Kamer tegelykertyd ook nie die bedingingsmag van die blanke arbeiders breek nie, maar anders as in die geval van gemiddelde swart geldlone, het gemiddelde blanke geldlone aanhou styg.

Die gevolg was dat die rasseloongaping (wat omstreeks 1886 in die goudmynbedryf ontstaan het) in die negentigerjare vergroot het. Hoewel 'n gebrek aan genoeg data dit onmoontlik maak om presies te bepaal hoe groot die gaping elke jaar gedurende hierdie periode was, verander dit nie die feit dat die gaping vergroot het nie.

20) Hobson (1900:229) haal een van die mynbase hieroor aan wat in 1896 verklaar het: "If you want the chief economic grievances they are: The Netherlands Railway Concession, the dinamite monopoly, the liquor traffic, and native labour, which together constitute an unwarrantable burden of indirect taxation on the industry of over two and a half millions sterling annually."

Wilson (1972a:45) skat dit was 7,5:1 in 1889 en daarna het dit vergroot tot 10,5:1 in 1898. 'n Berekening uit die voorafvermelde data toon dat die gaping 7,5:1 in 1894 was en daarna vergroot het tot 11,2:1 in 1899.

Die rasseloongaping het dus tussen 1886 en 1899 in beide die goud- en diamantmynbedrywe vergroot. Die gaping was egter teen 1899 groter in die goudmynbedryf (11,2:1) as in die diamantmynbedryf (6,8:1). Dit volg omdat gemiddelde swart geldlone in 1899 baie hoër in Kimberley (R8 per maand) as op die Randse goudvelde (R5 per maand) was. Daarteenoor was gemiddelde blanke geldlone in 1899 net effens laer in Kimberley (R54 per maand) as aan die Rand (R56 per maand).

### 3.4 Arbeidsprobleme in die goudmynbedryf: 1900-10

Die uitdaging aan die Kamer van Mynwese in hierdie periode was om die winsgewendheid van diepgoudmynbou te verseker. Om dit te vermag moes die groter wordende swart arbeidstekort uitgewis word. Hierdie probleem is oor die kort termyn vererger deur die Anglo-Boereoorlog.[21)] Andersyds moes die bedingingsmag van georganiseerde blanke arbeid gebreek word. Die nuwe regering

21) De Kock (1924:439) skryf dat die oorlog goudmynbou aan die Rand aansienlik beperk en die swart arbeidsmag verstrooi het. Na die oorlog is probleme ondervind om weer genoeg swart arbeiders bymekaar te kry omdat baie na hulle grond teruggekeer het. Die heropbou van die land het boonop die vraag na swart arbeid verhoog en bygedra tot 'n nypende arbeidstekort. Volgens Bundy (1988:208) is baie swartes ook deur die militêre owerhede in diens geneem teen geldlone twee tot drie maal hoër as voor die oorlog. Na die oorlog was hulle onwillig om weer teen laer geldlone op die goudmyne te werk. Jeeves (1975:16) wys daarop dat toestande in die kampongs in daardie stadium boonop haglik was en Denoon (1967:482) noem dat die mortaliteitskoers gedurende die wintermaande tot 13,2 persent gestyg het. Dit het baie swartes afgeskrik. Doxey (1961:57) meld ook dat goeie oeste in die reservate gedurende hierdie periode die noodsaak van geldloonarbeid verminder het.

het op die lang termyn die deurslag gegee om hierdie probleme op te los en die resultaat was dat die gemiddelde geldlone van albei rassegroepe gedaal het.

### 3.4.1 Pogings om die tekort aan swart arbeid uit te wis

Gedurende die oorlog het die Kamer van Mynwese volhard in sy beleid om swart geldlone te verlaag omdat sy standpunt steeds was dat hoër geldlone tot laer arbeidsaanbod sou lei.[22)]

In 1900 is swart geldlone verlaag tot 'n maksimum van R3.50 en 'n minimum van R3 per maand (Denoon 1967:482), vergeleke met 'n gemiddelde geldloon van R5 per maand in 1899. Die gevolg was dat swartes weer hulle arbeid weerhou het en die indiensnamevlak van 107 000 in 1899 tot 45 000 in 1902 gedaal het (De Kock 1924:440). Die geskatte behoefte was in hierdie stadium 97 800 (Doxey 1961:57). Die oorlog het egter ook 'n rol gespeel om die aanbod te verlaag.

Die Kamer was toe genoodsaak om geldlone weer te verhoog tot die vooroorlogse vlak van R5 per maand. Selfs teen hierdie loonvlak het die indiensnamevlak net tot 64 577 in Junie 1903 gestyg (Simons en Simons 1969:81) en geldlone moes verder verhoog word tot tussen R5 en R6 per maand (Innes 1984:65-6).

22) Van der Horst (1942:197) bevestig hierdie sienswyse met getuienis van een van die mynbase voor die South African Native Affairs Commission (1903-5): "A large increase in wages will defeat its objective, as the Native will more rapidly attain his objective and therefore work a shorter period".

Gelyktydig met die loonverlagings in 1900 het die Kamer van Mynwese ook sy pogings voortgesit om beheer oor die swart arbeidsaanbod te kry. In daardie jaar het die Kamer die Witwatersrand Native Labour Association (WNLA) gestig om die vroeëre NLA as enigste werwingsorganisasie te vervang. Die WNLA het in Junie 1900 'n monopsonie oor werwing in Mosambiek gekry, maar probleme ondervind om genoeg swartes daar te werf (Richardson 1977:91-2). In 1906 is die monopsonie gebreek as gevolg van mededinging binne die WNLA self. Ook binne Suid-Afrika kon die WNLA nie sy posisie as enigste werwingsorganisasie handhaaf nie (Innes 1984:67-8).

Die tekort aan swartes en die opwaartse druk op geldlone het die goudmynbedryf in 'n ernstige krisis gedompel. Die groot getal armblankes[23)] wat gedurende hierdie tyd na die Rand gestroom het, het toe die idee bekend as die blanke-arbeidsbeleid ("white labour policy")[24)] laat posvat. Dit het daarop neergekom dat armblankes die swart ongeskoolde arbeidsmag moes aanvul.

Die president van die Kamer van Mynwese het dit egter verwerp en die Kamer se standpunt daaroor só gestel;

> "The white man will not, he cannot and should not, do unskilled labour side by side with the kaffir. In this country, so long as you have the black man working here - and I believe he will be here always - it is necessary to maintain a broad division between the scale upon

23) Volgens De Kock (1924:455) is die begrip armblankes die eerste maal in 1906 deur 'n komitee van die Kaapse parlement gebruik om na die groeiende getal ongeskoolde Afrikaners te verwys wat van die platteland na dorpe en stede gestroom het op soek na werk. In die Verslag van die Carnegie-kommissie van ondersoek oor die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika - Deel 1 (1932:16) word vermeld dat die begrip "Poor White" egter reeds gedurende die slawetyd in die suidelike Amerikaanse state gebruik is, en daardie gebruik ongetwyfeld in Suid-Afrika oorgeneeem is. Die armblankevraagstuk in Suid-Afrika word in afdeling 4.4.2 bespreek.
24) Die blanke-arbeidsbeleid is veral deur die bestuurder van die Village Main Reef myn, F.H.P. Cresswell, gepropageer. Hy het ook daarmee eksperimenteer (Davies 1979:62-3).

which he lives and the scale upon which the white man lives, and I hope that plane - that difference in the way in which they live - will always be maintained" (Johnstone 1976:85).

Hierdie standpunt moet in perspektief gesien word. Eerstens was dit nie 'n uitgemaakte saak dat blankes nie ongeskoolde werk op die goudmyne kon en wou doen nie. Davies (1976:43) wys daarop dat daar in 1904 reeds 998 blankes[25)] op die goudmyne gewerk het, wat ongeskoolde werk verrig het wat voor die oorlog deur swartes gedoen is. Die aanbod was ook groter as die vraag. Die blankes het egter wel 'n afkeer van ongeskoolde werk gehad waarvoor in die reël uitsluitlik swartes gebruik is, omdat die blanke gemeenskap dit as 'kafferwerk'[26)] beskou het.

Tweedens is dit opvallend dat die mynbase van mening was dat stedelike swartes ook nie ongeskoolde werk op die myne wou doen nie. Hulle het later voor die Ekonomiese Naturelle Kommissie (1932) getuig dat;

> ".....the average town native would not under any conceivable circumstances work on the mines, even if you increase the wage, by say 3d. per shift" (Van der Horst 1942:199).

25) Volgens Scholtz (1978:329) was die getal 956 of 8,4 persent van die totale blanke arbeidsmag. Hiervan was 551 armblankes.

26) Die Carnegie-Kommissie het oor hierdie kwessie die volgende bevind: "Veral waar massa-arbeid gebruik is, is die ongeskoolde werk nie alleen deur die armes self nie, maar deur die hele blanke maatskappy as 'kafferwerk' beskou. Selfs werkgewers het gemeen dat hulle sekere soorte werk nie aan blankes kon aanbied nie.....Sekere soorte werk waarvoor naturelle oorspronklik nie die nodige kennis gehad het nie word dus mettertyd 'kafferwerk' sodra dit oorwegend deur hulle gedoen word.....Vandag nog word onplesierige werk sonder beswaar deur blankes verrig, solank dit net deur witmense gedoen word." (Verslag van die Carnegie-Kommissie van Ondersoek oor die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika - Deel 1 1932:169).

Die mynbase se afkeer van die blanke-arbeidsbeleid spruit dus nie uit die armblanke se afkeer van sogenaamde 'kafferwerk' nie, maar eerder uit die relatief hoë aanbodprys van stedelike arbeid oor die algemeen (ongeag ras). Die Ekonomiese- en Loonkommissie van 1925 het in dié verband bevind:

> "The urbanized native.....who has lost all connection with his pastoral origin and become detribalized, is in the same position as the white wage-earner. He finds the cost of living high, since he has to conform to urban requirements as to housing, clothing and transport, and to pay urban prices for food...." (Report of the Economic and Wage Commission 1926:37).

Derdens was daar ook ander insentiewe op grond waarvan die mynbase die blanke-arbeidsbeleid verwerp het. Die swart trekarbeidstelsel was byvoorbeeld reeds so geïnstitusionaliseer dat skaalvoordele met die verskaffing van maaltye en huisvesting behaal is wat swart arbeidskoste tot die minimum beperk het (Davies 1976:49-51). Wetgewing het dit boonop aantrekliker vir die goudmyne gemaak om swartes eerder as blankes in diens te neem.[27)] Die mynbase het ook gemeen dat groot getalle ongeskoolde blankes hulle makliker in vakbonde sou kon organiseer as swartes (Denoon 1967:489). Dit sou kon lei tot opwaartse druk op geldlone. Yudelman (1983:64) beweer ook dat die regering nooit ernstig oor die blanke-arbeidsbeleid vir die goudmyne was nie.[28)]

27) Van der Horst (1935:485) skryf in hierdie verband: "Early legislation was more concerned with augmenting the supply of labour than with limiting the demand, and pre-Union legislation, which affected the market for Native and European labour differently, tended to discriminate against the employment of Europeans.....The Masters and Servants Law in the Free State contained separate provision for white and coloured servants, while the Transvaal Pass Laws enabled much greater control to be exercised over Native workers than was possible in the case of Europeans. The monthly pass system had been introduced in the South African Republic at the request of the mining authorities in order to check desertion from the mines. There can be no doubt that it made the employment of Native labour more attractive."

28) Die blanke-arbeidsbeleid is egter sedert 1908 op 'n eksperimentele basis op die spoorweë toegepas (sien afdeling 5.3).

Die Kamer van Mynwese het as kosteminimaliseerder dus insentiewe (en 'n gepaste politieke verskoning) gehad om die blanke-arbeidsbeleid te verwerp. Dit is ook deur Johnstone (1976:82-3) en Davies (1979:59-60) bereken dat die blanke-arbeidsbeleid nie winsgewend sou wees nie. Trouens, die vervanging van die swart trekarbeidsmag deur stedelike swartes (indien daar in daardie stadium genoeg was) sou na alle waarskynlikheid ook nie winsgewend gewees het nie. Dit kan afgelei word uit die feit dat die ongeskoolde arbeidstekort opgelos is deur die invoer van 'n arbeidsmag goedkoper as die tradisionele swart trekarbeidsmag.

Die regering het naamlik in 1904 die invoer van groot getalle ongeskoolde Chinese gemagtig. Die Kamer van Mynwese het die Chamber of Mines Labour Importation Agency (CMLIA) gestig om die werwing en die invoer van die Chinese te behartig. Teen 1906 was daar ongeveer 51 000 Chinese in diens van die goudmyne, of 35 persent van die totale ongeskoolde arbeidsmag (De Kock 1924:439). In daardie stadium het die Chinese ook die aantal Mosambiekse trekarbeiders verby gesteek en sodoende die grootste enkele komponent van die totale ongeskoolde arbeidsmag van 145 000 uitgemaak (Richardson 1977:100).

Die Chinese het 'n gemiddelde geldloon van R3.76 per maand ontvang en stelselmatig die geldlone van die swart arbeidsmag afgetrek. Gemiddelde swart geldlone het van R5.70 per maand in September 1904 tot R5.18 per maand in 1905 gedaal (Denoon 1967:492).

Ondertussen het die regering die South African Native Affairs Commission (1903-5) aangestel om die Naturelle-probleem oor die lang termyn te ondersoek en

aanbevelings oor 'n toekomstige naturellebeleid te maak. Oor die kort termyn het die regering die inisiatief geneem en die mededingende faksies binne die WNLA bymekaar gebring en die WNLA se monopsonie in Mosambiek herstel (Jeeves 1975:27-8). Stappe is ook gedoen om toestande in die kampongs te verbeter en die hoë mortaliteitskoers af te bring (De Kock 1924:440).

In totaal was bogenoemde stappe suksesvol om die ongeskoolde arbeidstekort uit te wis en opwaartse druk op swart geldlone te stuit. Toe daar in 1907 besluit is om die Chinese te repatrieer, was die swart arbeidsaanbod weer aan die toeneem. In 1905 was die aantal swartes 81 000 en in 1908 het dit gestyg tot 149 000 (Innes 1984:68). Verskeie faktore het teen die einde van die dekade meegewerk om die aanbod verder te verhoog,[29)] en teen 1910 (die jaar toe die laaste Chinese vertrek het) was die aantal swartes 195 000 (De Kock 1924: 440). Hoewel swart geldlone weer tot R5.60 per maand in 1906 gestyg het, het dit in 1910 gedaal tot R5.41 per maand (Report of the Native Grievances Inquiry 1914:36). Dit was laer as die 1904-vlak van R5.70 per maand en die 1890-vlak van R6.30 per maand.

### 3.4.2 Pogings om die bedingingsmag van geskoolde blankes aan bande te lê

Om die winsgewendheid van diepgoudmynbou te verseker was dit ook van die uiterste belang dat die sterk bedingingsposisie van die geskoolde blanke arbeidsmag aan bande gelê moes word. In hierdie stadium was die blanke loonrekening 34,5 persent van totale bedryfskoste in vergelyking met die 24,5 persent wat die swart

29) De Kock (1924:440) noem die volgende faktore: 'n Depressie in die diamantmynbedryf (1907-8), die voltooiing van die na-oorlogse heropbouprogram en die vinnige aanwas van die swart bevolking. Goodfellow (1931:217) noem dat 'n droogte gedurende hierdie tyd in die swart landelike gebiede voorgekom het wat meer swartes geforseer het om 'n heenkome op die goudmyne te soek.

loonrekening beloop het (Denoon 1967:489). Hierdie verskil word verklaar deur hoë blanke geldlone en die feit dat die verhouding van blanke tot swart arbeid van 1:8,6 in 1899 tot 1:5,98 in 1904 gedaal het (Richardson 1977:87).

Die Kamer van Mynwese kon die blanke arbeidsmag op twee maniere aan bande lê. Eerstens was daar die aansporing om, waar moontlik, duur geskoolde blanke arbeid deur goedkoop swart trekarbeid te vervang. Tweedens kon kostes ook bespaar word deur 'n beperkte aantal goedkoop armblankes in plaas van duur geskoolde blankes te huur.

Die geskoolde blanke arbeidsmag (wat uitsluitlik van geldlone afhanklik was) het geen ander keuse gehad as om hulle teen hierdie twee moontlikhede te verweer nie. Hulle was van meet af aan hierop bedag. Soos reeds in afdeling 3.3.3.1 genoem is, het dreigemente van die Kamer van Mynwese om hulle deur goedkoper ongeskoolde blankes te vervang, juis in 1892 aanleiding gegee tot die stigting van die eerste blanke vakbond in die goudmynbedryf. In 1902 het 'n poging om geskoolde blankes aan te stel as toesighouers oor meer as twee boormasjiene, beman deur ongeskoolde blankes, tot 'n staking gelei by die Village Main Reef-myn (Katz 1974:148).

Om hulle te beskerm teen die moontlikheid van substitusie met swartes het geskoolde blankes die ondersteuning van die staat gevra (net soos die mynbase die staat se hulp met die oplossing van die swart arbeidstekort gevra het). Reeds voor 1900 is wetgewing deurgevoer wat sekere soorte werk in die myne vir blankes gereserveer het (Johnstone 1976:66-7). Die Transvaal Labour Importation Ordinance van 1904 het ook beskerming aan geskoolde blankes verleen omdat dit

Chinese tot ongeskoolde arbeid beperk het. Toe in 1907 besluit is om die Chinese te repatrieer, is hierdie beperkings egter opgehef, maar 'n presedent is geskep dat blankes deur wetgewing teen swart mededinging beskerm moes word (Davies 1976:58).[30)]

Die besluit om die goedkoop Chinese arbeiders te repatrieer het die mynbase opnuut bekommer dat die winsgewendheid van die bedryf in gevaar sou kom (Yudelman 1982:258). Dit het die weg gebaan vir 'n aanval op die blanke arbeidsmag. Om blanke arbeid te bespaar is besluit dat blankes oor drie in plaas van twee boormasjiene toesig moes hou ongeag of hulle deur swartes of Chinese beman was. Dit het uitgeloop op die eerste volskaalse staking aan die Witwatersrand. Teen 25 Mei 1907 was daar 4 171 stakende blankes, hoofsaaklik immigrante (Yudelman 1983:72-4).

Die mynbase het die stakers deur armblankes vervang wat as opsieners oor die swart arbeidsmag aangestel is. Dit het tot gevolg gehad dat die persentasie Suid-Afrikaans gebore blankes[31)] van 17,5 persent voor die staking tot 24,6 persent gedurende die staking gestyg het - 'n toename van 1 250 man (Yudelman 1982:266). Gemiddelde blanke geldlone het verlaag van R1.85 per skof in Mei 1907 tot R1.76 per skof in Desember 1907 (Davies 1976:63).

In reaksie hierop het die stakers die nie-stakers begin intimideer en die Kamer van Mynwese het die hulp van die staat ingeroep. Op hulle beurt het die stakers die staat versoek om as bemiddelaar in die dispuut op te tree. Dit is geweier en

30) Hierdie kwessie word in afdeling 3.5.2 verder bespreek.
31) Nie alle Suid-Afrikaans geborenes was noodwendig armblankes nie. By gebrek aan statistiek kan egter nie bepaal word watter persentasie armblankes was nie.

uiteindelik is die staking (ironies genoeg) deur Britse troepe onderdruk (Yudelman 1983:74).

Na die 1907-staking het die Kamer van Mynwese volgehou om die samestelling van die arbeidsmag te verander. Enersyds is meer swartes in verhouding tot blankes gehuur en andersyds meer Suid-Afrikaans geborenes in verhouding tot immigrante. Sodoende is geslaag om vir die eerste maal sedert 1886 afwaartse druk op blanke geldlone te plaas. Gemiddelde blanke geldlone het van R704 per jaar in 1907 tot R648 per jaar in 1910 gedaal (sien tabel 1). Dit was laer as die 1899-vlak van R672 per jaar.

Die mynbase het gedurende hierdie periode geslaag om die winsgewendheid van die goudmynbedryf te verseker, omdat hulle met die hulp van die nuwe regering die totale arbeidsmag meer ekonomies hersaamgestel het.[32)] Die resultaat van hierdie aanpassings was afwaartse druk op die geldlone van beide rassegroepe. By gebrek aan genoeg data is dit weereens nie moontlik om presies te bepaal wat die rasseloongaping in elke jaar gedurende hierdie periode was nie, behalwe in 1910 toe dit 10,31:1 was (sien tabel 2). Dit dui daarop dat die gaping min of meer dieselfde was as in 1899.

Dit moet egter beklemtoon word dat indien die Kamer van Mynwese die blanke-arbeidsbeleid sou aanvaar het, daar sterker afwaartse druk op gemiddelde blanke

---

32) Volgens Hobson (1900:229) was dit juis die hoofrede vir die Anglo-Boereoorlog. Hy het dit kort na die uitbreek van die oorlog só gestel: "There is no secret about the matter. This war is a terrible disaster for everyone else in England and South Africa, but for the mine owners it means a large increase of profits from a more economical workings of the mines, and from speculative operations." Die juistheid hiervan spreek uit die feit dat die uitsetvlak van die goudmynbedryf vanaf 1902 tot 1910 met 338 persent gestyg het (Innes 1984:246-7). Dividend-uitbetalings het tegelykertyd met meer as 275 persent gestyg (Webb 1983:186).

geldlone sou gewees het. Dit sou die rasseloongaping kleiner gemaak het. Feit van die saak was egter dat die Kamer van Mynwese die blanke-arbeidsbeleid verwerp het omdat dit nie ekonomies was nie. Die belangrike punt wat skrywers nie onder oë sien nie, is dat dit in die eerste plek nie daaroor gegaan het dat (soos die Kamer van Mynwese beweer het) blankes nie sogenaamde 'kafferwerk' kon en wou doen nie. Vir die Kamer van Mynwese het dit uitsluitlik oor die maksimalisering van wins gegaan. Om dié doel te bereik moes die Kamer diskrimineer teen enige arbeidsmag wat duurder as swart trekarbeiders was. Die gevolg was dat die Kamer van Mynwese die oplossing van die armblankevraagstuk op die res van die ekonomie afgeskuif het. Soos in hoofstukke 4 en 5 aangetoon sal word, het dit 'n belangrike invloed op rasseloonverskille in onderskeidelik die private vervaardigingsektor en die SAS & H gehad.

### 3.5 Kostedruk en arbeidsonrus: 1911-22

Na 1910 het die goudmynbedryf geleidelik in 'n kostekrisis beland. Die beste grade erts in die myne van die sentrale Witwatersrand was reeds ontgin en sekere myne het min of geen wins gemaak nie (Yudelman 1983:94). Teen 1920 het die krisis 'n hoogtepunt bereik toe inflasie die goudprys in reële terme tot die laagste vlak hierdie eeu afgedruk het. Die Kamer van Mynwese het op verskeie maniere probeer om die krisis af te weer. Dit het ingesluit voortgesette veranderinge aan die samestelling van die arbeidsmag, gebruik van nuwe tegnologie, uitskakeling van onderlinge mededinging en 'n aantal praktyke wat geldlone direk afgedruk het. Die blanke en swart arbeidsmagte het hulle onderskeidelik hierteen verset. Die staat het meegehelp aan die proses om die arbeidsmag aan die mynbase te onderwerp en só die kostekrisis af te weer.

1993 012 869 01

### 3.5.1 Die onderwerping van die swart arbeidsmag

'n Toenemende getal swartes wat die myne voor die verstryking van hulle dienskontrakte verlaat het, het swart arbeidskoste onnodig opgedruk. In 1910 het hierdie swartes 30 000 getel. In direkte reaksie hierop het die regering in 1911 die Naturellearbeid Regelingswet (wet no. 15 van 1911)[33)] op die wetboek geplaas om die werwing en indiensname van swart arbeiders te reël (Webb 1983:186).

Volgens hierdie wet was die verbreking van 'n dienskontrak 'n kriminele oortreding. Dit het ook bepaal dat 'n swarte wat 'n arbeidsdistrik binnekom, binne ses dae in diens moes wees, anders kon hy tronkstraf of 'n boete opgelê word. Dit het die bedingingsmag van swartes ondermyn, want die mynbase kon hulle buitengewoon lae geldlone aanbied, wetende dat swartes dit moes aanvaar of die risiko moes loop om vervolg te word (Johnstone 1976:38). In die praktyk het die wet dus die arbeidsaanbod gemaksimaliseer en tegelykertyd afwaartse druk op geldlone geplaas.

Twee verdere faktore wat swart arbeidskoste verhoog het, was die relatief kort periode waarvoor swartes kontrak geteken het en die feit dat die WNLA sy monopsonie binne Suid-Afrika verloor het. Hierdie probleme is oorkom met die stigting van die Native Recruiting Corporation (NRC) in 1912. Die NRC het die monopsonie oor werwing binne die Unie en die Britse Protektorate verkry. Voortaan is alle werwing slegs deur die NRC en die WNLA (wat die monopsonie in Mosambiek gehad het) gedoen. Die WNLA het vanaf Julie 1914 Mosambiekers vir

---

33) Tussen 1910 en 1925 het al die wette van die Unie Nederlandse in plaas van Afrikaanse titels gehad.

18 maande in plaas van 12 maande gewerf. Die NRC het vanaf 1919 neergelê dat swartes uit die Unie en die Protektorate vir 'n minimum van 7 maande kontrak moes teken (Van der Horst 1942:193-4 en 211-2). Hierdie stappe was baie geslaagd want tussen 1913 en 1924 het werwingskoste met 20 persent gedaal (Webb 1983:186).

Om te verhoed dat die onderskeie goudmyne met mekaar meeding om die beskikbare swart arbeid en geldlone opdruk, het die NRC 'n stelsel van arbeidsrantsoenering ingestel. Daarvolgens is arbeid aan die onderskeie myne gerantsoeneer en ook aan die arbeidsbehoeftes van myne wat ongewild by swartes was, voldoen. Sodoende kon ongewilde myne 'n deel van die swart arbeidsmag bekom sonder dat geldlone opgedruk word (Van der Horst 1942:196).

Die NRC het ook neergelê dat sekere kategorieë swartes wat stukwerk verrig het, so vergoed moes word dat hulle gemiddelde geldloon nie 22,5 sent per skof oorskry nie. Dit was bekend as die sogenaamde maksimum gemiddelde ("maximum average"). Hierdie maksimum is van tyd tot tyd aangepas en was van toepassing op alle swartes op die Witwatersrandse goudmyne, en nie slegs op dié wat deur die NRC gewerf was nie. Die bedoeling met die maksimum gemiddelde was om mededinging tussen die onderskeie goudmyne uit te skakel. In die praktyk moes baie myne geldlone verlaag om aan hierdie vereiste te voldoen. Op hierdie manier is produktiewer werkers in werklikheid gepenaliseer. Dit het groot ongelukkigheid onder swartes veroorsaak en by die Crown-myn alleen waar die gemiddelde geldloon van 40 tot 21 sent per skof verlaag is, het ongeveer 1 000 gedros (Report of the Native Grievances Inquiry 1914:37).

Swart geldlone is ook op ander maniere afgedruk. Die NRC het byvoorbeeld die vroeëre gebruik om die vervoerkoste van rekrute te betaal afgeskaf. Voortaan is vervoerkoste van geldlone afgetrek. Die WNLA het neergelê dat enige myn wat 'n swarte in diens neem wat van 'n ander myn in dieselfde arbeidsdistrik kom, R4 aan die organisasie moes betaal. Sommige myne het dit eenvoudig van die swarte se geldloon afgetrek. Verder is swartes wat na rusperiodes in die landelike gebiede na die myne teruggekeer het, teen die laagste loonskaal herindiensgeneem (Report of the Native Grievances Inquiry 1914:36-8). Die bekendste praktyk wat swart beroepsvordering gekeer en gemiddelde swart geldlone laag gehou het, was egter die kleurslagboom.[34)]

'n Praktyk wat ook vermelding verdien, was die sogenaamde "loafer ticket system". Swartes wat stukwerk verrig het, moes volgens kontrak 'n neergelegde minimum hoeveelheid werk per skof voltooi. Sou 'n swarte nie die minimum hoeveelheid werk in 'n bepaalde skof voltooi nie, het hy 'n "loafer ticket" vir die skof gekry. Dit het beteken dat hy geen betaling vir die betrokke skof ontvang het nie en boonop moes hy 'n ekstra skof vir elke "loafer ticket" werk om sy kontrak te voltooi (Report of the Economic Commission 1914:36). Swartes het ook dikwels "loafer tickets" gekry as gevolg van omstandighede buite hulle beheer.[35)] Die "loafer ticket system" het gevolglik daarop neergekom dat die swart arbeidsaanbod verhoog is sonder 'n styging in die swart loonrekening.

Gemiddelde swart geldlone is ook verlaag deur die gebruik van nuwe arbeidsbesparende tegnologie. So is hamers deur masjiene vervang. Een

34) Sien afdeling 3.5.2

35) Robertson (1935:18) skryf in hierdie verband: "The 'hammer-boys' contracts stipulated for a minimum number of inches drilled, but made no mention of a maximum time for lashing, or clearing the working-place of the debris of the previous blast. As a result, on many mines cancelled shifts were common - even though the natives had work hard all day....."

masjienwerker kon die werk van 6 hamerwerkers doen en het 20 sent per skof ontvang in plaas van die gebruiklike 23 sent per skof wat hamerwerkers ontvang het. Hamerwerkers wat hulle werk verloor het is as tremwerkers herindiensgeneem teen 17 sent per skof (Report of the Native Grievances Inquiry 1914:36).

Bogenoemde praktyke, wetgewing en aanpassings was suksesvol in dié sin dat gemiddelde swart geldlone in 1916 steeds op die 1910-vlak van R64 per jaar was (sien tabel 1). As gevolg van stygende lewenskoste het swartes se reële verdienste egter met byna 23 persent gedurende hierdie periode gedaal (sien tabel 3). In reaksie hierop het swartes gedurende 1913 en verskeie kere gedurende 1915 en 1916 gestaak (Innes 1984:94).

Na 1916 het lewenskoste nog skerper gestyg en in 1917 het swartes daarteen beswaar gemaak deur winkels in die kampongs te boikot. In Julie 1918 is gestaak vir hoër geldlone, maar dit was vrugteloos en die staking is met die hulp van polisie onderdruk (Innes 1984:77). Op 31 Maart die volgende jaar het massaprotes in Johannesburg teen die passtelsel ('n bepaling van die Naturellearbeid Regelingswet) gevolg (Johnstone 1976:177).

Verdere onrus het uiteindelik uitgeloop op 'n massastaking in Februarie 1920 waartydens hoër geldlone en laer pryse geeïs is. Altesaam 71 033 swartes het aan die staking deelgeneem. Ook hierdie staking is deur die polisie onderdruk en swart verset van hierdie omvang het nie weer voor die Tweede Wêreldoorlog in die goudmynbedryf voorgekom nie (Yudelman 1983:149-150).

Die Kamer van Mynwese het nietemin 'n loonverhoging van 2,5 sent per skof toegestaan, hoewel die stakers 30 sent per skof gevra het. Die Kamer het steeds volgehou dat hoër geldlone tot 'n laer arbeidsaanbod sou lei (Horwitz 1967: 180). Feit van die saak was egter dat die goudmynbedryf nie in hierdie stadium 'n loonverhoging van 30 sent per skof kon bekostig nie. Drie myne was reeds gesluit as gevolg van die kostekrisis wat rondom 1920 'n hoogtepunt bereik het. Die Kamer self het bereken dat dit die bedryf R16 miljoen per jaar sou kos en sou uitloop op die sluiting van nog 23 myne (Johnstone 1976:182). Dit onderstreep hoe belangrik dit vir die Kamer was om swart geldlone te minimaliseer. Die Kamer het goed daarin geslaag want teen 1920 was gemiddelde swart geldlone slegs R69 per jaar. In reële terme was dit 45 persent laer as in 1910 (sien tabelle 1 en 3).

Die Kamer kon egter nie daarin slaag om tegelykertyd 'n groot genoeg aanbod van swartes te verseker nie. Die swart arbeidsmag het (soos in 1890, 1897 en 1900) in reaksie op die loonverlagings (as gevolg van inflasie en praktyke soos die maksimum gemiddelde) hulle arbeid weerhou. Die swart indiensnamevlak was in 1922 ongeveer 15 persent laer as in 1911 en 20 persent laer as in 1916 (sien tabel 5). Die Low Grade Mines Commission, wat in 1919 aangestel is om die probleme van die goudmynbedryf te ondersoek, het bereken dat daar teen September 1919 reeds 'n tekort van 40 000 swartes was (Interim Report of the Low Grades Mines Commission 1919:par. 56).

Versoeke dat die swart arbeidsmag met armblankes aangevul word, is weer (net soos na die Anglo-Boereoorlog) deur die Kamer van Mynwese verwerp. In 'n verklaring wat in Oktober 1920 in die Kamer se mondstuk, The South African Mining Review gepubliseer is, het die Kamer sy standpunt oor dié kwessie herhaal:

"It is entirely against South African ideas that Europeans and Natives should work side by side at the same work".

Feit van die saak was egter steeds dat blanke ongeskoolde arbeid te duur was in verhouding tot swart trekarbeid. Die Kamer het derhalwe weer (soos in 1904) die regering toestemming gevra om 'n goedkoper ongeskoolde arbeidsmag in te voer. Hierdie keer is gevra vir die invoer van sogenaamde tropiese swartes.[36] Die regering het nietemin reeds in 1913 die Wet tot Regeling van Immigratie (wet no. 22 van 1913) deur die parlement gevoer wat die invoer van tropiese swartes verbied het.[37] Die regering het besluit om nie hierdie wet te wysig nie, selfs nadat die Low Grades Mines Commission ook die invoer van tropiese swartes aanbeveel het (Interim Report of the Low Grades Mines Commission 1919:par. 37-57).

Die enigste uitweg wat in hierdie stadium vir die Kamer oorgebly het, was om die bestaande arbeidsmag meer ekonomies te probeer reorganiseer. Dit het neergekom op 'n vermindering van die aantal blankes wat in verhouding tot die aantal swartes in diens was. Uiteindelik sou dit uitloop op die 1922-staking en die verlaging van blanke geldlone.

36) Hierdie term is algemeen gebruik om swart trekarbeiders te beskryf wat uit gebiede noord van $22^0$ suiderbreedte afkomstig was.
37) Voor 1913 is 'n beperkte aantal tropiese swartes wel toegelaat om op die goudmyne in Suid-Afrika te werk, maar hulle mortaliteitskoers (veral as gevolg van longontsteking) was so hoog dat die regering moes ingryp (Interim Report of the Low Grade Mines Commission 1919:8).

### 3.5.2 Die onderwerping van die blanke arbeidsmag

Die veranderinge aan die samestelling van die blanke arbeidsmag gedurende en na die 1907-staking was 'n groot stimulus vir blanke vakbonde. Die ledetal van die Transvaal Miners Association (TMA) het tussen Mei en September 1907 van 300 tot 4 000 gestyg. Vakbondleiers het ook tot die politiek toegetree en in 1909 die Arbeidersparty gestig wat 10 setels in die 1910-verkiesing verower het (Yudelman 1983:76).

Daar was twee belangrike uitvloeisels van die 1907-staking en die opkoms van blanke vakbondwese. Een was die Transvaalse Wet ter voorkoming van Industriële Geschillen (wet no. 20 van 1909) wat as raamwerk vir die oplossing van nywerheidsgeskille bedoel was, en die ander was die Mijnen en Bedrijven Wet (wet no. 12 van 1911). Laasgenoemde wet het 22 geskoolde beroepe in die goudmynbedryf vir blankes gereserveer (die sogenaamde kleurslagboom). Dit moes as teenwig dien vir die Kamer van Mynwese se beleid om blankes deur swartes te vervang (Katz 1974:150). Die moontlikheid om dié beleid uit te voer het na 1910 groter geword toe dit geleidelik al hoe dringender geword het om arbeidskoste te minimaliseer.

Soos in afdeling 3.5.1 uitgewys is, het die Kamer van Mynwese na 1910 baie sukses behaal om swart arbeidskoste te minimaliseer. Dit was ook die sleutel tot die minimalisering van blanke arbeidskoste. Hoe laer swart geldlone was, hoe groter was die insentief om blankes in 19 semi-geskoolde beroepe wat nie deur die Mijnen en Bedrijven Wet vir blankes gereserveer was nie deur swartes te vervang. Dit het ongeveer 'n derde van die blanke arbeidsmag geraak (Johnstone 1976:70).

In 1907 was daar 2 234 blankes wat oor 1 890 swart-bemande masjiene toesig gehou het, maar in 1913 was dit algemeen vir een blanke om oor 6 tot 10 masjiene toesig te hou. Na 1910 het swartes ook blanke vakmanne in sekere bogrondse beroepe vervang, maar teen die loonkoerse vir ongeskooldes. Die gevolg was dat werkloosheid teen 1913 ernstige afmetings onder blanke mynwerkers begin aanneem het (Katz 1974:151-5).

Hierdie toestand het groot ontevredenheid onder die blanke arbeidsmag veroorsaak, maar daar was ook ander redes waarom hulle ongelukkig was. Hulle het byvoorbeeld 'n baie groter risiko geloop om myntering ("phthisis") op te doen as swartes omdat hulle ononderbroke in diens was.[38)] Die algemene gevoel was dat hulle nie genoeg beskerming geniet het nie. Die Ekonomiese Kommissie van 1914 het ook daarop gewys dat blanke geldlone glad nie buitengewoon hoog was as die gevaar van myntering verreken is nie (Report of the Economic Commission 1914:27). Blankes het met verloop van tyd ook agtergekom dat die Transvaalse Wet ter voorkoming van Industriële Geschillen nie die outomatiese erkenning van vakbonde beteken het nie. Die Kamer van Mynwese het derhalwe steeds geweier om blanke vakbonde te erken. Volgens Katz (1974:155) was dit een van die vernaamste griewe wat in 1913 aanleiding gegee het tot 'n staking waaraan 19 000 blankes deelgeneem het.

Hoewel die polisie en weermag ingeroep is om die staking te onderdruk, was die regering verplig om die stakers te woord te staan. Die stakers het egter min bereik.

38) Yudelman (1983:93) meld byvoorbeeld dat 14 uit die 18 lede van die 1907-stakerskomitee aan myntering gesterf het voor die aanvang van die 1913-staking.

Vroeg in 1914 het ongeveer 9 000 blanke mynwerkers weer tot 'n staking oorgegaan, dié keer in simpatie met 'n spoorwegstaking.[39] Ook hierdie staking is met geweld onderdruk en 9 stakerleiers is gedeporteer (Yudelman 1983: 93-112).

Hierdie gebeurde het blanke vakbonde verder gestimuleer en uiteindelik moes die Kamer van Mynwese hulle erken. Die TMA se ledetal het gedurende 1913 van 2 800 tot 6 700 toegeneem (Officieel Jaarboek van de Unie en van Basutoland, Bechuanaland-Protektoraat en Swaziland, 1910-6 1916:284). Die stygende getal half- en ongeskoolde Suid-Afrikaans gebore blankes het ook die aard van die blanke vakbondwese verander. So byvoorbeeld het die TMA wat 'n ambagsvakbond was, verander in 'n bedryfsvakbond, die Suid-Afrikaanse Mynwerkersunie (MWU). Ook die vakbondfederasie waarby die TMA geaffilieer was, het verander en was voortaan bekend as die South African Industrial Federation (SAIF). Die SAIF is in 1915 ten volle deur die Kamer van Mynwese erken (De Kock 1924:133). Blanke vakbonde se reg om te staak is egter nog steeds nie erken nie (Khan 1943:31-4).

Ondertussen het die Kamer van Mynwese voortgegaan om die arbeidsmag op die mees ekonomiese wyse te probeer reorganiseer. Toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitbreek en baie geskoolde immigrante die myne verlaat om te gaan veg, het die Kamer die geleentheid gebruik om hulle deur Suid-Afrikaans gebore blankes te vervang. Die persentasie Suid-Afrikaans geborenes het gevolglik toegeneem van 36,2 persent in 1913 tot 50,2 persent in 1918 (sien tabel 7). Die totale blanke indiensnamevlak het egter in dieselfde periode min gestyg. Daarteenoor het swart indiensname na die uitbreek van die oorlog aansienlik gestyg sodat daar steeds meer swartes in verhouding tot blankes gehuur is (sien tabel 5).

39) Sien afdeling 5.3

Die minimalisering van hulle werksgeleenthede het groot ontevredenheid onder die blanke arbeidsmag ontlok en die MWU het in 1917 met die Kamer van Mynwese oor dié kwessie begin onderhandel. Dit het uitgeloop op die Status Quo-ooreenkoms wat in September 1918 van krag geword het. Daarvolgens het die Kamer onderneem om die status quo te handhaaf en nie verder swartes aan te stel in blanke poste wat nie formeel deur die Mijnen en Bedrijven Wet gereserveer was nie (Webb 1983:188). Die gevolg was dat daar weer meer blankes in verhouding tot swartes in diens geneem is (sien tabel 5).

Die oorlog het nietemin die Kamer se pogings om die bedryf winsgewend te hou getroef. Wêreldwye inflasie het gevolg en ingevoerde insette soos masjinerie het skaars en duur geword. Lewenskoste het skerp gestyg en die georganiseerde blanke arbeidsmag het tussen 1914 en 1920 loonverhogings van ongeveer 50 persent beding (sien tabel 1). In reële terme was blanke geldlone egter 16 persent laer in 1920 as in 1911 (sien tabel 3).

Die winsgewendheid van die bedryf is tegelykertyd bedreig deur 'n daling in produktiwiteit. Die uitsetvlak het vanaf 1917 tot 1922 elke jaar agtereenvolgens gedaal (Frankel 1967:128). Innes (1983:75) meen dat die tekort aan kapitaalgoedere as gevolg van die oorlog die hoofoorsaak hiervan was. Yudelman (1983:135) skryf dit toe aan korter werkure wat die blanke arbeidsmag gedurende die oorlog beding het. Die Low Grade Mines Commission het egter uitgewys dat korter werkure vir blankes in die praktyk ook aanleiding gegee het tot korter werkure vir swartes en op dié manier produktiwiteit verlaag het (Interim Report of the Low Grades Mines Commission 1919:par. 32).

Die Kamer van Mynwese se primêre probleem was egter steeds die vasgepende goudprys. Inflasie het die reële goudprys skerper laat daal as reële geldlone. Daarom het die Kamer reeds in 1918 begin druk uitoefen op die Britse regering om die goudprys te verhoog. Uiteindelik is toegegee en in Julie 1919 is 'n vrye mark ingestel vir goud wat in Suid-Afrika en Rhodesië geproduseer is. Dit het bekend gestaan as die goudpremie (Innes 1984:78-9). Vervolgens het die sterlingprys van goud in 1920 tot die hoogste vlak in daardie stadium gestyg. Yudelman (1983:135) het bereken dat dié prys in reële terme egter die laagste hierdie eeu was. Boonop het dit teen Desember daardie jaar teruggesak tot 95 sent per ons in vergeleke met R1.30 per ons in Februarie dieselfde jaar. Die myne waarin die beste grade erts reeds ontgin was, het toe in 'n oorlewingstryd geraak (De Kiewiet 1941:169-170).

Die regering se weiering om die lot van hierdie myne te verlig deur toestemming te gee vir die invoer van groot getalle tropiese swartes, het die Kamer van Mynwese laat besluit om weer swartes in blanke poste aan te stel. Toe die goudprys gedurende 1921 nog verder daal, het die Kamer kennis gegee dat hy die Status Quo-ooreenkoms gaan verbreek en die samestelling van die arbeidsmag so gaan verander dat daar uiteindelik 10,5 swartes vir elke blanke sou wees (Webb 1983:188). Dit het beteken dat Suid-Afrikaans gebore blankes wat sedert 1907 in diens geneem is om duur geskoolde blanke immigrante te vervang gevaar geloop het om hulle poste aan goedkoper swartes af te staan. Die SAIF wat namens die blanke arbeidsmag beding het, het dit verwerp en 'n verhouding van 1 blanke tot 3,5 swartes geeïs. Die partye kon nie tot 'n vergelyk kom nie en uiteindelik het die geskil uitgeloop op 'n bloedige staking wat op 16 Maart 1922 deur troepe beëindig is. Dit het die weg gebaan vir die Kamer van Mynwese om sy voorgenome veranderinge deur te voer en die winsgewendheid van die bedryf te verseker.

Dit verklaar waarom die blanke indiensnamevlak vanaf 1920 tot 1922 met 36 persent (8 156) gedaal het, terwyl die swart indiensnamevlak net met 7 persent (13 313) gedaal het. Die indiensnameverhouding tussen die twee rassegroepe het gevolglik vergroot en in 1922 was dit 1:11,69 (sien tabel 5). Gemiddelde blanke geldlone het in dieselfde tydperk met 17,5 persent gedaal. Daarteenoor het gemiddelde swart geldlone met 3 persent gestyg (sien tabel 1). Dit het die rasseloongaping laat krimp van 14,05:1 in 1920 tot 11,27:1 in 1922 (sien tabel 2 en figuur 1).

Die rasseloongaping kon egter nie kleiner word as in 1910 nie, want die Kamer van Mynwese het steeds geweier om die blanke-arbeidsbeleid (wat verdere afwaartse druk op gemiddelde blanke geldlone sou plaas), toe te pas. Daarby het die Mijnen en Bedrijven Wet wat die kleurslagboom instand gehou het, ook verhoed het dat die rasseloongaping verder krimp. Dit moet egter beklemtoon word dat die doel van die kleurslagboom die beskerming van die blanke arbeidsmag se skaars werksgeleenthede was, en nie om die rasseloongaping in die bedryf te handhaaf nie. Hoewel die meeste skrywers heeltemal korrek daarop wys dat die kleurslagboom die rasseloongaping in die goudmynbedryf in stand gehou het, mis hulle egter die konteks waarbinne die kleurslagboom beslag gekry het, naamlik die minimalisering van blanke werksgeleenthede, juis as gevolg van die rasseloongaping.[40)]

40) Johnstone (1976:58) is een van die min skrywers wat die verband tussen die rasseloongaping en die minimalisering van blanke werksgeleenthede in verband met mekaar gebring het, deur op te merk: ".....different exploitability of white and non-white labour reflected in corresponding differentiation in the wages....of such labour.....for the skilled white workers, it posed the threat of displacement from employment, while for the unskilled workers it meant the restriction of employment opportunities....."

## 3.6 Pogings om te verhoed dat die arbeidsmag sy verlore posisie herwin: 1923-48

Gedurende hierdie periode het die Kamer van Mynwese - steeds met die hulp van die staat - alles moontlik gedoen om te verhoed dat die arbeidsmag sy verlore posisie herwin. Die arbeidsmag het hom daarteen verset. Swart verset is gewelddadig onderdruk en in reële terme het gemiddelde swart geldlone laer as in 1910 gebly. Blanke verset het egter op 'n oorwinning uitgeloop en teen 1948 was blankes weer in dieselfde posisie as in 1910.

### 3.6.1 Die posisie van die blanke arbeidsmag gedurende hierdie periode

Na die 1922-staking het die Kamer van Mynwese sy erkenning aan blanke vakbonde teruggetrek (Du Toit 1976:14). Die volgende jaar het die Hooggeregshof daardie bepalings van die Mijnen en Bedrijven Wet wat die kleurslagboom in stand gehou het, *ultra vires* verklaar (The South African Mining Review, November 1923:190). Op 31 Maart 1924 het die Nijverheid Verzoenings Wet (wet no. 11 van 1924) van krag geword waardeur blankes se reg tot vakbonde en stakings weer erken is.

Lewis (1984:30) en Yudelman (1983:202) wys nietemin daarop dat die Nijverheid Verzoenings Wet in die praktyk die reg om te staak, aansienlik beperk en blanke vakbonde aan bande gelê het. Boonop het die enigste verteenwoordigende vakbond vir alle blankes in die goudmynbedryf, die MWU, na 1922 in verskeie kleiner vakbonde opgebreek. Agt was ambagsvakbonde en die MWU, wat voortaan slegs ondergrondse werkers verteenwoordig het, was die enigste bedryfsvakbond (De Kock 1983:10) Dit het die MWU redelik magteloos gelaat. Die Kamer van

Mynwese het ook baie daartoe bygedra omdat hy nie 'n geslote geledere ooreenkoms ("closed shop") met die MWU wou sluit nie. So 'n ooreenkoms sou in die praktyk daarop neerkom dat geen blanke mynwerker ondergronds toegelaat sou word nie, tensy hy 'n lid van die MWU was. Die Kamer wou tot elke prys verhinder dat die MWU so 'n monopolie oor die blanke arbeidsmag kry (Naudé 1969:21-2). Dit sou blankes se bedingingsmag verhoog en opwaartse druk op geldlone plaas.

Bogenoemde verwikkelinge het blanke mynwerkers agter die koalisie van die Nasionale en Arbeiderspartye in die 1924-verkiesing verenig en bygedra tot die verkiesing van die Pakt-regering (Webb 1983:189). Anders as wat algemeen verwag is, en deur sommige skrywers[41)] beweer word, kon die Pakt-regering nie daarin slaag om die posisie waarin blanke mynwerkers voor die 1922-staking was, te herstel nie (Yudelman 1983:249).

Die nuwe regering het wel dadelik die Mining Regulations Commission aangestel om die posisie van die blanke arbeidsmag te ondersoek. Dit het uitgeloop op die Wysigingswet op Myne en Bedrywe (wet no. 25 van 1926 wat die kleurslagboom herstel het (Webb 1983:189). Die Kamer van Mynwese het nogtans voortgegaan en vir die volle duur van die Pakt-bewind meer as 9 swartes vir elke blanke in diens geneem (sien tabel 5). Die Pakt-regering het ook in beginsel niks verander aan die Nijverheid Verzoenings Wet nie.

As uitvloeisel van die bepalings van die Nijverheid Verzoenings Wet is blanke loonpeile deur die Mining Industry Arbitration Board ondersoek. In sy verslag het die Raad nóg 'n verlaging nóg 'n verhoging van geldlone aanbeveel, maar eerder die

41) Sien Wilson (1972a:11), Johnstone (1976:145) en Stahl (1981:21).

heersende geldloonvlakke bekragtig. Dit het groot ongelukkigheid onder die blanke arbeidsmag ontlok en daar was selfs 'n paar stakings (Davies 1979:184-5). Die uiteinde was egter dat nominale blanke geldlone op 'n laer vlak as voor die 1922-staking gestabiliseer het, hoewel dit in reële terme min of meer dieselfde gebly het (sien tabelle 1 en 4).

Aan die einde van die twintigerjare het 'n hele aantal goudmyne weer gesukkel om winsgewend te bly. In Augustus 1930 het die Pakt-regering die Low Grade Ore Commission aangestel om hulle probleme te ondersoek. In sy verslag het die Kommissie aanbevelings rakende blanke arbeid gedoen soortgelyk aan dié van die Low Grade Mines Commission van 1919. Dit het onder meer ingesluit 'n verslapping van die kleurslagboom en 'n 10 persent-verlaging van blanke geldlone (Report of the Low Grade Ore Commission 1932:13, 15).

In hierdie stadium (1929-33) was die wêreld midde-in 'n ernstige depressie. In Suid-Afrika het die diamantmynbedryf in duie gestort. Pryse en geldlone het oor die algemeen gedaal en werkloosheid het toegeneem (De Kiewiet 1941:172). Die enigste uitsondering was die goudmynbedryf waar die indiensnamevlak gestyg het (sien tabel 5). Die dalende prysvlak het die goudprys in reële terme laat styg en geldloonvlakke ondersteun. Die resultaat was dat reële geldlone in Suid-Afrika slegs in die goudmynbedryf gedurende die depressie gestyg het (sien tabel 4). Die Kamer van Mynwese het gevolglik aangevoer dat blanke geldlone verlaag moes word, soos deur die Low Grade Ore Commission aanbeveel is. Daar was egter ander deurslaggewende gebeurtenisse wat dit verhoed het.

In September 1931 het Brittanje van die goudstandaard afgestap, maar Suid-Afrika nie. Die Kamer van Mynwese het toe die Gold Standard Select Committee aangestel om die aangeleentheid te ondersoek. Die Komitee het aanbeveel dat dit in die belang van die goudmynbedryf sou wees indien Suid-Afrika Brittanje se voorbeeld sou volg. Op 27 Desember 1932 het die regering toegegee, en die Suid-Afrikaanse pond het gedevalueer. As gevolg daarvan het die goudprys van 83 sent tot R1.24 per ons gestyg (Webb 1983:191). Gedurende 1933 het die Verenigde State die dollar gedevalueer en dit het 'n verdere verhoging van die goudprys tot gevolg gehad. In totaal het die goudprys binne 'n jaar met 45 persent gestyg (Yudelman 1983:251).

Dit het die lewensverwagting van die goudmynbedryf aansienlik verleng, want ontginning van laegraadse erts was op groter dieptes winsgewend. Bo alles het dit ook die voorgestelde verlaging van blanke geldlone en verkleining van die blanke arbeidsmag verhoed. Die stimulus van die hoër goudprys, meganisasie en gebruik van nuwe tegnologie[42)] gedurende hierdie periode, het inteendeel die vraag na blanke arbeid skerp laat styg en opwaartse druk op blanke geldlone geplaas. Die Kamer van Mynwese het dié druk op minstens twee maniere probeer teenwerk.

Eerstens is voortgegaan om meer (goekoop) Suid-Afrikaans gebore blankes in verhouding tot (duur) blanke immigrante te huur (sien tabel 7). Die Suid-Afrikaans geborenes was meestal armblankes wat hoofsaaklik in ondergrondse poste aangestel is. Reeds in 1932 was tussen 85 en 90 persent van alle ondergrondse blanke mynwerkers waarskynlik armblankes.[43)]

42) Vir 'n uiteensetting van die meganisasie van die produksieproses en die toepassing van nuwe tegnologie in die goudmynbedryf gedurende hierdie periode sien MacConachie (1967:130-8).
43) In die Carnegie-verslag word dit só gestel: "Die heer A. van der Horst, Inspekteur van Arbeid, en die Algemene Sekretaris van die Mynwerkersbond skat albei dat tussen 85 en 90 persent van die mynwerkers 'onder die grond' vandag Afrikaanssprekend is en dat feitlik almal van die platteland kom." (Carnegie Verslag oor die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika - Deel 1 1932:193).

Tweedens het die Kamer alles moontlik gedoen om die kollektiewe bedingingsmag van die groter wordende getal Suid-Afrikaans geborenes te minimaliseer. Hierin is die Kamer ondersteun deur die Verenigde Party-regering wat in 1933 die bewind oorgeneem het.

Die vakbond waarby ondergrondse blanke werkers hulle kon aansluit, was die sukkelende MWU wat teen 1934 skaars 3 500 lede gehad het. Om die MWU magteloos te hou het die Kamer steeds 'n geslote geledere ooreenkoms geweier. In 1936 het die Kamer verklaar dat hy nie wou inmeng met die vryheid van die individu om te besluit of hy lid van 'n vakbond wou wees of nie (Wilson 1972a:76). Sake is vir die Kamer vergemaklik toe 'n sekere Charles Harris in 1936 president van die MWU geword het. Hy het volgens alle aanduidings die belange van die Kamer in plaas van die werkers voorop gestel. Harris het byvoorbeeld voorgestel dat die sogenaamde kontrakstelsel afgeskaf word. Volgens hierdie stelsel is 'n aantal blankes betaal volgens die hoeveelheid erts wat hulle geproduseer het. Dit het hulle in staat gestel om aansienlik meer te verdien as die res van die blanke arbeidskorps wat dagloners was (Naudé 1969:25).

Dit het veral Afrikaanssprekendes onthuts en in 1936 het hulle die Afrikanerbond van Mynwerkers gestig as teenvoeter vir die MWU. Die Departement van Arbeid het egter geweier om dit te erken. Die Kamer het op sy beurt van standpunt verander en op 29 April 1937 'n gelote geledere ooreenkoms met die MWU gesluit. Dit het beteken dat al die lede van die Afrikanerbond van Mynwerkers lid moes word van die MWU of gevaar moes loop om afgedank te word (Naudé 1969:41). In ruil hiervoor het die MWU onderneem;

> ".....to discourage and prevent any actions of officials and members which may have the effect of causing unrest....." (O'Meara 1978:68).

Dit het die Afrikaanssprekendes feitlik magteloos gelaat. Die enigste opsie wat vir hulle oorgebly het, was om die MWU van binne oor te neem. Dit was 'n moeilike stryd want Harris (wat in 1939 deur 'n blanke mynwerker doodgeskiet is) is opgevolg deur leiers wat ook die Kamer goedgesind was.

In dieselfde jaar het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek. Om te verseker dat die land se oorlogspoging nie in die wiele gery word nie het die Smuts-regering 'n aantal oorlogsmaatreëls afgekondig. Onder andere is alle verkiesings binne die MWU in 1941 tot 6 maande na die oorlog opgeskort (Davies 1979:300-1). Lewenskoste het ondertussen skerp gestyg en dit het reële geldlone afgetrek (sien tabel 4). Blanke geldlone in die goudmynbedryf het ook gedurende die oorlog skerp gedaal in vergelyking met blanke geldlone in die private vervaardigingsektor (sien tabel 8). Die bestuur van die MWU moes gevolglik onder druk van sy lede in April 1943 die Kamer van Mynwese 'n loonverhoging van 30 persent vra. Dit sou in totaal die blanke loonrekening met R12 miljoen per jaar opstoot. Die Kamer het dit geweier en onderneem om eerder oor 'n tydperk van 5 jaar 'n bedrag van R1 miljoen aan die bestuur van die MWU oor te betaal. Die bestuur kon die geld alleen aanwend na finale oorleg met die Kamer. Die bestuur het dit aanvaar en onderneem om nie weer loonverhogings te eis voordat daar nie 'n merkbare en blywende oplewing in die ekonomie was nie (O'Meara 1978:68). Dit het die Kamer in staat gestel om opwaartse druk op blanke geldlone vry te spring en ook uit te stel.

Ontevredenheid met die bestuur van die MWU en die regering se rol in die saak het uiteindelik uitgeloop op 'n massastaking wat op 14 Maart 1946 'n aanvang geneem het. In 'n stadium was daar 16 000 stakers en 45 myne het tot stilstand gekom. Dit

is op 27 Januarie 1947 deur 'n soortgelyke staking gevolg.[44] Onderhandelings met die regering het gevolg wat die weg gebaan het vir 'n verkiesing op 10 November 1948 waarin die Afrikaanssprekende mynwerkers daarin geslaag het om die bestuur van die MWU oor te neem (Naudé 1969:249).

Teen 1948 was die posisie van die blanke mynwerker in alle opsigte herstel. Die totale blanke indiensnamevlak was 180 persent hoër as in 1922, terwyl die swart indiensnamevlak net 75 persent hoër was. Daar was gevolglik meer blankes in verhouding tot swartes in die bedryf werksaam as voor die 1922-staking (sien tabel 5).[45] Reële blanke geldlone was ook 16 persent hoër as in 1922, maar steeds min of meer op dieselfde vlak as in 1910 (sien tabel 4).

Dit blyk dat die blanke arbeidsmag gedurende hierdie periode nie sy posisie herwin het as gevolg van begunstiging deur die regering of selfs deur sy vakbondkrag nie. Volgens Yudelman (1983:254) was stygende blanke loon- en indiensnamevlakke, veral na 1932, hoofsaaklik die gevolg van meganisasie, wat enersyds meer blanke toesighouers en andersyds ook beter geskoolde blankes in verhouding tot swartes vereis het.

44) Vir 'n volledige oorsig van hierdie stakings sien De Kock (1983:170-223).
45) O'Meara (1978:67), verwysende na die periode nadat Suid-Afrika van die goudstandaard afgestap het, het waarskynlik die verkeerde afleiding gemaak, naamlik: "In a period when white mining employment remained relatively static a massive inflow of African labour almost doubled the size of the African labour force. White miners were required to supervise increasing numbers of Africans".

### 3.6.2 Die posisie van die swart arbeidsmag gedurende hierdie periode

Na 1922 het die Kamer van Mynwese volgehou met al die praktyke, metodes en argumente wat sedert die ontstaan van die goudmynbedryf gebruik is om swart geldlone laag te hou. Hierin is die Kamer ondersteun deur opeenvolgende regerings wat voortgegaan het om wetgewing in te dien wat die bedingingsmag van swartes beperk het.

So het artikel 24 van die Nijverheid Verzoenings Wet van 1924 swartes in Transvaal en Natal uitgesluit (Wiehahn 1983:177). Dit het beteken dat swart vakbonde in die goudmynbedryf uitgesluit is van die geskilbeslegtingsmasjinerie (soos nywerheids- en versoeningsrade) waarvoor die Wet voorsiening gemaak het. Swart vakbonde was nie onwettig nie, maar hulle bedingingsmag is beperk omdat hulle nie van die konstitusionele kanale gebruik kon maak nie (Fick en High 1987:69).

Die opkoms van swart vakbonde as sodanig is egter beperk deur ander faktore soos die trekarbeidstelsel. Dié stelsel is in stand gehou deur die Naturellen (Stadsgebieden) Wet (wet no. 21 van 1923) wat bepaal het dat swartes hulle nie permanent (saam met hulle gesinne) op die myne kon vestig nie (Doxey 1961:168-9). Die gebrek aan permanensie het 'n hoë arbeidsomset tot gevolg gehad wat verhoed het dat genoeg solidariteit tussen die swart werkers kon ontwikkel. Solidariteit is ook ondermyn deur etniese verskeidenheid (Crush 1989:6). Terwyl die blanke arbeidsmag grootliks uit Afrikaanssprekendes bestaan het, was die swart trekarbeidsmag saamgestel uit meer as 100 verskillende stamme (Houghton 1960:182). Onder hierdie omstandighede was dit uiters moeilik vir die swart arbeidsmag om kollektief te beding vir beter werksomstandighede en hoër geldlone.

Om die Nijverheid Verzoenings Wet aan te vul het die Pakt-regering in 1925 die Loonwet (wet no. 27 van 1925) op die wetboek geplaas. Dit het die Minister gemagtig om 'n Loonraad aan te stel om loonpeile te ondersoek in gevalle waar werkers nie georganiseer was nie - plaaswerkers, huisbediendes en staatsamptenare uitgesluit (Verslag van die Ekonomiese Naturelle Kommissie 1932:235-6). Hoewel die Loonwet nie die goudmynbedryf uitgesluit het nie, het die Loonraad nooit ondersoek ingestel na die geldlone van swart mynwerkers nie (Spandau 1972:385).

Mededinging tussen die onderskeie goudmyne om die beskikbare swart arbeid was in hierdie stadium totaal uitgesluit. Die WNLA en die NRC het voortgegaan om as enigste kopers van swart arbeid vir die goudmynbedryf op te tree om sodoende swart arbeidskoste te minimaliseer. Met die verlaging van werwingskoste het hulle baie sukses behaal, want tussen 1923 en 1926 het dit met 36 persent gedaal (The South African Mining Review, September 1926).

Om afwaartse druk op swart geldlone vol te hou, het die NRC gedurende die twintigerjare die maksimum-gemiddelde van toepassing gemaak op die verdienste van alle swart werkers en nie net op dié wat stukwerk verrig het nie (Report of the Witwatersrand Mine Natives' Wages Commission 1943:6). Die Wysigingswet op Myne en Bedrywe van 1926 het tegelykertyd ook (net soos sy voorganger) bygedra tot lae swart geldlone omdat die kleurslagboom swartes tot die laagste beroepe beperk het.

Die WNLA se taak om swart geldlone af te druk deur soveel moontlik vreemde swartes in te voer, is vanaf 1928 bemoeilik. In daardie jaar het die Mosambiekse regering die aantal trekarbeiders wat op Suid-Afrikaanse myne kon kom werk, beperk tot 'n maksimum van 80 000 (Wilson 1972a:68). Om meer swartes uit ander gebiede na die goudmyne te lok, is 'n skema, bekend as die ondersteunde vrywillige skema, ingestel. Daarvolgens is die vervoerkoste van nie-aangewerfde swartes[46)] uit die Unie en die Protektorate betaal en het hulle 'n voorskot van R4 op hulle geldlone ontvang. Sulke swartes kon die myn kies waar hulle wou werk en die tydperk waarvoor hulle 'n kontrak wou aangaan (Verslag van die Ekonomiese Naturelle Kommissie 1932:127).

Swart geldlone is ook afgedwing deur die gebruik van nuwe tegnologie wat die arbeidsvraag verlaag het. So is die "wet jackhammer" in die twintigerjare in gebruik geneem. Dit is deur twee swartes beman en kon soveel rots breek as 15 tot 20 "hammerboys" saam. Dit het minder swartes per skof vereis en terselfdertyd daartoe bygedra dat produktiwiteit tussen 1921 en 1926 met 15,2 persent verhoog is (Innes 1984:85-6). In dieselfde periode het gemiddelde swart geldlone egter min of meer konstant gebly (sien tabel 1), hoewel die vraag na swartes steeds die aanbod oorskry het (Wilson 1972a:68).

Die Kamer van Mynwese wou nie swart geldlone verhoog nie, en het met sy ou argument[47)] volgehou dat:

> ".....any increase in the level of native wages would be followed, to only a small extent, by an increase in the native standard of living, that the main result would be that the native would work for a shorter

46) Dit is swartes wat uit eie beweging na die goudmyne gekom het en nie deur die NRC gewerf is nie.
47) Hierdie argument word krities bespreek in afdeling 3.6.3

period than at present; and that consequently the native labour available to industry in the Union would be reduced" (Horwitz 1967:172).

Gedurende die depressie van die vroeë dertigerjare het die swart arbeidsituasie gaandeweg verbeter omdat dalende pryse reële geldlone in die bedryf verhoog het (sien tabel 4). Dit het meer swartes uit die Unie na die goudmyne getrek en die indiensnamevlak van die bedryf laat styg (sien tabel 5). Die stimulus wat die goudmynbedryf in 1932 gekry het nadat Suid-Afrika van die goudstandaard afgestap het, het egter weer die vraag na swart arbeid die hoogte laat inskiet.

Die Low Grade Ore Commission van 1932 het tot die slotsom gekom dat die bestaande arbeidsbronne in daardie stadium nie in die behoefte van die goudmynbedryf kon voorsien nie. Daarom het die kommissie, soos die Low Grade Mines Commission van 1919, aanbeveel dat die tekort aangevul moes word met tropiese swartes (Report of the Low Grade Ore Commission 1932:107-10). Die gevolg was dat die regering in 1933 toestemming gegee vir 'n eksperiment met 2 000 tropiese swartes. In 1937 het dit uitgeloop op die skrapping van die bepalings in die Immigrants Regulation Act van 1913 wat die invoer van tropiese swartes verbied het. Op 31 Desember 1937 was daar reeds 10 686 tropiese swartes in diens van die goudmyne. Die potensiële arbeidsaanbod is verder verhoog toe die Mosambiekse regering in 1940 ingestem het dat die maksimum aantal trekarbeiders uit dié gebied wat op Suid-Afrikaanse myne kon kom werk, tot 100 000 kon styg (Van der Horst 1942:220-2).

'n Hoër arbeidsaanbod het (saam met voorgenoemde stappe) gehelp om die opwaartse loondruk wat na 1932 deur 'n stygende arbeidsvraag veroorsaak is, effektief teen te werk. Van 1932 tot 1942 het die swart indiensnamevlak met byna 70 persent (156 809) gestyg, terwyl nominale geldlone met slegs 6 persent gestyg het (sien tabelle 1 en 5). In reële terme het swart geldlone egter skerp gedaal, veral na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 (sien tabel 4). Swartes in die goudmynbedryf was ook gedurende hierdie periode in verhouding tot swartes in die private vervaardigingsektor swakker daaraan toe omdat die oorlog 'n stimulus vir laasgenoemde sektor was. Fabrieke het meer swart arbeid nodig gehad en gemiddelde swart geldlone in die private vervaardigingsektor het gestyg in verhouding tot dié in die goudmynbedryf (sien tabel 8).

Swartes het die verswakking van hulle posisie en pogings om hulle bedingingsmag te beperk, nie gelate aanvaar nie. Sommige is aangetrek deur die hoër geldlone in die private vervaardigingsektor en ander het by die Verdedigingsmag aangesluit.[48)] Die wat in die bedryf agtergebly het, het in Augustus 1941 'n vakbond gestig wat later bekend geword het as die African Mine Workers Union (AMWU) (Moodie 1986:15). Die AMWU is egter gou aan bande gelê deur Oorlogsmaatreël no. 145 van 1942 waarvolgens alle stakings deur swartes onder alle omstandighede onwettig was.[49)] Tog het dit daarvoor voorsiening gemaak dat die Minister van Arbeid 'n arbiter kon aanstel om dispute tussen swartes en die Kamer van Mynwese te besleg (Du Toit 1976:17).

48) Volgens die Report of the Witwatersrand Mine Natives' Wages Commission (1943:5) het ongeveer 75 000 swartes uit die Unie en 30 000 uit die Protektorate by die Verdedigingsmag aangesluit. Dit is nie duidelik presies hoeveel mynwerkers was nie.
49) Stakings deur swartes was in elk geval onwettig. Khan (1943:41-2) wys daarop dat Oorlogsmaatreël no. 145 boonop vir swaarder strawwe voorsiening gemaak het.

Die AMWU het dadelik hoër geldlone vir sy lede geeïs deur te wys op stygende lewenskoste. As uitvloeisel hiervan het die Verenigde Party-regering vroeg in 1943 'n kommissie - die Witwatersrand Mine Natives' Wages Commission - aangestel om die kwessie te ondersoek (Moodie 1986:16). Die bevindinge van die Kommissie was met enkele uitsonderings oorwegend in die guns van die Kamer van Mynwese.

Oor die Kamer se lae-geldloonbeleid vir swartes het die Kommissie hom só uitgelaat:

> ".....the Commission is satisfied that the Chamber's policy was a sound one and in general accordance with the native policy of the country" (Report of the Witwatersrand Mine Natives' Wages Commission 1944:par. 72).

Die Kommissie het nietemin tot die slotsom gekom dat die lewenstandaard van die swart arbeidsmag buitengewoon laag was en dat die Kamer swart geldlone moes verhoog. 'n Gemiddelde verhoging van 38,5 persent is aanbeveel wat die bedryf R2,3 miljoen per jaar sou kos. Die Kommissie het (anders as die Kamer van Mynwese) betoog dat die voorgestelde loonverhoging geen negatiewe uitwerking op die swart arbeidsaanbod sou hê nie (Report of the Witwatersrand Mine Natives' Wages Commission 1944:par. 245, 302, 340).

Die Kommissie het voorts 'n sterk pleidooi gelewer vir die behoud van die trekarbeidstelsel en die invoer van vreemde swartes om arbeidstekorte aan te vul (Report of the Witwatersrand Mine Natives' Wages Commission 1944:par. 211, 216). Oor vakbonde as 'n middel waarmee swartes hulle posisie kon verbeter, het die Kommissie die Kamer van Mynwese ondersteun en opgemerk:

> ".....they (die swartes) have not yet reached the stage of development which would enable them safely and usefully to employ trade

unionism as a means of promoting their advancement" (Report of the Witwatersrand Mine Natives' Wages Commission 1944:par. 467).

Die Kommissie het dus in beginsel nie die vernaamste praktyke en metodes verwerp wat die Kamer van Mynwese se lae-geldloonbeleid onderlê het nie.

Die Kamer het sy teenkanting uitgespreek teen die omvang van die loonverhoging wat die Kommissie aanbeveel het. Die Kamer het steeds volgehou dat so 'n groot loonverhoging tot 'n daling in die arbeidsaanbod sou lei (Wilson 1972a:75). Daarom het die Kamer in Maart 1944 'n baie kleiner loonverhoging toegestaan as wat die Kommissie aanbeveel het. Die gevolg was dat gemiddelde swart geldlone in 1944 slegs 16 persent hoër as in 1943 was (sien tabel 1).

Die loonverhoging het klaarblyklik ook (anders as wat die Kamer van Mynwese betoog het) die daling in die arbeidsaanbod gestuit, want byna dieselfde aantal swartes was in 1945 as in 1943 in diens (sien tabel 5). Die arbeidstekort kon egter nie uitgewis word nie. As gevolg van die Unie se oorlogspoging is die WNLA gedwing om die werwing van tropiese swartes 'n tyd lank op te skort. Die oorlog het ook die vraag na steenkool verhoog en die WNLA was verplig om trekarbeiders uit veral Mosambiek na die steenkoolmyne te kanaliseer ten koste van die goudmyne (Report of the Witwatersrand Mine Natives' Wages Commission 1944:5). Die gevolg was dat die aantal vreemde swartes as persentasie van die totale swart arbeidsmag, gedurende die oorlog skerp gedaal het (sien tabel 6).

Die arbeidstekort het daartoe bygedra dat die uitsetvlak van die bedryf na 1942 vir ses agtereenvolgende jare gedaal het (Frankel 1967:127). Produksie is egter ook in 'n mate doelbewus ingekort vanweë die lae prioriteit wat goudproduksie wêreldwyd

as gevolg van die oorlog geniet het (Busschau 1967:18). Teen hierdie agtergrond wou die Kamer nie verdere loonverhogings toestaan nie. Innes (1984:144-5) voer aan dat die mynbase eerder verwag het dat die regering stappe moes doen wat sou verseker dat swartes se bedingingsmag beperk bly, en wat genoeg swartes uit die landelike gebiede na die goudmyne sou dwing sodat geldlone laag kon bly en produksie kon styg.

Die Verenigde Party-regering was nie huiwerig om hierdie stappe te doen nie. Die Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923, wat een van die hoekstene van die trekarbeidstelsel was, is vervang deur die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet van 1945 (wet no. 25 van 1945). Dit was bedoel om die vloei na en indiensname van swartes in stedelike gebiede te beperk (Doxey 1961:169-71). Omdat die goudmynbedryf effektiewe beheer oor sy trekarbeidsmag gehad het, het die regering egter geen beperkings geplaas op swartes wat op die goudmyne wou kom werk nie (Wilson 1972a:71-2).

In die praktyk het hierdie bepalings swartes van die private vervaardingsektor (waar geldlone hoër was) na die goudmynbedryf (waar geldlone laer was) gekanaliseer. Die goudmyne kon dus 'n deel van die beskikbare swart arbeidsaanbod kry sonder om met die private vervaardigingsektor daarom mee te ding. Daarteenoor het blankes volkome bewegingsvryheid geniet. Dit het beteken dat die goudmynbedryf in dieselfde arbeidsmark met die res van die ekonomie vir skaars blanke arbeid moes meeding en nie aan opwaartse loondruk kon ontsnap nie. In die praktyk het die Naturelle (Stadsgebiede) Wet dus in 'n sekere mate bygedra tot die vergroting van die rasseloongaping in die goudmynbedryf.

Ondertussen het swart verset teen die regering en die Kamer van Mynwese opgelaai. Die AMWU wat teen 1944 reeds 44 000 lede gehad het (Innes 1984:161), het met 'n reeks protesbyeenkomste begin. Die regering het egter gou (onder druk van die Kamer van Mynwese) die byeenkomste verbied. In Mei 1945 het die AMWU gevra om die regering te ontmoet, maar dit is afgewys (Wilson 1972a:78). In April 1946 het die AMWU op sy jaarkongres 'n minimum loon van R1 per dag van die Kamer van Mynwese geëis. Die Kamer het dit geïgnoreer en uiteindelik het swartes se ontevredenheid op 12 Augustus 1946 uitgeloop op 'n massastaking. Ongeveer 75 000 swartes het daaraan deelgeneem en 21 van die 47 myne aan die Rand is geraak. Die regering het dadelik ingegryp en die polisie het die staking binne 'n week met geweld beëindig. Dit het die mag van die AMWU gebreek (Moodie 1986:25-9).

In 1948, toe die Nasionale Party die bewind oorneem, was swart reële geldlone laer as in 1910 (sien tabel 4).[50)] Daarteenoor het die blanke arbeidsmag sy posisie herwin en reële blanke geldlone was in 1948 weer op die 1910-vlak. Die rasseloongaping het tegelykertyd geleidelik groter geword en was in 1948 weer min of meer net so groot soos voor die onderwerping van die blanke arbeidsmag in 1922 (sien tabel 2 en figuur 1). In teenstelling met die goudmynbedryf, het die rasseloongapings in onderskeidelik die private vervaardigingsektor en die SAS & H gedurende die Tweede Wêreldoorlog vernou (sien figure 2 en 3).

---

50) Davidson (1952:95) het in hierdie verband opgemerk: "If real wages are today lower on the Rand than in 1890, if the migrant labour system is more than ever destructive of health and happiness, the fault lies not in the least with the Nationalists. It lies with the United Party. With the British".

### 3.6.3 Die argument dat hoër geldlone tot 'n tekort aan swart arbeid sou lei

Die Kamer van Mynwese se volgehoue argument, dat hoër geldlone tot 'n tekort aan swart arbeid sou lei, verdien spesiale aandag.

In teorie het die Kamer se argument daarop neergekom dat die arbeidsaanbodkurwe, vir sover dit die swart arbeidsmag aanbetref het, teruggebuig het. Berg (1961:468-92) het die Kamer se argument egter aan die hand van die teorie getoets en tot die slotsom gekom dat die arbeidsaanbodkurwe wat op die goudmynbedryf se swart arbeidsmag van toepassing was, nie die individuele (of sogenaamde "backward-bending") arbeidsaanbodkurwe was nie, maar die totale (of mark-) arbeidsaanbodkurwe wat 'n positiewe helling het.[51)]

Laasgenoemde kom daarop neer, dat wanneer die geldlone van arbeiders as 'n groep verhoog word, styg die geleentheidskoste van ontspanning vir diegene wat nie geldloonarbeid verrig nie, in hierdie geval swartes in die landelike gebiede. Terselfdertyd styg geldlone in die betrokke bedryf of sektor relatief tot dié in ander sektore of bedrywe en selfs ander streke en lande. Wanneer geldlone verhoog word, versterk hierdie twee kragte mekaar en arbeidsaanbod neem toe. Die teenoorgestelde gebeur wanneer geldlone verlaag word.

In die praktyk het presies gebeur wat die teorie voorspel. Soos by herhaling in hierdie hoofstuk aangetoon is, het swartes hulle arbeid weerhou elke keer wanneer

51) Vir 'n uiteensetting van die teorie van die verskillende arbeidsaanbodkurwes sien McConnell en Brue (1989:150-1) en Hamermesh en Rees (1988:37-41).

die Kamer van Mynwese hulle geldlone verlaag het. Die Kamer het egter nooit gedurende die periode 1889 tot 1970 swart geldlone verhoog om arbeidstekorte uit te wis nie, maar eerder ander maniere gebruik soos om 'n goedkoper arbeidsmag (soos Chinese en tropiese swartes) te huur. Die Kamer het inteendeel 'n plafon (die sogenaamde maksimum gemiddelde) op gemiddelde swart geldlone geplaas.

Dat die Kamer van Mynwese se argument na alle waarskynlikheid vals was, blyk uit die feit dat die spoorweë, wat ook afhanklik van swart trekarbeiders was, by 'n paar geleenthede geldlone verhoog het om swart arbeidstekorte uit te wis.[52)] Die Kamer se argument is ook deur Wilson (1972a:75) en Lipton (1980:109) as vals verwerp. Lipton wys daarop dat toe die goudprys in die sewentigerjare skerp gestyg het, het die Kamer van Mynwese inderdaad geldlone verhoog om 'n swart arbeidstekort uit te wis.

Beide Wilson en Lipton het gevolglik tot die slotsom gekom dat die Kamer van Mynwese se argument niks anders as 'n rasionalisasie vir lae swart geldlone was nie. Wat hulle egter skynbaar nie ingesien het nie, was dat die Kamer se argument dat blankes nie sogenaamde 'kafferwerk' kon en wou doen nie, ewe aanvegbaar was, en bloot 'n rasionalisasie was om nie die ongeskoolde swart arbeidsmag met ongeskoolde blankes aan te vul wanneer daar 'n tekort aan swart arbeiders was nie. Feit van die saak is dat die Kamer van Mynwese twee hoogs aanvegbare argumente gebruik het om sy loon- en indiensnamebeleid, en gevolglik die buitengewoon groot rasseloongaping in die goudmynbedryf te rasionaliseer.

---

52) Sien afdelings 5.2 en 5.3

### 3.7 Die rasseloongaping vergroot dramaties: 1949-70

Ten spyte van die sukses wat die Kamer van Mynwese gehad het om veral swart geldlone te minimaliseer, het die goudmynbedryf teen 1948 as gevolg van inflasie weer 'n kostekrisis in die gesig gestaar. Die krisis was egter nie so erg soos na die Eerste Wêreldoorlog nie en is in 1949 afgeweer danksy die devaluasie van die Suid-Afrikaanse pond. Dit het die goudprys met 44 persent verhoog en die bedryf gestimuleer (Katzen 1964:29). Bestaande myne het op groter dieptes winsgewend geraak en verskeie nuwe myne het na 1949 in Transvaal en ook (vir die eerste maal) in die Vrystaat in bedryf gekom (Webb 1983:192). Dit het die arbeidsbehoeftes van die bedryf verder vergroot.

Na 1948 is die goudmynbedryf se dominasie van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark egter finaal beëindig deur die private vervaardigingsektor wat van krag tot krag gegaan het.[53)] Die vraag na arbeid het gevolglik nie nét in die goudmynbedryf gestyg nie, maar ook in die res van die ekonomie. Die resultaat was 'n tekort aan swart en blanke arbeid en opwaartse loondruk (Stahl 1981:22). Om dit teen te werk, het die Kamer van Mynwese volhard met die meeste van sy tradisionele praktyke en metodes. Die gevolg was dat die rasseloongaping teen 1970 ongeveer 50 persent groter was as in 1948 (sien figuur 1).

53) Sien afdeling 4.6

### 3.7.1 Die swart arbeidstekort word uitgewis

Gedurende die vroeë vyftigerjare was die swart arbeidstekort in die goudmynbedryf tussen 15 en 23 persent (Wilson 1972a:87). Tog het die Kamer van Mynwese steeds geen reële loonverhogings aan die swart arbeidsmag toegestaan nie (sien tabel 4). Die Kamer het die tekort eerder probeer teenwerk deur voort te gaan met arbeidsbesparende meganisasie. Tegelykertyd is volgehou om nuwe arbeidsbronne te ontwikkel.

Die Kamer het egter beperkte sukses gehad met die besparing van swart arbeid deur meganisasie. Die insentief om te meganiseer - die feit dat swart arbeid duurder en skaarser geword het - het wel bestaan. Verreweg die meeste swartes in die goudmyne word egter gebruik vir sogenaamde afbouing ("stoping"), die fase waarin die erts ondergronds uitgehaal word. Omdat goud in Suid-Afrika voorkom in stroke skaars dikker as 'n potlood op 'n gemiddelde diepte van 1 600 meter en boonop in van die hardste rots ter wêreld, was dit nie maklik om take wat met afbouing verband hou, te meganiseer nie. Daarom was 'n groot ongeskoolde swart arbeidsmag deurgaans nodig (Wagner en Boers 1988:15-6). Teen 1956 was 'n swarte met 'n graaf steeds die basiese produksie-eenheid ondergronds (Black en Edwards 1957:9).

Om die swart arbeidstekort en opwaartse loondruk teen te werk, het die Kamer meer sukses gehad met die ontwikkeling van nuwe arbeidsbronne. Reeds voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die mynbase besef dat die goudmynbedryf sy mededingendheid in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark gaan verloor. Daarom is in die dertiger- en veertigerjare groot bedrae bestee aan die ontwikkeling

van die totaal onderbenutte tropiese arbeidsbronne. Tropiese swartes was relatief vrylik beskikbaar en die WNLA het stelselmatig al hoe meer van hulle ingevoer (Yudelman en Jeeves 1986:106, 112). Dit was baie suksesvol en het deels daartoe bygedra dat die knaende tekort aan swart arbeid teen 1958 uitgewis was.[54)] Black (1960:74) meen egter dat die swart arbeidsurplus moontlik die insentief verminder het om take te meganiseer wat met afbouing verband gehou het.

Na 1958 het die goudmynbedryf al hoe meer afhanklik van vreemde swart arbeid - spesifiek tropiese arbeid - geword om te ontkom aan mededinging in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark.[55)] Die mynbase het van 1960 tot 1970 die aantal vreemde swartes as persentasie van die totale swart arbeidsmag van 60 tot 72 persent verhoog (sien tabel 6). In dieselfde periode het die aantal tropiese swartes as persentasie van die aantal vreemde swartes van 23,6 tot 31,5 persent toegeneem (Lipton 1980:94). Vanaf 1959 tot aan die einde van 1969 was daar (met die uitsondering van normale seisoenale fluktuasies) deurgaans 'n ooraanbod van vreemde swartes in die bedryf (Mining Survey, September 1970:8).

Vreemde swartes was gretig om op die Suid-Afrikaanse goudmyne te kom werk, want hulle kon hoër geldlone hier verdien as in hulle onderskeie lande van herkoms. Dit het die Kamer van Mynwese in staat gestel om te volhard met sy lae-geldloon-beleid, want vreemde swartes was ook bereid om teen laer geldlone as Suid-Afrikaanse swartes te werk. Die president van die Kamer van Mynwese het dit by geleentheid só gestel:

---

54) Vir nog redes waarom die tekort uitgewis is, maar wat nie direk verband hou met aksies van die WNLA nie, sien Rodseth (1959:102-4).

55) Die mynbousektor het in 1964 byvoorbeeld twee-derdes van alle vreemde swartes in diens gehad. Hiervan het 79 persent op goudmyne gewerk wat by die Kamer van Mynwese geaffilieer was (Leistner 1967:33).

"Cash earnings in the industry are highly competitive with wages in the extensive tribal areas from which the industry draws its unskilled workers but appears low if related to the earnings of more advanced categories of labour...." (Mining Survey, September 1963:13).

Daar was egter ook verskeie ander redes waarom gemiddelde swart geldlone relatief laag gebly het.

Eerstens het artikel 12(2)(a) van die Wet op Myne en Bedrywe van 1956 (wet no. 27 van 1956) swartes steeds verbied om sekere hoogsbesoldigde take te verrig - 'n aspek van die kleurslagboom. Tweedens het die Wet op Arbeidsverhoudinge (wet no. 28 van 1956) bepaal dat swartes steeds nie aan geregistreerde vakbonde kon behoort nie. Derhalwe kon hulle ook nie die amptelike bedingingsmasjinerie (waarvoor die wet voorsiening gemaak het) gebruik om vir hoër geldlone te beding nie (Van der Merwe 1972:194, 167). Boonop het die Wet op Arbeidsverhoudinge ook ruimte gelaat vir geslote geledere ooreenkomste. Dit het blanke ambagsvakbonde op die myne (en in die res van die ekonomie) die geleentheid gegee om swart ambagslui uit te sluit van sekere hoogsbesoldigde take, omdat swartes tegelykertyd nie toegelaat was om aan geregistreerde vakbonde te behoort nie[56)] (Van der Horst 1981:43-4).

Derdens was die maksimum gemiddelde steeds van toepassing op swart geldlone. Die Kamer het egter gedurende hierdie periode ook 'n minimum loonvlak vasgestel. In 1955 was dit 30 sent per skof. Swartes kon meer verdien solank gemiddelde geldlone net nie 40 sent per skof oorskry het nie (Hudson 1973:74). In die vroeë sestigerjare is die maksimum gemiddelde vir die hoogsbesoldigste 15 persent van die

56) Eers nadat swart trekarbeiders in 1981 ingesluit is by die amptelike bedingingsmasjinerie, en die Kamer van Mynwese in 1982 sy houding teenoor swart vakbonde verander het, het swart vakbonde 'n faktor in die bedryf geword om mee rekening te hou (Crush 1989:8).

swart arbeidsmag egter afgeskaf na vertoë deur Anglo American Corporation (Wilson 1972a:107). Gedurende 1964 is die minimum loonvlak ook met ongeveer 10 persent verhoog (Mining Survey, Augustus 1964:8). Hierdie aanpassings het gemiddelde swart geldlone vinnig laat styg (sien tabel 1) en opwaartse druk op die maksimum gemiddelde geplaas. Fenske en Main (1973:303) verduidelik die toepassing van die maksimum gemiddelde gedurende hierdie periode só:

> "....it appears that the so-called maximum permissible average does not actually keep wages down; it merely acts as an indicator and not as a ceiling. In practice, mine wages show a rising tendency which takes the average on some mines past this indicator. The consequence is not action against the mine that has gone out of line; it is rather a recognition that a new higher level has been reached and the indicator is changed".

Die deurslaggewende faktor wat hoër swart geldlone gedurende die sestigerjare moontlik gemaak het, was egter hoër produktiwiteit. Dit was enersyds die gevolg van meganisasie (Mining Survey, September 1967:12) en andersyds die gevolg van doelgerigte beroeps- en loondifferensiasie. Hudson (1973:71-2) skryf dat die mynbase reeds in 1946 begin wegbeweeg het van die standpunt dat die swart arbeidsmag net 'n ongedifferensieerde massa is. Daarna is beroeps- en loondifferensiasie, wat spesifiek op hoër produktiwiteit gerig was, stapsgewys ingefaseer. Die Anglo-groep het die voortou geneem (De Villiers 1962:205-6). Gedurende die sestigerjare het dit dividende begin oplewer wat in 'n sekere mate aan die swart arbeidsmag deurgegee is. Die president van die Kamer van Mynwese het in 1967 byvoorbeeld daarop gewys dat:

> "Although for some years there has been no shortage of Bantu labour, the average earnings of Bantu employees are rising at about twice the

rate that the consumer price index is rising" (Mining Survey, September 1967:15).

Ten spyte hiervan was gemiddelde reële swart geldlone in 1970 steeds laer as in 1910 (sien tabel 4). Swartes in die goudmynbedryf het ook vanaf 1933 geleidelik al hoe verder agter geraak by swartes in die private vervaardigingsektor. In 1970 het hulle drie keer minder verdien as swartes in die private vervaardigingsektor, terwyl hulle geldlone in 1933 presies dieselfde as in die private vervaardigingsektor was (sien tabel 8). In vergelyking met swartes in die res van die mynbousektor was hulle egter nie so sleg daaraan toe nie. Hulle gemiddelde geldloon van R194 per jaar in 1969 het goed vergelyk met die gemiddelde geldlone van ander swartes op asbes-, steenkool- en mangaanmyne wat onderskeidelik R197, R193 en R184 in 1969 verdien het. Swartes in die goudmynbedryf was egter swakker daaraan toe as swartes in die diamant- en kopermynbedrywe wat onderskeidelik R304 en R284 per jaar in 1969 verdien het (Fenske en Main 1973:303).

Wat egter meer opvallend gedurende hierdie periode was, was dat swartes in die goudmynbedryf al hoe verder agtergeraak het by blankes in die bedryf. Om dit in perspektief te sien moet die faktore wat opwaartse druk op gemiddelde blanke geldlone geplaas het, ook in oënskou geneem word.

### 3.7.2 'n Akute tekort aan blanke arbeid

Na 1948 was daar deurgaans 'n tekort aan blanke arbeid in die goudmynbedryf wat baie sterk opwaartse druk op blanke geldlone tot gevolg gehad het. Enersyds was

mededinging met die private vervaardigingsektor in die blanke arbeidsmark baie straf en andersyds het blanke vakbonde in die bedryf die situasie goed gebruik en gedurig hoër geldlone geëis.

Blanke vakbonde het byvoorbeeld onmiddellik na die devaluasie van die Suid-Afrikaanse pond in 1949 daarin geslaag om 'n minimum loonverhoging van 15 persent te beding. Boonop het alle blankes met een jaar en langer diens 'n bonus van R50 ontvang en oortydlone is van 1,5 tot 2 maal die normale geldloonvlakke verhoog. In 1950 was die gemiddelde blanke geldloon gevolglik 81 sent per skof hoër as in 1948 (Wilson 1968:497).

Die Kamer van Mynwese kon nie aan stygende blanke arbeidskoste ontsnap (soos in die geval van swart arbeid) deur nuwe arbeidsbronne te ontwikkel nie. Daar was ook nie meer ruimte om meer (goedkoop) Suid-Afrikaans gebore blankes in verhouding tot (duur) immigrante te huur nie. Byna 90 persent van die blanke arbeidsmag in die mynbousektor was reeds Suid-Afrikaans geborenes (sien tabel 7). Boonop het die skerp styging in die vraag na blanke arbeid (veral in die private vervaardigingsektor) die oorblyfsels van die armblankevraagstuk vinnig opgelos. Al moontlikhede wat vir die Kamer van Mynwese oorgebly het om stygende blanke arbeidskoste teen te werk, was om voort te gaan met die meganisasie van die produksieproses en om te probeer om meer (goedkoop) swartes in verhouding tot (duur) blankes in diens te neem.

Wilson (1972a:85) wys egter daarop dat meganisasie eerder die vraag na geskoolde blankes verhoog het en meer swart arbeid in verhouding tot blanke arbeid bespaar het, soos sedert 1932 reeds die geval was (sien tabel 5). Die gevolg was dat

gemiddelde blanke geldlone steeds opgedruk is. Die Kamer van Mynwese kon nietemin daarin slaag om die koers van blanke loonverhogings laer as dié in die private vervaardigingsektor te hou, omdat blanke mynwerkers steeds 'n loonvoordeel bo die vervaardigingsektor gehad het (sien tabel 8). Meganisasie na die Tweede Wêreldoorlog (veral op die Vrystaatse goudveld) het ook bygedra tot die grootste styging in produktiwiteit in dié stadium in die bedryf (Innes 1984:152). Dit het vergoed vir stygende blanke geldlone, maar daar was steeds 'n blanke arbeidstekort.

Mededinging met die res van die ekonomie in dieselfde arbeidsmark het egter al hoe strawwer geword. In die sestigerjare het die tekort aan blanke arbeid akuut geraak en die Kamer van Mynwese moes kort-kort toegee aan looneise van die 9 blanke vakbonde in die bedryf. Gedurende die laaste helfte van 1962 het hulle loonverhogings beding wat die bedryf 'n ekstra R7 miljoen per jaar gekos het (Mining Survey, September 1963:11-2). Einde 1963 het verdere looneise gevolg wat op 'n dispuut uitgeloop het. Nadat die Minister van Arbeid 'n versoeningsraad (ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge) aangestel het, het die twee partye in Maart 1964 tot 'n vergelyk gekom oor loonverhogings vir blankes in die laer inkomstegroepe (Mining Survey, Augustus 1964:7). Ten spyte van hierdie loonverhogings het die loonvoordeel wat blanke mynwerkers bo blankes in die private vervaardigingsektor gehad het, aanhou krimp (sien tabel 8).

Die mynbase het toe besef dat hoër produktiwiteit as gevolg van meganisasie alleen nie aanhoudend vir stygende blanke arbeidskoste kon vergoed nie.[57] Die arbeids-

57) Die president van die Kamer van Mynwese het in 1967 in sy jaarlikse presidentsrede opgemerk: "Productivity in the mining industry has improved markedly over the years, mainly as the result of improved techniques and increased mechanization. This has made it possible for employers more easily to meet the demands for wage rises resulting from the competition for the limited skilled labour available.....However, advances in productivity as a result purely of technical progress can no longer effectively cushion increases in the wage bill." (Mining Survey, September 1967:12).

mag self sou meer ekonomies saamgestel moes word. Om dit te vermag, was egter nie maklik nie, omdat die kleurslagboom steeds op die wetboek was.

Blanke vakbonde het enige poging om swartes in blanke poste aan te stel onmiddellik teengegaan (Wilson 1972a:115). Die Kamer van Mynwese het blanke vakbonde probeer oorreed om toe te gee dat swartes sekere minder belangrike take by blankes oorneem wat arbeidsproduktiwiteit sou verhoog. In ruil daarvoor sou geen blankes afgedank word nie. Wat die Kamer in gedagte gehad het was:

> "....the shifting of some duties and responsibilities for underground work from White mine workers to experienced Bantu, notably the 'seeing in' of working gangs in areas where no blasting has taken place. This absolved the White miner from the time-consuming duty of examining every working place personally before his gang of Bantu could enter and start work, and eliminating many man-hours of waiting time on the part of the Bantu workers themselves" (Mining Survey, September 1966).

In 1964 het 12 goudmyne met die ondersteuning van blanke vakbonde hiermee begin eksperimenteer. Die eksperiment was 'n sukses. Produktiwiteit het gestyg en beide blanke en swart geldlone is verhoog. Teenkanting deur sommige lede van die MWU het egter uitgeloop op 'n kommissie van ondersoek waarna die eksperiment gestaak is. Teen Februarie 1966 was die bedryf kort aan ongeveer 2 000 geskoolde blankes en druk op die kleurslagboom het net verder opgelaai (Wilson 1972a: 115-6).

In Junie 1966 het die Kamer van Mynwese en blanke vakbonde weer begin onderhandel. In beginsel is toe ooreengekom dat die Kamer verdere loonverhogings sou toestaan indien die vakbonde sekere toegewings oor die kleurslagboom maak wat sou kon lei tot hoër produktiwiteit. Geen blanke sou afgedank word nie (Mining Survey, September 1967:12-4). As uitvloeisel hiervan is in 1967 oorgegaan van 'n daaglikse na 'n maandelikse betaalstelsel vir vakbondlede. Dit het die loonrekening met R13 miljoen per jaar opgestoot en was in daardie stadium die grootste enkele loonverhoging in die geskiedenis van die goudmynbedryf (Mining Survey, September 1968:8).

In September 1969 het die president van die Kamer van Mynwese egter gekla dat produktiwiteit nie gestyg het soos wat verwag is nie, maar tog tevredenheid uitgespreek oor die toegewings wat blanke vakbonde gemaak het (Mining Survey, September 1969:6). Nog 'n loonverhoging het in Maart 1970 gevolg, maar ten spyte hiervan was die goudmynbedryf steeds kort aan 1 800 geskoolde blankes (Mining Survey, September 1970:8).

Die Kamer van Mynwese het gedurende die sestigerjare nietemin daarin geslaag om blanke arbeid te bespaar deur meer swartes in verhouding tot blankes te huur. Teen 1970 was die blanke arbeidsmag selfs kleiner as in 1948. Dit kan egter nie nét aan die substitusie van blankes vir swartes toegeskryf word nie, want 'n aantal blankes het hulle werk gedurende die sestigerjare verloor as gevolg van die sluiting van sekere myne en die inkorting van produksie by ander (Mining Survey, September 1968:8).

Blanke verset gedurende hierdie periode (deur veral die MWU) teen die Kamer se aanslag op die kleurslagboom kan goed begryp word, as in ag geneem word dat daar teen 1970 weer net soveel swartes in verhouding tot blankes in die bedryf was as na die 1922-staking (sien tabel 5). Blanke geldlone het egter vanaf 1948 tot 1970 byna 2 keer vinniger gestyg as swart geldlone (sien tabel 1). In reële terme was die blanke arbeidsmag 73 persent beter daaraan toe as in 1948 en die swart arbeidsmag net 13 persent (sien tabel 4). Die rasseloongaping het gevolglik dramaties vergroot en in 1970 op 20,84:1 te staan gekom (sien tabel 2 en figuur 1). Dit was verreweg die grootste verskil ooit tussen gemiddelde blanke en swart geldlone in enige bedryf of sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

### 3.8 Perspektief op die buitengewoon groot rasseloongaping in die goudmynbedryf

Om die buitengewoon groot rasseloongaping in die goudmynbedryf, en die dramatiese vergroting daarvan na 1948 in perspektief te sien, moet in die eerste plek daarop gelet word dat die bedryf se swart arbeidsmag hoofsaaklik uit vreemde swartes (wat 'n aansienlike persentasie tropiese swartes ingesluit het) bestaan het. Gevolglik was die rasseloongaping in die goudmynbedryf teen 1970 hoofsaaklik 'n loongaping tussen 'n minderheid blanke Suid-Afrikaners en 'n massa swartes uit ander Suider-Afrikaanse state. Daarom was dit 'n baie swak barometer van rasseloonverskille tussen Suid-Afrikaners en moet dit versigtig geïnterpreteer word.

Tweedens moet onthou word dat die hoë gemiddelde geldlone van die blanke arbeidsmag in die goudmynbedryf die resultaat was van 'n akute tekort aan geskoolde arbeid. Die goudmynbedryf moes al hoe meer met veral die opkomende private vervaardigingsektor meeding om skaars geskoolde arbeid. Die belangrike

punt wat onder oë gesien moet word, is dat gemiddelde blanke geldlone in verhouding tot dié in die private vervaardigingsektor van 2,09:1 in 1933 tot 1,19:1 in 1970 gedaal het (sien tabel 8). Dit het plaasgevind ondanks die beskerming van die kleurslagboom en die vakbondregte wat die blanke mynwerkers geniet het. Die relatiewe daling in die gemiddelde geldlone van blanke mynwerkers is verder in perspektief, as verreken word dat daar boonop 'n aansienlike aantal blanke vroue in die private vervaardigingsektor werksaam was, en dat dit afwaartse druk geplaas het op die koers waarteen gemiddelde blanke geldlone in dié sektor gestyg het.[58)]

Derdens moet verreken word dat myne 'n baie gevaarliker werkplek as fabrieke is, en dat blanke mynwerkers langer aan gevaar blootgestel was as die swart arbeidsmag wat die myne na die voltooiing van hulle dienskontrakte verlaat het. Hamermesh en Rees (1988:335) wys daarop dat risiko een van die faktore is wat verklaar waarom geldlone in feitlik alle lande hoër in die mynbou as in die vervaardigingsektor is. As toegelaat word vir risiko, was gemiddelde blanke geldlone in die goudmynbedryf teen 1970 na alle waarskynlikheid min of meer op pariteit met dié in die private vervaardigingsektor.

Die buitengewoon groot rasseloongaping wat tot en met 1970 in die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf aanwesig was, beteken dus nie noodwendig dat blanke mynwerkers abnormaal hoë geldlone ontvang het nie. Eweso kan ook nie uit die rasseloongaping in die goudmynbedryf afgelei word dat Suid-Afrikaanse swartes gruwelik onderbesoldig was nie, omdat relatief min Suid-Afrikaanse swartes op die goudmyne gewerk het en daar in die sestigerjare nie 'n swart arbeidstekort was nie. Boonop was daar 'n permanente omset van ongeskoolde swartes as gevolg van die

58) Sien afdeling 4.4.3.2

trekarbeidstelsel. Verskille in arbeidsomset en geskooldheidsvlak is twee verdere faktore wat rasseloonverskille verklaar.

Om 'n getroue aanduiding van rasseloonverskille tussen Suid-Afrikaners te kry, is dit beter om op die private vervaardigingsektor en die spoorweë en hawens te fokus. Die invloed wat die rasseloongaping in die goudmynbedryf op rasseloonverskille in dié sektore gehad het, moet egter nie buite rekening gelaat word nie. 'n Belangrike punt in hierdie verband is dat die goudmynbedryf (en in 'n mindere mate ook die diamantmynbedryf) die oplossing van die armblankevraagstuk op die private vervaardigingsektor en die SAS & H afgeskuif het. Soos in die volgende twee hoofstukke aangetoon sal word, het dit 'n deurslaggewende invloed op geldloonpeile en uiteindelik ook op rasseloonverskille in die res van die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad.

# HOOFSTUK 4

# DIE RASSELOONGAPING IN DIE PRIVATE VERVAARDIGINGSEKTOR

## 4.1 Inleiding

Hoewel die opkoms van die goud- en diamantmynbedrywe gedurende die laaste kwart van die vorige eeu skouspelagtig was, was die opkoms van die private vervaardigingsektor gedurende hierdie eeu die belangrikste strukturele verandering wat die Suid-Afrikaanse ekonomie ondergaan het (Kleu 1973:456). Dit het ook deurgewerk tot die arbeidsmark, met die gevolg dat die private vervaardigingsektor mettertyd 'n deurslaggewende invloed op die grootte van die rasseloongaping in die totale Suid-Afrikaanse ekonomie begin uitoefen het.

Aanvanklik was die loonstruktuur in die goud- en diamantmynbedrywe die standaard vir geldloonvlakke in die private vervaardigingsektor (Lewis 1984:52-3). Gevolglik was die blank:swart-loongaping in laasgenoemde sektor aan die begin van hierdie eeu byna net so groot soos dié in die mynbousektor. Daarna het die gaping relatief min verander terwyl dit in die mynbousektor, en veral in die goudmynbedryf, geleidelik groter geword het. Dit volg omdat daar 'n paar deurslaggewende verskille tussen die twee sektore was.

In die eerste plek was die markstruktuur in die private vervaardigingsektor tot ten minste met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog relatief mededingend, terwyl

mededinging in die mynbousektor gou moes plek maak vir 'n monopolistiese markstruktuur (Davies 1977:157:8). Daarmee saam was die private vervaardigingsektor, anders as die goudmynbedryf, nie deur 'n vaste prysvlak gebind nie. Dit het beteken dat geldloonvlakke in die private vervaardigingsektor baie makliker kon styg as in die goudmynbedryf. Daarom was daar nooit 'n behoefte by private vervaardigers om absolute beheer oor die swart arbeidsmag te kry en hulle geldlone af te druk nie. Gevolglik het gemiddelde swart geldlone in die private vervaardigingsektor nooit so vêr by gemiddelde blanke geldlone agtergeraak soos in die goudmynbedryf nie.

Tweedens was die samestelling van die arbeidsmag in die private vervaardigingsektor baie meer gekompliseerd as in die mynbousektor. Omdat arbeiders se fisieke vermoëns nie so deurslaggewend in die vervaardigingsektor soos in die myne is nie, het die ongeskoolde arbeidsmag van die private vervaardigingsektor reg van die begin af ook kleurlinge, Asiërs[1)] en boonop ook 'n aansienlike aantal vroue uit alle rassegroepe ingesluit, en nie net swart mans soos in die mynbousektor nie. Terwyl die mynbousektor baie swaar op swart trekarbeid en geskoolde blankes gesteun het, het die private vervaardigingsektor ook groot getalle stedelike swartes en armblankes in diens geneem. Dit het die rasseloongaping baie meer ingewikkeld gemaak as in die mynbousektor, want 'n loongaping het nie slegs tussen blankes en swartes ontstaan nie, maar ook tussen blankes en kleurlinge, en blankes en Asiërs onderskeidelik.

Derdens het produksietegnieke in die private vervaardigingsektor met verloop van tyd so verander dat 'n behoefte aan 'n groot gevestigde semi-geskoolde arbeidsmag ontstaan het, bo en behalwe die tradisionele behoefte aan geskoolde en ongeskoolde arbeiders. Die semi-geskoolde arbeidsmag het werkers uit alle rasse-

1) Verreweg die meeste Asiërs was Indiërs.

groepe ingesluit. Enersyds het dit afwaartse druk op gemiddelde blanke geldlone geplaas en andersyds opwaartse druk op gemiddelde nie-blanke geldlone. Sodoende het dit help verhoed dat die rasseloongaping so groot soos in die goudmynbedryf word.

Vierdens was daar tot en met die Tweede Wêreldoorlog nie 'n kleurslagboom in die private vervaardigingsektor, wat die nie-blankes verhoed het om na hoër besoldigde poste te vorder nie. Daar was egter omvattende wetgewing wat geldloonvlakke gereguleer het. Anders as in die goudmynbedryf waar die maksimum gemiddelde 'n plafon op gemiddelde swart geldlone geplaas het, het hierdie wetgewing minimum geldloonvlakke bepaal. Dit het ook 'n gelykmakende invloed op rasseloonpeile in die private vervaardigingsektor gehad.

'n Laaste belangrike verskil tussen die private vervaardigingsektor en die mynbousektor is dat eersgenoemde hoogs afhanklik van die arbeidsmag se koopkrag is, terwyl laasgenoemde net hulle fisieke krag nodig het. Gevolglik was dit van meet af aan vir private vervaardigers belangrik dat ongeskoolde werkers ook goed besoldig moes word. Dit het daartoe gelei dat private vervaardigers met verloop van tyd al hoe meer druk op die regering begin uitoefen het om die rasseloongaping in die totale ekonomie te vernou.

Die ontstaan van en veranderinge in die rasseloongaping in die private vervaardigingsektor word vervolgens in fynere besonderhede ondersoek en geëvalueer.

## 4.2 Die vroeë ontwikkeling van die private vervaardigingsektor: 1860-1910

Voor 1860 was fabrieke in Suid-Afrika beperk tot die hawedorpe en -stede. Hulle was van min betekenis en het hoofsaaklik verbruiksartikels geproduseer (Doxey 1961:68). Na 1860 het die goud- en diamantmynbedrywe 'n mark in die binneland vir 'n groter reeks artikels geskep. Suid-Afrikaanse nyweraars kon egter nie hierdie geleentheid ten volle benut nie omdat verskeie faktore negatief ingewerk het op plaaslike nywerheidsontwikkeling.

Eerstens is die meeste verbruiks- en kapitaalgoedere van die buiteland af ingevoer omdat die mynbousektor genoeg valuta verdien het om daarvoor te betaal.[2)] Tweedens kon Suid-Afrikaanse nywerhede nie op dreef kom nie want hulle kon nie met die myne meeding om genoeg kapitaal en geskoolde arbeid te bekom nie (Houghton 1976:121). Derdens was dit baie moeilik vir kleinskaalse nywerhede in Suid-Afrika om effektief met gevestigde buitelandse nywerhede op die plaaslike mark mee te ding. Boonop was plaaslike verbruikers ook baie bevooroordeeld teenoor Suid-Afrikaanse produkte (Report of the Commission appointed to inquire into the Conditions of Trade and Industries 1912:13).

Daar was egter ook positiewe faktore wat op die lang termyn deurslaggewend was vir die ontwikkeling van die plaaslike vervaardigingsektor. So byvoorbeeld het die regering van die Kaapkolonie na 1872 verskeie invoerbelastings ingestel om die staatskas aan te vul (Bozzoli 1975:196). Dit het 'n mate van beskerming aan Kaapse nywerhede verleen en die meeste nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika (ongeveer

2) In 1896 het die Kaapkolonie kapitaal- en verbruiksgoedere ter waarde van R37 542 742 ingevoer. Die Zuid-Afrikaanche Republiek se invoere het R28 176 260 beloop. Ongeveer 75 persent van hierdie invoere was uit die Verenigde Koninkryk afkomstig (South African Yearbook, 1902-3 1903:225-8).

die helfte) het voor 1904 in die Kaapkolonie plaasgevind.[3] Ook in Transvaal (waar 'n derde van alle nywerheidsontwikkeling gedurende hierdie tyd plaasgevind het) het die regering redelike swaar invoertariewe gehef wat plaaslike nywerheidsontwikkeling in 'n mate gestimuleer het (South African Yearbook, 1902-3 1903:303).

Die volgende stimulus vir nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika was die Anglo-Boereoorlog. Aan die einde van die oorlog het plaaslike nywerhede plofstof, stewels, sement en dinamietkerse aan die mynbousektor gelewer en ook 'n groot reeks verbruiksgoedere aan die publiek (Innes 1984:118). Na die oorlog is plaaslike vervaardigers weer swaar getref deur oorsese mededinging. Hulle het toe verskeie drukgroepe gestig om die regering om te haal om hulle nywerhede te beskerm (Bozzoli 1975:197). 'n Mate van verligting het in 1906 gekom toe beperkte beskerming aan sekere nywerhede verleen is (Pearsall 1937:413). Om hierdie stappe te ondersteun, het die spoorweë Suid-Afrikaanse produkte teen voorkeurtariewe vervoer (Report of the Commission appointed to inquire into the Conditions of Trade and Industries 1912:13).

Aanvanklik was die arbeidsmag in die fabrieke min of meer op dieselfde basis saamgestel as in die goudmyne. 'n Aantal hoogsbesoldigde geskoolde blankes is gekombineer met 'n massa laagsbesoldigde ongeskoolde nie-blankes (Van der Horst 1942:238). Daar was egter uitsonderings waar nie-blankes wel geskoolde werk verrig het. In die Kaapkolonie (waar die ongeskoolde arbeidsmag hoofsaaklik uit kleurlinge en swartes bestaan het) het kleurlinge selfs 64 persent van die geskoolde

3) Volgens 'n sensus wat in 1891 in die Kaapkolonie gehou is, was daar in dié jaar 2 230 fabrieke wat 32 735 arbeiders in diens gehad het en R18 477 740 se goedere geproduseer het (South African Yearbook, 1902-3 1903:240). Dit is egter nie vergelykbaar met latere nywerheidsensusse wat in die Unie gehou is nie.

arbeidsmag in die klerebedryf uitgemaak (Report of the Commission appointed to inquire into the Conditions of Trade and Industries 1912:53).

Uit getuienis wat in 1906 voor 'n Kaapse parlementêre komitee oor fabriekswetgewing afgelê is, het die volgende oor die geldloonpeile van die onderskeie rassegroepe aan die lig gekom. Swartes het 35 tot 40 sent per week en kleurlinge 45 tot 50 sent per week vir dieselfde werk ontvang. In 'n sekere voedselfabriek het geskoolde kleurlinge egter R6 per week en geskoolde blanke immigrante R9 tot R10 per week ontvang (Simons en Simons 1969:75).

Hoewel hierdie data te min en te onvolledig is om 'n berekening van die loongaping tussen blankes en ander rasse in die totale private vervaardigingsektor van Suid-Afrika gedurende hierdie periode te maak, is dit nietemin duidelik dat blankes van meet af aan die hoogste geldlone verdien het, gevolg deur kleurlinge en laastens swartes wat die minste verdien het.

## 4.3 Die rasseloongaping in die private vervaardigingsektor kom na vore: 1911-21

Na die unifikasie van Suid-Afrika in 1910 het die kwessie van nywerheidsbeskerming sterker op die voorgrond getree en is nywerheidsontwikkeling verder gestimuleer.[4] Die private vervaardigingsektor het permanente beslag gekry en die loongaping tussen blankes en nie-blankes het duidelik na vore gekom.

---

4) In hierdie stadium het die private vervaardigingsektor slegs 6,8 persent tot die nasionale inkome bygedra teenoor die mynbousektor se 27,5 persent en die landbou se 16,1 persent. Die goudmynbedryf alleen het 19,6 persent tot die nasionale inkome bygedra (Frankel en Herzfeld 1944:133).

Die nuutverkose Botha-regering het dadelik 'n kommissie van ondersoek (Commission of Inquiry into the Conditions of Trade and Industries) aangestel om die plaaslike vervaardigingsektor in sy geheel te ondersoek. Die verslag van die Kommissie is in 1912 ter tafel gelê en daarin is aanbeveel dat plaaslike nywerhede beskerm moes word (Bozzoli 1975:200). Dit het in 1914 uitgeloop op die Doeanetarief Wet (wet no. 26 van 1914). Hoewel hierdie wet hoofsaaklik bedoel was om die staatsinkome aan te vul, het dit die Suid-Afrikaanse vervaardigingsektor tog 'n sekere mate van beskerming teen oorsese mededinging gebied (Houghton 1976:121).

Die Eerste Wêreldoorlog wat in 1914 uitgebreek het, was egter verreweg die belangrikste stimulus wat die private vervaardigingsektor gedurende hierdie periode gekry het. Ingevoerde goedere het duurder en skaarser geword en dit het nuwe moontlikhede vir plaaslike vervaardigers geskep. Die aantal fabrieke het van 3 998 in 1915-6 tot 6 890 in 1919-20 toegeneem (Kaplan 1976:74). Produksie het van R44 miljoen in 1910-1 tot R196 miljoen in 1920-1 gestyg (Pearsall 1937:414) en die bydrae van die private vervaardigingsektor tot die nasionale inkome van 6,8 persent in 1912 tot 9,8 persent in 1918 (Lumby 1983:203). Uit die eerste nywerheidsensus wat in 1915-6 in die Unie gehou is, blyk dit dat die vinnigste nywerheidsontwikkeling gedurende hierdie tyd aan die Rand plaasgevind het. Op daardie tydstip het die uitsetvlak van die Transvaalse nywerhede gelyk getrek met dié van die Kaapse nywerhede (Officieel Jaarboek van de Unie en van Basutoland, Bechuanaland-Protektoraat en Swaziland, 1910-16 1916:477).

Die sensus van 1915-6 het ook die indiensname- en loonprofiel van die totale private vervaardigingsektor blootgelê.[5] Blankes het die grootste persentasie (39 persent) van die totale arbeidsmag uitgemaak, gevolg deur swartes (35 persent), kleurlinge (15 persent) en Asiërs (11 persent). Vroue het 9,25 persent van die totale arbeidsmag uitgemaak waarvan ongeveer die helfte blanke vroue en ongeveer een-derde kleurlingvroue was. Blankes en swartes het in al vier provinsies groot persentasies van die arbeidsmag uitgemaak, maar verreweg die meeste kleurlinge en Asiërs was beperk tot onderskeidelik die Kaap en Natal.[6] Die blank:swart-loongaping was die kleinste in die Kaap (3,33:1), gevolg deur die Vrystaat (4,72:1), Transvaal (6,77:1) en Natal (7,38:1). In die Kaap was die blank:kleurling-loongaping 2,45:1 en in Natal was die blank:Asiër-loongaping 7,38:1 (Officieel Jaarboek van de Unie en van Basutoland, Bechuanaland-Protektoraat en Swaziland, 1910-16 1916:480-1).

Wanneer gemiddelde geldlone vir die onderskeie rassegroepe in die totale private vervaardigingsektor vir 1916 met mekaar vergelyk word, blyk dit dat gemiddelde blanke geldlone die hoogste was, gevolg deur gemiddelde kleurling-, swart en Asiër-geldlone. Die blank:kleurling-loongaping was 3,57:1, blank:swart-loongaping 5,61:1 en blank:Asiër- loongaping 6,28:1. Loongapings vir die jare 1918-24 kon nie bereken word nie omdat nie-blanke geldlone nie per rassegroep vir hierdie periode beskikbaar is nie (sien tabelle 9 en 10).

5) Hierdie sensus het egter ook staatsondernemings ingesluit. Daar is eers vanaf 1924-5 in die nywerheidsensusse onderskei tussen privaat- en staatsondernemings. Volgens hierdie sensusse is die private vervaardigingsektor opgedeel in 16 verskillende bedryfsklasse. Mettertyd is die bedryfsklassifikasie hersien en is nog bedryfsklasse bygevoeg.

6) In die Kaapprovinsie was Asiërs net 0,6 persent van die totale arbeidsmag en in Transvaal slegs 0,4 persent. In die Vrystaat was daar net 1 Asiërarbeider. In Natal was daar 3,4 persent kleurlingarbeiders, in Transvaal 1 persent en in die Vrystaat 1,5 persent (Officieel Jaarboek van de Unie en van Basutoland, Bechuanaland-Protektoraat en Swaziland, 1910-16 1916:480).

Die gemiddelde blanke geldlone was in alle bedryfsklasse die hoogste van al vier die rassegroepe. Gemiddelde kleurlinggeldlone was deurgaans die tweede hoogste. Gemiddelde swart geldlone was egter nie in alle bedryfsklasse hoër as gemiddelde Asiërgeldlone nie (sien tabel 12). Die grootste loongapings tussen blankes en ander rassegroepe was in die volgende bedryfsklasse: Metale en Werktuie; Voedsel en Drank; Chemikalieë; Warmte, Lig en Dryfkrag; en Bou- en Kontrakwerk. Die kleinste loongapings was in die bedryfsklasse Grondstowwe; Kledingstowwe en Weefsels; en Juweliersware (sien tabel 13).

Gemiddelde blanke geldlone was om min of meer dieselfde redes as in die goudmynbedryf hoog. Die vernaamste rede was dat blankes die hoogsbesoldigde geskoolde werk verrig het. Verreweg die meeste van hierdie geskoolde blankes is van oorsee ingevoer en geldlone in Suid-Afrika moes hoog genoeg wees om verhuising die moeite werd te maak (Van der Horst 1942:236). Die gemiddelde blanke geldlone was boonop hoër in Transvaal as in die Kaap as gevolg van die hoër lewenskoste aan die Rand en die feit dat die private vervaardigingsektor daar direk met die goudmyne moes meeding.[7)] Soos in die goudmynbedryf het geskoolde blankes hulle van meet af aan georganiseer in ambagsvakbonde en periodiek tot stakings oorgegaan. Daar was verskeie stakings in onder meer die drukkers-, klere- en meubelbedrywe. In die meeste gevalle het ambagslui hoër geldlone geëis.[8)]

Kleurlinge het hulle middelposisie daaraan te danke gehad dat hulle verspreid was oor die hele vervaardigingsektor en ook verteenwoordig was in geskoolde beroepe,

7) In 1916 was gemiddelde blanke geldlone R474 per jaar in Transvaal, en R240 per jaar in die Kaap (Officieel Jaarboek van de Unie en van Basutoland, Bechuanaland-Protektoraat en Swaziland, 1910-16 1916:481). Blanke mynwerkers het in daardie stadium R672 per jaar op die goudmyne aan die Rand verdien (sien tabel 1).
8) Vir 'n chronologiese opsomming van hierdie stakings sien Gitsham en Trembath (1926:15-23).

hoewel nie in dieselfde mate as blankes nie. Die Ekonomiese Kommissie van 1914 het die posisie van die Kleurlinge só opgesom:

> "In the Cape Province .....the coloured population forms a continuous gradation of labour between the white man at the one extreme and the native at the other. Many of the coloured people are highly efficient, and they have a share in almost every trade, but their wages seldom reach the level of the white man's, though often approximating to it. On inquiry it appeared that there was very little, if any, skilled work which the best of the coloured people were not capable of performing, but on the average the skilled white man is superior to the skilled coloured man. The sole class of work of which the coloured man appears to have at present no share to speak of is the work of control and management" (Report of the Economic Commission 1914:par. 62).

Wat vakbonde betref, was kleurlinge van al die nie-blanke arbeiders die beste daaraan toe. Anders as die blanke vakbonde in die mynbousektor wat alle nie-blankes lidmaatskap ontsê het, was die ambagsvakbonde in die private vervaardigingsektor meer pragmaties (Lewis 1984:13). In die Kaapprovinsie het baie van hierdie vakbonde hulle lidmaatskap oopgestel vir kleurlinge. In die Vrystaat en Transvaal is hulle egter lidmaatskap ontsê (Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie 1937:58).

Die vernaamste rede waarom swartes in baie bedryfsklasse die laagste geldlone ontvang het, was omdat hulle die laagsbesoldigste werk verrig het (Van der Horst 1942:236). Boonop was verreweg die meeste swart arbeiders in die private vervaardigingsektor in daardie stadium trekarbeiders (Wolpe 1972:439). Die trek-

arbeidstelsel het swart geldlone op verskeie maniere afgetrek. Eerstens was geldlone laag omdat dit bloot supplementêr tot boerderyinkomste was.[9)] Tweedens kon nyweraars aan swart trekarbeiders 'n lae bestaansminimumloon betaal omdat hulle gesinne in die landelike gebiede selfonderhoudend was (Wilson 1972b:149). Derdens het die trekarbeidstelsel verhoed dat swartes kwalitatief kon vorder omdat die arbeidsomset so hoog was. Die Ekonomiese Kommissie van 1914 het só hieroor gerapporteer:

> "Witnesses are unanimous in stating that the greatest hindrance to the efficiency of natives is the short period for which they work continuously" (Report of the Economic Commission 1914:par. 49).

Die swart arbeidsmag was gevolglik in 'n hoë mate 'n ongedifferensieerde ongeskoolde massa (Houghton 1960:183). Soos in die goudmynbedryf het hulle die laagste geldlone verdien[10)] en is hulle ook totaal uitgesluit deur blanke vakbonde, sodat hulle boonop 'n ongeorganiseerde massa was, oorgelaat aan hulle eie lot (Gitsham en Trembath 1926:13). Swart vakbonde het derhalwe onafhanklik van blanke vakbonde ontwikkel en in 1919 hul eerste tree gegee met die stigting van die Industrial and Commercial Workers' Union of Africa (ICU) onder leiding van Clements Kadalie (Lewis 1984:46).

Asiërs het (net soos swartes) die laagste geldlone ontvang omdat hulle meestal ongeskoolde werk verrig het, veral in die Natalse suikerbedryf (Report of the Commission of Inquiry into the Conditions of Trades and Industries 1912:81-3). Asiërs was nogtans ook verteenwoordig in geskoolde beroepe (Report of the

9) Hierdie punt is in afdeling 2.3.3.2 beredeneer.
10) In die Transvaalse vervaardigingsektor was die gemiddelde swart geldlone in 1916 R70 per jaar, in vergelyking met die R64 per jaar (kos en huisvesting uitgesluit) wat swartes op die Randse goudvelde verdien het.

Economic Commission 1914:39). Geskoolde Asiërs is selfs deur sekere blanke ambagsvakbonde in Natal toegelaat as lede (Lewis 1984:20). Hoewel hulle dus in sekere opsigte baie dieselfde posisie as kleurlinge in die arbeidsmark beklee het, kon Asiërs nie in daardie stadium uitstyg tot die vlak van kleurlinge nie. Doxey (1961:102) skryf dit toe aan die feit dat blankes en swartes baie meer bevooroordeeld teen Asiërs as teen kleurlinge was.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die hoofrede vir die ontstaan van die rasseloongaping in die private vervaardigingsektor (net soos in die goud- en diamantmynbedrywe) die feit was dat blankes van meet af aan in die hoogs besoldigde geskoolde beroepe en ander rassegroepe in die laags besoldigde ongeskoolde beroepe saamgetrek was. Die beroepsverdeling tussen die rassegroepe was egter nie so skerp soos in die mynbousektor nie, omdat kleurlinge en in 'n mindere mate ook Asiërs in die geskoolde beroepe verteenwoordig was.

Om 'n vergelyking tussen die goudmynbedryf (wat in daardie stadium tot Transvaal beperk was) en die private vervaardigingsektor te maak, moet die blank:swart-loongaping in die goudmynbedryf met die blank:swart-loongaping in die private vervaardigingsektor in Transvaal vergelyk word. Dit bring aan die lig dat die aanvanklike rasseloongaping in die goudmynbedryf (7,5:1) eintlik nie veel groter was as in die private vervaardigingsektor (6,77:1) nie. Pearsall (1937:413) verklaar dit só:

> "The high profits obtainable from diamond and later gold mining and the scarcity of skilled labour necessitated high wages being paid and set a standard of payment that proved a great handicap to ordinary industrial development. This was met....to some extent by a great disparity between the wages paid to white and native labourers".

Ander faktore (soos mededinging tussen rassegroepe en wetgewing) wat na 1900 in die goudmynbedryf sterker na vore gekom het om die rasseloongaping te bepaal, was in 'n mindere mate gedurende hierdie periode in die private vervaardigingsektor aanwesig.

Die Ekonomiese Kommissie van 1914 kon byvoorbeeld "min of geen bewys" vind dat blankes deur nie-blankes vervang word by die werkplek nie. Wat geskoolde beroepe betref, is inteendeel bevind dat blankes in die voorafgaande 20 jaar hulle posisie in verhouding tot kleurlinge versterk het. Ook wat gemiddelde geldlone betref, was blankes beter daaraan toe. Die Kommissie het egter nie die moontlikheid van substitusie van nie-blanke vir blanke arbeid uitgesluit nie, veral omdat die rasseloongaping so groot was (Report of the Economic Commission 1914:par. 63-5).

Daar was ook vir die grootste deel van hierdie periode geen wetgewing wat loonvlakke bepaal of beïnvloed het nie. Die eerste "ernstige poging om arbeidsaangeleenthede volgens statuut te beheer" is in 1918 aangewend toe die Fabriekswet (wet no. 28 van 1918) en die Regeling van Lonen, Leerlingen en Ambachtsgezellen Wet (wet no. 29 van 1918) aangeneem is. Laasgenoemde wet het voorsiening gemaak vir die stigting van loonrade om die geldlone van vroue en jeugdiges in sekere bepaalde bedrywe en beroepe te reël (Verslag van die Kommissie insake Industriële Wetgewing 1935:11). Die rade het egter nie in hulle doel geslaag nie en nie veel invloed op geldloonvlakke gehad nie (Lucas 1933:49).

Gedurende die laaste kwartaal van 1920 is Suid-Afrika deur die wêreldwye naoorlogse depressie getref (Lumby 1983:203). Dit het 'n einde gebring aan die bloei-

tydperk in die private vervaardigingsektor wat op die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog gevolg het. Groot- en kleinhandelspryse wat sedert 1916 skerp gestyg het, het skerp begin daal. Blanke geldlone het egter tot en met 1921 aanhou styg (sien tabel 9) en die dalende prysvlak het gevolglik daartoe bygedra dat geldlone in reële terme 52 persent hoër was in 1921 as in 1920 (sien tabel 11). Dit het die kostestruktuur van die plaaslike vervaardigingsektor in verhouding tot dié van buitelandse vervaardigers verhoog. Die vraag na Suid-Afrikaanse produkte het gedaal en die private vervaardigingsektor het sy mededingendheid verloor (Van der Horst 1942:240).

In daardie stadium was die voortbestaan van die goudmynbedryf ook in die weegskaal[11)] en dit het die kwesbaarheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie vir ongunstige internasionale ekonomiese veranderinge duidelik onderstreep (Lumby 1983:203-4). Toe die regering boonop die mynbase te hulp snel, het private vervaardigers se volgehoue pleidooi vir beskerming teen oorsese mededinging sterker as ooit na vore gekom.

Dit het in 1921 uitgeloop op die stigting van die Raad van Handel en Nywerheid wat die regering moes adviseer in verband met die beskerming van die plaaslike vervaardigingsektor. 'n Aantal fundamentele veranderinge het daarna gevolg wat in die volgende dekade tot 'n vernouing van die rasseloongaping gelei het.

---

11) Sien afdeling 3.5

## 4.4 Ekonomiese nasionalisme, die armblankevraagstuk en wetgewing om die rasseloongaping te vernou: 1922-33

Soos reeds in die vorige hoofstuk genoem is, is die Smuts-regering in 1924 uit die kussings gelig deur die Pakt-regering. Afgesien van die uitdagings van die goudmynbedryf,[12)] was die vernaamste twee probleme waarmee die Pakt gekonfronteer was, die kwessie van beskerming van die plaaslike vervaardigingsektor en die oplossing van die groter wordende armblankevraagstuk. Die Pakt het hierdie probleme aangepak met wetgewing wat die rasseloongaping in die private vervaardigingsektor vernou het.

### 4.4.1 Ekonomiese nasionalisme

Die Raad van Handel en Nywerheid wat in 1921 deur die Smutsregering op die been gebring is, het teen die verwagting van plaaslike vervaardigers in 'n redelike mate van afwysing teenoor beskerming in die algemeen openbaar (Kaplan 1976:75). Die oorsaak daarvan was dat die regering bang was dat hy die steun van die mynbase sou verloor wat gevrees het dat beskerming tot stygende insetpryse sou lei. Laasgenoemde het eerder 'n beleid van vryhandel voorgestaan (Lumby 1983:204). Dit was egter nie die enigste fundamentele botsing van belange wat daar tussen die Kamer van Mynwese en plaaslike vervaardigers was nie.

Bo en behalwe hulle begeerte om 'n groter aandeel van die plaaslike mark te kry (met behulp van beskerming teen buitelandse mededinging), wou Suid-Afrikaanse

---

12) Sien afdeling 3.6

vervaardigers ook hê dat die plaaslike mark moes vergroot. Die mark kon egter net groter word as daar 'n groeiende goedbesoldigde arbeidsmag was (Bozzoli 1975:204). Daarom was private vervaardigers (anders as die mynbase) nie gekant teen die indiensname van groot getalle (relatief duur) armblankes nie, solank dit net hand aan hand met beskerming kon gaan. Dieselfde het gegeld vir die indiensname van stedelike swartes wat 'n hoër aanbodprys as swart trekarbeiders gehad het. Dit het lynreg gebots met die goudmynbedryf se lae-geldloonbeleid. Die verskil het daarin gelê dat die mynbousektor net afhanklik was van sy arbeidsmag se fisieke krag en kundigheid omdat daar vir 'n buitelandse mark geproduseer is. Die private vervaardigingsektor daarenteen het primêr vir die binnelandse mark geproduseer en was dus boonop ook afhanklik van sy arbeidsmag se koopkrag.

In direkte teenstelling met die Smuts-regering wat volgens Kaplan (1976:16) daarop ingestel was om die plaaslike vervaardigingsektor te "reguleer eerder as te beskerm en te ontwikkel", was die Pakt-regering baie sterk ten gunste van die beskerming en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse vervaardigingsektor. In die eerste plek was die Pakt se motivering dat 'n sterk ontwikkelde vervaardigingsektor nodig was om met verloop van tyd die plek van die goudmynbedryf oor te neem omdat laasgenoemde 'n verdwynende bate was (Houghton 1976:122). 'n Tweede belangrike motivering vir die ontwikkeling van die plaaslike vervaardigingsektor was dat dit werksgeleenthede kon skep vir die duisende armblankes wat nie in die primêre sektore werk kon kry nie (Lumby 1983: 205). Laastens wou Hertzog Suid-Afrika ekonomies meer onafhanklik van die buiteland maak en daarom was die Pakt se beskermingsbeleid ook in ooreenstemming met die stygende gety van nasionalisme. Die Hertzog-beleid was dus in teenstelling met die Smuts-beleid een van ekonomiese nasionalisme en dit het deurslaggewende implikasies vir rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor gehad.

Om uitvoering aan hierdie beleid te gee het die Pakt dadelik 'n nuwe en permanente Raad van Handel en Nywerheid aangestel wat die bestaande tariefstruktuur van die Unie moes ondersoek. In April 1925 het die Raad sy verslag ter tafel gelê wat uitgeloop het op die Doeanetarief en Aksijnsrechten Wijzigings Wet (wet no. 36 van 1925). Dit het heelwat meer beskerming aan plaaslike vervaardigers gebied as in die verlede. 'n Hele aantal nywerhede wat in die verlede geen beskerming geniet het nie, is ook tegemoet gekom (Houghton 1976:122).

Hierdie aanpassings het gedurende die laat twintigerjare tot aansienlike groei in die private vervaardigingsektor gelei. Terwyl die bydrae van die landbou- en mynbousektore tot die nasionale inkome tussen 1925 en 1929 gedaal het, het die bydrae van private vervaardiging van 11,9 tot 14,1 persent gestyg (Lumby 1983:207). Wat belangrik was, was dat die vraag na arbeid redelik skerp gestyg en opwaartse druk op die gemiddelde geldlone van alle rassegroepe geplaas het (sien tabel 9). Duisende nuwe werksgeleenthede is vir almal geskep en die totale indiensnamevlak het met byna 20 persent gestyg (sien tabel 14a).

Die Pakt se doelgerigte beskermingsbeleid was egter nie alleen vir die groei verantwoordelik nie. Die Pakt het ook wetgewing deurgevoer wat die loonstruktuur so beïnvloed het dat dit saam met die beskermingsbeleid die grondslag vir die groei van die private vervaardigingsektor gelê het. Tegelykertyd het dit ook oor die lang termyn gehelp om die armblankevraagstuk op te los.

### 4.4.2 Die armblankevraagstuk

Naas die probleem om genoeg goedkoop ongeskoolde swartes vir die mynbousektor te vind, was die oplossing van die armblankevraagstuk die grootste probleem wat die Suid-Afrikaanse arbeidstoneel in die eerste helfte van hierdie eeu oorheers het. Volgens die Verslag van die Carnegie-Kommissie van Ondersoek oor die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika - Deel 1 (1932:vii) was nagenoeg 300 000 oftewel 17 persent van die totale blanke bevolking van Suid-Afrika teen 1929 armblankes.

Heel ironies was die groot gaping tussen gemiddelde blanke en swart geldlone die onderliggende oorsaak van die probleem. Dié gaping het werkgewers aangespoor om swartes vir blankes te substitueer (Verslag van die Carnegie-Kommissie van Ondersoek oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika - Deel 1 1932:159-62). Die Ekonomiese en Naturelle Kommissie van 1932 het ook aandag aan die probleem gegee en dit só verduidelik:

> "Ons het 'n klein klas van geskoolde Europese vakmanne, met 'n redelike hoë arbeidsprestasie en .......na verhouding buitengewoon hoë lone. Tweedens het ons 'n baie groot massa laagbetaalde Naturelle-arbeiders, van so 'n lae peil van arbeidsprestasie dat hulle lae lone nie eens 'n internasionale konkurrensievoorsprong gee nie. Tussen hierdie twee klasse staan daar 'n belangrike klas van Blankes met 'n betreklike lae arbeidsprestasie, wel hoër as dié van die groot massa van Naturelle, maar met 'n lewenstandaard wat moeilik gehandhaaf kan word teen Naturelle van 'n kleiner arbeidsprestasie, maar op 'n veel laer loonpeil" (Verslag van die Ekonomiese en Naturelle Kommissie 1932:par. 526).

Dit was egter nie nét blankes wat uit die arbeidsmark gedruk is as gevolg van rasseloonverskille nie, maar ook kleurlinge en selfs swartes (Verslag van die Ekonomiese Naturelle Kommissie 1932:84-8 en Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie 1937:36-8. In hierdie stadium was swartes reeds in twee duidelik onderskeibare groepe verdeel, naamlik stedelike swartes en swart trekarbeiders.[13] Stedelike swartes was (net soos armblankes) permanent in die stedelike gebiede gevestig en het 'n hoër lewenstandaard gehandhaaf as swart trekarbeiders. Dit het eersgenoemde duurder in verhouding tot swart trekarbeiders gemaak. Daarom het nie slegs die Kamer van Mynwese nie,[14] maar ook werkgewers in die private vervaardigingsektor voorkeur gegee aan goedkoper swart trekarbeiders. Dit het gemiddelde swart geldlone afgetrek en die rasseloongaping vergroot. Smith (1940:133) wys daarop dat hierdie tendens die opvallendste was waar nywerhede naby aan swart stamgebiede gevestig was.

In die goudmynbedryf sou enige poging om hierdie substitusie van werkers teen te werk met 'n vernouing van die rasseloongaping (deur die lone van swart trekarbeiders te verhoog) katastrofaal gewees het.[15] Daarom is blankes in die goudmynbedryf eerder deur middel van 'n statutêre kleurslagboom beskerm en het die rasseloongaping in dié bedryf geleidelik groter geword. Dit het ongelukkig armblankes se werksgeleenthede beperk (Johnstone 1976:59-60). Die gevolg was dat die oplossing van die armblankevraagstuk afgeskuif is op die openbare en private vervaardigingsektore.

---

13) In 1921 was 55,8 persent van alle blankes en 16,4 persent van alle nie-blankes (waaronder swartes ingesluit was) reeds verstedelik (Verslag van die Kommissie insake Industriële Wetgewing 1935:13).
14) Sien afdeling 3.4.1
15) Sien afdeling 3.5.1

In die openbare sektor het die Pakt-regering 'n sogenaamde beskaafde arbeidsbeleid[16)] gevolg wat daarop neergekom het dat blankes vir nie-blankes gesubstitueer is teen lone wat hulle 'n beskaafde (blanke) lewenspeil verseker het (Van der Horst 1935:493). Om die indiensname van armblankes in die private vervaardigingsektor aan te moedig, het die Pakt dit 'n voorwaarde vir tariefkonsessies gemaak. Dit het egter as sodanig nie veel bygedra tot die verhoogde indiensname van blankes gedurende hierdie periode nie (Davies 1979:209). Hoër blanke indiensname (en kleiner rasseloonverskille) was hoofsaaklik die resultaat van groei wat deur die beskermingsbeleid en 'n doelgerigte loonbeleid moontlik gemaak is.

**4.4.3 Wetgewing om die rasseloongaping te vernou**

Omdat die private vervaardigingsektor nie gebind was deur 'n vaste prysvlak nie en afhanklik was van 'n goedbesoldigde permanente arbeidsmag, was 'n vernouing van die rasseloongaping in hierdie sektor (deur die geldlone van die laags besoldigstes te verhoog) die aangewese manier om die armblankevraagstuk op te los.[17)]

Die Ekonomiese en Loonkommissie van 1925 het dit só gestel:

> "...... it is not possible nor necessary, nor should it be expected, that the wages of the highly-paid classes should still further increase as the wages of the low-paid classes may increase. The gap is too wide already; and the chief reason for the interference of the state in the fixing of wages in South Africa arises from the need of reducing it" (Report of the Economic and Wage Commission 1926:par. 349).

16) Sien afdeling 5.4
17) Daar was gedurende hierdie periode inderdaad geen statutêre kleurslagboom in die private vervaardigingsektor nie (Van der Horst 1935:487).

Dit is die agtergrond waarteen verskeie nywerheidswette gesien moet word wat gedurende hierdie periode deurgevoer is om geldloonvlakke in die private vervaardigingsektor te verhoog. Hierdie wette het nie slegs 'n direkte nie, maar ook 'n indirekte invloed op die rasseloongaping gehad.

### 4.4.3.1 Die direkte invloed van die wetgewing op die rasseloongaping

In afdeling 4.3 is uitgewys dat die beginsel van statutêre loonvasstelling reeds aanvaar en toegepas was deur die Smuts-regering wat in 1918 die Regeling van Lonen, Leerlingen en Ambachtsgezellen Wet deurgevoer het. Dit was onder andere bedoel om minimum lone vir vaklui daar te stel sodat dit die opleiding van blanke jeugdiges as vakmanne kon stimuleer. Omdat dit beperkte sukses gehad het, is dit in 1922 opgevolg deur die Vakleerlingen Wet (wet no. 25 van 1922). Dit het voorsiening gemaak vir die stigting van vakleerlingkomitees wat aan die Minister van Arbeid kon aanbeveel watter geldlone aan vakmanne betaal moes word (Lucas 1933:50).

Nog 'n wet wat die Smuts-regering deurgevoer het was die Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923. Hoewel dit niks te doen gehad het met statutêre loonvasstelling nie, het dit geldloonvlakke beïnvloed omdat dit die aanbod van swart arbeiders gereguleer het. Die jaarlikse toestroming van duisende swart trekarbeiders na die stedelike gebiede het 'n neerdrukkende effek op swart geldlone gehad, nie net omdat trekarbeiders 'n laer aanbodprys as stedelike swartes gehad het nie, maar ook omdat hulle die mark oorstroom het (Van Biljon 1939:236). Hierdie wet het 'n deel van die aanbod na die goudmynbedryf (waar swart geldlone

laag was) gekanaliseer en tot 'n vergroting van die rasseloongaping in dié bedryf aanleiding gegee.[18] Tegelykertyd het dit stedelike swartes beskerm teen mededinging uit die landelike gebiede en verseker dat gemiddelde swart geldlone hoër in die private vervaardigingsektor as in die goudmynbedryf bly (Steenkamp 1983:61). Dit verklaar in 'n sekere mate hoekom die rasseloongaping kleiner in die private vervaardigingsektor as in die goudmynbedryf was.

Die volgende wet wat vir statutêre loonvasstelling voorsiening gemaak het, was die Nijverheid Verzoenings Wet van 1924. Hoewel dit deur die Pakt-regering op die wetboek geplaas is, is dit deur die Smuts-regering en die mynbase opgestel sonder enige noemenswaardige inset van die Nasionale of Arbeiderspartye (Yudelman 1983:221). Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die vasstelling van minimum lone deur nywerheids- en versoeningsrade of deur middel van arbitrasie. Pasdraende swartes[19] is egter uitgesluit van hierdie loonvasstellingsmasjinerie. Die gevolg was dat geldlone wat ooreenkomstig die bepalings van die wet vasgestel is, nie van toepassing was op die meeste swartes nie. In die praktyk het werkgewers in verskeie bedrywe (veral in die bakkers- en meubelbedrywe) goedkoper swartes gesubstitueer vir blankes wie se geldlone kragtens die wet op 'n minimum vlak vasgestel was. Dié probleem is egter in 1930 ondervang toe die wet sodanig gewysig is dat nywerheidsrade ook minimum lone kon vasstel vir swartes wat buite die wet val as dit sou blyk dat daar 'n moontlikheid was dat swartes vir blankes gesubstitueer kon word (Lucas 1933:52). Op dié manier is verhoed dat gemiddelde swart geldlone daal en die rasseloongaping groter word. Hoewel swartes baie gegriefd was omdat die Nijverheid Verzoenings Wet hulle nie toegelaat het om aan geregistreerde vakbonde te behoort nie (Verslag van die Ekonomiese Naturelle Kommissie 1932:233), het laas-

18) Sien afdeling 3.6.2

19) Dit was alle swartes wat onderworpe was aan paswette of die Naturellearbeid Regelingswet van 1911. Volgens Van der Horst (1935:4890 het dit betrekking gehad op die oorgrote meerderheid swartes in Transvaal en Natal.

genoemde wetswysiging verseker dat hulle die statutêre minimum betaal is wat vir alle ander rassegroepe gegeld het.

Boonop het die Pakt-regering in 1925 die Loonwet op die wetboek geplaas om die Nijverheid Verzoenings Wet aan te vul. Dit het die Minister gemagtig om 'n Loonraad aan te stel wat loonvasstellings kon maak vir verskillende bedrywe. Dit het spesifiek voorsiening gemaak vir die vasstelling van minimum lone in gevalle waar die arbeidsmag nie in vakbonde georganiseer was nie en het rassediskriminasie verbied. Werkgewers was verplig om minimum lone wat deur die Loonraad vasgestel was, te betaal aan alle werkers, ongeag ras. Dit het afwaartse druk op die gemiddelde geldlone van veral swartes (wat in daardie stadium die laags besoldigstes was) teengewerk. Op dié manier is rasseloonverskille ook geminimaliseer.

Werkgewers het egter dikwels die wet ontduik en arbeiders minder as die minimum betaal wat die Loonraad vasgestel het (Hutt 1935:40-2). Lewis (1984:57) beweer dat die Loonraad nie altyd die middele gehad het om ontduikers vas te vat nie en hulle soms ook sagkens behandel het. Wat ook dikwels gebeur het, was dat werkgewers hulle werkers aangemoedig het om eerder vakbonde te stig en dan 'n nywerheidsraad op die been te bring om die loonvasstelling te doen. Vakbonde wat op dié manier totstand gekom het, was dikwels so swak dat lone op 'n laer vlak vasgestel is as wat die Loonraad dit sou vasstel (Lucas 1933:56).

Die Departement van Arbeid het erken dat:

> "......daar tussen sekere klasse werkgewers en hul arbeiders onderhandse samewerking bestaan om die loonreëling vry te spring. In

hierdie gevalle is dit baie moeilik vir die Departement om volle nakoming te verseker".

Tegelykertyd het die Departement egter daarop gewys dat:

"Die mate waarin loonreëlende maatreëls nageleef word, kan egter nie uit die getal vervolgings alleen bereken word nie. Die beleid van die Departement is om sake in der minne te skik behalwe wanneer die werkgewer weier om die wet na te kom; die feit dat die Departement gedurende die jare 1931-2 vir arbeiders kragtens die Loonwet R35 382 en kragtens die Nywerheidsversoeningswet R6 054 ingevorder het toon dat hierdie beleid tot die voordeel van die arbeiders strek; hierdie is die bedrae wat te min aan arbeiders betaal was, en wat deur departementele beamptes na inspeksie ontdek is" (Rapport van die Departement van Arbeid vir die jaar geëindig Desember 1932 1933:6).

Daar kan geen twyfel wees nie dat die Loonwet, afgesien van ontduikings wat (soos in die geval van enige wet) wel voorgekom het, tussen 1925 en 1933 'n direkte bydrae daartoe gelewer het om rasseloonverskille te minimaliseer. Pursell (1969:73) se bewering dat die Loonraad gedurende hierdie periode nie hoër geldlone vir die laags besoldigstes bewerkstellig het nie, strook nie met die feite nie. Boonop het hy nie verreken nie dat die gemiddelde geldlone van veral swartes in die afwesigheid van die Loonwet na alle waarskynlikheid laer sou gewees het.

Feit van die saak was dat die Loonraad gedurende hierdie periode etlike vasstellings vir verskeie bedrywe in die private vervaardigingsektor gemaak het (hoewel dit nooit enige vasstellings vir die goudmynbedryf gemaak het nie). Op 31 Desember 1933 was daar 56 vasstellings van krag. Dit het 66 739 arbeiders van alle rassegroepe

direk geraak of ongeveer 42 persent van die totale arbeidsmag van die private vervaardigingsektor (Van der Horst 1935:491). Dit kon nie bepaal word presies hoeveel swartes in totaal deur dié vasstellings geraak is nie, maar as in ag geneem word dat swartes die laags besoldigstes was en in daardie stadium 40 persent van die arbeidsmag uitgemaak het (sien tabel 14b), dan moes dit 'n aansienlike aantal gewees het. Daar is afdoende bewys dat hierdie vasstellings 'n verhogende uitwerking op gemiddelde swart geldlone gehad het, hoewel swart indiensname in sekere gevalle as gevolg daarvan verlaag het (Smith 1940:101). Boonop is 'n verdere 37 451 werkers van alle rassegroepe direk geraak deur vasstellings wat deur nywerheids- en versoeningsrade gemaak is (Van der Horst 1935:492).

Wat Pursell ook nie onder oë gesien het nie, is dat die Nijverheid Verzoenings Wet en die Loonwet ook op 'n indirekte wyse bygedra het tot kleiner rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor.

**4.4.3.2 Die indirekte invloed van die wetgewing op die rasseloongaping**

Stigler (1946:359) wys daarop dat minimum lone arbeid duurder maak in verhouding tot kapitaal. Gevolglik raak kapitaalintensiewe produksietegnieke winsgewend. In fabrieke het dit tot gevolg dat die produksieproses gemeganiseer en in onderafdelings opgebreek word (werksfragmentasie). Masjienwerk is repeterend en dit vereis 'n semi-geskoolde arbeidsmag wat by die werkplek gevestig is en maklik opgelei kan word. Die semi-geskoolde arbeider verdien minder as die geskoolde vakman, maar meer as die ongeskoolde handlanger wat hom bystaan. Gevolglik word die loongaping kleiner hoe meer semi-geskooldes daar is.

Volgens Davies (1979:203) het die nywerheidswetgewing wat die Pakt deurgevoer het, die weg gebaan vir sulke aanpassings in die Suid-Afrikaanse private vervaardigingsektor wat hy die oorgang van "manufacture" na "machinofacture" noem. Volgens Doxey (1961:83) was die groot aantal armblankes wat in hierdie stadium permanent in die stedelike gebiede gevestig was, die ideale arbeidsmag om as masjienoperateurs op te lei.[20)] Lewis (1984:48) wys verder daarop dat die groter wordende getal armblankes die mark geskep het wat die nuwe produksietegnieke winsgewend gemaak het. Massaverbruik is immers 'n voorwaarde vir massaproduksie. Daarom het veral bedrywe wat verbruiksgoedere vervaardig het, gedurende hierdie periode die vinnigste gegroei. In hierdie bedrywe het die arbeidsmagsamestelling ook die vinnigste verander. Teen die middel-twinterjare was daar reeds 'n aansienlike aantal semi-geskooldes wat kleurlinge, Asiërs en swartes ingesluit het.

Die veranderde arbeidsmagsamestelling wat uit veranderde produksietegnieke gespruit het, het ook die vakbondwese verander. Meganisasie en werksfragmentasie het die basis van ambagsvakbonde vernietig en in die plek daarvan het rasgemengde bedryfsvakbonde[21)] in die meubel-, leer-, klere- en voedselbedrywe (ook in Transvaal) op die been gekom (Lewis 1984:46, 65). Dit het die bedingingsvermoë van die arbeidsmag as geheel verhoog en 22 nywerheidsrade wat loonvlakke vir blankes, kleurlinge en Asiërs vasgestel het, het aan die einde van 1927 gefunksioneer (Du Toit 1976:15). Rasgemengde vakbonde het 'n baie militante benadering gehad en stakings was algemeen (Lewis 1984:56). Dit is egter onmoontlik om presies te bepaal hoe groot die bydrae van hierdie vakbonde as sodanig tot die vermindering van rasseloonverskille was.

---

20) Dit blyk ook uit 'n opmerking oor die armblankes in die Report of the Customs Tariff Commission (1936:par. 111) wat lui: "Factory managers speak highly of the intelligence, the adaptability and the general efficiency of this class of labour".

21) Dit was vakbonde wat meestal nét blankes, kleurlinge en Asiërs ingesluit het.

Hoewel die Nijverheid Verzoenings Wet swartes uitgesluit het, was daar niks wat hulle verhinder het om vakbondbedrywighede voort te sit nie. Die Industrial Commercial Workers' Union wat in 1919 gestig is, was egter teen 1926 'n sukkelende organisasie en het uiteindelik van die toneel verdwyn (Williams 1979:76). Die daaropvolgende jaar het die eerste swart bedryfsvakbonde hulle verskyning gemaak. Ook hulle was baie militant en daar was verskeie stakings gedurende die laat twintigerjare om minimum lone af te dwing wat deur die Loonraad vasgestel is (Lewis 1984:62-3). Dit het daartoe meegehelp dat swartes geleidelik al hoe beter daaraan toe was in die private vervaardigingsektor as in die goudmynbedryf (sien tabel 8). Walker en Weinbren (1961:262-3) wys egter daarop dat blanke en rasgemengde vakbonde in die eerste instansie daartoe bygedra het. Minimum lone wat deur hulle deur middel van die Nijverheid Verzoenings Wet beding is, is meestal ook op swartes van toepassing gemaak, al het die wet hulle uitgesluit.[22)]

'n Belangrike ontwikkeling wat ook op statutêre loonvasstelling en veranderde produksietegnieke gevolg het, en 'n verdere bydrae tot kleiner rasseloonverskille gelewer het, was die opkoms van 'n blanke vroue-arbeidsmag. In 1925 het blanke vroue 6,1 persent van die totale arbeidsmag en 52 persent van die vroue-arbeidsmag in die private vervaardigingsektor uitgemaak. Teen 1933 was 11,6 persent van die totale arbeidsmag en 69 persent van die vroue-arbeidsmag blankes (sien tabel 14b). Aan die Witwatersrand alleen het blanke vroue meer as 90 persent van die vroue-arbeidsmag uitgemaak (Pollak 1933:64). Kleurlingvroue was slegs in die Kaapprovinsie in groot getalle in die private vervaardigingsektor werksaam, terwyl Asiër- en swart vroue wat saam minder as 1 persent van die totale arbeidsmag uitgemaak het, in hierdie stadium nog nie 'n faktor was nie (sien tabel 14b).

---

22) Sien afdeling 4.4.3.1

Die verhoogde indiensname van blanke vroue spruit deels uit die feit dat vroue oor die algemeen teen laer geldlone as mans gehuur kon word. Dit het afwaartse druk op gemiddelde blanke geldlone geplaas (Kelly 1945:309). Amptelike data vir hierdie periode is nie beskikbaar nie,[23] maar na raming was vrouelone in Suid-Afrika in hierdie stadium tussen 50 en 60 persent van dié van mans (Verslag van die Kommissie insake Industriële Wetgewing 1935:par. 42). Benewens 'n rasseloongaping was daar dus ook 'n geslagsloongaping wat werkgewers aangespoor het om (goedkoper) vroue te substitueer vir (duurder) mans. Daar kon nie bepaal word hoeveel mans hierdeur hulle werk verloor het nie (Prinsloo 1957:139). Pearsall (1937:421) skat dat dit min was, hoewel daar volgens die Industriële Kommissie van 1935 baie bewerings was dat mans deur vroue vervang is. Tegelykertyd het die Kommissie daarop gewys dat:

> "Die toenemende indiensneming van vroue 'n wêreldbeweging (is)...... en nie alleen aan loonverskille te wyte is nie. Met groter meganisasie en die groter standardisering van produksie het die aanvraag van sekere klasse arbeid heeltemal verander en is daar baie meer geleentheid geskep vir halfgeskoolde en ongeskoolde arbeid, waarvoor vroue ook geskik is en waarvoor mans sowel as vroue minder betaal word as geskoolde werknemers" (Verslag van die Kommissie insake Industriële Wetgewing 1935:par. 49).

Verreweg die grootste vraag na vroue-arbeid was in die klerebedryf waar 38 persent van alle blanke vroue en 36 persent van alle kleurlingvroue werksaam was. Die res van die blanke vroue-arbeidsmag was hoofsaaklik net in drie bedryfsklasse

23) Die jaarlikse industriële sensusse het gedurende hierdie periode nie gemiddelde geldlone per geslagsgroep aangegee nie.

gekonsentreer, naamlik Voedsel, Drank en Tabak (23 persent); Boekdrukkery (15 persent) en Leer en Skoene (10 persent). Die grootste persentasie kleurlingvroue (43 persent) was in die bedryfsklas Voedsel, Drank en Tabak werksaam (Offisiële Jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland, 1931-2 1932:516).

Die groot konsentrasie blanke vroue in enkele bedryfsklasse het 'n neerdrukkende uitwerking op gemiddelde blanke geldlone in daardie bedrywe gehad, veral in die klerebedryf, waar verreweg die meeste blanke vroue gewerk het (sien tabel 15). In teorie staan hierdie verskynsel bekend as sogenaamde "crowding". Dit kom daarop neer dat gemiddelde vrouelone nie soseer laag is omdat daar teen vroue gediskrimineer word nie, maar omdat hulle getalle hulle geldlone aftrek.[24] Daar was egter ook verskeie ander faktore wat afwaartse druk op vrouelone in die klerebedryf uitgeoefen het.

In die eerste plek was die vroue-arbeiders baie jonk. Volgens Pollak (1933:65-6) was daar eerder sprake van 'n meisie-arbeidsmag as 'n vroue-arbeidsmag, want hulle mediaan-ouderdom was slegs 20 jaar en byna 90 persent was ongetroud. Hoewel vrouelone in die klerebedryf deur 'n nywerheidsraad vasgestel is, was dit nogtans besonder laag.[25] Sachs (1957:89) - die sekretaris van die Garment Workers' Union (1928-52) - meld dat hulle aanvangs loon op R8 per maand vasgestel was, terwyl 'n minimum van R8 per week in daardie stadium as leefbaar beskou is. Ontduikings van die loonbepalings het ook voorgekom. In die Verslag van die Carnegie-

24) Vir 'n uiteensetting van die teorie sien McConnell en Brue (1989:329-33).
25) In bedrywe waar loonvlakke deur die Loonraad vasgestel is, is twee-derdes van manslone as standaard geneem vir die vasstelling van vroueloonvlakke (Verslag van die Kommissie insake Industriële Wetgewing 1935:24).

Kommissie van Ondersoek oor die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika - Deel 1 (1932:212) word dit só verduidelik:

> "Wat vandag egter by sommige minder gunstige fabrieke voorkom, is dat hulle loonbepalings ontduik deur die werksters telkens te ontslaan sodra hulle volgens wet op 'n bepaalde minimum loon geregtig is. Hulle produseer dus hoofsaaklik met leermeisies, ofskoon die ontslane werkster dikwels in dieselfde fabriek, maar in 'n ander klas werk, van nuuts af as leermeisie opgeneem word".

In teenstelling met die afwaartse druk wat die groot aantal blanke vroue op gemiddelde blanke geldlone in die klerebedryf geplaas het, was daar in die afwesigheid van swart vroue opwaartse druk op gemiddelde swart geldlone in dié bedryf. Sachs (1957:61) verduidelik:

> "There were also several hunderd African workers, all males......Their conditions of work was very poor, but in a way they were better off than the Europeans. Under their contract of employment, governed by pass laws, they had to be paid a full weeks pay and could not be put off when times were slack".

Die resultaat was dat rasseloonverskille in die bedryfsklas Kledingstowwe en Weefsels (en in die bedryfsklas Leer en Leerware waarin ook 'n groot aantal blanke vroue werksaam was) die kleinste was van alle bedryfsklasse (sien tabel 16).

**4.4.3.3 Die rasseloongaping vernou**

In totaal het voorgenoemde wette en faktore bygedra tot kleiner verskille tussen gemiddelde blanke en nie-blanke geldlone in die totale private vervaardigingsektor.

Tussen 1925 en 1933 het die loongaping tussen blankes en kleurlinge gedaal van 2,93:1 tot 2,53:1; dié tussen blankes en Asiërs van 4,18:1 tot 3,37:1 en dié tussen blankes en swartes van 5,12:1 tot 5,00:1 (sien tabel 10 en figuur 2). Dit is ook opvallend dat die gemiddelde geldlone van Asiërs gedurende hierdie periode, in teenstelling met die vorige periode, aansienlik vinniger as die gemiddelde geldlone van swartes gestyg het.

Hoewel Nattrass (1981:188) heel tereg daarop gewys het dat die rasseloongaping gedurende hierdie periode kleiner geword het,[26] was haar afleiding dat gemiddelde blanke geldlone na 1924 gedaal het, verkeerd. Feit van die saak was dat gemiddelde blanke geldlone steeds gestyg het, maar teen 'n laer koers as die gemiddelde geldlone van ander rassegroepe. Die uitsondering was die jare 1929-33 toe die gemiddelde geldlone van alle rassegroepe as gevolg van die depressie gedaal het (sien tabel 9). Nattrass was egter korrek in soverre sy daarop gewys het dat die vermindering van rasseloonverskille gedurende hierdie periode met omsigtigheid benader moet word omdat dit nie tegelykertyd die indiensnamevlakke van die onderskeie rassegroepe verreken nie. Hoewel die indiensnamevlakke van alle rassegroepe tussen 1925 en 1929 gestyg het, het blanke indiensname die meeste gestyg en tussen 1929 en 1933 (gedurende die depressie) was dit net blanke indiensname wat gestyg het (sien tabel 14a). Dit is in kontras met die periode voor 1924, toe die indiensname van nie-blankes vinniger as dié van blankes gestyg het (Lumby 1983:207) en rasseloonverskille groter was.

26) Sien ook in hierdie verband die Report of the Industrial Legislation Commission of Enquiry (1951:46).

## 4.5 Swart verstedeliking en die verdere vernouing van die rasseloongaping: 1934-48

In hierdie periode het die private vervaardigingsektor so vinnig gegroei dat dit in 1942-3 die mynbousektor as grootste bydraer tot die nasionale inkome verbygesteek het (Frankel en Herzfeld 1944:133). Die Pakt-regering se besluit in Desember 1932 om van die goudstandaard af te stap, en die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939, was die stukrag agter dié prestasie.

Die vraag na arbeid het die hoogte ingeskiet en geldlone het oor die algemeen skerp gestyg. Teen 1948 was die armblankevraagstuk opgelos (Lewis 1984:76). Ondertussen het die openbare aandag egter geleidelik verskuif van blanke verstedeliking na swart verstedeliking, namate al hoe meer swartes uit die landelike gebiede na die stede en dorpe getrek het. Dit het die druk wat na 1922 ontstaan het om die geldlone van die laags besoldigstes te verhoog (en die rasseloongaping te vernou) skerp laat toeneem.

### 4.5.1 Die klem van statutêre loonregulering verskuif na die swart arbeidsmag

Suid-Afrika se onwilligheid om Brittanje te volg en van die goudstandaard af te stap, het nie net die goudmynbedryf swaar getref nie, maar ook die private vervaardigingsektor. Die Unie se handelsvennote kon na Suid-Afrika uitvoer teen lae pryse en sodoende maklik 'n groter aandeel van die plaaslike mark bekom ten koste van Suid-Afrikaanse vervaardigers (Lumby 1983:211). Dit was nog 'n rede waarom die Pakt-regering genoodsaak was om van die goudstandaard af te stap. Die Pakt-

regering self het ook tot 'n einde gekom toe Hertzog op 7 Februarie 1933 aangekondig het dat hy 'n koalisieregering met Smuts gaan vorm (Scholtz 1975:111).

Die depresiasie van die Suid-Afrikaanse pond het die private vervaardigingsektor baie sterk gestimuleer. Enersyds het dit invoere duurder gemaak sodat plaaslike vervaardigers hulle deel van die plaaslike mark kon terugwen. Andersyds het dit ook die goudmynbedryf gestimuleer,[27)] wat 'n verdere inspuiting vir bedrywe was wat insette vir die mynbousektor geproduseer het. Boonop het die opbloei van die goudmynbedryf kapitaal gegenereer wat in die private vervaardigingsektor belê is (Innes 1984:130). Tussen 1933 en 1939 het investering in laasgenoemde sektor met gemiddeld R5,2 miljoen per jaar gestyg (vergeleke met 'n styging van gemiddeld R2 miljoen rand per jaar in die vorige periode). Tegelykertyd het die uitsetvlak met 120 persent gestyg (Palmer 1954:149-50). Dit het aanleiding gegee tot 'n skerp styging in die vraag na arbeid en geldlone.

Die grondslag vir die vinnige groei en hoër indiensname- en geldloonvlakke is egter in 'n hoë mate deur die Pakt-regering gelê. Die ruimte vir plaaslike vervaardigers om 'n groter deel van die Suid-Afrikaanse mark te kry is in die eerste plek deur die Pakt se beskermingsbeleid geskep. Die Pakt het ook deur die instelling van statutêre loonregulering die weg gebaan vir die verhoogde indiensname van veral armblankes, wat 'n vergroting van die binnelandse mark beteken het. Na 1933 het die koalisieregering nie slegs die Pakt se beskermingsbeleid voortgesit nie, maar ook sy loonbeleid (statutêre loonregulering om die rasseloongaping te vernou). Die Loonwet het egter geleidelik al hoe meer 'n instrument geword om die geldlone van swartes te verhoog, namate die persentasie laags besoldigde blankes verminder het (Steenkamp 1963:250).

27) Sien afdeling 3.6.1

Om dít te begryp moet voor oë gehou word dat die vergroting van die plaaslike mark (met ander woorde 'n groeiende goedbesoldigde geldloonarbeidsmag) die *sine qua non* van die private vervaardigingsektor was. Dit is deur opeenvolgende kommissies beklemtoon.[28] Die oplossing van die armblankevraagstuk het aanvanklik baie daartoe bygedra om die plaaslike mark te vergroot. Daar is egter van meet af aan besef dat die nie-blankes, en spesifiek die swartes, 'n baie groter bydrae as die blanke bevolking tot die groei van die mark kon maak, en dat volgehou moes word om swart geldlone te verhoog en die rasseloongaping te vernou. Reeds in 1925 het die Ekonomiese en Loonkommissie in dié verband opgemerk:

> "A market for South African manufactures from which much is hoped is to be found in the growing demands of the native population. Any growth here will, however, be checked by a policy that restricts the natives' opportunities of employment and so keeps down his wages" (Report of the Economic and Wage Commission 1926:par. 310).

Dat die swart bevolking 'n mark was wat baie potensiaal gehad het maar wat in daardie stadium nog onderontwikkeld was, word deur die volgende feite onderstreep. Eerstens het swartes 'n hoër bestedingsgeneigdheid as blankes getoon, veral wat betref besteding op plaaslik vervaardigde produkte (Smith 1940:97 en Threlfell 1946:289), en tweedens was swartes teen 1936 nog maar slegs 17,3 persent verstedelik (Welsh 1979:133). Daarteenoor het die koers waarteen die blankes verstedelik het, reeds geleidelik begin afplat. Daarom het die aandag na swart verstedeliking begin verskuif.

28) Sien in hierdie verband die Report of the Economic and Wage Commission (1926:par. 292); die Verslag van die Ekonomiese Naturelle Kommissie (1932:par. 1010); die Report of the Customs Tariff Commission (1936:20) en die Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie (1938:365).

Die Naturellesake Kommissie van 1939-40 het bevind dat swartes na die stede getrek het omdat hulle daar hoër geldlone kon verdien, hoewel daar ook ander oorwegings was waarom hulle getrek het (Report of the Native Affairs Commission 1941:18). Die Kommissie in verband met Industriële en Landboubenodigdhede van 1940 het ook tot dieselfe slotsom gekom en gerapporteer:

> "Nie-blankes het in die afgelope paar jaar vinniger na die stede getrek as blankes...... aangesien lone vir ongeskoolde werkers in die stede verreweg hoër is, bestaan daar 'n sterk ekonomiese dryfveer om na die stede te verhuis" (Derde Voorlopige Verslag van die Kommissie in verband met Industriële en Landboubenodigdhede 1941:par. 98).

Die Loonraad het 'n groot rol gespeel om ongeskoolde geldlone te verhoog, wat swartes na die stede gelok en die mark vergroot het. Nadat die Industriële Kommissie van 1935 aanbeveel het dat ongeskoolde geldlone steeds verhoog moes word, en beklemtoon het dat die vernouing van die rasseloongaping 'n "dringende vraagstuk" geword het (Verslag van die Kommissie insake Industriële Wetgewing 1935:par. 24), het die verhoging van swart geldlone die fokuspunt van die beleid van statutêre loonvasstelling geword. Die Departement van Arbeid het dit op 31 Desember 1937 só verduidelik:

> "The labour requirements of our ever-growing manufacturing industries necessitated the establishment of a more settled urban labour supply, and many thousands of natives are to-day town residents, completely cut of from their brether in the reserves. These urban workers cannot sustain life or bring up their families under urban conditions, on the wage standards which met the needs of a former generation of casual labourers. In previous reports, details were given

of the steps taken by the Department to effect a gradual improvement in the rates of pay for unskilled workers. This policy found support in the recommendations of the Industrial Legislation Commission and other authoritative bodies which have had occasion to consider this aspect of wage regulation, and has been well received by employers and trade unions. To some extend there has also been an awakening of public opinion on the subject....." (Report of the Department of Labour for the year ended 31st December 1937 1938:3).

Die gevolg was dat die Loonraad sy werksaamhede na 1937 aansienlik uitgebrei het. Teen 1939 was daar reeds 'n skerp toename in die aantal swartes wat deur vasstellings van die Loonraad geraak is (Verslag van die Departement van Arbeid vir die jaar geëindig 31 Desember 1939 1940:50). Gemiddelde swart geldlone het aansienlik verhoog in daardie bedrywe waar die nuwe vasstellings van toepassing gemaak is (Griffiths en Jones 1980:98). Smith (1940:114) wys egter daarop dat meer as die helfte van alle swartes in die private vervaardigingsektor in daardie stadium nie gedek was deur vasstellings van die Loonraad nie. Wat hy nie verreken het nie, was dat daar ook 'n aansienlike toename was in die aantal werkers (swartes ingesluit) wat deur loonvasstellings kragtens die Nywerheidsversoeningswet (wet no. 36 van 1937)[29] geraak is. Dié wet het steeds bepaal dat minimum lone wat deur nywerheidsrade vasgestel is, ook op swartes van toepassing gemaak kon word. (Verslag van die Departement van Arbeid vir die jaar geëindig 31 Desember 1939 1940:37).

Hoewel die Nywerheidsversoeningswet swartes (uitgeslote swart vroue) steeds verbied het om aan geregistreerde vakbonde te behoort, was hulle (soos altyd) vry om hulle eie vakbonde te vorm en vir hoër geldlone te beding. Daar was inderdaad 'n

29) Die Nijverheid Verzoenings Wet van 1924 is in 1937 deur die Nywerheidsversoeningswet vervang.

hele aantal swart vakbonde wat in hierdie stadium baie aktief was. Daarom is dit te betwyfel of swartes in hierdie stadium nóg hoër geldlone sou kon beding as hulle wel aan geregistreerde vakbonde kon behoort het (Verslag van die Departement van Arbeid vir die jaar geëindig 31 Desember 1939 1940:4-5).

Die feit dat daar egter nog steeds 'n skerp toename was in die aantal blankes wat geraak is deur loonvasstellings kragtens die Loonwet en die Nywerheidsversoeningswet, het waarskynlik verhoed dat die gaping tussen gemiddelde blanke en nie-blanke geldlone tussen 1933 en 1939 vernou het. In werklikheid het die gaping effens vergroot (sien tabel 10). Nogtans het gemiddelde nie-blanke geldlone, en veral dié van swartes, in nominale en reële terme skerp gestyg (sien tabelle 9 en 11). Boonop het swart indiensname gedurende dieselfde periode byna 2 keer vinniger as blanke indiensname gestyg (sien tabel 14a). Dit onderstreep dat daar na 1933 'n aansienlike vergroting van die plaaslike mark was, wat in 'n sekere mate toegeskryf kan word aan die klemverskuiwing van die regering se loonbeleid.

### 4.5.2 Faktore wat tydens die Tweede Wêreldoorlog die rasseloongaping aansienlik laat krimp het

Die Tweede Wêreldoorlog (1939-45) was 'n verdere stimulus vir die private vervaardigingsektor. In die eerste plek het invoere duurder en skaarser geword. Daarmee saam het die Smuts-regering (wat in 1939 aan die bewind gekom het) besluit om Suid-Afrika se ekonomiese hulpbronne ter ondersteuning van Brittanje se deelname aan die oorlog aan te wend (Scholtz 1975:132). Dit het ruim geleentheid geskep vir plaaslike vervaardigers om produksievlakke op te stoot en 'n groter aandeel van die binnelandse mark te kry. Na die oorlog was die klimaat nog steeds gunstig omdat

daar 'n opgehoopte vraag was na 'n groot verskeidenheid artikels wat steeds nie maklik ingevoer kon word nie (Palmer 1954:153).

### 4.5.2.1 Die klem op die vergroting van die plaaslike mark

Die nuwe geleenthede wat die oorlog geskep het, het egter ook die behoefte om die plaaslike mark te vergroot, sterker na vore laat kom. Daarom is met die aanvang van die veertigerjare meer as ooit klem gelê op die verhoging van ongeskoolde (hoofsaaklik nie-blanke) geldlone as 'n manier om die plaaslike mark te vergroot. Die Kommissie in verband met Industriële en Landboubenodigdhede van 1940 het hierdie kwessie baie sterk beklemtoon deur op te merk:

> "Die Kommissie is van mening dat lae inkomste-groepe op die oomblik 'n onbillike aandeel van die volksinkome kry en dit beperk die plaaslike markte vir industriële sowel as landbouprodukte en is ook die oorsaak van ernstige maatskaplike degenerasie as gevolg van wanvoeding. Dit is daarom gebiedend noodsaaklik dat die toestand van die lae inkomste-groepe verbeter moet word. Onder hierdie omstandighede beveel die Kommissie aan dat ongeskoolde industriële lone geleidelik verhoog moet word namate die ekonomiese toestand van die fabrieksnywerheid verbeter" (Derde Voorlopige Verslag van die Kommissie in verband met Industriële en Landboubenodigdhede 1941:78).

Die voorsitter van die Raad van Handel en Nywerheid, A.J. Norval, het die standpunt van die Kommissie onderskryf[30] en hom só oor die kwessie uitgelaat:

> "....the solution of the market problem lay at our doorstep in the presence of some eight million natives and other non-European races, the raising of whose standard of living we should make one of our immediate objectives. This could be accomplished, firstly, by paying the native engaged in a particular industry on a scale commensurate with his economic contribution to the output of that industry" (Industry and Trade, Augustus 1941:19).

**4.5.2.2 Voortgesette statutêre loonregulering**

Die ideaal om die binnelandse mark te vergroot deur middel van 'n verhoging van nie-blanke geldlone, het vereis dat die regering moes voortgaan met die beleid van statutêre loonregulering. Gevolglik het die Loonraad na die uitbreek van die oorlog volgehou om loonvasstellings te maak wat steeds direk opwaartse druk op gemiddelde nie-blanke geldlone geplaas het (Franklin en Yamey 1941:421). Op 31 Desember 1948 was daar 82 vasstellings van krag, wat 348 258 werkers geraak het, in vergelyking met die 36 vasstellings wat op 31 Desember 1940 van krag was, en wat slegs 139 330 werkers geraak het. Byna 57,5 persent van alle werkers wat in 1948 deur loonvasstellings geraak is, was swartes, 11,5 persent was kleurlinge, 5,2 persent was Asiërs en 25,8 persent was blankes (Verslag van die Departement van Arbeid vir die jaar geëindig 31 Desember 1948 1950:31, 47). Gedurende die veertigerjare het die loonvasstellings nie alleen bygedra tot die vermindering van

30) Sien in hierdie verband ook die volgende artikels: "Let's go native" (Industry and Trade, Augustus 1940:23-5); "Raising non-European living standards - how industrialists could benefit" (Industry and Trade, Maart 1946:51); en "The market for 8 000 000 natives" (Industry and Trade, September 1946:133-9). Vir ekonome se betoog oor die vergroting van die mark, sien die volgende: Smith (1940:115), Threlfell (1946:288) en Frankel (1947:32, 37).

loonverskille tussen rassegroepe oor die algemeen nie, maar ook tot die vermindering van loonverskille binne rassegroepe tussen die verskillende bedryfsklasse en tussen die onderskeie provinsies (Van der Horst 1954:194).

Vasstellings deur die Loonraad het ook steeds indirek tot hoër gemiddelde swart, kleurling- en Asiërgeldlone aanleiding gegee. Soos in afdeling 4.4.3 verduidelik is, het die loonvastellings arbeid duurder in verhouding tot kapitaal gemaak en meganisasie aangemoedig. Dit het die vraag na semi-geskoolde arbeid verhoog. Omdat blanke arbeid skaars geword het namate die armblankevraagstuk opgelos is, is al hoe meer nie-blankes gebruik om die semi-geskoolde masjienwerk (wat baie repeterend was) in die fabrieke te doen. In 1948 was daar 14 120 semi-geskoolde swartes werksaam in bedrywe wat deur vasstellings van die Loonraad geraak is. Die aantal semi-geskoolde kleurlinge en Asiërs was onderskeidelik 8 584 en 4 661 (Verslag van die Departement van Arbeid vir die jaar geëindig 31 Desember 1948 1950:48). Omdat semi-geskooldes meer as ongeskooldes verdien het, het dit opwaartse druk op gemiddelde swart, kleurling- en Asiërgeldlone geplaas.

Statutêre loonregulering was egter nie die enigste manier waarop die regering rasseloonverskille gedurende die veertigerjare bepaal en beïnvloed het nie. 'n Skerp styging in die algemene prysvlak en 'n ernstige tekort aan geskoolde arbeid het die regering genoodsaak om stappe te doen wat ook tot kleiner rasseloonverskille gelei het.

### 4.5.2.3 Maatreëls om die arbeidsmag teen die stygende prysvlak te beskerm

Na die uitbreek van die oorlog het die algemene prysvlak skerp begin styg as gevolg van die skaarste aan invoere en die groter binnelandse vraag (sien tabel 3). Dit het afwaartse druk op reële geldlone begin uitoefen. Hoewel die Loonraad die prysvlak verreken het wanneer hy vasstellings gemaak het, was hy nie by magte om vasstellings te maak wat outomaties kon aanpas ooreenkomstig veranderinge in die prysvlak nie (Verslag van die Departement van Arbeid vir die jaar geëindig 31 Desember 1940 1941:32).

Om dié probleem te ondervang het die regering twee stappe gedoen. In 1942 is die Loonwet gewysig ten einde die Loonraad in staat te stel om nuwe vasstellings te bespoedig en bestaande vasstellings te wysig. Die wysiging van die Loonwet het ook daarvoor voorsiening gemaak dat die Loonraad "ekstra beloning" kon voorskryf ten opsigte van elke verhoging of waarskynlike verhoging van die lewenskoste. Die Loonraad het hom egter nie van hierdie bepaling bedien nie, want 'n vorige stap wat deur die regering gedoen is (en wat hieronder bespreek word) het reeds daarvoor voorsiening gemaak (Verslag van die Departement van Arbeid vir die jaar geëindig 31 Desember 1945 1947:21).

Om die gebreke van die bestaande loonmaatreëls (ook wat betref loonreëling kragtens die Nywerheidsversoeningswet) te oorkom, het die regering ook 'n aantal oorlogsmaatreëls afgekondig. Die eerste was Oorlogsmaatreël no. 28 van 1941 wat voorsiening gemaak het vir die betaling van lewenskostetoelaes in sekere voorgeskrewe gebiede. Daarna is die skaal van die toelaes verhoog en die gebiede waar dit van toepassing was uitgebrei deur Oorlogsmaatreëls nos. 28 van 1941, 69 van

1945 en 80 van 1945 (Verslag van die Departement van Arbeid vir die jaar geëindig 31 Desember 1945 1947:19). Dié toelaes was regressief en het ongeskoolde werkers (meestal swartes) die meeste bevoordeel. Volgens Steenkamp (1961:216) en Spandau (1972:380) het hierdie maatreëls waarskynlik 'n belangriker rol gespeel om gemiddelde swart geldlone te verhoog as vasstellings deur die Loonraad self. Van der Horst (1976:115) gaan verder en stel dit dat daar "geen twyfel" kan wees nie dat dié maatreëls 'n belangrike bydrae gelewer het tot die vernouing van die rasseloongaping gedurende die veertigerjare.

**4.5.2.4 Maatreëls om die tekort aan geskoolde arbeiders teen te werk**

Afgesien van die sterk klem wat daar op die verhoging van nie-blanke geldlone gelê is, was die kern van Suid-Afrika se arbeidsprobleme gedurende die oorlog 'n ernstige tekort aan geskoolde arbeid. Dit was die gevolg van die stimulus wat die oorlog aan die sogenaamde swaar nywerhede (wat ammunisie en wapentuig vervaardig het) gegee het. Die vraag na geskoolde vakmanne het die hoogte ingeskiet en omdat baie geskooldes aan die oorlog deelgeneem het, het 'n ernstige tekort ontstaan. As gevolg van die oorlog kon die tekort ook nie uitgewis word deur (soos in die verlede) opgeleide blankes van oorsee af in te voer nie (Smith en Byron 1941: 255-6). Strawwe mededinging tussen werkgewers regdeur die ekonomie het gevolg en geskoolde geldlone het skerp gestyg.

Om die situasie te red het die regering in 1941 'n Kontroleur van Nywerheidswerkkragte aangestel wat met uitgebreide magte beklee is. Hy kon enige nywerheid tot 'n beheerde nywerheid verklaar en lone, werkure en ander diensvoorwaardes in so 'n nywerheid reël, en ook geskille besleg. Hy kon ook die indiensneming, bedanking

of ontslag, sonder sy voorafgaande toestemming, van enige werknemer of groep werknemers in 'n beheerde nywerheid verbied. Daarbenewens kon hy ook volgens eie goeddunke werknemers ontslaan en van een werkplek na 'n ander oorplaas (Offisiële Jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland, 1956-7 1957:881).

Die fokuspunt van die Kontroleur se werksaamhede was die ingenieursbedryf, wat ten nouste betrokke was by die produksie van wapentuig, en waar ongeveer 30 persent van alle blankes in die totale private vervaardigingsektor gedurende die oorlog werksaam was. Op 19 Maart 1941 het die Kontroleur die ingenieursbedryf tot 'n beheerde bedryf verklaar en in November dieselfde jaar die geldlone van alle geskooldes in die bedryf bevries. Boonop het hy 'n aantal vakmanne laat oorplaas na die hawens om skeepsherstelwerk te doen teen laer geldlone as in die ingenieursbedryf (Offisiële Jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland, 1956-7 1957:882-3). 'n Sentrale Organisasie vir Tegniese Opleiding is ook in die lewe geroep waar vakmanne 'n verkorte opleiding van slegs 6 maande ondergaan het. Hierdie sogenaamde noodwerkers is in geskoolde poste aangestel en hulle loonskaal is bereken teen 75 persent van dié van vaklui wat 5 jaar opleiding ondergaan het. Hierdie stap, wat as verwatering bekend gestaan het, het nie net die geskoolde arbeidstekort verlig nie, maar ook afwaartse druk op die koers waarteen gemiddelde blanke geldlone gestyg het, geplaas. Ambagsvakbonde, wat nog tot en met die uitbreek van die oorlog in 'n sterk posisie in die bedryf was, het die verwatering so goed moontlik probeer teenwerk. Hulle bedingingsmag is egter verder beperk deurdat volgehoue meganisasie die produksieproses so verander het dat minder geskoolde arbeid nodig was (Lewis 1984:91-2). Hulle is ook aan bande gelê deur Oorlogsmaatreëls nos. 6 en 9 wat hulle reg om te staak feitlik opgeskort het (Davies 1979:294).

Nog 'n vorm van verwatering wat deur die Kontroleur gemagtig is, was die aanstelling van swart mans en (vir die eerste maal in die ingenieursbedryf) blanke en kleurlingvroue in semi-geskoolde poste. Vrouelone is vasgestel op 'n intreevlak van 13 sent per uur, wat na 6 maande ondervinding verhoog is tot 18 sent per uur. Dit was ongeveer die helfte minder as wat geskoolde blanke vakmanne in daardie stadium verdien het (Offisiële Jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland, 1956-7 1957:886).

Gedurende 1942-3 was daar reeds 2 924 blanke vroue in die ingenieursbedryf werksaam. Dit was byna 10 persent van alle blanke vroue wat in die totale private vervaardigingsektor werksaam was (Sensus van Nywerheidsinrigtings vir 1942-3 1946:46). Dit het verdere afwaartse druk op gemiddelde blanke geldlone in die bedryfsklas Metale en Werktuie (waaronder die ingenieursbedryf geressorteer het) geplaas. In dié bedryfsklas was die gemiddelde geldlone van blanke mans gedurende 1946-7 R858 per jaar, maar die groot aantal blanke vroue wat gemiddeld slegs R490 per jaar verdien het, het die gemiddelde blanke geldloon afgetrek tot R838 per jaar. Die indiensname van 'n groot aantal kleurlingvroue wat gemiddeld 40 persent minder as kleurlingmans verdien het, het dieselfde uitwerking op die gemiddelde geldlone van kleurlinge gehad (sien tabel 17). Die gevolg was dat die blank:kleurling-loongaping in die bedryfsklas Metale en Werktuie tussen 1928-9 en 1946-7 relatief min verklein het (2,77:1 tot 2,05:1). Daarteenoor het die totale afwesigheid van Asiër- en swartvroue afwaartse druk op gemiddelde Asiër- en swart geldlone verhoed. Gevolglik het die blank:Asiër-loongaping (5,25:1 tot 2,69:1) en die blank:swart-loongaping (6,39:1 tot 4,19:1) gedurende dieselfde periode baie meer as die blank:kleurling-loongaping gekrimp (sien tabelle 16 en 18).

Wat in die bedryfsklas Metale en Werktuie met rasseloonverskille as gevolg van die indiensname van vroue gebeur het, het ook in sekere ander bedryfsklasse gebeur. In die bedryfsklasse Kledingstowwe en Weefsels; Voedsel en Drank; Boeke en Drukwerk; en Leer en Leerware, waar groot getalle blanke en kleurlingvroue werksaam was, het die blank: kleurling-loongaping tussen 1928-9 en 1946-7 baie min gekrimp (sien tabelle 16 en 18). Die feit dat die blank:kleurling-loongaping in die totale private vervaardigingsektor in 1948 dieselfde as in 1933 was (sien tabel 10 en figuur 2), kan in 'n hoë mate daaraan toegeskryf word dat die totale aantal kleurlingvroue tussen 1939 en 1948 byna drie keer vinniger toegeneem het as die totale aantal kleurlingmans (sien tabel 14a). Dit beteken egter nie dat kleurlinge nie vordering teenoor blankes gemaak het nie. In 1946-7 het kleurlingmans in verskeie bedryfsklasse meer as blanke vroue verdien (sien tabel 17).

Die relatiewe afwesigheid van Asiërvroue (sien tabel 14a) wat teen laer geldlone as Asiërmans in diens geneem sou gewees het, het afwaartse druk op gemiddelde Asiërgeldlone regdeur die private vervaardigingsektor verhoed (Franklin 1954:32). Dit is hoofsaaklik waarom die blank:Asiër-loongaping van 1933 tot 1948 van 3,37:1 tot 2,49:1 gekrimp het (sien tabel 10). Dit verklaar ook in 'n hoë mate waarom Asiërs gedurende hierdie periode hulle posisie in verhouding tot kleurlinge sodanig versterk het dat gemiddelde kleurling- en Asiërgeldlone in 1946 vir die eerste maal sedert die ontstaan van die private vervaardigingsektor, gelyk getrek het (sien tabel 9). Asiërs se vordering was egter ook daaraan te danke dat hulle geskooldheidsvlak vinniger as dié van kleurlinge gestyg het. Teen 1948 was 32,5 persent van alle Asiërs in bedrywe wat deur vasstellings van die Loonraad geraak is, geskoold. Daarteenoor was net 14,5 persent van alle kleurlinge geskoold (Verslag van die Departement van Arbeid vir die jaar geëindig 31 Desember 1948 1950:48).

Net soos die feitlike afwesigheid van Asiërvroue afwaartse druk op gemiddelde Asiërgeldlone verhoed het, net so het die onbeduidende persentasie swart vroue (sien tabel 14b) verhoed dat gemiddelde swart geldlone afgedruk word. Daarteenoor het 'n groot aantal swartes wat tot semi-gekoolde poste gevorder het, opwaartse druk op gemiddelde swart geldlone geplaas. Tegelykertyd het die afwaartse druk wat op geskoolde geldlone geplaas is, swartes die minste van alle rassegroepe geraak, omdat net 5,8 persent van alle geskoolde werkers swart was (Verslag van die Departement van Arbeid vir die jaar geëindig 31 Desember 1948 1950:48). Dit verklaar waarom die blank:swart-loongaping van 5,00:1 in 1933 tot 3,80:1 in 1946 gekrimp het, hoewel dit steeds die grootste van al die loongapings was (sien tabel 10 en figuur 2).

#### 4.5.2.5 Die vernouing van die blank:swart-loongaping in perspektief

Die vernouing van die blank:swart-loongaping gedurende hierdie periode moet ook in 'n breër verband gesien word. Eerstens het al hoe meer werkgewers hulle swart werkers ook van gratis kos, klere en selfs behuising voorsien.[31)] In sommige gevalle het blankes ook hierdie voordele gekry, maar in 'n mindere mate as swartes. Dit het blankes baie meer afhanklik van geldlone gemaak as swartes, veral gedurende die oorlog toe die algemene prysvlak skerp gestyg het. Blankes moes self die las dra van stygende klere- en voedselpryse, terwyl die las in die geval van swartes in 'n hoë mate deur werkgewers gedra is. Derhalwe het die gaping tussen die reële verdienste van blankes en swartes meer vernou as die gaping tussen die geldlone van die twee rassegroepe (Report of the Industrial Legislation Commission of Enquiry 1951: 46-7).

31) Dit het egter nie dieselfde omvang as in die mynbousektor aangeneem nie.

Tweedens het swartes nie slegs hulle posisie in verhouding tot blankes verbeter nie, maar ook in verhouding tot kleurlinge. In 1933 was gemiddelde swart geldlone 50 persent van gemiddelde kleurlinggeldlone, maar teen 1948 het dit tot 62 persent gestyg (sien tabel 9). Na 1933 is ook meer swartes in verhouding tot kleurlinge in die Wes-Kaap en Port-Elizabeth-omgewing in diens geneem, wat aandui dat swartes al hoe sterker met kleurlinge in die arbeidsmark begin meeding het (Winklé 1954:455).

Derdens het swartes in die private vervaardigingsektor ook hulle posisie in verhouding tot swartes in die goudmynbedryf verbeter. In 1933 was gemiddelde swart geldlone in die private vervaardigingsektor en die goudmynbedryf gelyk. In 1948 was gemiddelde swart geldlone egter 2,5 keer hoër in die private vervaardigingsektor as in die goudmynbedryf (sien tabel 8).

Laastens moet ook daarop gelet word dat, wat die private vervaardigingsektor betref, na 1933 swart geldlone nie slegs vinniger as blanke geldlone gestyg het nie, maar dat ook swart indiensname vinniger as blanke indiensname gestyg het. In 1933 was daar ongeveer eweveel blankes en swartes in hierdie sektor werksaam, maar in 1948 was daar 1,5 keer meer swartes as blankes (sien tabel 14a). Die feit dat sowel swart indiensname as geldlone na 1933 vinniger as blanke geldlone en indiensname gestyg het, dui daarop dat die plaaslike mark gedurende hierdie periode aansienlik vergroot het.

### 4.6 Afsonderlike ontwikkeling - die rasseloongaping vergroot: 1949-70

Toe die Nasionale Party in 1948 aan die bewind kom, het hy nuwe wetgewing deur die parlement gevoer en bestaande wetgewing gewysig om uitvoering te gee aan sy beleid van afsonderlike ontwikkeling. Dié beleid is ook deurgetrek tot die arbeidsmark en die ontplooing daarvan het met 'n geleidelike vergroting van die rasseloongaping (sien figuur 2) saamgeval.

Dit het gebots met private vervaardigers se voortdurende strewe na 'n groter plaaslike mark. Intussen het die markstruktuur in die private vervaardigingsektor al minder mededingend geword, na gelang sekere vervaardigers daarin geslaag het om 'n groter deel van die mark te bekom. Vir hierdie vervaardigers was die verhoging van swart geldlone die sleutel, nie net tot 'n groter mark nie, maar ook om mededingers uit te skakel en 'n nóg groter deel van die mark te bekom.

In die laat vyftigerjare en vroeë sestigerjare het hierdie (hoofsaaklik Engelssprekende) sakelui die regering onder geweldige druk geplaas om die rasseloongaping te vernou. Hoewel die regering stappe gedoen het wat die blank:swartloongaping tussen 1958 en 1964 effens laat krimp het, het hy nie van sy verklaarde loonbeleid afgewyk nie. Ondertussen het die private vervaardigingsektor teen 'n ongeëwenaarde koers gegroei. Dit het tot aanpassings aan die rasse- en geslagsamestelling van die arbeidsmag aanleiding gegee, wat daartoe bygedra het dat rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor teen 1970 weer min of meer net so groot soos in 1916 was (sien tabel 10).

### 4.6.1 Afsonderlike ontwikkeling kry beslag

Na sy bewindsoorname in 1948 het die Nasionale Party dadelik die Botha-kommissie (1948-51) aangestel om die arbeidsmark en arbeidswetgewing te ondersoek. Kort daarna is die Tomlinson-kommissie (1950-4) aangestel wat ondersoek moes instel na die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die swart gebiede binne die Unie van Suid-Afrika. Hierdie twee kommissies en die regering se reaksie op hul verslae, het die weg gebaan vir die skepping van die wetlike struktuur waarbinne afsonderlike ontwikkeling ontplooi het (Van der Horst 1976:102).

Die uitgangspunt van die Botha-kommissie was onder andere dat arbeidswetgewing werkers van een rassegroep teen onregverdige mededinging van werkers van 'n ander rassegroep (met 'n laer lewenstandaard) moes beskerm, maar die kommissie self het nie spesifieke beskermingsmaatreëls aanbeveel nie (Report of the Industrial Legislation Commission of Enquiry 1951:157, 229). Daarteenoor was die fundamentele uitgangspunt van die Tomlinson-kommissie dat die Suid-Afrikaanse bevolking 'n keuse moes maak tussen twee "uiteindelike pole", naamlik volledige integrasie of afsonderlike ontwikkeling. Die Kommissie het afsonderlike ontwikkeling aanbeveel, met as "aanvoorpunt" die "volskaalse ontwikkeling van die Bantoe-gebiede" (Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoe-gebiede binne die Unie van Suid-Afrika 1955: 209).

Een van die eerste stappe wat gedoen is om uitvoering aan die uitgangspunte en aanbevelings van bogenoemde kommissies te gee, was om strenger beheermaatreëls in te stel om die toestroming van duisende swartes wat deur hoë geldlone na die

stedelike gebiede aangelok is,[32] te beperk. Hoewel die Naturellen (Stadsgebiede) Wet van 1923, en sy opvolger, die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet van 1945, voorsiening gemaak het vir toestromingsbeheer, was die toepassing daarvan aan plaaslike besture oorgelaat. Dié owerhede was egter laks om dit toe te pas. In Port Elizabeth is byvoorbeeld geen beheer oor die toestroming van swartes uitge-oefen nie, en tussen 1942 en 1946 is die toepassing van toestromingsbeheer boonop in al die vernaamste stede en dorpe opgeskort. Om dit reg te stel het die regering in 1952 die eerste van 'n hele aantal drastiese veranderinge aan die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet van 1945 aangebring, wat die beweging van swartes in die blanke gebiede gereël het (Welsh 1979:139-40).

Vir sover dit die toestroming van swartes betref, het die Wes-Kaap egter spesiale aandag gekry. As gevolg van feitlik onbeheerde toestroming het die aantal swart werkers in hierdie gebied tussen 1932-3 en 1947-8 met 534 persent toegeneem (Report of the Industrial Legislation Commission of Enquiry 1951:11). Soos reeds in afdeling 4.5.2 genoem is, het dit 'n neerdrukkende uitwerking op veral kleurling-geldlone en indiensnamevlakke gehad. Gevolglik het die regering in 1954 besluit om die Wes-Kaap as 'n voorkeurgebied vir die indiensname van kleurlinge te verklaar. Nog spesiale maatreëls is van tyd tot tyd getref om kleurlinge teen die mededinging van swartes te beskerm (Van der Horst 1976:114).

Behalwe dat strenger beheer oor die toestroming van swartes uitgeoefen is, is maatreëls ook aangekondig om tegelykertyd beheer oor die aanbod van en die vraag na swart arbeid te verkry. Vir dié doel is 'n landwye netwerk van naturelle-arbeidsburo's op die been gebring. Daar is van werkgewers verwag om al hulle

32) Houghton (1976:166) verwys in hierdie verband na 'n studie wat in 1952 in die Oos-Kaap gedoen is, en wat bevind het dat swartes ongeveer 5 keer meer in die stedelike gebiede as in die landelike gebiede verdien het.

onderhandelinge in verband met die indiensneming van swartes deur middel van die arbeidsburo's te doen. Die arbeidsburo's het op hulle beurt weer swart werksoekers (wat by die buro's moes registreer) van werksgeleenthede in kennis gestel en op die manier is gepoog om die vraag na en aanbod van swart arbeid gelyk te stel. Tussen Julie 1955 en Junie 1956 alleen, is 1 016 378 swartmans deur arbeidsburo's landswyd in diens geplaas (Offisiële Jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland, 1956-7 1957:370-1).

Omdat swartes nie die geskilbeslegtingsmasjinerie van die Nywerheidsversoeningswet kon gebruik nie, het die regering ook besluit om ander kanale aan te lê waarlangs geskille waarby hulle betrokke was, besleg kon word. Dit het uitgeloop op die Wet op Naturelle-arbeid (Beslegting van Geskille) van 1953 (wet no. 48 van 1953). Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Sentrale Naturelle-arbeidsraad, streekkomitees, werkekomitees en die aanstelling van Naturelle-arbeidsbeamptes. Swartes is egter steeds verbied om te staak. In die geval van 'n geskil (wat meestal oor lone gegaan het) moes die komitees eers 'n poging aanwend om dit self te besleg. Sou die komitees onsuksesvol wees, moes die aangeleentheid na die Sentrale Naturelle-arbeidsraad verwys word. Indien dié liggaam ook nie die geskil kon besleg nie, moes dit na die Loonraad verwys word. Die Loonraad se beslissing is dan deur die Minister van Arbeid bindend gemaak op al die partye (Offisiële Jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland 1960:217).

In 1956 is die Nywerheidsversoeningswet van 1937 met die Wet op Arbeidsverhoudinge vervang. Hoewel dit basies ooreengekom het met sy voorgangers, het die nuwe wet egter twee bepalings bevat wat daarop gemik was om arbeidswetgewing in lyn te bring met die groepsbenadering wat afsonderlike ontwikkeling onderlê het.

Die een was die bepaling (seksies 4[6] en 8[3]) dat aparte vakbonde voortaan vir elke rassegroep geregistreer moes word, en dat in die geval van gemengde vakbonde wat reeds bestaan het, aparte takke vir elke rassegroep gestig moes word en hulle apart moes vergader (Doxey 1961:138, 147).

Die ander bepaling (seksie 77) was dat sekere soorte werk vir bepaalde rassegroepe gereserveer kon word "om die ekonomiese welvaart van werknemers te beskerm" (Offisiële Jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland 1960:211). Hierdie bepaling het beteken dat die kleurslagboom wat vroeër net in die mynbousektor van toepassing was, nou ook vir die eerste maal na die private vervaardigingsektor uitgebrei is.

Die Wet op Arbeidsverhoudinge het swartes steeds nie toegelaat om aan geregistreerde vakbonde te behoort nie. Hoewel dit beteken het dat swartes nie sitting in nywerheids- en versoeningsrade kon hê nie, kon die Sentrale Naturelle-arbeidsraad egter namens hulle onderhandel wanneer loonooreenkomste deur hierdie rade beding is (Doxey 1961:152).

Teen 1957 was al die onderskeie loongapings groter as in 1948 (sien tabel 10 en figuur 2). Hoewel die nominale geldlone van alle rassegroepe sedert 1948 gestyg het (sien tabel 9), was dit net blanke geldlone wat in reële terme gestyg het (sien tabel 11). Dit was egter nie die gevolg van bogenoemde wetgewing nie,[33)] maar van ander faktore.

33) Dit word in afdeling 4.7 beredeneer.

In die eerste plek is afwaartse druk op reële geldlone geplaas, omdat die regering die lewenskostetoelaes wat in 1941 ingestel is, en gereeld verhoog is, in 1953 bevries het. Aangesien dié toelaes regressief was, is die nie-blankes die meeste deur hierdie stap benadeel. In die tweede plek was die Loonraad na 1948 minder aktief as voor 1948. Tussen 1949 en 1957 het die Loonraad gemiddeld 3,9 vasstellings per jaar gemaak, vergeleke met 'n gemiddelde van 8 vasstellings per jaar tussen 1945 en 1948. Lone is ook nie op beduidend hoër vlakke as voor 1948 vasgestel nie (Griffiths en Jones 1980:99). Omdat die Loonwet sedert 1937 geleidelik al meer tot voordeel van nie-blankes gewerk het, is hulle die meeste benadeel deur die relatiewe onaktiwiteit van die Loonraad tussen 1949 en 1957. In die derde plek was daar opwaartse druk op gemiddelde blanke geldlone omdat die beperkings wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog op die geskoolde arbeidsmag geplaas is, na 1948 opgehef is. Daarna het die tekort aan geskooldes in alle sektore van die ekonomie net groter geword (Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Beskermingsbeleid van Nywerhede 1958:32).

**4.6.2 Druk op die regering om die rasseloongaping te vernou**

Die relatief lae vlak van nie-blanke, en spesifiek swart geldlone, is vroeg in 1957 onder die openbare aandag gebring deur die Alexandra-busboikot. Dié boikot het gevolg op die besluit van die Public Utility Transportation Corporation (Putco) om sy tariewe aan die Rand met 0,83 sent (1 pennie) per rit te verhoog. Werkgewers het toe die regering gevra om die Loonraad opdrag te gee om die geldlone van alle swartes aan die Rand te verhoog, omdat die swartes na bewering nie die hoër tarief kon bekostig nie. Die regering se standpunt was dat die boikot polities geïnspireerd was en dat dit werkgewers in die private vervaardigingsektor se eie verantwoordelik-

heid was om hulle werkers se geldlone te verhoog. Niks het hulle verhoed om dit te doen nie (Walker en Weinbren 1961:280-3).

Engelssprekende sakelui wat hulle aan die kant van die ontevrede swartes geskaar het, het kort na die boikot 'n organisasie in Johannesburg gestig bekend as die Vereniging vir Bantoelone en -produktiwiteit. Dié organisasie het saam met ander Engelssprekende organisasies soos die Nasionale Ontwikkelingstigting, die Verenigde Kamers van Koophandel (Assocom) en die Gefedereerde Kamers van Nywerhede (FCI),[34)] begin om druk op die regering uit te oefen om swart geldlone drasties te verhoog.

Hoewel die regering nie aan die eise van die sakelui gehoor gegee het nie, het hy nietemin in dieselfde jaar 'n nuwe Loonwet (wet no. 5 van 1957) op die wetboek geplaas. Die loonvasstellingsmasjinerie wat ingevolge die ou Loonwette daargestel is, is behou, maar voorsiening is gemaak vir wysigings aan die samestelling van die Loonraad met die doel om nuwe loonvasstellings en wysigings van bestaande loonvasstellings te bespoedig (Offisiële Jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland 1960:212). Die nuwe Loonwet het steeds diskriminasie op grond van ras of kleur verbied. Dit was ook nie meer bloot komplementêr tot die Wet op Arbeidsverhoudinge nie, want werkgewers was verplig om van die Loonwet gebruik te maak ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Naturelle-arbeid (Beslegting van Geskille) (Steenkamp 1963:250).

34) Afrikaanssprekendes se aandeel in die private vervaardiging- en konstruksiesektore was in 1955 slegs 6 persent (Torchia 1988:427).

Bogenoemde sakelui het 'n groot verskeidenheid redes aangevoer waarom die regering swart geldlone moes verhoog. Politieke, humanitêre, en ekonomiese redes is genoem. Wat die politiek betref, was die argument dat swart geldlone moes styg omdat lae geldlone 'n teelaarde vir rewolusie was (Hepple 1960b:11). Dit het aangesluit by die humanitêre argument dat die meeste swartes in die stedelike gebiede in absolute armoede leef. Dié argument is gerugsteun deur 'n aantal studies wat gedurende hierdie tyd deur verskeie persone en instansies oor armoede onder swartes in die stedelike gebiede gedoen is. Die slotsom waartoe almal gekom het, was dat swart geldlone oor die algemeen laer as die sogenaamde bestaansminimum was.[35] Derhalwe is gevra dat die regering 'n nasionale minimum loon moes instel.

Dit was egter in daardie stadium meer as ooit tevore duidelik dat die lae vlak van swart geldlone en die rasseloongaping 'n beperking op die groei van die plaaslike mark was. In 1958 het die Viljoen-Kommissie dit só gestel:

> "Dit skyn asof belangrike beperkings in hierdie land op die produktiwiteit van die sekondêre nywerheid geplaas word, omdat die mark wat tans tot die beskikking van nyweraars is, in terme van koopkrag en besondere inkomsteverspreidingspatroon, klein is in vergelyking met dié van die vernaamste nywerheidslande" (<u>Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Beskermingsbeleid vir Nywerhede</u> 1958:par. 355).

Om die plaaslike mark te vergroot, het die Kommissie aanbeveel dat die "koopkrag" (geldlone) van die bevolking oor die algemeen, en dié van die "laer" (nie-blanke) inkomstegroepe in die besonder, verhoog moes word. Om te verseker dat plaaslike

35) Vir 'n bespreking van sommige van hierdie studies sien Katzen (1961:197-8). Vir 'n kritiese ontleding daarvan sien Steenkamp (1962:93-4).

vervaardigers nie hulle deel van die mark aan oorsese mededingers afstaan nie, het die Kommissie "selektiewe beskerming" aanbeveel (Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die beskerming van Nywerhede 1958:par. 357).

Sakelui het kort daarna baie duidelik laat blyk dat hulle eintlik (afgesien van humanitêre en politieke oorwegings) wou hê die regering moes swart geldlone verhoog, omdat dit soos bogenoemde kommissie uitgewys het, die sleutel tot die groei van die plaaslike mark was.[36)] Hulle het dié kwessie op 3 Oktober 1961 op die spits gedryf op 'n konferensie van die Nasionale Ontwikkelingstigting oor "die ekonomie van verhoogde Bantoelone en -produktiwiteit" wat in Johannesburg gehou is. Graham (1961:4), een van die afgevaardigdes wat die "vervaardigings-industrie" verteenwoordig het, het die voordele van verhoogde swart geldlone soos volg gemotiveer:

> "It is in this question of market development where we must look for a solution of our Non-European wages problem. We all know that our home market is a function of the purchasing power of all our peoples, and this can be expanded by increasing the number of people employed......and by increasing the wages of our existing workers".[37)]

Graham het verder gegaan en 'n uitgewerkte plan aan die konferensie voorgelê. Die plan, wat as die Graham-plan bekend geword het, het in kort daarop neergekom dat die regering die geldlone van alle ongeskoolde en semi-geskoolde swartes oor 'n relatief kort periode met 50 persent moes verhoog. Onder die aanname dat daar baie surplusproduksiekapasiteit in die private vervaardigingsektor was, het hy

36) Hierdie punt is ook deur vorige kommissies gemaak. Sien voetnoot 28 in hierdie verband.
37) Vergelyk hierdie standpunt ook met dié van die voormalige voorsitter van die Raad van Handel en Nywerheid, A. J. Norval, wat in afdeling 4.5.2.1 uiteengesit is.

voorsien dat die loonverhogings via die bestedingsvermenigvuldiger tot 'n aansienlike styging in die uitsetvlak van die sektor sou lei (Graham 1961:6-12).

Die plan is baie skerp deur ekonome gekritiseer, wat veral teen die inflasionêre gevolge daarvan gewaarsku het.[38] Die regering self het die plan verwerp. In November 1960 het die Minister van Arbeid reeds 'n verklaring uitgereik waarin hy dit gestel het dat die regering nie in beginsel teen die verhoging van swart geldlone gekant was nie, maar dat dit "geleidelik en selektief" moes geskied. Op 13 Maart 1962 het die Minister dit onomwonde gestel dat die regering 'n nasionale minimum loon verwerp en sou volhard met die vasstelling van minimum lone op die grondslag waarvoor die bestaande arbeidswetgewing voorsiening gemaak het (Debatte van die Senaat, 19 Maart 1962:kol. 2310-5).

Ekonome soos Viljoen (1961:39-40) en Horwood (1962:122-9) het hulle by die regering geskaar en die instelling van 'n nasionale minimum loon verwerp. Daar was eenstemmigheid dat die bestaande loonvasstellingsmasjinerie voldoende was. Die voorsitter van die Loonraad, W.F.J. Steenkamp, het by minstens twee geleenthede daarop gewys dat alle noemenswaardige verhogings van swart geldlone na 1957 die direkte gevolg van stappe deur die Loonraad was (Steenkamp 1961:216 en Steenkamp 1962:95-6). Dit is ook in 'n latere studie deur Pursell (1968:92) aangetoon dat die styging in reële swart geldlone wat tussen 1958 en 1964 plaasgevind het (sien tabel 11), die direkte gevolg van optrede deur die Loonraad was. Dié optrede het ook daartoe gelei dat die blank:swart-loongaping gedurende hierdie periode (1958-64) vernou het, hoewel dit daarna weer vergroot het (sien tabel 10).

38) Vir kritiek teen die plan sien Jacobs (1961:1-4) en Steenkamp (1962:102-8).

Vir sakelui was dit egter nie genoeg dat swart geldlone net styg nie, dit moes ook vinniger as blanke geldlone styg. Die mikpunt met die verhoging van swart geldlone was nie bloot om koopkrag te verhoog nie, maar ook om koopkrag van een deel van die bevolking met 'n laer bestedingsgeneigdheid (blankes), na 'n ander deel van die bevolking met 'n hoër bestedingsgeneigdheid (swartes) oor te dra (Reynders en Van den Berg 1960:217-20). Die direkteur van die Vereniging vir Bantoelone en -produktiwiteit, E.R. Silberbauer, het dit só uitgespel:

> "The opinion is also forming that black wages should continue to rise until the African workers become the broad consumer market of South Africa....." (Silberbauer 1960:9).

Daarom was 'n vergroting van die rasseloongaping nie wat die aanstigters van die loonveldtog wou hê nie.

Dit was vir hierdie sakelui ook krities belangrik dat spesifiek die regering die voortou met die verhoging van swart geldlone moes neem, en dat hy dit by wyse van 'n nasionale minimum loon moes doen. Sou sakelui self die voortou neem, sou dit neerkom op 'n herverdeling van inkome van kapitaal na arbeid, en daarvoor was hulle nie te vinde nie. Graham se uitdruklike voorwaarde vir sy plan was; "It must not reduce profits" (Graham 1961:7). In die tweede plek was daar geen waarborg nie dat as een werkgewer geldlone verhoog, die ander sou volg nie. Daarom moes almal by wyse van 'n nasionale minimum loon gedwing word om dit gelyk te doen. Dit blyk uit Hepple (1960a:5) se verduideliking wat lui:

> "The need for a minimum wage fixed by law require no explanation. Among other things it places all employers on an equal footing, and prevents unfair competition through wage cutting".

Dit was egter te betwyfel of die verhoging van swart geldlone deur middel van 'n nasionale minimum loon tot "billike mededinging" sou lei. Wat sekere sakelui met drastiese loonverhogings en 'n nasionale minimum loon wou bereik, was juis die uitskakeling van mededinging sodat hulle die mark kon monopoliseer. Innes (1984:169) het dit só verduidelik:

> "A higher wage policy for black industrial workers, while facilitating the expansion of the internal market, would imposed an intolerable burden on small capitalists".

Dit is hoekom die Verwoerd-regering (1958-66) geoordeel het dat dit nie in belang van gesonde mededinging sou wees om swart geldlone drasties te verhoog, en dit boonop aan die hand van 'n nasionale minimum loon te doen nie. Op 26 April 1962 het die Minister van Arbeid in dié verband in 'n persverklaring gesê:

> "Drastic action might lead to the ruin of many undertakings and seriously hamper the establishment of new industries which is of great importance to the country's future prosperity" (Houghton 1976:173).

Die regering was tegelykertyd bekommerd oor die onvolmaaktheid wat na 1948 in die mark ingetree het. Daarom is die Hoek-kommissie in 1964 aangestel om die greep wat die Anglo American-groep op die Suid-Afrikaanse ekonomie gekry het, te ondersoek (Innes 1984:14). Daarna het die loonkwessie na die agtergrond verskuif en eers weer in die vroeë sewentigerjare na vore getree.[39)]

39) In die sewentigerjare het die Vorster-regering (1966-78) hom verbind tot die vernouing van die rasseloongaping (<u>Amptelike Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika</u> 1976:234). Boonop het die nuwe regering nooit die Hoek-verslag openbaar gemaak nie, en skynbaar 'n ongeërgde houding oor monopolievorming ingeneem. In 1973 het die voorsitter van die Raad van Handel en Nywerheid, dr. S.F. Kleu, in dié verband opgemerk: "Dit lyk soms of die filosofie wat ten grondslag van die Wet op die Reëling van Monopolistiese Toestande lê, naamlik dat effektiewe mededinging ekonomiese doeltreffendheid, vooruitstrewendheid en groei bevorder, in Suid-Afrika nie ernstig bejeën word nie" (Kleu 1973:469).

## 4.7 Waarom die rasseloongaping in die private vervaardigingsektor na 1948 vergroot het

Die vergroting van die rasseloongaping na 1948 word dikwels voor die deur van afsonderlike ontwikkeling (apartheid) gelê. Lipton (1986:43-4) stel dit onomwonde:

> "During the war years when apartheid was relaxed, the differential narrowed; thereafter as apartheid was tightened, it widened.....The effect of apartheid on racial shares of income and wage differentials seems incontestable".

In afdeling 4.5.2 is die faktore wat rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor gedurende die Tweede Wêreldoorlog laat krimp het, geïdentifiseer en bespreek. Dit het ingesluit voortgesette en verskerpte optrede deur die Loonraad, die instelling van regressiewe lewenskostetoelaes en verskeie maatreëls wat die bedingingsmag van geskoolde (meestal blanke) arbeiders aan bande gelê het, asook die verhoogde toetrede van blanke en kleurlingvroue tot die arbeidsmag. Hierdie faktore het weinig indien enige iets met die verslapping van sogenaamde apartheidswette gedurende die Tweede Wêreldoorlog te doen gehad.

Die blote feit dat die Nasionale Party se beleid van afsonderlike ontwikkeling met 'n vergroting van rasseloonverskille saamgeval het, is ook nie 'n bewys dat apartheid die hoofrede was waarom die onderskeie loongapings in die private vervaardigingsektor na 1948 vergroot het nie. In afdeling 4.6.1 is uitgewys dat rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor tussen 1949 en 1957 vergroot het as gevolg van

die bevriesing van die lewenskostetoelaes, die relatiewe onaktiwiteit van die Loonraad, en die opheffing van die maatreëls wat die bedingingsmag van geskoolde arbeiders gedurende die oorlog aan bande gelê het. Die feit dat rasseloonverskille na 1957 steeds groter geword het, was ook nie hoofsaaklik aan sogenaamde apartheidswetgewing te wyte nie.

In die eerste plek moet verreken word dat die tekort aan geskoolde arbeid wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het, na 1948 groter geword omdat die ekonomie vinniger gegroei het. Teen 1956 was die tekort aan vakmanne in alle sektore van die ekonomie reeds 7,4 persent, die tekort aan vakleerlinge 11,5 persent, en die tekort aan klerklike personeel 5,5 persent (Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Beskermingsbeleid van Nywerhede 1958:32-4).

In die sestigerjare toe die ekonomie teen 'n ongeëwenaarde koers gegroei het,[40] het die tekort aan geskoolde arbeid akuut geraak. Ten spyte daarvan dat geskooldes van oorsee af ingevoer is, kon die tekort nie uitgewis word nie. Die gevaar het ook bestaan dat, indien geskoolde geldlone in Suid-Afrika nie mededingend genoeg sou wees nie, baie geskooldes boonop die land sou verlaat en die tekort verder sou vergroot het (Kantor en Rees 1982:51). Die tekort het ook tot gevolg gehad dat blankes baie vinnig op die beroepsleer gevorder het, met die gevolg dat daar baie sterk opwaartse druk op gemiddelde blanke geldlone was. Tussen 1960 en 1970 alleen het gemiddelde blanke geldlone met 92 persent gestyg (sien tabel 9).

---

40) Op 2 Februarie 1968 was die Financial Mail se kommentaar in die verband: "This is the decade of the South African economic miracle, when the boom years of 1962-5 hoisted the economy up to a different scale of operations altogether, so that the main economic problem of our times has become not how to induce growth, but how to restrain it". Sien in hierdie verband ook: "1961-66: The fabulous years" (Supplement to the Financial Mail, 14 Julie 1967).

Die verhoogde ekonomiese groeikoers het ook 'n skerp toename in die vraag na nie-blanke arbeid tot gevolg gehad. Soos hieronder aangetoon sal word, het veral swartes aansienlike beroepsvordering gedurende hierdie periode gemaak. Dit het opwaartse druk op gemiddelde nie-blanke geldlone tot gevolg gehad. Daar was egter nie sprake van 'n nie-blanke arbeidstekort nie, en die meeste swartes was steeds onder aan die beroepsleer. Daarom het gemiddelde nie-blanke geldlone nie in dieselfde verhouding as gemiddelde blanke geldlone gestyg nie, met die gevolg dat die onderskeie loongapings steeds groter geword het (sien tabel 10).

Wat ook verreken moet word, is dat die veranderinge aan die geslagsamestelling van die arbeidsmag wat lank voor 1948 begin het, na 1948 voortgeduur het. Soos reeds duidelik is, het 'n toename (afname) in die aantal vroue van 'n bepaalde rassegroep in verhouding tot die aantal mans van dieselfde rassegroep, afwaartse (opwaartse) druk op die koers waarteen die gemiddelde geldlone van daardie betrokke rassegroep styg, tot gevolg. Dit volg omdat vroue oor die algemeen teen laer geldlone as mans gehuur word.

Die feit dat blanke vroue as persentasie van blanke mans van 33,8 persent in 1948, tot 30,4 persent in 1960 en toe tot 24,6 persent in 1970 gedaal het, het opwaarste druk op die koers waarteen gemiddelde blanke geldlone gestyg het, tot gevolg gehad. Daarteenoor het Asiër- en swart vroue veral gedurende die sestigerjare in groot getalle tot die private vervaardigingsektor toegetree en afwaartse druk op die koers waarteen gemiddelde Asiër- en swart geldlone gestyg het, geplaas (Sadie 1971:234 en Mariotti 1980:260-1). Asiër- en swartvroue het as persentasie van Asiër- en swartmans van onderskeidelik 12,5 en 5 persent in 1960 tot onderskeidelik 25 en 13,5 persent in 1970 gestyg. Kleurlinge was in die moeilike posisie dat die

persentasie kleurlingvroue in verhouding tot kleurlingmans vêr groter was as in die geval van enige ander rassegroep. Hoewel kleurlingvroue as persentasie van kleurlingmans van 1960 tot 1970 van 76,5 tot 60 persent gedaal het, het dit klaarblyklik min opwaartse druk op die koers waarteen gemiddelde kleurlinggeldlone gestyg het, tot gevolg gehad (sien tabelle 14a en b).

Die veranderinge aan die geslagsamestelling van die arbeidsmag het na alle waarskynlikheid ook 'n deurslaggewende invloed op rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor gehad. Dit blyk uit die feit dat die blank:Asiër- en blank: swartloongapings vergroot het in alle bedryfsklasse waar groot getalle Asiër- en swartvroue toegetree het. Dit geld veral vir die bedryfsklasse Voedsel, Tekstiele, Klerasie en Leer. In daardie bedryfsklasse soos Chemikalieë, Nie-Metaalhoudende mineraalprodukte, Basiese Mètale, Masjinerie en so meer, waar relatief min Asiër- en swartvroue toegetree het, het die onderskeie loongapings na 1958 [41] kleiner geword (sien tabel 19).

Die sogenaamde apartheidswetgewing wat na 1948 op die wetboek gekom het, het na alle waarskynlikheid nie 'n deurslaggewende invloed op rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor gehad nie.

Wat die invloed van toestromingsbeheer betref, moet onthou word dat dit reeds lank voor 1948 op die wetboek was, hoewel dit nie altyd streng toegepas is nie. Die streng toepassing daarvan na 1948 moes na alle waarskynlikheid eerder gemiddelde swart geldlone ondersteun het, want in die afwesigheid daarvan sou die swart

41) As gevolg van 'n nuwe bedryfsklassifikasie wat in die vyftigerjare in werking getree het, kan die rasseloongaping per bedryfsklas in 1970 nie met dié in 1948 vergelyk word nie.

arbeidsaanbod nóg groter gewees het, en dit sou 'n neerdrukkende uitwerking op gemiddelde swart geldlone gehad het. Die vraag wat beantwoord moet word, is of gemiddelde swart geldlone enigsins beduidend hoër sou gewees het, indien swartes volkome bewegingsvryheid gehad het.

Om 'n idee te kry wat gemiddelde swart geldlone sou gewees het as swartes dieselfde vakbondregte as blankes gehad het, moet gevra word of hulle beter as kleurlinge en Asiërs wat wel dieselfde regte gehad het, sou gevaar het. Vakbondregte kon nie verhoed dat die blank:kleurling- en blank:Asiër-loongapings groter word nie. Dit is ook onwaarskynlik dat vakbondregte die rede was waarom gemiddelde blanke geldlone gedurende hierdie periode vinniger as die gemiddelde geldlone van ander rassegroepe in die private vervaardigingsektor gestyg het.

Hoewel daar geen twyfel is nie dat werkreservering 'n diskriminerende praktyk was, skyn dit asof die invloed wat dit op rasseloonverskille gehad het, oorskat word. Afgesien daarvan dat 27 reserverings tussen 1956 en 1971 gemaak is (Van der Horst 1976:106), is slegs 2,6 persent van die Republiek se totale arbeidsmag daardeur geraak (Hansard 12 Februarie 1974:kol. 60-4). Legassick (1974:12-3) wys daarop dat die doel met werkreservering nooit was om swartes beroepsvordering te ontsê nie, maar eerder om blankes te beskerm teen substitusie wanneer die ekonomie in 'n afswaai was. Feit van die saak is dat swartes sedert 1948, ondanks werkreservering, baie goed op die beroepsleer gevorder het. In 1956 was 41,8 persent van alle semi-geskoolde werkers in bedrywe wat deur vasstellings van die Loonraad gedek is, swart (Verslag van die Departement van Arbeid vir die jaar geëindig 31 Desember 1956 1957:27). Teen 1969 het swart werkers egter 88,9 persent van alle semi-gekoolde poste in die private vervaardigingsektor beklee (Biesheuvel 1974: 311). Sadie (1971:234) wys daarop dat, terwyl 84 persent van alle swartes in 1960

steeds ongeskoolde werk verrig het, die persentasie in 1970 tot 68,2 persent gedaal het.[42)]

Daar moet ook in gedagte gehou word dat die Loonwet van 1957 (net soos sy voorgangers) rassediskriminasie verbied het, en voorsiening gemaak het vir alle werkers wat nie in vakbonde georganiseer was nie. Hoewel die Loonraad nie baie aktief tussen 1949 en 1957 was nie, het die Raad meer as dubbeld soveel vasstellings tussen 1958 en 1970 gemaak as tussen 1949 en 1957 (Verslag van die Departement van Arbeid vir die jaar geëindig 31 Desember 1969 1970:15). Hierdie vasstellings was hoofsaaklik tot die voordeel van swartes, aangesien daar in verhouding al hoe minder blankes in die laags besoldigste beroepe oorgebly het. Soos reeds in afdeling 4.6.2 uitgewys is, het optrede deur die Loonraad gedurende die termyn van die Verwoerd-regering selfs tot 'n effense vernouing van die blank:swart-loongaping aanleiding gegee. Dit lei geen twyfel nie dat rasseloonverskille in die afwesigheid van die Loonwet groter sou gewees het.

Buiten die Loonwet kon swart geldlone ook volgens enige van die Wet op Naturellearbeid (Beslegting van Geskille) en die Wet op Arbeidsverhoudinge vasgestel word. Volgens Hepple (1960a:5) was meer swartes onderhewig aan loonvasstellings wat ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge gemaak is, as blankes en kleurlinge, al het dié wet swartes verbied om aan geregistreerde vakbonde te behoort.

42) Bogenoemde word bevestig deur die volgende opmerking deur die Wiehahn-kommissie (1977-80) wat lui: "Die ekonomiese groei van die sestigerjare het tot gevolg gehad dat baie blanke werkers uit die gereserveerde beroepe na ander kategorieë werk uitbeweeg het. Die ernstige tekorte wat hierdeur veroorsaak is, is bekamp deur die aanstelling van al hoe meer nie-blankes in hierdie vakatures. Nie alleen het die oorspronklike motivering vir statutêre werkreservering as gevolg van hierdie verloop veel van sy geldigheid verloor nie, maar die meeste vasstellings self het in onbruik verval" (Wiehahn 1982:81).

Uit bogenoemde blyk dit dat dit onwaarskynlik is dat rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor na 1948 hoofsaaklik as gevolg van apartheid vergroot het, soos Lipton (1986) beweer. Daarom is dit ook onwaarskynlik dat blankes oorbesoldig en swartes onderbesoldig was. Feit van die saak is dat die swart arbeidsaanbod groot en elasties was. In só 'n situasie is alle werkgewers loonnemers en die kanse dat 'n arbeider 'n loon laer as sy marginale produk kan verdien, is in teorie nul.[43] Die feit dat werkgewers nie self bereid was om die voortou te neem en swart geldlone te verhoog nie, is die duidelikste bewys daarvan. Daarteenoor was daar gedurende hierdie periode vir alle praktiese doeleindes nie meer blanke werkloses nie, wat dit hoogs onwaarskynlik maak dat die blanke arbeidsmag oorbesoldig was. Boonop moet die invloed wat die voortgesette veranderinge aan die geslagsamestelling van die arbeidsmag op rasseloonverskille gehad het, ook verreken word. Dit mag selfs wees dat geslagsdiskriminasie 'n groter bydrae tot rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor gemaak het as rassediskriminasie.

Daar moet ook nie uit die oog verloor word nie dat, hoewel rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor na 1948 oor die algemeen groter geword het, die nieblanke arbeidsmag in 'n hoë mate in die voorspoed van die sestigerjare gedeel het. Terwyl reële blanke geldlone van 1960 tot 1970 met 46 persent gestyg het, het reële swart geldlone tegelykertyd met 35 persent gestyg. Daarteenoor het die indiensname van swartes gedurende dieselfde periode met 68 persent (239 720) en dié van blankes met 52 persent (90 928) gestyg. Ook kleurlinge en Asiërs het ruim in die voorspoed gedeel (sien tabelle 11 en 14a).

Om egter 'n gebalanseerde perspektief op rasseloonverskille in die Suid-Afrikaanse ekonomie te kry, moet die rasseloongaping in 'n owerheidsonderneming ook onder-

43) Vir 'n uiteensetting van die teorie sien McConnell en Brue (1989:155).

soek word. Daarom word in die volgende hoofstuk ondersoek ingestel na die rasseloongaping in Suid-Afrika se spoorweë en hawens.

# HOOFSTUK 5

## DIE RASSELOONGAPING IN DIE SPOORWEë EN HAWENS

### 5.1 Inleiding

Die vestiging van 'n spoorwegnetwerk dwarsoor Suid-Afrika en die ontwikkeling van verskeie hawens het net so skouspelagtig verloop as die opkoms van die goud- en diamantmynbedrywe. Gevolglik het spoor- en hawebou ook 'n belangrike invloed op die Suid-Afrikaanse arbeidsmark gehad.

Omdat spoor- en hawebou oor die hele Suid-Afrika plaasgevind het, was alle rassegroepe van meet af aan daarby betrokke. Teen 1910 was daar meer blanke spoorweg- en hawewerkers as blanke fabrieks- of mynwerkers in Suid-Afrika. Aansienlik minder swartes het egter op die spoorweë en hawens gewerk as op die myne. Behalwe swartes, was daar teen 1910 ook 'n beduidende aantal Indiërs op die Natalse spoorweë en hawens werksaam, maar hulle getalle het so verminder dat hulle teen 1930 nie meer 'n faktor was nie. In die Kaapprovinsie het 'n aansienlike aantal kleurlinge van meet af aan op die spoorweë en hawens gewerk. Hulle het egter nooit meer as 8 persent van die totale arbeidsmag van die spoorweë en hawens uitgemaak nie. Hoewel 'n aantal vroue ook met verloop van tyd (veral gedurende die Tweede Wêreldoorlog) indiensgeneem is, was hulle so min dat hulle, anders as in die private vervaardigingsektor, nie 'n deurslaggewende invloed op rasseloonverskille gehad het nie.

Soos die diamantmynbedryf, is Suid-Afrika se spoorweë en hawens relatief vinnig gemonopoliseer, maar in laasgenoemde geval was dit die staat wat die alleenbeheer verkry het. Wetgewing het bepaal dat die staat die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (SAS & H) op 'n sakegrondslag moes bestuur, maar sonder winsbejag. Die staat was dus 'n prysmaker van 'n noodsaaklike diens wat hy aan die totale ekonomie gelewer het, maar omdat die maksimalisering van wins nie die primêre doelwit was nie, was die minimalisering van koste ook nie naastenby so belangrik soos in die goudmynbedryf nie. Hoewel die SAS & H in dieselfde arbeidsmark met dié bedryf moes meeding, het hy gevolglik meer beweegruimte gehad om loon- en indiensnamevlakke aan te pas.

Omdat die blanke kiesers van Suid-Afrika boonop die "aandeelhouers" van die SAS & H was, en die lede van die Suid-Afrikaanse parlement die "direkteure" (Die Suid-Afrikaanse Spoorweë 1948:5), was die SAS & H by uitstek dié onderneming waar die beleid van die regering die duidelikste neerslag gevind het. Daarom het die SAS & H 'n belangrike rol gespeel in die oplossing van die armblankevraagstuk en die ontplooiing van die beleid van afsonderlike ontwikkeling.

Ondanks sy unieke karakter, was die rasseloongaping in die die SAS & H egter min of meer dieselfde as in die private vervaardigingsektor (sien figuur 4).

## 5.2 Die vroeë ontwikkeling van spoorweë en hawens in Suid-Afrika: 1860-1909

Voordat goud en diamante in die binneland van Suid-Afrika ontdek is, was daar reeds beperkte spoorweg- en hawe-ontwikkeling aan die kuslyn. Dit het gespruit uit die behoeftes van die landbou en die handel.

In 1853 is 'n private maatskappy - die Cape Town Railway and Dock Company - in Kaapstad gestig met die doel om:

> " 'n progressiewe spoorwegstelsel in die Kaapkolonie in te voer en om sy hoofstad te voorsien van veilige en gerieflike toegang en fasiliteite vir die ontvangs en herstel van skepe, aangesien daar lank reeds ondervind is dat die gebrek aan sodanige geriewe die handel en landbou van die Kolonie en ook die ontwikkeling van sy natuurlike hulpbronne ernstig aan bande lê" ('n Eeu van Vervoer 1960:2).

In April 1859 het die Cape Town Railway and Dock Company begin met die bou van 'n spoorlyn van Kaaptad na Wellington. Dit is einde 1863 voltooi. In 1860 is ook begin met konstruksie in die hawens van Kaapstad en Port Elizabeth (De Kock 1924:341, 345).

Tegelykertyd het daar in Natal ook 'n private maatskappy op die been gekom - die Natal Railway Company - wat 'n spoorlyn van ongeveer drie kilometer van Durban na Durbanhawe gebou het. Dié lyn is in 1860 oopgestel ('n Eeu van Vervoer 1960:5-6). Ondertussen is die Bluff-kanaal ook dieper uitgegrawe om die Durbanse hawe vir groter skepe toeganklik te maak (De Kock 1924:341).

In die geheel beskou was die tempo van spoorweg- en hawe-ontwikkeling egter baie stadig. Dit was eers nadat diamante in die laat sestigerjare in die Kimberley-omgewing ontdek is, dat omvangryke spoor- en hawebouprogramme 'n aanvang geneem het. In daardie stadium was dit ook duidelik dat private maatskappye nie hierdie uitdagings die hoof kon bied nie en dat die staat die taak op hom sou moes neem. Derhalwe het die Kaapse en Natalse regerings die spoorlyne in dié twee kolonies onderskeidelik in 1875 en 1876 by die private maatskappye oorgeneem[1]. Dit het beslag gegee aan die Cape Government Railways en die Natal Government Railways. In 1908 is die hawens van die Kaapkolonie onder diê beheer van die Cape Government Railways geplaas. Voor dit is elke hawe deur 'n haweraad beheer wat deur die Kaapse regering aangestel is. Die Durbanse hawe is as 'n departement van die Natalse regering geadministreer ('n Eeu van Vervoer 1960:22, 61).

Teen 1885 was Kimberley per spoor met die hawens van Oos-Londen, Port Elizabeth en Kaapstad verbind. In Natal het spoorbou stadiger verloop as gevolg van die bergagtige terrein. In daardie stadium was daar met die lyn vanaf Durban slegs tot by Pietermaritzburg gevorder. Die ontdekking van goud in 1886 aan die Witwatersrand en die bevolkingstoename wat daarmee gepaard gegaan het, was egter die stimulus om ook spoorlyne deur die Vrystaat en Transvaal te bou (De Kock 1924:346).

1) 'n Aantal privaat spoorlyne soos dié van die Cape Copper Company tussen O'Kiep en Port Nolloth en dié van die South-Western Company in die Knysna-bosse het nog 'n tyd lank bestaan, maar dié lyne het nie by die totale spoorwegnetwerk aangesluit nie en is mettertyd almal opgebreek (Officieel Jaarboek van de Unie en Basutoland, Bechuanaland-Protektoraat en Swaziland, 1910-8 1918:745).

In Transvaal het spoorbou 'n aanvang geneem nadat die Transvaalse regering in 1885 'n konsessie vir die bou van 'n lyn van Lourenco Marques na Pretoria goedgekeur het. Op 21 Junie 1887 is die Nederlandsche Zuid-Afrikaanche Spoorweg-maatschappij (N.Z.A.S.M.) vir dié doel in die lewe geroep. Hoewel die lyn vanaf Lourenco Marques Pretoria in 1894 bereik het, was 'n lyn wat Johannesburg en Boksburg met mekaar verbind het (bekend as die "Randse Trem"), reeds in 1890 in bedryf (Officieel Jaarboek van de Unie en van Basutoland, Bechuanaland-Protektoraat en Swaziland, 1910-18 1918:744).

In die Vrystaat het spoorbou in 1889 'n aanvang geneem nadat die Vrystaatse regering met die Cape Government Railways ooreengekom het oor die bou van 'n lyn van Norvalspont tot by die Vaalrivier. Dié lyn is in 1892 voltooi en dieselfde jaar is dit tot by Johannesburg verleng nadat ook met die Transvaalse regering tot 'n vergelyk gekom is (De Kock 1924:347).

Na die Jameson-inval (1895-6) het die Vrystaat besluit om die bestuur van alle spoorlyne in sy gebied by die Cape Government Railways oor te neem (Officieel Jaarboek van de Unie en Basutoland, Bechuanaland-Protektoraat en Swaziland, 1910-8 1918:744). Gedurende die Anglo-Boereoorlog is die Vrystaatse en Transvaalse spoorlyne egter deur die Britse magte oorgeneem wat dit vanaf 1 Junie 1900 tot 1 Julie 1902 as die Imperial Military Railways bedryf het. Daarna is dit oorhandig aan die burgerlike regering wat dit as die Central South African Railways (CSR) tot kort na die unifikasie van Suid-Afrika bedryf het ('n Eeu van Vervoer 1960:13).

Relatief min is bekend oor die grootte, samestelling en geldloonpeile van die arbeidsmag wat gedurende hierdie periode vir die konstruksie en bedryf van die

bogenoemde spoorlyne en hawens gebruik is. Dit volg omdat daar nie doelgerigte rekordhouding was nie (Van der Horst 1942:91). Boonop verskil werksomstandighede en lewenskoste regoor Suid-Afrika en derhalwe het elk van die onderskeie administrasies sy eie diensvoorwaardes neergelê (Supplement to the Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1913). Tog kan 'n goeie aanduiding van die arbeidsmagsamestelling en rasseloonverskille gedurende hierdie periode gekry word.

Net soos in die geval van die mynbousektor was daar nie 'n plaaslike arbeidsmag wat oor die nodige kundigheid beskik het om die ingewikkelde opmeting en beplanning van spoorlyne en hawens te doen nie. Opgeleide bedryfspersoneel was ook nie beskikbaar nie en gevolglik moes blankes op groot skaal oorsee gewerf en ingevoer word (Die Suid-Afrikaanse Spoorweë 1948:43-4). Die N.Z.A.S.M. het byvoorbeeld in 1893 reeds 789 blankes, meestal Hollanders, in diens gehad, en teen 1897 het die getal aangegroei tot 3 526 (Van Winter 1938:78, 198).

Geldloonvlakke het baie gevarieer. In 1899 was die maksimum wat masjiniste in die Kaap, Natal, die Vrystaat en Transvaal kon verdien onderskeidelik R33, R36, R33 en R41 per maand. In die geval van stokers was die maksimum geldlone in dieselfde volgorde R19.50, R24, R21 en R27.30 per maand. Spoorwegklerke het gemiddeld R30 per maand in die Kaapkolonie, R32 per maand in Natal en R34 per maand in die Vrystaat ontvang (Supplement to the Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1913 1914:214, 257). Hieruit blyk dit dat geldloonvlakke die hoogste in Transvaal en die laagste in die Kaapkolonie was, klaarblyklik vanweë die hoër lewenskoste in Transvaal. Ongelukkig is dit nie moontlik om presies te bereken wat die gemiddelde geldlone van alle blanke spoorweg- en hawewerkers in 1899 was nie. Daar kan egter geen twyfel

wees nie dat dit heelwat laer was as die gemiddeld van R56 per maand wat blankes in daardie stadium op die Randse goudvelde verdien het.

Genoeg ongeskoolde arbeid was nie altyd beskikbaar nie, en mededinging met die landbou- en mynbousektore was soms baie straf. Toe in die middel sewentigerjare begin is om die hawens van Oos-Londen, Port Elizabeth en Kaapstad met Kimberley te verbind, is gemeen dat genoeg swart arbeiders gevind sou word wat bereid sou wees om teen R4.50 per maand te werk. Dit het egter gou geblyk dat dié loonvlak totaal en al te laag was en geldlone moes verhoog word (Van der Horst 1942:88).

Swartes was boonop onwillig om vir periodes van drie tot ses maande op die lyn deur die Karoo, wat baie vêr van hulle tradisionele woonplekke was, te werk. Minder probleme is ondervind om genoeg swartes te kry vir die bou van die lyne vanaf Oos-Londen en Port Elizabeth. Die Kaapse regering moes nietemin 'n permanente arbeidsagentskap op King William's Town vestig om swartes te werf. 'n Aantal swartes is ook uit Mosambiek na die hawens van Port Elizabeth en Kaapstad gebring (Van der Horst 1942:89-90). In 1872 is daar selfs 2 000 ongeskoolde blanke dokwerkers ingevoer om 'n tekort aan ongeskoolde arbeiders te verlig (Die Suid-Afrikaanse Spoorweë 1948:29). Dié praktyk is egter in 1878 gestaak (Van der Horst 1942:90). In daardie stadium het swart en kleurlingdokwerkers in Port Elizabeth en Kaapstad ongeveer R9 per maand verdien. Gedurende die Anglo-Boereoorlog, toe die Kaapse hawens baie bedrywig was, het gemiddelde swart en kleurlinggeldlone gewissel van R7.50 tot R15 per maand (Van der Horst 1942:96-7, 234-5). Dit was heelwat meer as wat swartes op plase en selfs op die diamantvelde verdien het. Na die oorlog was die hawens minder bedrywig en het die vraag na ongeskoolde arbeid gedaal. Dit het baie swartes verplig om 'n heenkome op die myne te soek.

In Natal is die bou van spoorlyne deur private kontrakteurs onderneem. In 1883 het dié kontrakteurs swartes by Weenen R9 per maand plus maaltye aangebied, terwyl hulle op plase slegs R3 tot R4.50 per maand kon verdien (Van der Horst 1942:93). Baie Indiërs wat oorspronklik ingevoer is om op die Natalse suikerplase te werk, is ook deur die hoër geldlone op die spoorweë aangelok. Teen 1886 was daar reeds meer as 800 Indiërs in diens van die Natal Government Railways (Smith 1950:74-6). Hulle het R8 tot R12 per maand plus maaltye ontvang (Van der Horst 1942:120). Daarna het hulle getalle geleidelik toegeneem tot 3 951 in 1911 (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1912 1913:65).

Dit is nie bekend hoeveel swartes in totaal voor 1900 vir die bou en onderhoud van spoorlyne in Transvaal gebruik is en watter geldlone hulle in daardie stadium ontvang het nie. Daar is egter geen twyfel nie dat swartes hoër geldlone op die spoorweë as op die goudmyne ontvang het nie. Dit het die Kamer van Mynwese se pogings om genoeg swartes teen die laagste moontlike geldlone te bekom,[2)] ondermyn. In 1889 het die Kamer verklaar:

> "It is to be remembered that the local mining industry is subject to outside competition in the native labour market....the railways....draw away a large number of Kaffirs and the Boksburg Tramway is employing 1 500 to 2 000 Kaffirs at very high rates of pay" (Van der Horst 1942:140).

2) Sien afdeling 3.3.3.3

Na die Anglo-Boereoorlog het die CSR, in teenstelling met die Kamer van Mynwese,[3] relatief min probleme ondervind om genoeg swartes te bekom omdat hulle steeds met hoër geldlone en aantrekliker diensvoorwaardes na die spoorweë gelok is. In 1903 het die CSR ongeveer 16 000 swartes in diens gehad. Nogtans was daar 'n aansienlike tekort, en om dit op te los het die CSR sy eie Native Labour Department gestig. Dat dit 'n baie suksesvolle stap was, blyk uit die volgende aanhaling uit die verslag van die Marris-kommissie (1907-8) wat lui:

> ".....to attract a sufficient supply of volunteers it was necessary so to improve conditions upon the railways as to establish the good name of the service among the natives. How successful the Superintendent's efforts have been is shown by the fact that 14 600 natives were recruited free of cost in 1906, compared with 1 300 obtained through agents, and that in 1907 all the natives recruited volunteered for service" (Report of a Commission appointed to enquire into and to report upon the Central South African Railways 1908:82-3).

As gevolg van die gebrekkige data kon nie bereken word wat die gemiddelde geldlone van alle blanke en nie-blanke spoorweg- en hawewerkers in Suid-Afrika voor 1900 was nie. Die Marris-kommissie het egter bereken dat die gemiddelde geldlone van blankes en nie-blankes in diens van die CSR in 1907 onderskeidelik R368 en R67 per jaar was (Report of a Commission appointed to enquire into and to report upon the Central South African Railways 1908:263-4). Dit beteken dat die rasseloongaping in die CSR in daardie stadium ongeveer 5,5:1 was, in vergelyking met dié in die goudmynbedryf wat in 1910 ongeveer 10,3:1 was. Dit volg omdat gemiddelde blanke geldlone laer en gemiddelde nie-blanke geldlone hoër op die Vrystaatse en Transvaalse spoorweë was, as in die Transvaalse goudmyne.

3) Sien afdeling 3.4.1

### 5.3 Alle spoorweë en hawens in Suid-Afrika word onder een gesag verenig - die rasseloongaping kom na vore: 1910-23

Met die unifikasie van Suid-Afrika in 1910 is die onderskeie spoorweë en hawens van die vier kolonies kragtens die Zuid-Afrika Wet van 1909 onder die gesag van die Unie-regering geplaas. Artikel 126 van hierdie wet het bepaal dat al die spoorweë en hawens beheer en bestuur moes word deur 'n Spoorweg- en Haweraad, bestaande uit drie kommissarisse onder voorsitterskap van 'n minister (Wetten van de Unie van Zuid-Afrika 1911:63-5). Dit het beslag gegee aan 'n staatsdepartement, die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens of die SAS & H.[4] Die uitvoerende amptenaar van die Administrasie was die Algemene Bestuurder van Spoorweë en Hawens.

Wat bestuursbeginsels betref, het artikel 127 van die Zuid-Afrika Wet neergelê dat:

> "De spoorwegen en havens van de Unie worden beheerd volgens handelsbeginselen....Zoveel mogenlik zullen de gezamentlike verdiensten niet meer bedragen dan benodigd zijn tot dekking van de onkosten van exploitatie, onderhoud, verbetering, waardeverminderinge en betaling van rente verschuldigd op kapitaal...." (Wetten van de Unie van Zuid-Afrika 1911:65).

Al inkomste wat die SAS & H egter gehad het, was dit wat hy verdien het deur die verkoop van sy diens. Dié inkomste het saam die sakesiklus gevarieer, want

4) In 1922 is die jurisdiksie van die SAS & H uitgebrei toe die spoorweë en hawens van Suidwes-Afrika ook onder sy beheer geplaas is (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December, 1922 1923:25).

gedurende resessies het die volume goedere en dienste wat die SAS & H gehanteer het gedaal, en gedurende voorspoedfases het dit gestyg. Daarteenoor het lone en salarisse alleen ongeveer twee-derdes van die totale bedryfskostes van die SAS & H uitgemaak (Report of the Board of the South African Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1914 1915:10). Omdat die SAS & H op 'n sakegrondslag bestuur moes word, het dit beteken dat loon- en indiensnamevlakke na gelang van veranderinge in die sakesiklus aangepas moes word, hoewel dit nie so maklik soos in die privaatsektor was nie (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1912 1913:62).

Die bepaling van loonvlakke en die daarstelling van eenvormige diensvoorwaardes het boonop baie probleme opgelewer. Die eerste stap in dié rigting is kort na unifikasie gedoen toe 'n aantal komitees vir dié doel in die lewe geroep is (Report of the Board of the South African Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1911 1912:12). Die komitees se aanbevelings is deur die Spoorweg- en Haweraad oorweeg, waarna dit vervat is in die Spoorwegen en Havens Dienst Wet (wet no. 28 van 1912) wat op 1 Januarie 1913 van krag geword het (Supplement to the Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1913 1914:11).

Anders as die Mijnen en Bedrijven Wet van 1911, het die Spoorwegen en Havens Dienst Wet nie sekere poste vir lede van bepaalde rassegroepe gereserveer nie. In die praktyk is nie-blankes egter hoofsaaklik tot die laagsbesoldigste poste beperk, nie omdat hulle in die reël ongeskoold was nie, maar omdat die hoër besoldigde geskoolde poste deur blankes gevul was en nie-blankes nie toegelaat was om oor

blankes gesag te voer nie.[5] Soos later aangetoon sal word, het dit nie beteken dat nie-blankes geen beroepsvordering in die SAS & H kon maak nie.[6] Nogtans kan daar geen twyfel wees nie dat bogenoemde praktyk in 'n mate verantwoordelik was vir die rasseloongaping in die SAS & H.

Nog 'n praktyk wat ook in 'n mate daarvoor verantwoordelik was, was loondiskriminasie. In 1908 het die Transvaalse regering (in teenstelling met die Kamer van Mynwese se besluit om nie 'n blanke-arbeidsbeleid in die goudmynbedryf toe te pas nie) die CSR verplig om ongeveer 300 armblankes op 'n eksperimentele basis as hande-arbeiders in die plek van nie-blankes in diens te neem. Na 1910 het die SAS & H volgehou met die eksperiment, hoewel daar tot 1923 nooit meer as gemiddeld 5 000 armblankes per jaar in diens was nie (Report of the Railway and Harbour Affairs Commission 1934:21). Die eksperiment was egter onekonomies, want die armblankes is teen hoër geldlone as nie-blankes gehuur, terwyl dit nie nie-blanke arbeid bespaar het nie. In 1913 het armblankes 'n gemiddelde geldloon van R153 per jaar verdien (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1913 1914:83), terwyl nie-blankes wat dieselfde werk verrig het gemiddeld R60 per jaar verdien het (Offisiële Jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland, 1931-2 1932:209).

Die armblankes het ook ruim geleentheid gehad om te vorder tot hoër besoldigde poste. Die Algemene Bestuurder van die SAS & H het in 1913 verduidelik dat:

---

5) In die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie (1937:par. 223) is dit gestel dat: "Die praktiese beperking van die indiensneming in gegradeerde poste tot blankes is toe te skrywe aan administratiewe moeilikhede wat sou ontstaan as nie-blankes of Kaapse Kleurlinge in posisies geplaas sou word waarin hulle bevele sou gee aan of anders gesag sou uitoefen oor blankes. So 'n situasie sou strydig wees met die gewone blanke sentiment en gebruik in Suid-Afrika ten aansien van die verhouding tussen die twee groepe".

6) Sien afdelings 5.5 en 5.6

".....the experiment on unskilled work was not an end in itself. The object was to utilize this work as a training ground and to reclaim the best of the labour for normal grades of industry, and in this respect the experiment has been conspicuously successful....." (Supplement to the Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1913 1914:68).

Om hieraan uitvoering te gee het die SAS & H aandklasse aangebied sodat die armblankes hulle kon bekwaam vir hoër besoldigde poste. Vandat die eksperiment in 1908 'n aanvang geneem het tot 1913, het 2 235 armblankes inderdaad tot hoër besoldigde poste gevorder. (Supplement to the Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1913 1914:68). Gedurende dieselfde periode het die nie-blanke arbeidsmag die minimum vordering gemaak.

Die eksperiment met die armblankes het nie die rasseloongaping in die SAS & H soveel kleiner gemaak soos wat dit die geval sou gewees het, indien hulle dieselfde diensvoorwaardes as die nie-blanke arbeidsmag gehad het nie. In 1913 was die gemiddelde geldloon van alle blanke spoorweg- en hawepersoneel in Suid-Afrika, armblankes uitgesluit, R348 per jaar.[7] Die gemiddelde blanke geldloon met die insluiting van armblankes was egter steeds R346 per jaar (Supplement to the Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1913 1914:84). Met gemiddelde nie-blanke geldlone in daardie stadium R60 per jaar, het dit beteken dat die rasseloongaping in die SAS & H in 1913 ongeveer 5,77:1 was. Dit was byna die helfte kleiner as die rasseloongaping in die

7) Dit het toelaes ingesluit. Vir 'n gedetailleerde uiteensetting van die verskillende toelaes wat spoorweg- en hawepersoneel verdien het, sien die Supplement to the Report of the General Manger of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1913.

(Transvaalse) goudmynbedryf wat in daardie stadium 10,48:1 was (sien tabel 2). Dit is omdat blanke werkers in die goudmynbedryf gemiddeld byna twee keer meer (R650) as blanke spoorweg- en hawewerkers verdien het (sien tabel 1).

Daarteenoor was gemiddelde swart geldlone in die goudmynbedryf (R62) in hierdie stadium byna dieselfde as gemiddelde nie-blanke geldlone in die SAS & H (sien tabel 1). Al die nie-blanke personeel van die SAS & H in Natal, en ongeveer die helfte in die Vrystaat en Transvaal, het boonop ook maaltye net soos swartes in die goudmynbedryf ontvang (Verslag van de Algemene Bestuurder van Spoorwegen en Havens over het jaar geëindigd 31 Desember 1915 1916:150). Die SAS & H het egter, anders as die goudmynbedryf, min probleme ondervind om genoeg nie-blanke arbeid te bekom. Verreweg die meeste nie-blankes het hulle vywillig aangemeld vir diens. Dit was net in Natal waar arbeidstekorte voorgekom het, nadat die immigrasie van Indiërs in 1911 gestop is. Omdat die minimalisering van arbeidskoste nie vir die SAS & H so absoluut belangrik soos vir die goudmynbedryf was nie, het die SAS & H soms nie-blanke geldlone verhoog om die tekorte in Natal teen te werk (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1912 1913:64-5).

Na 1913 het faktore na vore gekom wat opwaartse druk op gemiddelde blanke sowel as gemiddelde nie-blanke geldlone geplaas het. In die eerste plek het die blanke mynwerkerstaking van Julie 1913[8)] ook blanke spoorweg- en hawewerkers aangespoor om beter diensvoorwaardes te eis. Hulle was nie gelukkig met die diensvoorwaardes wat op 1 Januarie 1913 in werking getree het nie (Katz 1976:322). In reaksie daarop het die regering dadelik 'n kommissie van ondersoek (die Spoorwegkommissie) aangestel om verskeie van hulle eise, soos die instelling van 'n 8-uur

8) Sien afdeling 3.5.2

werksdag en hoër geldlone, te ondersoek (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1913 1914:89).

Terwyl die kommissie nog met sy werksaamhede besig was, het die SAS & H in Desember 1913 besluit om 'n groot aantal blanke werkers af te dank in die lig van 'n resessie wat sedert 1912 in swang was. Die werkers, wat toe in een groot vakbond, die National Union of Railway and Harbour Servants georganiseer was, het vroeg in Januarie 1914 tot 'n staking oorgegaan. Die staking was egter 'n oortreding van Artikel 13 van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet (Wetten van de Unie van Zuid-Afrika 1912:537) en is gou met geweld onderdruk (Walker en Weinbren 1961:47-51).

Daarna het die Spoorwegkommissie sy ondersoek voortgesit en in November 1914 afgehandel. Die kommissie se verslag is egter eers op 9 Maart 1915 in die parlement ter tafel gelê, maar in die lig van die buitengewone omstandighede wat deur die Eerste Wêreldoorlog veroorsaak is, is besluit om die bestaande diensvoorwaardes voorlopig te behou (Verslag van de Algemene Bestuurder van Spoorwegen en Hawens over het jaar geëindigd 31 Desember 1915 1916:146).

Die regering het die verslag van die Spoorwegkommissie eers gedurende 1916 oorweeg,[9] en daarna 'n aantal veranderinge aan die diensvoorwaardes van die personeel aangebring wat op 1 Januarie 1917 van krag geword het. Van die belangrikste veranderinge was die instelling van 'n minimum loon van 70 sent per dag vir alle blanke personeel (met uitsondering van die armblankes) en verhoogde loon-

9) Vir 'n volledige uiteensetting van die Spoorwegkommissie se bevindings en aanbevelings en die regering se reaksie daarop, sien die Report of the Railway Commission of Inquiry: Summary of the Commission's Comments and Findings and the Administrations Observations and Decisions, 1917.

skale vir dié wat op 'n maandelikse basis besoldig was. Armblankes se minimum loon is op 45 sent per dag vasgestel (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1916 1917:119, 125). Nie-blankes het ook loonverhogings ontvang, en maaltye is verbeter. Nadere besonderhede is egter nie verstrek nie (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the three months, January - March, 1917 and the year ended 31st March, 1918 1918:114).

Die skerp styging in die algemene prysvlak gedurende die oorlog (sien tabel 3), het die SAS & H intussen genoop om vanaf Junie 1916 ook 'n lewenskostetoelaag aan alle blanke personeel wat minder as R40 per maand verdien het te betaal. Die toelaag is daarna verskeie kere verhoog en vanaf April 1918 op 'n glyskaal bereken (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December, 1918 1919:8). Getroude nie-blanke personeel wat nie deur die SAS & H gevoed of gehuisves is nie, het ook 'n lewenskostetoelaag ontvang. Dit is egter nie bekend of dit op dieselfde skaal as vir die blanke personeel bereken is nie (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the three months, January - March, 1917 and the year ended 31st March, 1918 1918:114).

Ten spyte van die loonverhogings en die lewenskostetoelaag, het die personeel steeds beter diensvoorwaardes geëis (Verslag van de Algemene Bestuurder van Spoorwegen en Havens voor het jaar geëindigd 31 Maart 1919 1919:95). In daardie stadium het die National Union of Railway and Harbour Servants baie vinnig gegroei (Gitsham and Trembath 1926:58), en die SAS & H was reeds gedurende 1918 verplig om hom te erken (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December, 1918 1919:9). As uitvloeisel van die verslag van die Spoorwegkommissie en onder druk van die National Union of Railway and Harbour

Servants, moes die SAS & H op 31 Januarie 1919 ook toestem tot 'n 8-uur werksdag (Verslag van de Algemene Bestuurder van Spoorwegen en Havens voor het jaar geëindigd 31 Maart 1919 1919:94). Na 'n staking gedurende Augustus dieselfde jaar, het die Minister 'n versoeningsraad in die lewe geroep. Dié raad wat voorlopig op 'n tydelike basis gefunksioneer het, moes ondersoek instel na en aan die Minister rapporteer oor verskeie sake, onder andere loonpeile (Report of the Board of Railways and Harbours for the year ended 31st December, 1919 1920:7-9).

Dit was egter nie net die blanke personeel wat gestaak en hoër geldlone geëis het nie. Op 17 Desember 1919 het swart en kleurlingdokwerkers (aangestig deur blanke vakbonde) in Tafelbaai tot 'n staking oorgegaan en geëis dat hulle geldlone verhoog moes word. Kort daarna het 1 600 swart spoorwegwerkers in die Kaapstad-omgewing ook begin staak. Hoewel die stakings binne twee weke verby was en oënskynlik misluk het, het dit tog die aandag op nie-blanke geldloonpeile gevestig. In die daaropvolgende maande het nie-blanke personeel dwarsoor Suid-Afrika "aansienlike" loonverhogings ontvang. Blanke personeel het ook verdere loonverhogings ontvang en vanaf 1 Januarie 1920 is die armblankes ook nie meer as 'n aparte klas beskou nie. Voortaan sou die algemene diensvoorwaardes van die SAS & H ook op hulle van toepassing wees. Dit het hulle aansienlik beter daaraan toe gelaat (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st March, 1920 1920:75-9). Boonop is die lewenskostetoelaag gedurende 1920 drie keer verhoog (Verslag van de Algemene Bestuurder van Spoorwegen en Havens voor het jaar geëindigd 31 Maart 1921 1921:64).

Daar kon as gevolg van 'n gebrek aan data nie vasgestel word hoe groot die rasse-loongaping na bogenoemde aanpassings was nie. In sy verslag vir die jaar 1919-20 het die Kontroleur en Ouditeur-generaal nietemin enkele besonderhede oor nie-

blanke geldloonpeile verstrek. In daardie stadium het swartes in Transvaal en die Vrystaat R65 tot R108 per jaar verdien. In Natal het swartes R54 tot R72 per jaar ontvang en Indiërs ongeveer dieselfde. Geen besonderhede oor kleurlinggeldlone is verstrek nie (Zuidafrikaansche Spoorwegen en Hawens: Staat van Rekeningen - financiële jaar 1919-20 met het Rapport van de Kontroleur en Auditeur-generaal 1921:68).

In die tweede helfte van 1920 het die wêreldwye na-oorlogse resessie Suid-Afrika getref (Davies 1979:147). Die volume vrag wat die SAS & H vervoer het, het skerp gedaal en so ook die algemene prysvlak (sien tabel 3). Dit het die SAS & H met 'n groot tekort gelaat en maatreëls moes getref word om loon- en indiensnamevlakke te verlaag. Wat loonvlakke betref, is in die eerste plek besluit om die lewenskoste-toelaag van alle personeel op 1 April 1921 met 25 persent te verlaag, en dit daarna geleidelik uit te faseer (Verslag van de Algemene Bestuurder van Spoorwegen en Havens voor het jaar geëindigd 31 Maart 1921 1921:64). Gedurende 1923 is 'n reeks salarisverlagings aangekondig, hoewel geldloonvlakke daarna steeds ongeveer 30 persent hoër as in 1913 was (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st March, 1924 1924:70-2). Om arbeid te bespaar is die 8-uur werksdag (wat die indiensnamevlak met 2 400 opgestoot het) op 12 Desember 1921 afgeskaf en die diensure van die personeel verhoog (Rapport van de Spoorwegen en Havensraad voor het jaar geëindigd 31 Desember 1921 1922:20). Om blanke personeel te bespaar is armblankes in sekere gevalle met swartes vervang.[10] Dit is opgevolg met 'n beleid van vervroegde aftrede (Davies 1979:151).

10) Die Spoorweg- en Haweraad het dit só verduidelik: ".....the Board would like to make it quite clear that there is no policy of substituting coloured labourers for Europeans, but with a view of reducing the expenses of the non-paying branch lines it has been found necessary in certain instances to transfer European labourers from those lines to the main line as suitable vacancies have arisen. This course has been followed purely as an economical measure and does not in any way involve the discharge of white men to make room for natives" (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December, 1922 1923:21).

In totaal het bogenoemde maatreëls 'n aansienlike daling in die indiensnamevlak tot gevolg gehad (sien tabel 23a). Wat presies die uitwerking van die maatreëls op die gemiddelde geldlone van die onderskeie rassegroepe was, kon weens 'n gebrek aan data nie bereken word nie. Daar is egter geen twyfel nie dat die geldlone van alle rassegroepe steeds aansienlik hoër was as in 1913. Die rasseloongaping het waarskynlik min verander, omdat blanke en nie-blanke geldlone na 1913 eers saam gestyg en toe saam gedaal het.

**5.4 Die beskaafde arbeidsbeleid - die rasseloongaping vergroot: 1924-38**

In afdeling 4.4 is reeds daarop gewys dat die Pakt-regering met sy bewindsaanvaarding in Junie 1924 dadelik aandag gegee het aan die oplossing van die groter wordende armblankevraagstuk. In teenstelling met die private vervaardigingsektor waar die Pakt die vraagstuk met die Nijverheid Verzoenings Wet en die Loonwet aangepak het, het hy 'n sogenaamde beskaafde arbeidsbeleid in die openbare sektor toegepas om die vraagstuk op te los.

Die beskaafde arbeidsbeleid is op 23 Julie 1924 aangekondig, en op 31 Oktober 1924 is 'n omsendbrief aan staatsdepartemente gestuur waarin die begrippe beskaafde en onbeskaafde arbeid só verduidelik is:

> "Beskaafde arbeid moet beskou word as die arbeid wat verrig word deur persone wie se lewenstandaard ooreenkom met die standaard wat oor die algemeen vanuit die gewone standpunt van die blanke as bestaanbaar erken word. Onbeskaafde arbeid moet beskou word as die arbeid wat verrig word deur persone wie se doel beperk is tot die

blote vereistes van die noodsaaklike lewensbenodigdhede soos onder barbare en onontwikkelde volke bestaan" (Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie 1937:par. 158).

In die praktyk is dit egter geïnterpreteer dat met beskaafde arbeid blanke arbeid bedoel word en met onbeskaafde arbeid nie-blanke arbeid. Omdat beskaafde arbeiders 'n beskaafde loon moes ontvang en onbeskaafde arbeiders 'n onbeskaafde loon, het die beskaafde arbeidsbeleid beteken dat blankes nie-blankes nie net moes vervang nie, maar dat hulle ook hoër geldlone as nie-blankes vir dieselfde werk moes ontvang (Van der Horst 1942:250). Die Loonwet en die Nijverheid Verzoenings Wet wat loondiskriminasie op grond van ras en kleur verbied het, was gevolglik nie op spoorweg- en hawepersoneel van toepassing nie. Onderhandeling oor geldlone, en geskilbeslegting in die SAS & H, het geskied ooreenkomstig artikel 24 van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet van 1925 (wet no. 23 van 1925). Daarvolgens het die versoeningsraad wat in 1919 as tydelike maatreël in die lewe geroep is, 'n permanente liggaam geword (Wetten van de Unie van Zuid-Afrika 1925:131-3).

Soos in afdeling 5.3 aangetoon is, is 'n beperkte aantal armblankes egter reeds sedert 1908 op 'n eksperimentele basis deur die SAS & H teen hoër geldlone as nie-blankes, wat dieselfde werk verrig het, in diens geneem. In die SAS & H het die beskaafde arbeidsbeleid gevolglik daarop neergekom dat 'n eksperiment onmiddellik na 'n beleid omgeskakel is (Report of the Railway and Harbours Affairs Commission 1934:21). Op 31 Maart 1924, kort voor die toepassing van die beskaafde arbeidsbeleid, was daar 4 760 armblankes in die SAS & H wat ongeskoolde werk verrig het. 'n Jaar later was die getal beskaafde arbeiders 10 750 (Verslag van

die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie 1937:47).

Op 1 April 1927 het die beskaafde arbeidsbeleid boonop 'n verdere dimensie gekry toe die SAS & H die sogenaamde proefleerlingskema ingestel het. Volgens dié skema is blanke jeugdiges in diens geneem, nie as blanke arbeiders nie, maar as leerlinge wat opleiding ontvang het in die verskillende vertakkinge van die SAS & H. Op hierdie manier is gepoog om te verseker dat genoeg opgeleide personeel beskikbaar is om vakatures in die hoër besoldigde poste te vul. Binne die eerste jaar na die instelling van die skema is daar reeds 1 966 proefleerlinge in diens geneem (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st March, 1930 1930:102).

Die toepassing van die beskaafde arbeidsbeleid en die proefleerlingskema as deel daarvan, het die rassesamestelling van die arbeidsmag in die SAS & H onmiskenbaar verander. Vanaf 1924 tot 1928 het die blanke arbeidsmag as persentasie van die totale arbeidsmag van 45,2 tot 60,6 persent gestyg. In dieselfde periode het die swart arbeidsmag as persentasie van die totale arbeidsmag van 45,8 tot 31 persent afgeneem (sien tabel 23b). Die Administrasie het dit egter beklemtoon dat geen swarte afgedank is om vir blankes plek te maak nie, maar dat blankes in die plekke van swartes aangestel is wat die diens van die SAS & H vrywillig verlaat het. Andersins is blankes in plaas van swartes in diens geneem om in die stygende personeelbehoeftes van die SAS & H te voorsien (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December, 1927 1928:21). Kleurlinge is min geraak deur die beskaafde arbeidsbeleid en hulle het steeds, soos voor 1924, tussen 6 en 7 persent van die totale arbeidsmag uitgemaak (sien tabel 23b).

Die uitwerking wat die beskaafde arbeidsbeleid op die rasseloongaping in die SAS & H gehad het, kon ongelukkig nie presies bereken word nie. Feit van die saak was egter dat beide die gemiddelde blanke en nie-blanke geldlone gedurende die Pakt-bewind (1924-32) min of meer met dieselfde persentasie gedaal het. Die gevolg was dat die rasseloongaping gedurende dié periode stabiel gebly het (sien tabelle 20 en 21). Die groot getal beskaafde arbeiders (wat teen 1930 ongeveer 27 persent van die totale blanke arbeidsmag uitgemaak het), se gemiddelde geldlone was aansienlik laer as dié van die res van die blanke arbeidsmag, maar ook aansienlik hoër as dié van swartes wat dieselfde werk gedoen het. In 1930 het 7 019 van die 15 722 beskaafde arbeiders R15 en minder per maand verdien. Dit was heelwat laer as die R24 per maand wat in daardie stadium as 'n beskaafde minimum beskou is, maar aansienlik hoër as die gemiddelde maandelikse geldloon van R7.50 wat nie-blankes verdien het (Davies 1979:226). In welke mate die groot getal beskaafde arbeiders gevolglik gemiddelde blanke geldlone afgetrek het, of nog verder sou afgetrek het indien hulle dieselfde diensvoorwaardes as die nie-blanke arbeidsmag gehad het, kon weens 'n gebrek aan data nie bereken word nie.[11)]

Daar moet egter ook verreken word dat die beskaafde arbeidsbeleid nie die enigste faktor was wat geldloonpeile gedurende hierdie periode bepaal het nie. Die skerp daling in die gemiddelde geldlone van beide blankes en nie-blankes tussen 1930 en 1933, was hoofsaaklik toe te skryf aan besparingsmaatreëls wat as gevolg van die depressie getref is.

11) Die Kontroleur en Ouditeur-generaal het nie in sy jaarverslae oor die rekeninge van die SAS & H aangedui watter bedrag jaarliks aan onderskeidelik beskaafde arbeiders en die res van die blanke arbeidsmag uitbetaal is nie. Daar is ook nie aangedui watter bedrag aan onderskeidelik kleurlinge, Indiërs en swartes uitbetaal is nie. Voor 1927 is net die totale loonrekening verstrek.

Toe dit vroeg in 1930 duidelik geword het dat 'n ernstige krisis op hande was, het die Administrasie stappe gedoen om die loonrekening te verlaag. Een van die eerste stappe was om die indiensnamevlak te verlaag en daarom is besluit om nie meer vakatures te vul nie. Toe dit blyk dat dit te min besparing tot gevolg het, is besluit dat alle personeel ouer as 55 jaar die diens met vervroegde pensioen moes verlaat. Op 26 Oktober en 1 November 1930 is nog besparingsmaatreëls in werking gestel waaronder 'n vermindering van oortydvergoeding (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st March, 1931 1931:12-3). Gedurende 1931 is tot 'n hele reeks stappe oorgegaan waaronder die afskaffing van sekere toelaes en die tydelike opskorting van alle bevorderings. Daar is ook besluit om die geldlone van die nie-blanke arbeidsmag tydelik te verlaag. Besonderhede daarvan is ongelukkig nie bekend nie. Op 1 April 1932 is die geldlone van die blanke arbeidsmag ook tydelik verlaag. Die verlagings is op 'n glyskaal bereken en het gewissel van 2 persent in die geval van die laagsbesoldigstes, tot 10 persent in die geval van die hoogsbesoldigstes (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st March, 1932 1932:17-8, 113).

Hierdie stappe het aansienlike dalings in die loon- en indiensnamevlakke van alle rassegroepe (en ook dié van beskaafde arbeiders) tot gevolg gehad (sien tabelle 20 en 23a). Nogtans het geldlone in reële terme min verander (sien tabel 22) en het die rasseloongaping tussen 1927 en 1932 stabiel gebly (sien tabel 21 en figuur 3).

Tussen 1932 en 1938 het gemiddelde blanke geldlone egter vinniger as gemiddelde nie-blanke geldlone gestyg, met die gevolg dat die rasseloongaping vergroot het (sien tabel 21 en figuur 3). Dit kon nie die gevolg van die beskaafde arbeidsbeleid gewees het nie, want soos reeds uitgewys is, het dié beleid afwaartse druk op gemiddelde blanke geldlone geplaas. In 1933 het beskaafde arbeiders van R9 tot

R18 per maand verdien (Report of the Railways and Harbour Affairs Commission 1934:21), wat aansienlik minder was as die gemiddelde blanke geldloon van R35.50 per maand (sien tabel 20). Die aantal beskaafde arbeiders het ook nie na 1932 toegeneem in verhouding tot die res van die blanke arbeidsmag nie. Teen 1938 het hulle steeds ongeveer 27 persent van die blanke arbeidsmag uitgemaak. Ander faktore moes gevolglik vir die styging in geldloonvlakke en die vergroting van die rasseloongaping tussen 1932 en 1938 verantwoordelik gewees het.

Die primêre rede waarom loon- en indiensnamevlakke na 1932 gestyg het, was Suid-Afrika se besluit om van die goudstandaard af te stap. Dit het die mynbou- en private vervaardigingsektore sterk gestimuleer en spoorweg- en haweverkeer het skerp toegeneem. Teen 31 Maart 1933 was dit reeds moontlik om sommige van die besparingsmaatreëls, waaronder die bevriesing van bevorderings en die tydelike verlaging van blanke geldlone, op te hef (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st March, 1933 1933:57). Later in die jaar is nog besparingsmaatreëls soos die verlaging van oortydvergoeding ook opgehef (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December, 1933 1934:18).

Die geldlone van 700 kleurlinge en 1 300 swartes wat arbeid van 'n "beter klas" (as hande-arbeid) verrig het, is egter eers weer op 23 Februarie 1935 verhoog (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st March, 1935 1935:64). Nie-blanke geldloonvlakke in geheel is gedurende 1935 nietemin deur 'n spesiale departementele komitee ondersoek. Dié komitee het bevind dat die geldlone en ander diensvoorwaardes van die SAS & H se nie-blanke arbeidsmag oor die algemeen gunstig met dié van nie-blankes in die privaatsektor vergelyk

het.[12] Die gevolg was dat loonverhogings net aan nie-blankes wat in sekere gebiede werksaam was, toegestaan is. Die verhogings was ook eers vanaf 1 Maart 1936 van krag (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December, 1936 1937:27).

Dit verklaar in 'n mate waarom gemiddelde blanke geldlone reeds na 1933, maar gemiddelde nie-blanke geldlone eers na 1935, begin styg het (sien tabel 20). Die gevolg was dat die rasseloongaping in die SAS & H binne drie jaar van 5,25:1 tot 6,58:1 (die grootste ooit) vergroot het (sien tabel 21 en figuur 3). Ander faktore, waaronder 'n nuwe personeelbeleid, het egter ook daartoe bygedra.

Gedurende 1934 is 'n omvattende ondersoek gedoen na die diensvoorwaardes van alle spoorweg- en hawepersoneel. Die doel van die ondersoek is só deur die Spoorweg- en Haweraad uiteengesit:

> "The investigation into staff conditions.....was conducted with a two-fold object, viz. (a) to determine the possibilities of the Railway Service as a career and (b) to ascertain, *inter alia*, the practicability of eliminating certain intermediate grades and classes and so accelerate the incremental progression of servants; to devise means of steering servants out of dead-end occupations at a comparatively early age; and to determine the average age at which servants should reach what may be regarded as fair remuneration for married servants" (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December 1934 1935:20).

12) In 1935 was gemiddelde nie-blanke geldlone in die SAS & H R69 per jaar. In die goudmynbedryf en die private vervaardigingsektor was gemiddelde swart geldlone in daardie stadium onderskeidelik R74 en R68 per jaar (sien tabelle 1, 9 en 20).

Om uitvoering aan bogenoemde doelwitte te gee is 'n permanente liggaam - die SAS & H-dienskommissie - in 1935 in die lewe geroep (Die Suid-Afrikaanse Spoorweë 1948:44). Die direkte en indirekte voordeel wat die personeel in die vorm van hoër geldlone en beter diensvoorwaardes uit die nuwe personeelbeleid gekry het, het meer as R2,6 miljoen bedra (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December, 1934 1935:21). Dit was egter net blankes en slegs nie-blankes in gegradeerde poste, wat dié voordele ontvang het. Hierdie personeellede het boonop vanaf 1 Januarie 1936 ook 'n verantwoordelikheidstoelaag[13)] van 5 persent op hulle verdienste ontvang (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December, 1935 1936:26).

In 1937 het die Administrasie 'n kommissie aangestel om die diensvoorwaardes van beskaafde arbeiders te ondersoek. Van die vernaamste aanbevelings van die kommissie was dat sekere gegradeerde poste vir hulle geskep moes word, dat hulle voortaan as "spoorwerkers" bekend moes staan, en dat hulle geldlone verhoog moes word (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December, 1937 1938:19-20). Die Administrasie het die aanbevelings aanvaar en dit het op 25 April 1938 van krag geword (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st March, 1938 1938:149). In daardie stadium het 'n volwasse spoorwerker na een jaar diens R22.50 per maand ontvang, terwyl die gemiddelde blanke geldloon R41.75 per maand was (sien tabel 20).

13) Die Spoorweg- en Haweraad het dit só verduidelik: "The allowance is of a purely temporary nature and constitutes tangible recognition and appreciation of the additional effort expanded by the staff during a period of unprecedented traffic" (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December, 1935 1936:26).

Nie-blanke geldloonvlakke is ook gedurende 1937 weer deur 'n spesiale departementele komitee ondersoek. Die Administrasie het egter bevind dat omstandighede dit nie regverdig dat 'n algemene loonverhoging aan die nie-blanke arbeidsmag toegestaan word nie. Daar is nietemin besluit dat swartes en Indiërs vanaf 23 Februarie 1938, net soos kleurlinge, na drie jaar diens vir langdiensverhogings in aanmerking sou kom. Die geldlone van "togt-arbeiders" in die Durbanse hawe is ook met R1.50 per maand verhoog (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st March, 1938 1938:149).

Uit bogenoemde blyk dit dat die rasseloongaping tussen 1932 en 1938 om minstens drie redes vergroot het. In die eerste plek omdat blanke geldlone na die depressie gouer as swart geldlone verhoog is; in die tweede plek omdat die nuwe personeelbeleid blankes in verhouding meer as swartes bevoordeel het; en in die derde plek omdat swartes nie 'n algemene loonverhoging gedurende hierdie periode ontvang het nie.

Die beskaafde arbeidsbeleid was nie vir die vergroting van die rasseloongaping na 1932 verantwoordelik nie. Wat wel waar is, is dat die groot getal beskaafde arbeiders gemiddelde blanke geldlone afgetrek het en die rasseloongaping gestabiliseer het. Dit is egter 'n feit dat die rasseloongaping kleiner sou gewees het indien die beskaafde arbeiders dieselfde geldlone en dieselfde probleme met vordering in die diens as die nie-blanke arbeidsmag ondervind het.

Daar moet nietemin ook daarop gelet word dat die rassesamestelling van die arbeidsmag na 1932 weer in die guns van die nie-blanke arbeidsmag verander het. Van 1933 tot 1938 het die blanke arbeidsmag slegs met 33 persent toegeneem,

terwyl die nie-blanke arbeidsmag met 102 persent toegeneem het. Die gevolg was dat blankes in 1938 54,6 persent en swartes 38,8 persent van die totale arbeidsmag uitgemaak het. Dit was min of meer dieselfde arbeidsmagsamestelling as in die periode voor die implementering van die beskaafde arbeidsbeleid (sien tabel 23b).

**5.5 Die Tweede Wêreldoorlog - die rasseloongaping vernou aansienlik: 1939-48**

Gedurende hierdie periode het die rasseloongaping in die SAS & H aansienlik vernou (sien tabel 21 en figuur 3), hoofsaaklik as gevolg van nuwe faktore wat na vore gekom het.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 was die SAS & H die grootste enkele organisasie in Suid-Afrika (Offisiële Jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland, 1956-7 1957:894). Die private vervaardigingsektor in totaal het in daardie stadium egter reeds meer blankes en byna drie keer meer swartes as die SAS & H in diens gehad (sien tabelle 14a en 23a). Gevolglik is geldloonvlakke in die SAS & H al hoe meer bepaal deur geldloonvlakke in die private vervaardigingsektor.

Omdat spoor- en haweverkeer ook baie gevoelig vir veranderinge in die sakesiklus was, het die stimulus wat die oorlog die private vervaardigingsektor gegee het, verhoogde druk op die SAS & H geplaas. Die gevolg was dat spoorweginkomste, troklading en goederetonnemaat vervoer, jaar na jaar rekordpeile bereik het (Offisiële Jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Betsjoeanaland-Protektoraat en Swaziland, 1956-7 1957:895). Dié toename in verkeersvolume het die vraag na ar-

beid verhoog en dit was die primêre rede waarom die geldlone van alle rassegroepe van 1939 tot 1948 so skerp gestyg het (sien tabel 20). Hoewel gemiddelde blanke geldlone gedurende dié tyd met 183 persent gestyg het, het gemiddelde nie-blanke geldlone met 290 persent toegeneem. Verskeie faktore het hiertoe bygedra.

In die eerste plek het die skerp styging in die arbeidsvraag 'n tekort aan blanke arbeid laat ontstaan. Die groot getal blanke werkers wat hulle vir militêre diens aangemeld het, het die tekort vererger. Op 31 Julie 1941 was meer as 11 persent van die totale blanke arbeidsmag van die SAS & H afwesig weens militêre diens. Hulle plekke is gevul deur pensioentrekkers en werkers wat op 'n tydelike basis in diens geneem is (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st March, 1941 1941:7, 95). 'n Aantal blanke vroue is ook in diens geneem om die tekort aan klerklike personeel aan te vul. Teen 1945 was daar in totaal 6 009 blanke vroue in die diens wat ongeveer 7 persent van die blanke arbeidsmag uitgemaak het.[14] Omdat vroue, pensioentrekkers en tydelike werkers teen laer geldlone as die tradisionele blanke arbeidsmag in diens geneem is, het hulle indiensname afwaartse druk geplaas op die koers waarteen die blanke loonrekening en gemiddelde blanke geldlone gestyg het.

Die arbeidstekort is egter nie aangevul deur meer (blanke) spoorwerkers in diens te neem nie. Die armblankevraagstuk was in daardie stadium feitlik opgelos en daar was ander alternatiewe vir ongeskoolde blankes, soos om byvoorbeeld in die private vervaardigingsektor te gaan werk. Derhalwe het die aantal spoorwerkers na 1939 relatief konstant gebly. Omdat die blanke arbeidsmag egter in totaal toegeneem het, het die aantal spoorwerkers as persentasie van die totale blanke arbeidsmag

14) Hulle getalle het egter na die oorlog skerp gedaal en teen 1948 was daar net 3 547 in die diens (Statistiese Jaarboek vir 1964 1964:H-36).

geleidelik van 27 persent in 1939 tot 17 persent in 1948 afgeneem (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1948 1948:108). Dit moes in 'n sekere mate opwaartse druk op gemiddelde blanke geldlone geplaas het.

In baie gevalle waar spoorwerkers die diens verlaat het, het die Administrasie nie-blankes in hulle poste aangestel. Teen 1946 was daar 3 111 nie-blankes in poste wat vroeër deur blanke spoorwerkers beman was (Davies 1979:299). Hierdie nie-blankes en nie-blanke arbeiders in die algemeen, is sover moontlik op 'n vaste basis in diens geneem, ooreenkomstig 'n nuwe beleid waarvolgens die nie-blanke arbeidsmag "gestabiliseer" moes word (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1946 1946:92).

Die stabilisasiebeleid het die nie-blanke arbeidsmag ook die geleentheid gegee om na hoër besoldigde poste te vorder. Sommiges is mettertyd aangestel as drywers van bespanne voertuie, beddegoedbediendes op treine en opsigters oor nie-blanke werkspanne (Die Suid-Afrikaanse Spoorweë 1948:46). Veral kleurlinge het goeie vordering gemaak. In 1946 was daar 144 kleurlingstokers, 47 opsigters, 15 rangeerders en 13 drywers van bespanne voertuie (Horrell 1956:29). Die grondslag daarvoor is reeds in 1937 gelê, toe 'n opleidingskamp waar kleurlinge vakopleiding kon ondergaan, in Kimberley gevestig is (Verslag van die Spoorweg- en Haweraad vir die jaar geëindig 31 Desember 1939 1940:20).

In 1948 het die Hoofbestuurder van die SAS & H die Administrasie se standpunt oor bevorderingsgeleenthede vir die nie-blanke arbeidmag só uitgespel:

"Die Administrasie gaan voort met sy beleid om beterklas werk te verskaf aan nie-blanke dienare wat gekwalifiseer is vir poste in hierdie kategorie, soos reisgidse op die groter stasies en langafstandtreine, en gedurende die jaar is ongeveer 600 dienare in hierdie en ander soortgelyke poste aangestel. Nie alleen vergemaklik aanstellings in hierdie klas van nie-blanke diens die bedryf nie, maar dit verskaf ook gewenste openings tot bevorderings vir nie-blankes" (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1948 1948:110).

Dat die stabilisasie- en bevorderingsbeleid opwaartse druk op gemiddelde nie-blanke geldlone geplaas het, kan onder andere afgelei word uit die feit dat gemiddelde kleurlinggeldlone in 1943 ongeveer R13.40 per maand was, teenoor die gemiddelde swart geldloon van ongeveer R8.40 per maand (Die Ekonomiese en Maatskaplike Toestande van die Rassegroepe in Suid-Afrika 1948:26). Stabilisasie het ook beteken dat meer nie-blankes in die toekoms vir langdiensverhogings in aanmerking sou kom. Boonop is in 1947 besluit dat nie-blankes wat daarvoor kwalifiseer, twee verhogings sou ontvang wat in totaal R18 per jaar bedra het (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1948 1948:109).

Nog 'n faktor wat nie-blanke, maar ook blanke geldloonvlakke gedurende hierdie periode beïnvloed het, was die skerp styging in die algemene prysvlak (sien tabel 3). In 1940 het die Administrasie 'n komitee aangestel om die kwessie te ondersoek. 'n Skema is toe opgetrek waarvolgens die arbeidsmag in 7 loongroepe van laag na hoog opgedeel is. Soos wat die algemene prysvlak met sekere persentasies (vasgestel vir elke loongroep) bo die 1938-vlak sou styg, sou die arbeidsmag 'n lewens-

kostetoelaag ontvang, beginnende by die onderste loongroep (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1940 1940:130). Toe dit in Januarie 1941 blyk dat die algemene prysvlak 4 persent bo die 1938-vlak was, het werkers in die laagste loongroep vir die lewenskostetoelaag in aanmerking gekom. Soos wat die algemene prysvlak verder gestyg het, het arbeiders in die tweede en derde laagste loongroepe onderskeidelik op 1 Julie en 1 Oktober 1941 vir die toelaag in aanmerking gekom (Verslag van die Spoorweg- en Haweraad vir die jaar geëindig 31 Desember 1941 1942:11). Teen Oktober 1947 was die toelaag betaalbaar volgens die skaal van 40 persent bo die 1938-prysvlak. Dit is egter nie duidelik watter loongroepe toe almal vir die lewenskostetoelaag gekwalifiseer het nie (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1948 1948:109). Dit verander egter nie aan die feit dat die nie-blanke arbeidsmag wat in die laer loongroepe saamgetrek was, gouer en na alle waarskynlikheid ook in verhouding meer as die blanke arbeidsmag wat in die hoër loongroepe saamgetrek was, bevoordeel is nie.

Die nie-blanke arbeidsmag het gedurende hierdie periode waarskynlik ook meer as die blanke arbeidsmag gebaat by 'n nuwe stelsel van personeelverteenwoordiging wat in 1941 ingestel is. Voor 1941 is die belange van die blanke arbeidsmag deur verskeie vakbonde, waaronder die National Union of Railways and Harbour Servants, verteenwoordig. Laasgenoemde vakbond het egter in 1935 opgehou om te bestaan nadat 'n Afrikaner-georiënteerde vakbond wat as die Spoorbond bekend gestaan het, op die voorgrond getree het. Die Administrasie het geweier om die Spoorbond, wat daarop aanspraak gemaak het dat hy byna 40 persent van die blanke arbeidsmag verteenwoordig het, te erken (O'Meara 1978:65). Om die opkoms van die Spoorbond teen te werk het die Administrasie in 1941 besluit om die arbeidsmag in 6 groepe op te deel op grond van die beginsel van "identiteit van belange en enerse dienstoestande" (Verslag van die Spoorweg- en Haweraad vir die

jaar geëindig 31 Desember 1941 1942:10). Dit het die blanke arbeidsmag gefragmenteer en die Spoorbond beperk tot die laagsbesoldigste groep, naamlik die spoorwerkers. Eers toé het die Administrasie besluit om die Spoorbond te erken (O'Meara 1978:65).

Wat die nie-blanke arbeidsmag betref, is 'n senior amptenaar aangestel wat spesifiek aan alle sake rakende nie-blanke diensvoorwaardes aandag moes gee. Hy is bygestaan deur 4 inspekteurs (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st March, 1943 1943:90). Nie-blankes is ook toegelaat om hulle eie personeelverenigings te stig. In 1945 is 'n oorkoepelende liggaam, die Gesamentlike Komitee van Nie-blanke Personeelverenigings, in die lewe geroep (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1946 1946:92).

Vir die nie-blanke arbeidsmag het die instelling van die nuwe stelsel van personeelverteenwoordiging saamgeval met 'n algemene loonverhoging wat R9 per jaar per arbeider beloop het. Tegelykertyd is 'n oornagtoelae vir nie-blankes wat "distrikswerk" verrig het, ook ingestel (Verslag van die Spoorweg- en Haweraad vir die jaar geëindig 31 Desember 1941 1942:8). Op 25 November 1942 het 'n volgende algemene loonverhoging in werking getree waarvolgens alle nie-blankes R18 meer per jaar ontvang het. Oortydvergoeding is terselfdertyd ook verhoog. Daarbenewens het die nie-blanke arbeidsmag ook vanaf 1 April 1943 (net soos alle blankes wat minder as R1 470 per jaar verdien het) 'n tydelike verantwoordelikheidstoelae van 5 persent op hulle verdienste ontvang (Report of the General Manager of Railways and Harbours for the year ended 31st March, 1943 1943:89).

Die basiese riglyn wat die SAS & H gedurende hierdie periode gevolg het om die omvang van loonverhogings vir sy nie-blanke arbeidsmag te bepaal, was geldloonvlakke in die privaatsektor. In 1947 het die Hoofbestuurder van die SAS & H in sy jaarverslag verklaar dat dit.....

> ".....die Administrasie se beleid (is) om sy loonskale vir nie-blanke dienare op een lyn te bring met dié van toepassing buite die Diens...." (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1947 1947:110).

Hierdie loonbeleid, tesame met die bevorderings- en stabilisasiebeleid, die lewenskostetoelaag en die nuwe stelsel van personeelverteenwoordiging, was die vernaamste redes hoekom die rasseloongaping in die SAS & H van 6,37:1 in 1939 tot 3,80:1 in 1945 vernou het (sien tabel 21). Die feit dat dit daarna weer effens vergroot het tot 4,17:1 in 1947, was waarskynlik omdat die blanke arbeidsmag op 1 Januarie 1946 'n algemene loonverhoging ontvang het (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1946 1946:89).

Daar moet ook daarop gelet word dat gemiddelde swart geldlone in reële terme van 1939 tot 1948 met 96 persent gestyg het, teenoor die 24 persent waarmee gemiddelde blanke geldlone gestyg het (sien tabel 22). Ook wat indiensnamevlakke betref, was nie-blankes beter daaraan toe. Die blanke indiensnamevlak het van 1939 tot 1948 met 43 persent gestyg, terwyl die nie-blanke indiensnamevlak met 52 persent gestyg het (sien tabel 23a). Laastens is dit opvallend hoe min geldloonvlakke in die SAS & H in 1948 van geldloonvlakke in die private vervaardigingsektor verskil het (sien tabel 24).[15] Gevolglik was die blank:nie-blanke-loongaping

15) Daar moet ook in gedagte gehou word dat sowat 40 000 nie-blanke spoorweg- en hawewerkers gedurende hierdie periode deur die Administrasie gevoed is (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1946 1946:80).

in die SAS & H min of meer dieselfde as die blank:swart-loongaping in die private vervaardigingsektor (sien figuur 4). Dit is egter nie verrassend nie, want die private vervaardigingsektor het in hierdie periode die leidende en gevolglik loonbepalende sektor in die arbeidsmark geword.

## 5.6 Die rasseloongaping in die SAS & H vergroot saam met dié in die private vervaardigingsektor: 1949-70

Na 1948 is geldloonvlakke in die SAS & H in 'n hoë mate bepaal deur geldloonvlakke in die private vervaardigingsektor. Die geweldige groei van laasgenoemde sektor, veral gedurende die sestigerjare, het 'n skerp toename in spoor- en hawenverkeer tot gevolg gehad. Dit het die vraag na spoorweg- en hawewerkers verhoog en was, soos in die verlede, die primêre rede waarom geldloonvlakke in die SAS & H gestyg het.

Geldlone in die SAS & H het egter mettertyd effens laer as dié in die private vervaardigingsektor geword (sien tabel 24), waarskynlik as gevolg van laasgenoemde se oorheersing van die arbeidsmark.[16] In 1948 het die private vervaardigingsektor 2,4 keer meer arbeiders as die SAS & H in diens gehad. Die leidende rol wat die private vervaardigingsektor daarna in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark gespeel het, word onderstreep deur die feit dat dié sektor in 1970 vyf keer meer arbeiders as die SAS & H in diens gehad het.

16) Daar moet egter verreken word dat SAS & H-personeel ook verskeie byvoordele soos kos, klere, toelaes en huisvesting ontvang het.

Uit bogenoemde kan afgelei word dat dit vir die SAS & H (soos vir die goudmynbedryf) in hierdie periode baie moeilik moes gewees het om genoeg arbeid te bekom. In 1956 het die Hoofbestuurder van die SAS & H inderdaad opgemerk:

> "Die moeilikheid om vakatures te vul, is in hoofsaak te wyte aan die algemene arbeidstekort as gevolg van die ongekende nywerheidsuitbreiding dwarsdeur die land die afgelope paar jaar" (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1956 1956:172).

Die tekort aan veral blanke arbeid (geskoold en ongeskoold) was ernstig. Reeds in 1950 het die Hoofbestuurder in sy jaarverslag gemeld dat daar 'n tekort aan "opgeleide personeel" is en ook 'n tekort aan "applikante vir die betrekking van spoorwerker" (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1950 1950:135). Om die tekorte te verminder, het die Administrasie verskeie stappe gedoen wat in totaal sterk opwaartse druk op gemiddelde blanke geldlone geplaas het.

Wat die tekort aan spoorwerkers betref, is voortgegaan met die praktyk om nieblankes as "tydelike maatreël" in hulle plekke aan te stel (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1950 1950:135). Teen Maart 1954 was daar reeds 13 339 nie-blankes in poste wat voorheen deur spoorwerkers beman was. Daar was ook 'n poging om ongeskoolde blankes oorsee te werf, maar dit was onsuksesvol en is laat vaar (Horrell 1956:29). Dit verklaar in 'n mate waarom die nie-blanke arbeidsmag tussen 1948 en 1958 met 23 persent toegeneem het, terwyl die blanke arbeidsmag net met 8,6 persent toegeneem het (sien tabel 23a). Die aantal blanke spoorwerkers het trouens so verminder dat hulle teen 1958 slegs 11 persent van die totale blanke arbeidsmag uitgemaak het, teenoor

17 persent in 1948 (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1958 1958:168). Dié voortdurende afname in die getal laagsbesoldigste blankes moes ongetwyfeld opwaartse druk op gemiddelde blanke geldlone geplaas het.17)

Die oplossing van die tekort aan opgeleide blankes het baie probleme opgelewer. Om die kwessie te ondersoek het die Administrasie in 1951 'n spesiale departementele komitee bekend as die Komitee Insake Arbeidskragontleding aangestel (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1951 1951:22). Voortspruitend daaruit is 'n werwingsending na die buiteland gestuur wat 146 opgeleide blankes aangewerf het. Baie van hierdie ingevoerde werkers het egter gou die diens van die SAS & H verlaat as gevolg van "aantreklike geleenthede buite die Diens" (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1956 1956:173). Daar moes derhalwe gesteun word op die nuwe spoorwegkollege te Esselenpark om die nodige arbeidskragte plaaslik op te lei. Om die bedankings uit die Diens teen te werk, het die blanke arbeidsmag met ingang 1 Julie 1951 'n algemene loonverhoging ontvang. Daarbenewens is die lewenskostetoelaag wat gedurende die oorlog ingestel is, steeds aan die arbeidsmag uitbetaal (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1953 1953:146-8). Om die tekort aan klerklike personeel te verlig, is vroue aangestel as klerke (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1954 1954:145). Die aantal vroue in die Diens het egter deurgaans min gebly (Statistiese Jaarboek 1964:H-36) en hulle was nooit 'n faktor wat (soos in die private vervaardigingsektor)

17) As gevolg van 'n gebrek aan genoeg data kon steeds nie bepaal word wat presies die uitwerking hiervan op die gemiddelde blanke geldlone was nie. Daar kan nietemin genoem word dat die maksimum loon van 'n spoorwerker in 1948 R441 per jaar en in 1958 R684 per jaar was (Hansard 24 Januarie 1958:kol. 938). Daarteenoor was die totale gemiddelde blanke geldloon in 1948 en in 1958 onderskeidelik R946 en R1.591 per jaar (sien tabel 20).

beduidende afwaartse druk geplaas het op die koers waarteen gemiddelde blanke geldlone gestyg het nie.

Die tekort aan opgeleide personeel is boonop vererger deurdat die SAS & H gedurende hierdie periode verskeie take gemeganiseer en geoutomatiseer het.[18] Om die tekort teen te werk is die opleidingstydperke vir bepaalde grade verminder en ouderdomsbeperkings vir die aanstelling in sekere poste verlaag (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1956 1956:172). Tegelykertyd is die aftree-ouderdom van SAS & H personeel met drie jaar verhoog om die verlies aan ervare arbeiders teen te werk. Dit was egter nie baie suksesvol nie en min amptenare het die keuse uitgeoefen om drie jaar langer in die Diens aan te bly. 'n Stap wat baie meer suksesvol was om die personeelstand te verbeter, was 'n aantreklike behuisingsprogram wat die Administrasie gedurende die vyftigerjare geloods het (Verslag van die Spoorweg- en Haweraad vir die jaar geëindig 31 Desember 1957 1958:6-7).

In die sestigerjare het die tekort aan blanke arbeid akuut geword en blanke werkloosheid het vir alle praktiese doeleindes nie meer bestaan nie.[19] In sy jaarverslag vir 1962/3 het die Hoofbestuurder van die SAS & H die situasie só opgesom:

> "Die tekort aan personeel in die sogenaamde sleutelgrade uit die oogpunt van die spoorwegbedryf wek steeds kommer. Die Spoorwegadministrasie staan voor die probleem om werkers vir 'n groot verskeidenheid beroepe te vind terwyl sy bedrywighede steeds uitbrei.....

---

18) Dit het onder andere ingesluit die ingebruikneming van outomatiese telefoonsentrales, die invoer van nuwe sinjaleermetodes, die gebruik van meganiese uitrusting in rekenpligte, stasie- en ander kantore, en die gebruik van vurkhysers en buidelwaens om vrag te hanteer (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1956 1956:4).

19) In November 1969 was daar in die hele Republiek slegs 1 402 werklose blanke mans en jeugdiges (Verslag van die Spoorweg- en Haweraad vir die jaar geëindig 31 Desember 1969 1970:26).

Omdat daar tans volop werk in die Republiek is, is die bron van bruikbare arbeidskrag feitlik uitgeput, en wat beskikbaar is moet deur baie instansies gedeel word" (Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens: Jaarverslag van die Hoofbestuurder - 1962/3 1963:6).

Om die tekort te verlig, het die Administrasie benewens bogenoemde stappe, ook 'n beursskema vir die opleiding van ingenieurs en ander tegniese personeel ingestel. Personeellede wat 'n graadkursus buitemuurs of deur middel van korrespondensie gevolg het, het van 1964 af beurse ontvang (Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens: Jaarverslag van die Hoofbestuurder - 1963/4 1964:88). Om die tekort aan ingenieurs te verlig, is daar ook begin om 'n aantal geskoolde personeellede op te lei as sogenaamde ingenieursassistente. As verdere stap is die loonskale van ingenieurs op 1 April 1964 aansienlik verhoog (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December, 1963 1964:13). 'n Verblyftoelae van R60 per maand is in Mei 1965 ingestel om die tekort aan personeel in sekere grade in bepaalde gebiede die hoof te bied. In Oktober dieselfde jaar het die hele arbeidsmag (nie-blankes ingesluit) loonverhogings ter waarde van meer as R35 miljoen ontvang (Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens: Jaarverslag - 1965/6 1966:78).

Ten spyte van bogenoemde loonverhogings het die tekort aan personeel in sleutelgrade soos stoker, kondukteur, rangeerder, stasievoorman, passer en elektrisiën steeds voortgeduur (Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens: Jaarverslag - 1966/7 1967:81). Op 1 April 1968 moes geldlone weer verhoog word in 'n poging om die arbeidstekort in die sleutelgrade te probeer teenwerk. Teen Desember 1968 het die Spoorweg- en Haweraad egter toegegee;

"Alles dui daarop dat die personeeltekort nie binne afsienbare tyd uitgewis sal word nie en die Departement is gevolglik daarop ingestel om

middele en weë te vind om die mas op te kom met die personeel in diens en die geringe aanbod tot sy beskikking" (Verslag van die Spoorweg- en Haweraad vir die jaar geëindig 31 Desember 1968 1969:21).

Die blanke arbeidstekort en die leidende rol wat die private vervaardigingsektor in die arbeidsmark gespeel het, het ook opwaartse druk op gemiddelde nie-blanke geldlone geplaas. Die opbloei van die private vervaardigingsektor het die vraag na nie-blanke arbeid verhoog en, net soos in die geval van die blanke arbeidsmag, was dit die primêre rede waarom gemiddelde nie-blanke geldlone gestyg het. Die tekort aan blanke arbeid het op sy beurt die nie-blanke arbeidsmag die geleentheid gegee om na hoër besoldigde poste te vorder.

Dié geleenthede het egter binne die raamwerk van die beleid van afsonderlike ontwikkeling bestaan. In 1953 het die Hoofbestuurder van die SAS & H dit in sy jaarverslag gestel dat;

> "In ooreenstemming met die regering se beleid om sover doenlik nie-blankes te gebruik om nie-blankes te bedien in daardie gebiede waar die inwoners oorheersend nie-blankes is, het die Departement by wyse van proefneming die beginsel aanvaar om nie-blanke klerke op sekere stasies aan te stel met die bepaalde doel om kaartjies aan nie-blankes uit te reik onder periodieke toesig van blankes" (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1953 1953:150).

In ooreenstemming hiermee is 17 kleurlingkaartjiesklerke in Julie 1953 op die Kaapstadstasie en 3 op die Langastasie aangestel (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1954 1954:149). In April 1956 is ook 'n aantal swart kaartjiesklerke op sekere stasies aan die Rand aangestel (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1956 1956:174). Die nie-blanke klerke het 4 maande opleiding ontvang en tussen 1953 en 1963 is 317 opgelei (Report of the Railways and Harbours Board for the year ended 31st December, 1963 1964:14). Nie-blankes is ook opgelei en aangestel as polisiemanne en hekbediendes. As gevolg van die akute tekort aan blanke arbeid in die sestigerjare, is nie-blankes later as rangeerders opgelei en aangestel. Nie-blankes het egter minder verdien as hulle blanke eweknieë. In 1972 het blanke rangeerders byvoorbeeld R160-200 en swart rangeerders R90-100 per maand verdien. In sommige gevalle (byvoorbeeld polisie) was opleidingstydperke egter langer en kwalifikasievereistes hoër vir die blankes as vir die nie-blankes (Knight en McGrath 1977:259).

Dit is nietemin 'n feit dat daar 'n mate van loondiskriminasie was, en dat dit in 'n sekere mate die koers waarteen gemiddelde swart geldlone gestyg het, beperk het. Daar was egter ander faktore wat ook 'n invloed gehad het op die koers waarteen gemiddelde swart geldlone gestyg het.

Net soos in die geval van die private vervaardigingsektor, was die aanbod van nie-blanke arbeid groot en elasties in vergelyking met die relatief klein en minder elastiese aanbod van blanke arbeid. Daarom was daar nie sprake van 'n akute tekort aan nie-blanke arbeid nie. Trouens, die enigste keer na 1948 wat die SAS & H kort was aan nie-blanke arbeid, was in die laat vyftigerjare. Teen die einde van 1957 was daar 'n tekort aan swartes in Suidwes-Afrika en die Johannes-

burg-gebied. Die Administrasie het toe die geldlone van sogenaamde "noordelike swartes" verhoog en daarna is geen moeite ondervind om genoeg swartes te vind nie (Verslag van die Hoofbestuurder van Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1958 1958:171). In die vroeë sestigerjare is daar selfs besluit om die nie-blanke arbeidsmag as deel van 'n "besuinigings- en doeltreffendheidsveldtog" met meer as 5 persent af te skaal (Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens: Jaarverslag van die Hoofbestuurder - 1962/3 1963:112).

Daar moet egter verreken word dat die SAS & H (net soos in die geval van die blanke arbeidsmag) in dieselfde arbeidsmark as die private vervaardigingsektor vir nie-blanke arbeid moes meeding. Vir elke nie-blanke wat in 1970 in die SAS & H gewerk het, het daar meer as 7 in die private vervaardigingsektor gewerk. Die SAS & H kon gevolglik nie anders nie as om die geldlone van sy nie-blanke arbeidsmag ooreenkomstig nie-blanke geldlone in die private vervaardigingsektor aan te pas nie. Die volgende aanhaling uit die 1956-jaarverslag van die Hoofbestuurder van die SAS & H staaf hierdie punt baie mooi:

> "Met inwerkingtreding van betaalmaand Oktober 1955 is 'n verhoging van 3d. per dag toegeken aan alle nie-blanke dienare.....nie-blanke dienare wat in die Port Elizabethse en Uitenhaagse gebiede werk is egter 'n verhoging van 6d. toegeken, sodat die verskil tussen die loon wat die Administrasie betaal en dié wat private nywerheidsondernemings betaal, kleiner sal wees....." (Verslag van die Hoofbestuurder van die Spoorweë en Hawens oor die jaar geëindig 31 Maart 1956 1956:174).

Teen bogenoemde agtergrond is dit te begrype waarom die rasseloongaping in die SAS & H na 1948 vergroot het, maar tegelykertyd ook saam met dié in die private vervaardigingsektor vergroot het (sien figure 3 en 4).

**5.7 Die bydrae van rassediskriminasie tot die rasseloongaping in die SAS & H**

Die rasseloongaping in die spoorweë en hawens en die vergroting daarvan na 1948 moet egter (net soos in die geval van die mynbou- en private vervaardigingsektore) in perspektief geplaas word.

Die vraag om te beantwoord is in watter mate loon- en beroepsdiskriminasie teen swartes tot die rasseloongaping in die SAS & H bygedra het. Hoewel dit nie presies bepaal kan word nie, kan 'n aanduiding tog gekry word wanneer die rasseloongaping in die SAS & H met dié in die goudmynbedryf en die private vervaardigingsektor vergelyk word.

Die rasseloongaping in die goudmynbedryf was van meet af aan byna twee maal so groot soos dié in die SAS & H. In die goudmynbedryf is swartes se beroepsvordering deur die kleurslagboom aan bande gelê, werksgeleenthede vir armblankes geminimaliseer, en 'n plafon op gemiddelde swart geldlone geplaas. In teenstelling hiermee het die SAS & H nooit bepaal dat gemiddelde swart geldlone nie hoër as 'n bepaalde vlak mag styg nie. Daarbenewens het die SAS & H ook, anders as die Kamer van Mynwese, by verskeie geleenthede swart geldlone verhoog wanneer hy kort aan swartes was. Soos reeds in afdeling 3.6.3 genoem is, was die Kamer van Mynwese se geykte argument dat swartes hulle arbeid sou weerhou indien hulle

geldlone verhoog word, hoogs aanvegbaar. Eweso het die SAS & H se toepassing van die beskaafde arbeidsbeleid bewys dat die Kamer van Mynwese se argument, dat armblankes nie sogenaamde 'kafferwerk' wou doen nie, ook nie water gehou nie. In afdeling 5.3 is ook aangetoon dat gemiddelde blanke geldlone byna twee keer laer in die SAS & H as in die goudmynbedryf was.

Uit bogenoemde wil dit voorkom asof loon- en beroepsdiskriminasie nie soveel gewig in die SAS & H as in die goudmynbedryf gedra het nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat 'n sekere gedeelte van die loonverskille tussen die twee bedrywe nie aan diskriminasie toegeskryf kan word nie, maar aan ander faktore soos die aard van die werk en risiko. Om egter die beste aanduiding te kry van die gewig wat loon- en beroepsdiskriminasie in die SAS & H behoort te dra, moet die rasseloongaping in die SAS & H met dié in die private vervaardigingsektor vergelyk word.

Uit figuur 4 is dit duidelik dat die rasseloongaping in die SAS & H (met die uitsondering van die dertigerjare) min of meer net so groot soos dié in die private vervaardigingsektor was. Verder blyk dit uit tabel 24 dat gemiddelde blanke geldlone in die SAS & H nie veel verskil het van dié in die private vervaardigingsektor nie. Dieselfde geld vir gemiddelde nie-blanke geldlone.[20] Soos in afdeling 5.6 aangetoon is, moes die SAS & H noodgedwonge sy arbeidsmag (blankes en nie-blankes) se geldlone ooreenkomstig dié in die private vervaardigingsektor aanpas. Trouens, die eerste maal wat die SAS & H aangedui het dat hy nie-blanke geldlone ooreenkomstig dié in die private vervaardigingsektor aanpas, was in die dertigerjare (sien afdeling 5.4).

20) Hou egter voor oë dat gemiddelde nie-blanke geldlone in die SAS & H met gemiddelde swart geldlone in die private vervaardigingsektor vergelyk word.

In afdeling 4.7 is betoog dat dit onwaarskynlik is dat blankes oorbesoldig en swartes onderbesoldig was in die private vervaardigingsektor. Omdat die SAS & H noodgedwonge die geldlone van sy arbeidsmag ooreenkomstig dié in die private vervaardigingsektor moes aanpas, wil dit voorkom asof loon- en beroepsdiskriminasie ten minste nie 'n groter invloed as markkragte op die rasseloongaping in die SAS & H gehad het nie. Die punt is dat hoewel daar loon- en beroepsdiskriminasie teen swartes in die SAS & H was, die bydrae daarvan tot die rasseloongaping in dié bedryf egter maklik oorskat kan word, as dit nie in perspektief gesien word nie.

Ten slotte moet ook daarop gewys word dat, al het die rasseloongaping in die SAS & H na 1948 vergroot, blanke en nie-blanke spoorweg- en hawewerkers in 'n gelyke mate gedeel het in die voorspoed wat gedurende die sestigerjare geheers het. Gedurende dié periode het gemiddelde blanke en nie-blanke geldlone in reële terme vir alle praktiese doeleindes met dieselfde persentasie (45 persent) gestyg (sien tabel 22), en derhalwe die rasseloongaping gestabiliseer (sien figuur 3). Tegelykertyd was daar geen noemenswaardige verandering in die rassesamestelling van die arbeidsmag in die SAS & H gewees nie (sien tabel 23a).

# HOOFSTUK 6

## GEVOLGTREKKING

Die redes waarom rasseloongapings in die onderskeie sektore en bedrywe wat ondersoek is beslag gekry het, was min of meer dieselfde.

Blankes was vir alle praktiese doeleindes die enigste rassegroep wat oor die nodige kundigheid beskik het en daarom het hulle van meet af aan die geskoolde en hoogsbesoldigde poste in die myne, fabrieke en die spoorweë en hawens beklee. Omdat genoeg geskoolde blankes nie in Suid-Afrika beskikbaar was nie, moes die meeste geskooldes van oorsee af ingevoer word. Dit het daarop neergekom dat die prys van blanke arbeid in Suid-Afrika in 'n hoë mate deur dié op oorsese markte bepaal is.

Daarteenoor was 'n groot en elastiese aanbod van ongeskoolde swartes in Suid-Afrika en sy buurlande beskikbaar. Geldloonarbeid was aanvanklik vir dié swartes bloot aanvullend tot hulle boerderyinkomste in die landelike gebiede. Gevolglik was die swart arbeidsmag wat gedurende die laaste kwart van die vorige eeu in Suid-Afrika se myne, fabrieke en spoorweë en hawens gewerk het, 'n ongeskoolde trekarbeidsmag met 'n lae aanbodprys. Terwyl die prys van blanke arbeid in Suid-Afrika in 'n hoë mate deur dié op gevestigde Europese markte bepaal is, is die prys van swart arbeid op die totaal onderontwikkelde arbeidsmark van Suider-Afrika bepaal. Teen hierdie agtergrond is dit te begrype waarom gemiddelde blanke geldlone in al die sektore en bedrywe wat ondersoek is aan die begin van die eeu minstens vyf keer hoër as gemiddelde swart geldlone was.

Verskeie faktore het daartoe bygedra dat die rasseloongapings wat in die onderskeie sektore en bedrywe beslag gekry het, verander het, hoewel nie in al die sektore en bedrywe ewe veel nie. In die diamantmynbedryf het die blank: swart-loongaping vergroot nadat die bedryf in 1888 gemonopoliseer is en stappe gedoen is om die winsgewendheid van die bedryf te herstel. Die feit dat gemiddelde blanke geldlone minder as gemiddelde swart geldlone op die stappe gereageer het, was die resultaat van vraag en aanbod en die faktore wat dit onderskeidelik onderlê het. De Beers se besluit om die arbeidsmag af te skaal was egter van groter betekenis as die vergroting van die rasseloongaping self. Die blankes wat hulle werk verloor het, was anders as die swartes wat ook afgedank is, heeltemal verstedelik en uitsluitlik van geldloonarbeid afhanklik. Dit het beteken dat hulle 'n relatief duur arbeidsmag was wat moes meeding met 'n relatief goedkoop nie-blanke arbeidsmag. Dit was die voorspel tot die latere armblankevraagstuk. Dié probleem en stappe wat gedoen is om dit op te los, het 'n deurslaggewende invloed op die grootte van en veranderinge in die rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor en die SAS & H gehad.

In die goudmynbedryf het die blank:swart-loongaping ook vergroot na dit beslag gekry het. Die gaping was egter groter as in die diamantmynbedryf omdat gemiddelde swart geldlone laer aan die Witwatersrand as in Kimberley was. Dit volg omdat die minimalisering van arbeidskoste en vernaamlik swart geldlone van absoluut deurslaggewende belang in die goudmynbedryf was. Die Kamer van Mynwese het met die hulp van opeenvolgende regerings verskeie metodes en praktyke gebruik om afwaartse druk op gemiddelde swart geldlone te plaas. Dit het 'n baie groot gaping tussen gemiddelde blanke en swart geldlone tot gevolg gehad wat nie in die geskoolde blanke arbeidsmag se belang was nie.

Hoe groter die gaping geword het, hoe groter was die insentief vir die Kamer van Mynwese om geskoolde blankes deur swartes en ongeskoolde blankes te vervang. Die geskoolde blankes het die beskerming van die staat gevra en dit het uitgeloop op die kleurslagboom. Die Kamer van Mynwese wou egter nie die ongeskoolde swart trekarbeidsmag deur ongeskoolde blankes (of selfs stedelike swartes) vervang nie, omdat dit die winsgewendheid van die goudmynbedryf in gevaar sou stel. Dit het neergekom om 'n minimalisering van blanke werksgeleenthede wat die armblankevraagstuk in die hand gewerk het. Soos in afdeling 3.6.3 uitgewys is, het die Kamer van Mynwese egter sy loon- en indiensnamebeleid (wat die direkte oorsaak van die buitengewoon groot rasseloongaping in die goudmynbedryf was) regverdig met twee aanvegbare argumente.

Na 1933 het die goudmynbedryf sy rol as loonbepalende sektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie aan die private vervaardigingsektor afgestaan. Vir sover dit ongeskoolde (swart) arbeid betref, het die Kamer van Mynwese goed daarin geslaag om te ontkom aan mededinging met die private vervaardigingsektor deur meer vreemde swartes uit buurlande in te voer. Teen die laat vyftigerjare was daar selfs 'n surplus vreemde arbeid beskikbaar. Die Kamer moes egter noodgedwonge met private vervaardigers en ander werkgewers in Suid-Afrika vir skaars geskoolde (blanke) arbeid meeding. Die gevolg was dat die rasseloongaping in die goudmynbedryf na 1933 geleidelik vergroot het, en teen 1970 grootliks 'n gaping tussen 'n relatief klein groepie blanke Suid-Afrikaners en 'n massa vreemde swartes was. Daarom was dit 'n baie swak barometer van rasseloonverskille tussen Suid-Afrikaners en moet dit versigtig geïnterpreteer word. In afdeling 3.8 is betoog dat die buitengewoon groot rasseloongaping in die goudmynbedryf nie noodwendig beteken het dat blanke mynwerkers abnormaal hoë geldlone ontvang het nie. Daar

kan ook nie uit die rasseloongaping in die goudmynbedryf afgelei word dat swart Suid-Afrikaners gruwelik onderbesoldig was nie.

Hoewel die blank:swart-loongaping in die private vervaardigingsektor aansienlik kleiner as dié in die goudmynbedryf was, was dit egter groot genoeg om ook private vervaardigers aan te spoor om eerder goedkoop swart trekarbeiders in plaas van duur armblankes (of nie-blankes wat ten volle verstedelik was) te huur. Dit was egter van kardinale belang vir die groei van die private vervaardigingsektor dat die armblankes en ander verstedeliktes in die ekonomie opgeneem word, omdat private vervaardigers anders as die Kamer van Mynwese, ook van hulle arbeidsmag se koopkrag afhanklik was. 'n Permanente goedbesoldigde arbeidsmag was vir private vervaardigers net so belangrik soos 'n laagbesoldigde trekarbeidsmag vir die Kamer van Mynwese was. Anders gestel, vir die Kamer van Mynwese was dit belangrik dat die rasseloongaping groot moes wees sodat hy koste kon minimaliseer, maar vir private vervaardigers was 'n klein rasseloongaping belangrik omdat dit die sleutel tot 'n groter mark was.

Net soos die staat wetgewing daargestel het (soos die Mijnen en Bedrijven Wet en die Naturellearbeid Regelingswet) wat uitgeloop het op die vergroting van die rasseloongaping in die goudmynbedryf, netso het hy wetgewing daargestel (soos die Nijverheid Verzoenings Wet en die Loonwet) om die rasseloongaping in die private vervaardigingsektor te vernou. Laasgenoemde wetgewing (wat voorsiening gemaak het vir minimum lone) het op 'n direkte én indirekte wyse bygedra tot kleiner rasseloonverskille en die opname van groot getalle armblankes in die private vervaardigingsektor. Teen 1948 was die armblankevraagstuk vir alle praktiese doeleindes opgelos. In daardie stadium het private vervaardigers reeds hulle visiere gestel gehad op die groter wordende getal swartes wat na die stedelike gebiede getrek het. Dit

was 'n potensiële mark wat nog skaars ontsluit was. Daarom het private vervaardigers meer as ooit daarop aangedring dat die regering stappe moes doen (soos die daarstelling van 'n nasionale minimum loon) om die rasseloongaping te vernou.

Benewens 'n rasseloongaping was daar in die private vervaardigingsektor egter ook 'n geslagsloongaping. Een van die belangrikste indirekte gevolge van minimum lone was dat die geslagsloongaping private vervaardigers aangespoor het om meer vroue in verhouding tot mans in diens te neem. Dit het 'n deurslaggewende invloed op rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor gehad. Dit verklaar in 'n hoë mate waarom die blank:Asiër-loongaping gedurende die veertigerjare kleiner as die blank:kleurling-loongaping geword het. Voortdurende veranderinge in die geslagsamestelling van die arbeidsmag, 'n akute tekort aan geskoolde arbeid en 'n groot elastiese aanbod van ongeskoolde arbeid, was die hoofredes waarom rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor na 1948 groter geword het. Hoewel sogenaamde apartheidswetgewing ook 'n invloed op rasseloonverskille in die private vervaardigingsektor gehad het, was dit na alle waarskynlikheid nie deurslaggewend nie.

Die rasseloongaping in die spoorweë en hawens was van meet af aan byna die helfte kleiner as dié in die goudmynbedryf. Enersyds was gemiddelde blanke geldlone beduidend laer en andersyds was gemiddelde swart geldlone hoër in eersgenoemde as in laasgenoemde bedryf. Die feit dat hulle onderskeie beroepe verskil het, was nie die enigste rede waarom blanke spoorweg- en hawewerkers minder as blanke mynwerkers verdien het nie. Die Kamer van Mynwese se beleid om nie ongeskoolde swartes deur ongeskoolde blankes te vervang nie, het ook baie daartoe bygedra. Aan die anderkant was swart mynwerkers swakker daaraan toe as swart spoorweg- en hawewerkers, as gevolg van die Kamer van Mynwese se beleid om

swart mynwerkers se gemiddelde geldlone te minimaliseer. Nogtans was die rasseloongaping in die SAS & H in 'n mate ook die resultaat van diskriminasie teen die nie-blanke arbeidsmag. Omdat die SAS & H egter noodgedwonge sy arbeidsmag se geldlone ooreenkomstig dié in die private vervaardigingsektor (waar rassediskriminasie na alle waarskynlikheid nie 'n deurslaggewende rol gespeel het nie) moes aanpas, moet die bydrae van rassediskriminasie tot die rasseloongaping in die SAS & H nie oorskat word nie.

Skrywers is oor die algemeen geneig om te veel gewig toe te ken aan die bydrae wat rassediskriminasie tot die veranderinge in die rasseloongaping in die Suid-Afrikaanse ekonomie gemaak het. Uit hierdie ondersoek blyk dit dat veranderinge in die rasseloongaping ook die resultaat van faktore was wat niks of min met rassediskriminasie te make gehad het. Benewens geslag, was daar ook baie ander faktore (soos markstruktuur, ouderdom, graad van verstedeliking en afhanklikheid van geldlone, tegnologie, wetgewing, die sakesiklus, risiko, oorloë, mededinging tussen sektore en internasionale gebeure) wat rasseloonverskille bepaal en beïnvloed het.

Skrywers kies ook verkeerdelik rassediskriminasie (of sogenaamde apartheidswetgewing) as vertrekpunt om veranderinge in die rasseloonverskille in die Suid-Afrikaanse ekonomie te verklaar. So byvoorbeeld word die kleurslagboom as die oorsaak van die rasseloongaping in die goudmynbedryf gesien, terwyl dit in die eerste instansie die gevolg van die rasseloongaping was. Skrywers se misplasing van die rol van ras is waarskynlik ook die rede waarom hulle nie kan insien dat die Kamer van Mynwese inderdaad twee aanvegbare argumente (en nie net een) gebruik het om die rasseloongaping in die goudmynbedryf te rasionaliseer. Een argument ten opsigte van die swart arbeidsmag wat gelui het dat swartes glo hulle arbeid sou weerhou as hulle geldlone verhoog word, en een ten opsigte van die

blanke arbeidsmag wat gelui het dat armblankes glo nie sogenaamde 'kafferwerk' kon en wou doen nie.

Die krities belangrike punt wat uit hierdie studie na vore kom, is dat veranderinge in die rasseloongaping in die Suid-Afrikaanse ekonomie in die eerste instansie bepaal is deur die (hoofsaaklik Engelssprekende) kapitalistiese besittersklas se sug na groter winste en mag. Vir sover dit die Kamer van Mynwese betref moes die rasseloongaping groot wees, maar vir private vervaardigers was 'n klein rasseloongaping die sleutel tot groter winste en mag. Dié belangrike insig plaas die armblankevraagstuk en die oplossing daarvan in 'n heel ander konteks. Vir private vervaardigers het die oplossing van die armblankevraagstuk gegaan oor die vergroting van die mark, en nie oor sogenaamde blanke bevoorregting nie.

Fig. 1. Rasseloongaping-
goudmynbedryf: 1910-70




Bron: tabel 2

— Blank:Swart

Fig. 2. Rasseloongaping - private vervaardigingsektor: 1925-70



Fig. 3. Rasseloongaping - SAS & H:
1927-70




Bron: tabel 21

Fig. 4. Rasseloongaping - SAS & H / private vervaardigingsektor: 1927-70




Bronne: tabelle 10 en 21

Tabel 1. Gemiddelde jaarlikse nominale geldlone in die goudmynbedryf: 1907-70

| Jaar | Blankes | Swartes |
|---|---|---|
| 1907 | 704 | - |
| 1908 | 606 | - |
| 1909 | 654 | - |
| 1910 | 648 | 64 |
| 1911 | 664 | 61 |
| 1912 | 658 | 62 |
| 1913 | 650 | 62 |
| 1914 | 648 | 64 |
| 1915 | 652 | 64 |
| 1916 | 672 | 64 |
| 1917 | 706 | 66 |
| 1918 | 738 | 66 |
| 1919 | 816 | 67 |
| 1920 | 970 | 69 |
| 1921 | 900 | 70 |
| 1922 | 800 | 71 |
| 1923 | 740 | 72 |
| 1924 | 762 | 71 |
| 1925 | 750 | 71 |
| 1926 | 748 | 71 |
| 1927 | 746 | 70 |
| 1928 | 748 | 70 |
| 1929 | 748 | 70 |
| 1930 | 750 | 70 |
| 1931 | 750 | 70 |
| 1932 | 754 | 68 |
| 1933 | 746 | 68 |
| 1934 | 762 | 68 |
| 1935 | 772 | 68 |
| 1936 | 780 | 70 |
| 1937 | 778 | 70 |
| 1938 | 818 | 70 |
| 1939 | 814 | 70 |
| 1940 | 862 | 72 |
| 1941 | 910 | 72 |
| 1942 | 960 | 72 |
| 1943 | 1 002 | 74 |
| 1944 | 1 040 | 86 |
| 1945 | 1 080 | 86 |
| 1946 | 1 103 | 87 |
| 1947 | 1 163 | 88 |
| 1948 | 1 240 | 91 |
| 1949 | 1 369 | 94 |
| 1950 | 1 492 | 103 |
| 1951 | 1 603 | 109 |
| 1952 | 1 731 | 112 |
| 1953 | 1 792 | 120 |
| 1954 | 1 843 | 125 |
| 1955 | 1 943 | 130 |
| 1956 | 2 045 | 132 |

| | | |
|---|---|---|
| 1957 | 2 140 | 134 |
| 1958 | 2 206 | 136 |
| 1959 | 2 290 | 138 |
| 1960 | 2 426 | 142 |
| 1961 | 2 472 | 146 |
| 1962 | 2 534 | 146 |
| 1963 | 2 648 | 154 |
| 1964 | 2 856 | 164 |
| 1965 | 3 050 | 174 |
| 1966 | 3 214 | 180 |
| 1967 | 3 424 | 182 |
| 1968 | 3 732 | 186 |
| 1969 | 3 906 | 194 |
| 1970 | 4 294 | 206 |

